

**EMOSIONELE EN SPIRITUELE INTELLIGENSIE IN HUWELIKSAANPASSING:
JONG VOLWASSENES MET VOORSKOOOLSE KINDERS**

Mariki Smith

Ter gedeeltelike vervulling van PhD in Sielkunde

Universiteit van Pretoria

Promotor: Prof. Maretha Visser

Mede-promotor: Prof. David Maree

2009

OPSOMMING

In hierdie navorsing is die huwelik met voorskoolse kinders in Suid-Afrika aan die begin van die een-en-twintigste eeu ondersoek. Hierdie huweliksfasie, met sy vele uitdagings en huwelikstake, word beskou as die fase met die laagste huweliksaanpassing en die hoogste voorkoms van egskeiding. Die sin en betekenis van hierdie uitdagings (spirituele intelligensie of SQ), sowel as die emosionele belewenis, verstaan en hantering hiervan (emosionele intelligensie of EQ), asook die rol wat dit in huweliksaanpassing speel, is ondersoek.

Eerstens is 'n vraelys ontwikkel wat SQ-eienskappe kan meet (MMV-SQ-vraelys), naamlik: (i) die vind van sin en betekenis in 'n gegewe situasie, (ii) motiveringsbronne van gedrag, en (iii) die waardes wat uitgeleef word. Data van 198 respondente het gedui op betroubaarheid van subskale wat wissel van 0.47 tot 0.80. Bevredigende konstrugeldigheid is verkry deur die verhouding tussen die subskale van die SQ-vraelys en waardeskaal te ondersoek (r het gevarieer van 0.15; $p \leq 0.05$ tot 0.54; $p \leq 0.01$).

Sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsing is vervolgens gebruik. In die kwantitatiewe navorsing is die MMV-SQ-vraelys, die huweliks-aanpassingsvraelys van Spanier (Dyadic Adjustment Scale), asook die SSRI (Schutte Self-Report Inventory) op 84 deelnemers toegepas. Die deelnemers het 84 getroude persone, waaronder 34 egpare ingesluit.

Die verband tussen huweliksaanpassing en EQ is ondersoek deur korrelasies te bereken tussen die subskale van die DAS en SSRI. Dit het geblyk dat 'n optimistiese gemoedstemming 'n verband toon met al die subskale van huweliksaanpassing. Die herkenning van die eie en die huweliksmat se gevoelens, sosiale vaardighede, en die toepassing van emosies blyk verband te hou met hoër huwelikstevredenheid asook huwelikskonsensus. Sosiale vaardighede het ook 'n verband getoon met affeksionele uitdrukking. EQ het egter nie 'n sterk verband met huwelikskohesie getoon nie.

Die verband tussen die subskale van die DAS is vervolgens vergelyk met dié van die MMV-SQ-vraelys. Betekenisvolle korrelasies tussen enkele skale van

huweliksaanpassing en SQ het voorgekom, veral wat die motiveringskaal betref: egpaarlede wie se gedrag deur die motiveringsbron *bemeestering* gemotiveer word, blyk 'n hoër mate van huweliksaanpassing te hê, terwyl die negatiewe motiveringsbronne, waaronder *selfgesentreerdheid*, *drange* en *vrees*, 'n negatiewe verband met huweliksaanpassing toon. Min verbande is egter gevind tussen huweliksaanpassing, en sin en betekenis (wel tussen meditatiewe bewustheid en huwelikskonsensus, asook tussen empatiese aanvaarding en openheid, en affeksionele ekspressie). Geen verbande is ten opsigte van waardes gevind nie.

Verskille tussen mans en vroue se EQ en SQ is ook ondersoek, maar geen groot verskille is verkry nie. Deur 'n meervoudige regressie is enkele verdere biografiese veranderlikes geïdentifiseer wat 'n verband met huweliksaanpassing toon.

In die kwalitatiewe navorsing is verskeie aspekte ondersoek en bespreek: die rolverdeling ten opsigte van kinderopvoeding en huistake, die balans tussen beroep en gesin, persoonlike tevredenheid (SQ) in die huwelik, asook die begrip en hantering van gevoelens (EQ).

Die waarde van hierdie navorsing lê veral in die grondleggingswerk van die SQ-vraelys, asook bruikbare inligting ten opsigte van die huwelik met voorskoolse kinders in Suid-Afrika. Leiding aan egpare in die hantering van gevoelens (EQ), asook insig in hulle motiveringsbronne (SQ) behoort dus hulle huweliksaanpassing te verhoog.

Sleutel terme: *huweliksaanpassing, spirituele intelligensie, emosionele intelligensie, huwelik met voorskoolse kinders, sin en betekenis, waardes, kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, huweliksrolle, logoterapie, ontwikkeling van 'n vraelys.*

SUMMARY

In this research, the South-African marriage with preschool children was investigated. This phase of marriage, full of challenges and marital tasks, is regarded showing the lowest degree of marital adjustment and the highest incidence of divorce. The meaning, (spiritual intelligence or SQ), emotional experience, understanding and dealing with these challenges (emotional intelligence or EQ), as well as the relation to marital adjustment, were investigated.

Firstly, a questionnaire was developed that could measure the characteristics of SQ, namely: (i) finding purpose and meaning in a given situation, (ii) motivations of behaviour, and (iii) values. Data from 198 respondents indicated the reliability of the subscales, which vary from 0.47 to 0.80. Satisfactory construct validity was obtained by researching the relation between the subscales of the SQ questionnaire and the value scale (r varied from 0.15; $p \leq 0.05$ to 0.54; $p \leq 0.01$).

Next, both qualitative and quantitative research were utilised. In the quantitative research, the MMV SQ questionnaire, the marital adjustment questionnaire of Spanier (Dyadic Adjustment Scale), as well as the SSRI (Schutte Self-Report Inventory) were completed by the respondents. The respondents were 84 married individuals, including 34 couples.

The relationship between marital adjustment and EQ was investigated by calculating correlations between the subscales of the DAS and SSRI. It transpired that an optimistic frame of mind showed a correlation with all the subscales of marital adjustment. It also appeared that the recognition of the own and the spouse's feelings, social skills, and the application of emotions were related to increased marital satisfaction as well as marital consensus. Social skills also displayed a correlation with affectional expression. EQ, however, did not show a strong correlation with marital cohesion.

Next, the relation between the subscales of the DAS was compared to that of the MMV-SQ questionnaire. Meaningful correlations between some scales of marital adjustment and SQ occurred, in particular with regard to the motivational scale: couples whose behaviour are motivated by *mastering*, appear to display a higher

degree of marital adjustment, while the negative sources of motivation like *self-centredness*, *craving* and *fears*, display a negative correlation with marital adjustment. Few correlations were found between marital adjustment and purpose and meaning (between meditative awareness and marital consensus; between empathetic acceptance and openness, and affectional expression). No correlation was found with regard to values.

Differences between the EQ and SQ of men and women were also investigated, but no major differences were observed. By means of multiple regressions it was indicated that some biographic variables did show a correlation with marital adjustment.

Valuable information was obtained in the qualitative research regarding the couple's roles in child-raising and domestic chores, the balance between career and family, personal satisfaction (SQ) in the marriage, as well as the understanding and handling of feelings (EQ).

The value of this research lies in the foundational work of the SQ questionnaire in particular, as well as useful information with regard to South African marriages with preschool children. Guiding couples in their dealing with feelings (EQ), as well as providing an insight into the sources of motivation (SQ), should therefore enhance their marital adjustment.

Key terms: marital adjustment, spiritual intelligence, emotional intelligence, marriage with preschool children, purpose and meaning, values, quantitative and qualitative research, marital roles, logotherapy, development of a questionnaire.

BEDANKINGS

Dankie aan my promotor, Prof. Maretha Visser, vir al die bystand en aanmoediging. Dit was vir my veral van waarde dat ons SQ kon saam deurworstel, saamgroeï en ook hierin kon sin en betekenis vind!

Ek is baie dank verskuldig aan my medepromotor, prof. David Maree, vir ure se geduld met die navorsingsgedeelte van hierdie proefskrif. Die ontwikkeling van die SQ-vraelys was veral vir my 'n baie waardevolle leerskool.

Aan al die assistente, deelnemers en vrywilligers in die hulp met vraelyste hanteer – ek sou dit nie sonder julle kon doen nie.

Ek is my gesin en familie baie dankbaar vir al die begrip, aanmoediging en ondersteuning. Eben, dankie dat jy my oë oopmaak om buite die grense te dink.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING

ORIËNTERING TOT DIE NAVORSING

		1
1.1	Inleiding	1
1.2	Aktualiteit van die navorsing	4
1.3	Definisies en omskrywing van die konsepte	7
1.3.1	Die aard van die huwelik	7
1.3.2	Huweliksaanpassing	10
1.3.3	Ontwikkelingsfase: egpaar met voorskoolse kinders	12
1.3.4	Emosionele Intelligensie	14
1.3.5	Spirituele Intelligensie	16
	(i) Die vind van sin en betekenis	18
	(ii) Om te leef van positiewe motivering	19
	(iii) Om te fokus op waardes en dit uit te leef	19
1.4	Teoretiese benadering	20
1.5	Die doel en aard van die navorsing	20
1.5.1	Fase 1 – Die ontwikkeling van 'n SQ-vraelys	21
1.5.2	Fase 2 – Kwantitatiewe navorsing: verband tussen huweliks- aanpassing, EQ en SQ	21
1.5.3	Fase 2 – Kwalitatiewe navorsing – egpare se ervaring van die huwelik	21
1.6	Hoofstukindeling	22

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG

DIE HUWELIK

		23
2.1	Inleidend	23
2.2	Teoretiese benadering	23
2.2.1	Eksistensiële gesinsterapie	24
	(i) Om die situasie van buite te sien	24
	(ii) 'n Soeke na sin en betekenis	24
	(iii) 'n Soeke na die uitleef van waardes	25
2.2.2	Vergelyking van eksistensiële gesinsterapie en SQ	26

2.2.3	Oorsig oor huweliksteorieë	27
	(i) Psigodinamiese en psigoanalitiese benadering	27
	(ii) Gedragsterapie	28
	(iii) Sosiale uitruilteorie	29
	(iv) Emosioneel-gefokuste terapie	29
	(v) Strukturele gesinsterapie	30
	(vi) Minimale huweliksterapie	30
	(vii) Oplossing-gefokuste terapie	30
	(viii) Samevatting van huweliksteorieë	31
2.2.4	Fases in die lewensiklus van die huwelik	31
	(i) Simplistiese huweliksmodel van Dominian	31
	(ii) Die huweliksmodel van Weeks	32
	(iii) Dinamiese prosesmodel van gesinsontwikkeling	34
2.3	Huweliksaanpassing by jong volwassenes en die faktore wat 'n rol speel	36
2.3.1	Die eise van ouerskap	39
2.3.2	Die dubbelloopbaanhuwelik en aanpassing in rolverdeling	43
	(i) Beroepstevredenheid	44
	(ii) Wedersydse ondersteuning van die egpaarlede	44
	(iii) Verdeling van rolle en take ten opsigte van die huis	45
	(a) Rolgelykheid	45
	(b) Rolkonflik	46
	(c) Roloorlading	46
2.3.3	Kommunikasie en konflikhantering	47
2.3.4	Kameraadskap en intimiteit	50
2.3.5	Ander faktore	51
2.4.	Ten slotte	51

HOOFSTUK 3: LITERATUUROORSIG

	SPIRITUELE EN EMOSIONELE INTELLIGENSIE IN DIE HUWELIK	53
3.1	Emosionele intelligensie (EQ) in die huwelik	53
3.1.1	Inleidend	53
3.1.2	Historiese verloop van EQ	54

3.1.3.	Polemiek onder akademici, navorsers en die publiek	55
3.1.4	Definisies, modelle en meetinstrumente van EQ	57
	(i) Die vermoëmodel van Mayer en Salovey	58
	(ii) Goleman se gemengde model	60
	(iii) Bar-On se gemengde model	62
	(iv) Schutte se konseptualisering	64
3.1.5	EQ en die rol wat dit in huweliksaanpassing speel	65
	(i) Persepsie en herkenning van emosie in die huwelik	67
	(ii) Emosionele fasilitering van denke in die huwelik	69
	(iii) Begrip en toepassing van emosionele kennis in die huwelik	71
	(iv) Regulering en bestuur van emosies in die huwelik	72
3.1.6	Ten slotte	74
3.2	Spirituele Intelligensie (SQ) in die huwelik	75
3.2.1	Die aard van spirituele intelligensie	75
	(i) SQ met die klem op die spirituele	77
	(ii) SQ met die klem op persoonlike ontwikkeling en volwassenheid	79
	(iii) SQ met klem op betekenis, motivering en waardes	79
3.2.2	MMV-model van SQ	79
3.2.2.1	Die vind van sin en betekenis	80
	(i) Meditatiewe bewustheid	82
	(ii) Estetiese bewustheid	82
	(iii) Om die "hoekom"-vraag te vra	83
	(iv) Nederigheid	84
	(v) Skeppende groei in moeilike tye	85
	(vi) Empatiese aanvaarding en openheid	86
	(vii) Geroepenheid	87
	(viii) Spontaniteit	87
	(ix) Veld-onafhanklikheid	88
	(x) Holistiese, nuwe perspektief	88
3.2.2.2	Funksionering op die hoogste vlak van motivering	89
3.2.2.3	Fokus op waardes en die uitleef daarvan	100

3.2.3	SQ en die rol wat dit in huweliksaanpassing speel	102
3.3	Model van EQ en SQ in die huwelik	103
3.4	Ten slotte	106

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSMETODE	107	
4.1	Fase 1 – Ontwikkeling van die SQ vraelys	109
4.1.1	Samestelling van die vraelys	109
	(a) Sin en betekenis	110
	(b) Motivering	112
	(c) Waardes	113
4.1.2	Bepaling van eienskappe van vraelys	114
4.1.2.1	Proefpersone	114
4.1.2.2	Meetinstrumente gebruik	115
4.1.3	Ontleding van data	116
4.2	Fase 2 – Kwantitatiewe navorsing: ondersoek van die verband tussen konstrunkte	116
4.2.1	Doel en hipoteses	116
4.2.2	Proefpersone	117
4.2.3	Meetinstrumente	118
	(i) Biografiese vraelys	118
	(ii) Meting van huweliksaanpassing	118
	(iii) Meting van emosionele intelligensie	120
	(iv) Meting van spirituele intelligensie	123
4.2.4	Data-ontleding	123
4.3	Fase 2: Kwalitatiewe navorsing – 'n ondersoek na die aard van die huwelik met voorskoolse kinders	125
4.3.1	Navorsingsprobleem	126
4.3.2	Navorsingsontwerp	126
4.3.3	Navorsingsgroep	127
4.3.4.	Data-analise	127
4.3.5	Geldigheid	128

HOOFSTUK 5: NAVORSINGSRESULTATE	130
--	------------

5.1	Fase 1 – Ontwikkeling van die SQ Vraelys	130
5.1.1	Proefpersone	130
5.1.2	Betroubaarheid	130
5.1.3	Geldigheid	132
5.2	Fase 2: Kwantitatiewe navorsing – Onderzoek van die verband tussen konstrunkte	134
5.2.1	Biografiese gegewens	134
	(i) Proefpersone	134
	(ii) Opleiding en beroepslewe	135
	(iii) Huweliksverhouding	138
	(iv) Godsdienstebeewing	140
	(v) Ondersteuningsstelsel en gesondheid	141
	(vi) Rolverdeling en take van die egpaarlede	142
	(vii) Huweliksvoorbereiding, -verryking, -terapie	143
5.2.2	Onderzoek na die verband tussen EQ, SQ en huweliks-aanpassing	144
5.2.2.1	Die verband tussen EQ en huweliksaanpassing	145
5.2.2.2	Die verband tussen SQ en huweliksaanpassing	146
	(i) Sin en betekenis	149
	(ii) Motivering	149
	(iii) Waardes	150
5.2.2.3	'n Vergelyking van mans en vroue se SQ en EQ	150
	(i) T-toets vir onafhanklike groepe	150
	(ii) T-toets vir afhanklike (verwante) groepe	150
5.2.2.4	Ontleding van verband tussen SQ, biografiese gegewens en huweliksaanpassing	152
	(i) Die verband tussen huwelikstevredenheid (DAS) en ander veranderlikes	152
	(ii) Die verband tussen huwelikskonsensus (DAS) en ander veranderlikes	155
	(iii) Die verband tussen huwelikskohesie (DAS) en ander veranderlikes	157

(iv)	Die verband tussen affeksionele ekspressie (DAS) en ander veranderlikes	158
5.2.2.5	Die invloed van egskeiding by die egpaarlede se ouers op hulle huweliksaanpassing	160
5.2.2.6	Ondersoek na die verband tussen SQ en kerkbywoning asook SQ en kerkbetrokkenheid	162
	(a) Kerkbywoning	162
	(b) Kerkbetrokkenheid	162
5.3	Fase 2 – Kwalitatiewe navorsing: Ondersoek na die aard van huwelike met voorskoolse kinders	165
5.3.1	Inhoudsontleding	165
5.3.2	Bevinding	165
5.4	Opsomming	182
HOOFSTUK 6: BESPREKING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS		183
6.1	Bespreking van navorsingshipoteses	184
	<u>Eerste hipotese:</u>	
(i)	Huwelikskonsensus	184
(ii)	Huwelikskohesie	185
(iii)	Affektiewe uitdrukking	185
(iv)	Huwelikstevredenheid	186
	<u>Tweede hipotese:</u>	
(i)	Huwelikskonsensus	187
(ii)	Huwelikskohesie	188
(iii)	Affektiewe uitdrukking	189
(iv)	Huwelikstevredenheid	189
(v)	Bespreking	190
6.2	Ander faktore wat 'n verband met huweliksaanpassing toon	190
(i)	Huwelikskonsensus	191
(ii)	Huwelikskohesie	192
(iii)	Affektiewe uitdrukking	192
(iv)	Huwelikstevredenheid	192
(v)	Erediensbywoning en kerkbetrokkenheid	193
6.3	Die aard van die huwelik met voorskoolse kinders – kwalitatiewe navorsing	195
6.3.1	Uitdagings in die huwelik met voorskoolse kinders	195

(i)	Rolverdeling ten opsigte van kinderopvoeding	195
(ii)	Rolverdeling ten opsigte van huistake	196
(iii)	Balans tussen beroep en gesin	197
6.3.2	Ervaring van betekenis en persoonlike tevredenheid in die huwelik (SQ)	199
6.3.3	Begrip en hantering van eie en die huweliksmaat se gevoelens (EQ)	199
6.4	Motivering, waarde en bydrae van die navorsing	202
(i)	Die ontwikkeling van die MMV-SQ-model en -vraelys	203
(ii)	Intervensie by egpare met voorskoolse kinders	203
6.5	Aanbevelings vir die benutting van die navorsing en vir verdere navorsing	205
6.6	Ten slotte	207
	BRONNELYS	208

LYS VAN TABELLE

2.1	Ooreenkomste tussen eksistensiële gesinsterapie en SQ	26
2.2	Saamgestelde model van die gesinslewensiklus	35
2.3	Die individu se ontwikkelingsfases volgens Erikson (Meyer, <i>et al.</i> , 1988, p.162)	36
3.1	Die model van emosionele intelligensie van Mayer en Salovey (1997, p.11)	59
3.2	Sosiale intelligensie vermoëns binne die emosionele intelligensie model (Goleman, 2007, p. 331)	62
3.3	Ooreenkoms tussen 16 SQ (S-treкке) van MacHovec en die 12 SQ-transformasiebeginsels van Zohar en Marshall	80
3.4	Maslow se hiërargie van behoeftes (Meyer, Moore & Viljoen, 1988	91
3.5	Motiveringskaal van Marshall	92
3.6	Waardes soos aangedui deur Zohar en Marshall (2004, p.88)	101
4.1	Die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing (Cassell & Symon, 1994).	109
4.2	Voorbeelde van vrae in MMV-SQ-vraelys	111
4.3	Die motiveringskaal, met voorbeelde van vrae in die MMV-SQ Vraelys (skale -4 tot 4, Marshall, 1997)	112
4.4	Voorbeelde van waarde-items op MMV-SQ Vraelys	113
4.5	Die subskale van die MMV-SQ-vraelys	113
4.6	Waardes van die Waardeskaal met hul betroubaarheidskoëffisiënte (Langley <i>et al.</i> , 1992)	115
4.7	Die subskale van die Dyadic Adjustment Scale (Spanier & Cole, 1976)	119
4.8	Die skale van die SSRI (Austin, Saklofske, Huang & McKenney, 2004)	122
5.1	Beskrywende statistiek vir SQ-subskale	130
5.2	Konstruktiewe geldigheid: korrelasie tussen subskale van SQ en spiritualiteit van die waardeskaal	132
5.3	Geslag	134
5.4	Ouderdomme van respondente in jare	134
5.5	Huistaal	135
5.6	Vlak van opleiding	135
5.7	Beroep	136
5.8	Hoeveelheid ure wat beroep verg per week; ongewone werksure	137
5.9	Gemiddelde inkomste per jaar	138

5.10	Vorige huwelike	139
5.11	Saamwoon van egpaarlede voor troue	139
5.12	Egpare se ouers geskei	140
5.13	Kinders	140
5.14	Egpaarlede se godsdienste	141
5.15	Bywoning en betrokkenheid by eredienste	141
5.16	Ondersteuningsstelsel van die egpaar	142
5.17	Egpaarlid wat hoofsaaklik as broodwinner optree	143
5.18	Huistake en versorging van kinders volgens die man	143
5.19	Huistake en versorging van kinders volgens die vroue	143
5.20	Huweliksvoorbereiding, -verryking, -terapie, individuele terapie	144
5.21	Verband tussen EQ en huweliksaanpassing	145
5.22	Verband tussen SQ en huweliksaanpassing	147
5.23	Opsomming van die beduidende verskille tussen man en vroue volgens die t-toets vir afhanklike groepe	151
5.24	Gemiddelde tellings vir man en vroue, DAS	152
5.25	Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie	154
5.26	ANOVA (d)	154
5.27	Koëffisiënte (a)	154
5.28	Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie	155
5.29	ANOVA (e)	155
5.30	Koëffisiënte (a)	156
5.31	Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie	158
5.32	ANOVA (c)	158
5.33	Koëffisiënte (a)	158
5.34	Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie	159
5.35	ANOVA (c)	159
5.36	Koëffisiënte (a)	160
5.37	Gemiddelde waardes in die ondersoek na die invloed van egskeding van die egpaar se ouers op die egpaar se huweliksaanpassing	161
5.38	Vergelyking tussen SQ en mate van kerkbetrokkenheid	163

BYLAES

4.1	MMV-SQ-vraelys	239
4.2	Studierigting van proefpersone: Ontwikkeling van SQ-vraelys	245
4.3	Geslag van proefpersone: Ontwikkeling van SQ-vraelys	246
4.4	Biografiese vraelys/Biographic Questionnaire	247
4.5	EQ Questionnaire	251
5.1	Die gemiddelde tellings op die SQ-vraelys	253
5.2	Gemiddelde EQ-tellings vir mans en vroue, SSRI	254
5.3	Die Levine-toets vir onafhanklike groepe	255
5.4	Gemiddelde tellings vir afgepaarde groepe (afhanklike groepe)	257
5.5	Korrelasies vir afhanklike groepe (egpare) Bylae 5.2: Gemiddelde EQ tellings vir mans en vroue, SSRI	258
5.6	T-toets vir afhanklike groepe	260
5.7	Gemiddelde waardes in die ondersoek na die invloed van egskedding van die egpaar se ouers op die egpaar se huweliksaanpassing	262
5.8	Tabel van eenrigting variansie ontleding (ANOVA) in die ondersoek na die invloed van egskedding (egpaar se ouers) op die egpaar se huweliksaanpassing	263
5.9	Scheffe-toets vir post hoc vergelyking van groepe: die invloed van egskedding (egpaar se ouers) op die egpaar se huweliksaanpassing	264
5.10	Huistake en versorging van kinders	266
5.11	Die verband tussen kerkbywoning en SQ	267
5.12	ANOVA – verband tussen SQ en kerkbywoning	269
5.13	ANOVA-toets vir die verband tussen SQ en kerkbetrokkenheid	271
5.14	Scheffe-toets vir meervoudige vergelyking: Verband tussen SQ en kerkbetrokkenheid	273
6.1	Ontwikkeling van huweliksaanpassing	284

EMOSIONELE EN SPIRITUELE INTELLIGENSIE IN HUWELIKSAANPASSING: JONG VOLWASSENES MET VOORSKOOSE KINDERS

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. Oriëntering tot die navorsing

1.1 Inleiding

“Being a member of a couple can lead to astounding personal growth and self-awareness, and the failure of such a relationship can cause wounds that take years to heal.” (Young & Long, 1998, p. 4)

Die huwelik was nog altyd 'n komplekse en voortdurend veranderende mengsel van die individuele eienskappe, verhoudingseienskappe, geskiedenis, hoop en verwagtinge van die mense daarby betrokke (Domenian, 1980). Om in die huwelik te tree is een van die mees komplekse en moeilikste oorgange in die gesinslewensiklus. Tog word dit dikwels deur voornemende huweliksmaats geromantiseer en verkeerdelik beskou as een van die maklikste en vreugdevolste oorgange in die lewensiklus (McGoldrick, 1989; Young & Long, 1998).

Omdat die lewe inherent stresvol en 'n uitdaging is, en aangesien dit moeilik is om sonder enige konflik in 'n verhouding te staan, is dit nie moeilik om te aanvaar dat byna alle egpare huweliksprobleme moet hanteer nie (Wright, Nelson & Georgen, 1994). Die hoë egskeidingsyfer, veral in die vroeë fase in die huwelik (Sentrale Statistiekdiens, 2007), is maar een aanduiding dat daar probleme in huwelike voorkom.

Daar moet egter nie aanvaar word dat die voorkoms van probleme noodwendig 'n negatiewe effek op die huweliksverhouding het, of dat probleme altyd negatief is nie. Positiewe of negatiewe gebeure dui dikwels vir 'n egpaar aan dat daar aanpassings of veranderings in die huwelik gemaak moet word (Wright *et al.*, 1994). Dit raak egter 'n al hoe groter uitdaging, deurdat egpare vasgevang is in hul besige lewens, reëls en roetine. Minder tyd vir familie, vriende, die gemeenskap en godsdiens dra daartoe

by dat mense opnuut na sin en betekenis in hul lewe begin soek (Zohar & Marshall, 2004).

Navorsers probeer van die vroegste tye af bepaal watter faktore in die huwelik 'n rol speel, en watter faktore bydra tot die egpaar se vermoë om in die huwelik aan te pas. In die hoofstroom van sielkunde is daar 'n ontploffing van navorsing oor *wat* die mens doen en baie min oor *hoekom* hulle dit doen, met ander woorde, die motivering van gedrag (Zohar & Marshall, 2004).

Carter en McGoldrick (1980) het in die vroeë tagtigerjare die stressors wat die egpaar beleef, as volg omskryf:

- *Vertikale stressors* – Elke individu bring interne persepsies vanuit vorige generasies na die verhouding: herinneringe, gedragspatrone, mites, geheime en legendes;
- *Horisontale stressors* – Die egpaar beleef hoogte- en laagtepunte in hul lewe saam, waaronder voorspelbare lewensveranderings (geboorte, ouerskap, “leë nes”) asook onvoorspelbare lewensgebeure (ontydige dood, chroniese siekte of ongelukke); en
- *Sisteemvlakstressors* – Sosiale, kulturele, politiese, godsdienstige en finansiële invloede speel 'n rol in die huwelik. Verpligtinge teenoor die kerngesin, werksgroepe, organisasies en vriende kan onder andere tot stres lei.

Hierdie stressors kan in al die fases waardeur die egpaar beweeg 'n invloed op die egpaar se huweliksaanpassing uitoefen. Die vroegtydige hantering van hierdie huwelikstressors word deur Kelly en Fincham (1998) beskou as een van die vaardighede van egpaarlede wat nodig is vir hoë huwelikskwaliteit. Hulle is deel van die groep van vele navorsers wat navorsing gedoen het oor die eienskappe wat 'n rol in die huwelik speel. Ander faktore wat volgens hierdie navorsers 'n rol speel, is kommunikasievaardighede, die gesamentlike identifisering en hantering van probleemareas, en die voorkoms van meer positiewe as negatiewe gedrag. Dis egter nie moontlik om te sê of hierdie eienskappe *voldoende* is om hoë huwelikskwaliteit te verseker nie. Volgens Kelly en Fincham (1998) is die belangrikste faktore die egpaar

se aanpassing in 'n stressituasie, sowel as die ondersteuning wat hulle aan mekaar bied.

In moeilike situasies, wanneer ondersteuning nodig is, blyk dit dat die egpaar se vermoë om gevoelens te herken en uit te druk, 'n rol in huweliksgeluk kan speel (Noller, Beach & Osgarby, 1997). Hierdie genoemde faktore sluit aan by die egpaarlede se emosionele intelligensie. In die afgelope 10 jaar is daar toenemend verwys na emosionele intelligensie (hierna verwys as EQ) en die belangrike rol wat dit in leierskap en menseverhoudings, sowel as in die huwelik speel. Volgens Goleman (1998) verwys EQ na die mens se vermoë om sy eie en ander se gevoelens te herken, sodat hy homself kan motiveer en emosies in homself en in verhoudings effektief kan bestuur.

Volgens Zohar en Marshall (2004) is die mens se rasonale intelligensie (IQ) en emosionele intelligensie (EQ) dikwels voldoende om alledaagse situasies te hanteer. Ook in die huwelik poog egpaarlede om van binne die grense van hulle situasie daaglikse uitdagings met die IQ en EQ waaroor hulle beskik te hanteer. In krisistye, soos wanneer die egpaar moeilike aanpassingstye ervaar, mag gewoontehoudings die huweliksmaats in die steek laat. Dit is dan veral in hierdie tye wanneer nuwe, kreatiewe gedragspatrone nodig is, en daar op spirituele intelligensie (hierna verwys as SQ) staatgemaak moet word om dit te hanteer (Zohar & Marshall, 2004). Om dus buite die grense van die uitdaging te kan sien, word SQ benodig. SQ kan beskou word as die kern waaruit ander intelligensies (waaronder IQ en EQ) kan funksioneer.

SQ is 'n onlangs-geformuleerde intelligensie, en daar is nog min kliniese navorsing oor menslike kwaliteite waarmee dit geassosieer kan word, gedoen (Halama & Strizenec, 2004). 'n Huweliksmaat met hoë spirituele intelligensie sou in staat wees om sin en betekenis in sy of haar eie lewe en huwelik te vind, vanuit positiewe, gesonde motivering optree, en waardes en norme konstant uitleef. "Spiritual intelligence asks why we do what we do and then motivate us to look for more functional ways to make a difference." (Zohar & Marshall, 2004, p. 27)

EQ sowel as SQ plaas groot klem op die selfkennis van egpaarlede. Benewens 'n egpaarlid se beroep, is die gesin 'n belangrike ruimte waarbinne 'n huweliksmaat se

selfidentiteit gevorm word (Whitbourne, 1986). Die huwelik kan die ideale ruimte wees waarin 'n individu op emosionele en spirituele vlak kan groei. Andersyds kan hierdie groei in EQ en SQ weer lei tot groter huweliksaanpassing in tye wanneer die egpaar uitdagings beleef. "Together, the areas of family and work unite into an integrated sense of identity as an individual with a purpose in life; a purpose that is expressed in the everyday activities carried out at home and in the workplace." (Whitbourne, 1986, p. 4)

Aangesien alle egpare aanpassing en probleme beleef, is dit moontlik nie die voorkoms of aard van die probleme of huwelikstake wat 'n rol in huweliksaanpassing speel nie, maar eerder om sin en betekenis daarin te vind en vanuit hierdie betekenis op te tree (SQ), sowel as die emosionele belewenis, verstaan en hantering hiervan (EQ). Daar is egter nog min navorsing hieroor gedoen. In hierdie ondersoek gaan die hipotese dat emosionele en spirituele intelligensie 'n belangrike rol in huweliksaanpassing speel, ondersoek word. Indien hierdie hipotese bevestig word, kan hierdie aspekte in huweliksvoorbereidingskursusse ingesluit word.

In hierdie navorsing word daar veral gefokus op die huwelikspaar met voorskoolse kinders. Die horisontale stressor, naamlik ouerskap (Carter en McGoldrick, 1980), bring sy eie uitdagings en veranderings mee. Die aankoms van kinders in die huwelik verander die egpaar se kommunikasiepatrone, affekteer die beskikbare tyd vir die huweliksverhouding, verhoog rolkompleksiteit en eise en vereis meer finansiële bronne (Anderson & Sabatelli, 1999). Daarom is dit 'n tydperk van aanpassings en groter uitdagings ten opsigte van huwelikstake, waarin EQ en SQ 'n belangrike rol kan speel.

1.2 Aktualiteit van die navorsing

Die sterk aanduiding van huweliksprobleme by egpare in die literatuur is onrusbarend, aangesien daar reeds baie navorsing oor verskeie aspekte van die huwelik gedoen is en steeds gedoen word, veral gesien in die lig daarvan dat huweliksterapie tans meer aanvaarbaar en beskikbaar vir egpare is (Berger & Hannah, 1999).

Dit blyk dat egskeiding tot 'n groot mate onder jong volwassenes voorkom. Navorsing dui daarop dat die egpaar met jong kinders die grootste risiko vir egskeiding loop. Verder moet in ag geneem word dat kinders op hierdie ouderdom ook die meeste deur 'n egskeiding geraak word (Peck & Manocherian, 1989). Aangesien dit blyk dat huweliksprobleme meer waarskynlik in die eerste paar jaar van die huwelik voorkom (Kelly & Fincham, 1998), en die teenwoordigheid van kinders 'n ekstra lading op albei ouers plaas en meer aanpassings verg (Slabbert, 1999), kan aanvaar word dat die egpaar in hierdie fase dikwels krisissituasies ervaar en moet hanteer.

By alle bevolkingsgroepe kom egskeidings hoofsaaklik binne die eerste vier jaar van die huwelik voor (Sentrale Statistiekdiens, 2002). Die jongste statistiek oor huwelike en egskeidings (2004 en 2005) dui aan dat een uit elke vyf huwelike in Suid-Afrika misluk. Mans tussen 35 en 44 jaar en vroue tussen 30 en 34 is die meeste geneig om te skei. Die meeste egskeidings blyk in Gauteng voor te kom, en wel in blanke huwelike. In 2004 het 741 uit elke 100 000 getroudes geskei. Verder het die totale aantal egskeidings in Gauteng van 2004 tot 2005 met meer as 2 000 toegeneem. Vir net meer as 10 000 van die mans en amper 9 000 van die vroue wat in 2004 getroud is, was dit hulle tweede huwelik. Hiervan was 6 460 wewenaars en 5 727 weduwees. Die ander was voorheen getroud en was geskei (Sentrale Statistiekdiens, 2005).

Dit is egter onrusbarend dat 'n betekenisvolle proporsie van egpare in ongelukkige of afbrekende verhoudings staan (Olson, 1986). Wanneer daar huwelikspanning of destruktiewe patrone in die huwelik begin voorkom, kan dit lei tot 'n hoër voorkoms van depressie, geestesversteurings, alkoholisme, gedragsversteurings by kinders, gesondheidsprobleme, asook 'n afname in werkproduktiwiteit (Berger & Hannah, 1999).

Die gesin bly een van die pilare van vandag sowel as môre se gemeenskap. Die gesinslewe sal aanhou om 'n sentrale rol in die gemeenskap te speel. Weens toenemende individualiteit en mobiliteit sal individue aanhou om 'n skuiling van vertroue te benodig (Prinz, 1995).

In hierdie konteks kan die gelukkige huwelik bydra tot die egpaarlede se algemene geluk. Volgens navorsers blyk dit dat algemene geluk volgens navorsers grootliks

deur die welstand van die egpaarlid se huwelik sowel as sy of haar godsdienstige oortuiging bepaal word. Volgens Seligman (in Corliss, 2003, p. 74), "married people are happier than any other configuration of people".

Zohar en Marshall (2004) suggereer in hulle boek *Spiritual Capital* dat mense in die korporatiewe wêreld se lae SQ daartoe bydra dat hulle dikwels vanuit laer motivering soos gierigheid, woede en selfgeding ten koste van 'n hoër kwaliteit lewe reageer. Dit dui verder daarop dat, indien die leiers hul SQ gebruik om spirituele kapitaal in hul wyer organisatoriese kultuur te skep, hierdie kultuur meer ondersteunend kan word (Zohar & Marshall, 2004, p. 2). In hierdie ondersoek word die waarheid van hierdie stellings in egpaarsisteme ondersoek.

Ook Frankl (1959) verwys daarna dat die behoefte om sin en betekenis in die lewe te vind die primêre motivering in 'n mens is. Wanneer 'n individu frustrasie ten opsigte van sy primêre motivering beleef, naamlik die wil om betekenis te vind, lei dit na die wil tot mag, asook plesier. Wanneer daar 'n eksistensiële vakuum ten opsigte van betekenis bestaan, word daar 'n blokkasie of frustrasie ervaar wat ontwrigting in lewensituasies veroorsaak en wat die aanpassing in die huwelik kan verhinder (Frankl, 1969).

Reeds in die 1980's het Morrow (1982) Frankl se teorie deurgetrek na die huwelik. Hy het ondersoek ingestel na die verhouding tussen die man en vrou in die huwelik se waardes en huweliksaanpassing. 'n Betekenisvolle korrelasie is verkry tussen die ervaring van sin en betekenis en huweliksaanpassing vir sowel mans as vroue in die huwelik (Morrow, 1982, p. 21). Toe reeds is aanbeveel dat huweliksverrykingsprogramme net soveel op egpaarlede se lewensin en waardesisteme sal fokus as op hul emosies en kommunikasievaardighede. Vanuit 'n oorsig oor die huidige huweliksverrykingsprogramme blyk dit dat hierdie aspekte egter nie altyd ingesluit word, of die nodige aandag geniet nie.

In die sielkunde is daar verder etlike kere die behoefte uitgespreek om aandag te skenk aan die aspek van sin en betekenis (Reker, Peacock & Wong, 1987; Ruffin, 1984). Daar is egter nog min literatuur en navorsing oor SQ in die algemeen gedoen, en sover bekend geen navorsing oor SQ in die huwelik nie. Dit is verder opvallend

dat daar geredelik min navorsing oor die rol van EQ in die huwelik gedoen is (Fitness, 2006).

1.3 Definisies en omskrywing van konsepte

1.3.1 Die aard van die huwelik

Volgens die APA (American Psychological Association) word die huwelik beskou as die sosiale instelling waarin twee (of in sekere gevalle meer) mense gewoonlik, maar nie altyd nie, 'n man en 'n vrou, hulleself verbind tot 'n sosiaal goedgekeurde verhouding waarin seksuele gemeenskap wettig is en daar 'n wetlik-erkende verantwoordelikheid vir enige nakomelinge, sowel as vir mekaar is. Alhoewel daar uitsonderings bestaan, leef huweliksmaats gewoonlik saam in dieselfde huishouding (VandenBos, 2007).

'n Huwelik behels meer as 'n persoonlike verhouding. Dit word geassosieer met sosiaal bekragtigde regte en verpligtings wat kinders, seksualiteit en eiendom, asook huislike en owerheidsdienste insluit (Morgan, 1980). Volgens Williams, Sawyer en Wahlstrom (2006, p. 12) kan die huwelik gedefinieer word as "a socially approved mating relationship" en bestaan dit uit vyf komponente: (1) 'n emosionele verbintenis, (2), 'n seremoniële aksie, (3) 'n wetlike ooreenkoms, (4) seksuele regte en getrouheid en dikwels ook (5) ouerskap.

Die instelling van die huwelik het baie oor die laaste paar generasies verander.

Die *tradisionele huwelik* het oor die algemene, kultureelgedefinieerde en voorgeskrewe rolle en take wat elke egpaarlid moes uitvoer, behels. Huweliksreëls en roldefinisies was oorwegend duidelik en gebaseer op geslag. Elke egpaarlid se bydrae tot die gesinsfunksionering was meestal gebaseer op die tradisionele manlike en vroulike geslagsrolle (Young & Long, 1998).

Die algemene siening was dat die tradisionele huwelik as 'n middel tot 'n doel aangegaan is, wat finansiële sekuriteit, fisiese versorging en beskerming, die grootmaak van kinders, sosiale status en aansien ingesluit het. Die verhouding was nie altyd gebaseer op diep emosionele betrokkenheid nie en die klem was nie

noodwendig op persoonlike groei en ontwikkeling soos in 'n hedendaagse huwelik nie.

Wanneer daar egter na huwelike deur die eeue gekyk word, blyk dit tog dat die ideale van liefde en gelykheid oor die algemeen nog altyd teenwoordig was in die populêre siening van die huwelik. Om gelukkig getroud te wees was nog altyd een van die belangrikste bestanddele van welwillendheid wat die lewe kon bied (James & Wilson, 1986).

Baie navorsers meen dat die geslagsrolle van die man en die vrou, en daarmee saam die huwelik, tog in 'n groot mate sedert die industriële revolusie begin verander het. Tegnologiese ontwikkeling, verstedeliking, die seksuele revolusie, groter beroepsvryheid van die vrou, meer tyd vir ontspanning en die afname in deelname aan godsdienstige instellings het alles tot verandering in die huwelik bygedra.

Dis egter nie moontlik om 'n spesifieke oomblik in die geskiedenis te definieer waar die tradisionele broodwinner/tuisteskeppermodel van die middelklas kerngesin 'n afname begin toon het nie. Sosioloë meen dt het tydens die Tweede Wêreldoorlog, 'n aanvang geneem toe baie vroue weens ernstige arbeidstekorte beroepe moes begin beoefen waarvan hul voorheen uitgesluit was. Ten spyte hiervan was daar tot in die 1960's aansienlike druk op vroue om hul hoofrol as tuisteskeppers in te neem, ten spyte daarvan dat daar erken is dat dit tot frustrasie by die vrou mag lei (Chapman, 2004).

Namate opvoedkundige en beroepsgeleenthede verbeter het, het vroue begin om die rolmodel van die toegewyde huisvrou te verwerp (Parrington, 1989). Gevolglik het vroue sedert 1960 al hoe meer die beroepswêreld betree, en die rol van huisvrou het sosiale status begin verloor (Chapman, 2004).

Soos die lewensverwagting van mense verhoog, en sosiale verwagtinge verander het, het daar 'n klemverskuiwing in die huwelik plaasgevind. Hierdie "nuwe model van die huwelik" is oorwegend gebaseer op intimiteit, kameraadskap en samewerking, eerder as op plig en verantwoordelikheid (Sperry & Carlson, 1991). Volgens Rice (1983) het die huwelik verander na 'n verhouding waar die fokus

verskuif het na persoonlike vryheid, selfvervulling, selfaktualisering en individuele groei.

In die samelewing, wat dikwels as onpersoonlik beleef word, is die ontwikkeling van 'n intieme verhouding belangrik vir eie identiteit en sekuriteit. Die kerngesin het verder geïsoleerd geraak en die uitgebreide gesin as ondersteuningsbron het minder geraak. Die huwelik het dus in die laaste paar dekades 'n belangrike bron geword waar emosionele ondersteuning, begrip en liefde verkry word en behoeftes aangespreek word. Gesinslede is van die belangrikste bronne van liefde en emosionele ondersteuning vir egpaarlede, veral om krisisse te hanteer en stres te verminder (Harper, Schaalje, & Sandberg, 2000).

Waar die klem na liefde in die huwelik verskuif het, gebeur dit dat jong egpare hul verhouding op romantiese liefde, eerder as op nabyheid, familiariteit en wederkerige gemaklikheid by mekaar bou. Hierdie siening is volgens James en Wilson (1986, p. 16) een van die grootste oorsake van huweliksverbrokkeling:

“Today romantic love is widely regarded as the only legitimate basis for marriage, which is the primary relationship for both sexual and emotional fulfilment and personal growth ...”

Wanneer die realiteit van die huwelik soos wat dit ontvou, ervaar word, kan dit lei tot gemengde gevoelens: angs, vrees vir mislukking, desperaatheid wanneer die aanvanklike romantiese gevoelens minder word, wanhoop oor die vooruitsig van alledaagsheid en voorspelbaarheid. Nuwe verhoudings buite die huwelik bied dan dikwels vir huweliksmaats avontuur en 'n nuwe romantiese liefde.

Volgens Welwood (1992, p. 19) het die tradisionele huwelik, gebaseer op sosiale plig, en die moderne huwelik, gebaseer op onmiddellike, ewigdurende geluk, egter albei hul tekortkominge. Dit laat 'n mens die vraag afvra na wat sou kon lei tot 'n dieper, meer bevredigende liefde in 'n huweliksverhouding.

1.3.2 Huweliksaanpassing

Navorsers beskryf die kwaliteit van die huweliksverhouding op verskillende wyses en gebruik onderskeidelik terme soos *huweliksgeluk*, *huweliksukses*, *huwelikstevredenheid* en *huweliksaanpassing*.

Die term *huweliksgeluk* dui eerder op 'n toestand as 'n proses (Viljoen, 1980). Weddle (1981) beskryf dit as die emosionele respons van plesier wat 'n individu in sy of haar huwelik ervaar.

Huweliksukses word beraam deur die individuele en gesamentlike doelstellings van 'n egpaar te bepaal en vas te stel tot watter mate die huwelik tot daardie doelstelling bydra (Lasswell & Lasswell, 1973; Weddle, 1981). Williams *et al.* (2006) beskou huweliksukses as sinoniem met huwelikskwaliteit, wat in terme van stabiliteit, geluk en buigbaarheid gemeet kan word.

Huwelikstevredenheid word beskou as die subjektiewe belewenis van huwelikservarings, waar die voordele kompenseer vir die nadele (Weddle, 1981). Huwelikstevredenheid word gedefinieer as die graad waartoe egpaarlede ervaar dat hulle huweliksmats aan hulle behoeftes en begeertes voldoen (Bohlander, 1999; Burpee & Langer, 2005). Spanier (1976) beskou dit as een van die komponente van huweliksaanpassing. Volgens Viljoen (1980) bestaan daar nie eenvormigheid oor die definisie van hierdie begrip nie en is hierdie term nie omvattend genoeg om die aard van die huweliksverhouding te beskryf nie.

Wanneer een konsep gebruik moet word om die geslaagdheid al dan nie van 'n huwelik mee te beskryf, blyk *huweliksaanpassing* die mees bevredigende keuse te wees (Burgess, Locke & Thomas, 1971). Hierdie outeurs beskryf 'n goedaangepaste huwelik as 'n eenheid waarin die man en vrou (i) 'n ooreenkoms bereik het oor die hoofsaak van hul huwelik; (ii) by mekaar aangepas het ten opsigte van belangstellings, doelwitte en waardes; (iii) 'n goeie verstandhouding bereik het oor demonstrasies van affeksie en die deel van vertroulike sake; en (iv) geen ernstige klagtes oor hul huwelik het nie.

Wanneer daar in hierdie studie op die huwelik gefokus word, is dit dan ook die *huweliksaanpassing* van die egpaarsisteem wat meer spesifiek aandag sal geniet. Hierdie term word dikwels deur navorsers ondersoek as aanduiding van die kwaliteit van 'n verhouding. Hoewel baie navorsing reeds gedoen is oor huweliksberading en wat probleme in verhoudings veroorsaak, is daar nog nie genoeg navorsing gedoen wat lig werp op presies wat bydra tot goeie verhoudings en 'n hoë mate van huweliksaanpassing nie.

Spanier en Cole (1976) definieer huweliksaanpassing as 'n proses, eerder as 'n statiese toestand, wat spruit uit die aard van huweliksprobleme, spanning tussen die egpaarlede, huwelikstevredenheid, huwelikskohesie en konsensus oor belangrike huweliksake. Huweliksaanpassing verwys dus na die beweging op die kontinuum van 'n verskeidenheid aspekte van die huwelik. Die huwelik met 'n hoë mate van aanpassing bestaan volgens Spanier (1976) uit:

- (a) Hoë wederkerige konsensus – die mate waartoe egpaarlede saamstem oor belangrike sake;
- (b) Hoë wederkerige kohesie – die mate waartoe egpaarlede se lewens vervleg is;
- (c) Hoë affektiewe uitdrukking – die mate waartoe die egpaarlid se behoefte tot affeksie en seksuele bevrediging aan voldoen word; en
- (d) Hoë huwelikstevredenheid – die huweliksgeluk wat die egpaar ervaar en die mate waartoe die egpaarlede verbind is om die huwelik in stand te hou/nie te beëindig nie.

Spanier (1976) beskou huweliksaanpassing as die proses wat persoonlike groei en groei in die verhouding aanmoedig. Hierdie groei kan bewerkstellig word deur die wedersydse uitdrukking van affeksie en ondersteuning, deur die bestuur van konflik te fasiliteer, aan albei huweliksmaats se verwagtinge te voldoen, basiese doelwitte en waardes vir die individu en die verhouding te versoen, konsensus of ooreenstemming te bereik in sake wat vir die egpaar of individue belangrik is, en kameraadskap in take en aktiwiteite te bevorder.

Dit blyk dus dat die grootste klem geplaas word op die bereiking van konsensus oor verskeie aspekte en die wedersydse uitdrukking van affeksie en ondersteuning.

In ag genome die klem in hierdie navorsing op die *huweliksaanpassing* van egpare, sal daar in die literatuurstudie na al bogenoemde terme gekyk word (*huweliksgeluk, huwelikstabyliteit, huwelikstevredenheid*) wanneer daar na die welsyn van die huwelik gekyk word, aangesien navorsers dikwels verskillende benoemings gebruik, met verskillende interpretasies oor die betekenis daarvan.

1.3.3 Ontwikkelingsfase: egpaar met voorskoolse kinders

Verskeie ontwikkelingsmodelle is bruikbaar om begrip teweeg te bring vir die groei en ontwikkeling van die individu, huwelik en die gesin. Daar sal in hoofstuk 2 oor die verskeie modelle en teorieë uitgebrei word.

Die liniêre aard van hierdie modelle veroorsaak 'n dilemma vir aanhangers van die sisteemteorie, aangesien (i) daar verkeerdelik op geïsoleerde insidente gefokus word, terwyl dit as 'n interaktiewe, voortgesette proses gesien moet word; (ii) dit neig om 'n tradisionele gesinsmodel te beskryf wat nie op almal van toepassing is nie; (iii) dit neig om te fokus op individuele mylpale soos die geboorte van 'n eerste kind, terwyl die kompleksiteit van baie vlakke van gesinsinteraksie dikwels geïgnoreer word; (iv) dat, alhoewel die algemene eienskappe van die verskeie fases uitgelig word, die spesifieke temas, take en style baie van gesin tot gesin verskil; en (v) gereelde hersiening van hierdie modelle nodig is soos wat die verandering in die breë samelewing plaasvind (Becvar & Becvar, 2000).

Die huwelik is egter nie staties nie. Dit ondergaan verskeie veranderings tydens die gesin se lewensiklus. Becvar en Becvar (2000) het 'n model saamgestel deur die modelle van Barnhill en Longo (1978), Becvar en Becvar (1999), Carter en McGoldrick (1980) asook Duvall (1962) te kombineer en te vernuwe. Hulle dui op nege ontwikkelingsfases van die gesin, naamlik die fase van (1) alleenlopende volwassenes, (2) jonggetroude volwassenes, (3) verwagte volwassenes, (4) gesinne met voorskoolse kinders, (5) gesinne met skoolgaande kinders, (6) gesinne met tieners, (7) die lanseringsentrum waar kinders die huis verlaat, (8) die middeljare, en (9) die stadium van afgetrede volwassenes.

Die fase waarop in hierdie navorsing gefokus word, is die huwelikspaar met voorskoolse kinders.

In die fase met die verwagte egpaar (fase 3) moet nuwe lede in die sisteem aanvaar word. Die egpaar moet aanpas in die huwelik om plek te maak vir die kind, nuwe ouerskaprolle aanneem en plek maak vir die nuwe rol wat die grootouers sal speel. Tydens die fase met die voorskoolse kinders (fase 4) moet die ouers die vorming van die kind(ers) se persoonlikheid aanvaar. Die gesin moet aanpas by die behoeftes van die spesifieke kind(ers), die egpaar moet die verminderde energie en verlies aan privaatheid hanteer, en tyd saam as egpaar deurbring (Becvar & Becvar, 2000).

“The failure of either spouse both to change to a parent and to continue to grow as a spouse contributes to an inequality of relationships and is a threat to intimacy. A marriage that has developed intimacy is a marriage better able to respond to the challenge of parenthood, to integrate the lifelong change that parenthood brings, not only to the new parents but to the entire family.”
(Bradt, 1989, p. 243)

As daar gekyk word na die eise wat met ouerskap gepaard gaan, is dit byna vanselfsprekend dat die ouers se huweliksverhouding veranderings sal ondergaan. Hierdie veranderings wissel baie van gesin tot gesin, en sluit beide beloning en stressors in (Feeney, Hohaus, Noller & Alexander, 2001).

Huweliks-kwaliteit word deur sommige navorsers deur die lewensiklus beskryf met 'n U-vormige kurwe, met die laagste kwaliteit gedurende die kindergrootmaakfase (Anderson, Russell & Schumm, 1983; Kotler, 1985; Orbuch, House, Mero & Webster, 1996; Williams *et al.*, 2006) en die hoogste vlak voor die geboorte van die kinders, asook nadat die kinders grootgeword het en die huis verlaat. Daar sal ook verder hierna in hoofstuk 2 verwys word, waar ouerskap as 'n faktor van huweliksaanpassing meer volledig bespreek sal word. Faktore soos die verdeling van huiswerk, ontspanning, kameraadskap en intimiteit, die emosionele aard van interaksie, hetsy positief of negatief, sowel as huwelikstevredenheid is onder andere faktore wat 'n rol by die egpaar se huweliksaanpassing speel (Feeney *et al.*, 2001).

1.3.4 Emosionele intelligensie

Waar emosionele intelligensie (EQ) aanvanklik meer gefokus het op die herkenning, begrip en toepassing van 'n individu se gevoelens, het die klem geleidelik verskuif na die invloed van EQ in verhoudings.

Gardner (1983) se konsepte van *intrapersoonlike* (die vermoë tot kennis van eie emosies) en *interpersoonlike* (die vermoë tot begrip vir ander se emosies en motiewe) intelligensie het 'n basis geskep vir latere modelle van emosionele intelligensie. Waar rasionele IK gebaseer is op die werking van die neokorteks, is die emosionele kern laer in die brein geleë, naamlik in die subkorteks. Dit word gefasiliteer deur "neurale netwerke" waar bondels van ongeveer 100 000 neurone op 'n wanordelike wyse inmekaar gestrengel is. Hierdie neurale netwerke word gevorm deur assosiasies wat tussen gebeure in die lewe gemaak word, byvoorbeeld die assosiasie tussen moeder en liefde, vuur en pyn, ensovoorts (Zohar & Marshall, 2004).

Dit was Salovey en Mayer (1990) wat vir die eerste keer die term "emosionele intelligensie" gebruik het. Dit het aanvanklik op drie aanpasbare vermoëns gedui:

- die herkenning en uitdrukking van emosie;
- die regulering van emosie; asook
- die toepassing van emosies tydens probleemoplossing.

In hul aanvanklike definisie is die kognitiewe aspekte van gevoelens geïgnoreer. 'n Latere definisie wat hierdie weglating herstel, lui as volg:

"Emotional intelligence involves the ability to accurately perceive, appraise, and express emotion; the ability to access and/or generate feelings when they facilitate thought; the ability to understand emotion and emotional knowledge; and the ability to regulate emotions to promote emotional and intellectual growth in self and others." (Mayer & Salovey, 1997, p. 10)

Laasgenoemde definisie word deur akademici verkies, aangesien dit op 'n aantal diskrete emosionele vermoëns fokus, en deurdat Mayer, Caruso en Salovey (1999) teoretiese begroning verskaf vir die bestaan van EQ as 'n vorm van intelligensie.

Mayer en Salovey (1997) stel emosionele intelligensie voor in terme van die potensiaal vir emosionele en intellektuele groei.

Die hersiene model van Mayer en Salovey (1997) bestaan uit die volgende vier vertakkings:

- Persepsie, herkenning en uitdrukking van emosie
- Emosionele fasilitering van denke
- Begrip, analise en toepassing van emosionele kennis
- Reflektiewe regulering van emosies tot verdere emosionele en intellektuele groei

Goleman (1998) wys in sy definisie van emosionele intelligensie op die invloed wat emosie in 'n mens se motivering speel. EQ verwys volgens hom na die mens se vermoë om sy eie sowel as ander se gevoelens te herken, asook na selfmotivering en die effektiewe bestuur van eie gevoelens sowel as emosies in verhoudings. Ten spyte van die kritiek wat hy by sommige akademici uitlok, het ander weer waardering vir die praktiese wyse waarop hy die breër gemeenskap aanspoor tot emosionele groei. (Sien hoofstuk 3.) Hy het 'n praktiese model vanuit die model van Salovey en Mayer ontwikkel wat veral in die beroepsveld toegepas kan word (Goleman, 1998).

Hiervolgens beskik 'n persoon met 'n hoë EQ oor die vermoë tot:

- 'n goeie selfkennis ten opsigte van gevoelens en vermoëns, asook selfvertroue;
- selfregulering, waar gevoelens as fasiliteerder dien om take te voltooi, doelwitte te bereik, en van emosionele druk te herstel;
- motivering om inisiatief te neem, te verbeter en te volhard tydens terugslae en frustrasies;
- empatie, om begrip te ontwikkel vir 'n breë verskeidenheid mense se gevoelens en perspektief; en
- goeie sosiale vaardighede, waaronder die hantering en akkurate interpretasie van emosies in verhoudings, die vermoë tot goeie interaksie, leierskap, onderhandeling, konflikthantering en samewerking met ander.

Die term *sosiale intelligensie* is later deur Goleman (2007) gebruik om EQ in sosiale verhoudings mee te beskryf, en dui daarop om intelligent te wees oor verhoudings, sowel as *binne* verhoudings. Dit omsluit twee breë kategorieë, naamlik:

- (i) *Sosiale bewuswees*, wat verwys na 'n spektrum wat strek vanaf die onmiddellike bewus raak van 'n ander se gevoelens tot die verstaan van die ander persoon se gevoelens en gedagtes, asook tot die verstaan van meer ingewikkelde sosiale situasies. Dit dui op vier aspekte, naamlik basiese empatie, instelling op gesprek, empatiese akkuraatheid en sosiale kognisie.
- (ii) *Sosiale fasilitering* – Kennis alleen van 'n ander persoon se gevoelens, gedagtes of bedoeling waarborg nie altyd vrugbare interaksie nie. Dit moet lei tot glatte, effektiewe interaksie en behels sinkronisasie (nieverbale interaksie), selfpresentering, invloed (goeie gevolge van interaksie) en besorgdheid (oor ander se behoeftes).

EQ kan volgens Zohar en Marshall (2004) beskou word as die intelligensie waarmee 'n persoon voel. Dit dui op die vermoë om ander mense te verstaan en vir hulle iets te voel, die vermoë om hul emosies en die betrokke sosiale situasies te “lees” en daarvolgens te reageer. EQ is hoofsaaklik 'n aanpassings-intelligensie. 'n Deel van 'n persoon se EQ interpreteer die emosionele en sosiale reëls van die groep waarin hy hom bevind.

Die meetinstrumente van EQ sal in hoofstuk 3 bespreek word.

1.3.5 Spirituele Intelligensie

“This is the intelligence with which we have access to deep meaning, fundamental values, and a sense of abiding purpose in our lives, and the role that this meaning, values, and purpose play in our lives, strategies, and thinking processes.” (Zohar & Marshall, p. 64, 2004)

Spirituele intelligensie (SQ) is met ander woorde volgens Zohar en Marshall (2004) die intelligensie waarmee mense toegang verkry tot 'n diep vlak van sin en betekenis, waardes, 'n lewensdoel en die hoogste moontlike vlak van motivering.

Bowell (2004, p. 14) som die verband tussen IQ, EQ en SQ as volg op:

“... Let’s simply identify IQ as the intelligence that seeks to understand the *what*, EQ as the intelligence that seeks to understand the *how*, and SQ as the intelligence that seeks to understand the *why* of things.” Die vraag “hoekom” is ’n uitdrukking van die mens se behoefte aan ’n betekenisvolle bestaan (Chambliss, 1966).

SQ behels dus ’n persoon se vermoë om te verstaan *hoekom* hy optree soos wat hy doen, asook om in die chaos van skynbaar sinnelose situasies, sin en betekenis te vind. Wolman (2001, pp. 83-84) definieer SQ as “our human capacity to ask ultimate questions about the meaning of life; and to experience simultaneously the seamless connection between each of us and the world in which we live”.

’n Groeiende neiging in psigoterapie is ’n soeke na ’n “nie-godsdienstige spiritualiteit” om die behoefte aan ’n persoonlike waardesisteem en karakterbou aan te spreek (MacHovac, 2002). Hierdie soeke is teen die einde van die 1990’s beantwoord, toe neuroloë gesuggereer het dat, behalwe IQ en EQ, die brein ’n derde tipe intelligensie bevat, naamlik spirituele intelligensie. Soos met IQ en EQ, blyk dit dat neuroloë ’n area in die brein geïdentifiseer het wat SQ-aktiwiteite aandui. ’n Massa neurale weefsel wat in die temporale lob ontdek is, blyk onder andere verantwoordelik te wees vir godsdienstige idees, rituele en gebruike, die vra van fundamentele vrae oor sin en betekenis, en spirituele ervarings. Zohar en Marshall (2004) verwys hierna as die sogenaamde “*God spot*”. SQ tree dus nou na vore as ’n gepaste onderwerp vir wetenskaplike navorsing.

SQ kan beskou word as ’n redelik onbekende en moeilike onderwerp om te bestudeer. Vanuit die literatuurstudie blyk dit dat die term *spirituele intelligensie* verwarrend kan wees en dat verskeie outeurs en navorsers die klem op uiteenlopende aspekte laat val. Frank MacHovec (2002) tref ’n onderskeid tussen die SQ-Ooste en die SQ-Weste. (Sien hoofstuk 3.) Die SQ-Ooste is op soek na “*enlightenment*”, insig en wysheid, asook interne fokus en is tydloos in hierdie soeke. Verskeie van hierdie definisies beskou SQ ook as “spiritualiteit”, oftewel

godsdiensoervaring. SQ verwys volgens die navorser nie na godsdiensof 'n georganiseerde geloofsisteem nie, maar sluit wel spiritualiteit in. Die SQ-Weste plaas weer die klem op aanpassing en hanteringstrategieë, met ander woorde, 'n eksterne fokus, terwyl tyd 'n rol speel en daar geneig word om 'n "kitskoskortpad" na die waarheid te soek. Alhoewel SQ verwant is aan kognitiewe, emosionele en morele ontwikkeling, is dit nie identies aan een van hierdie aspekte nie (Vaughan, 2002).

In hierdie navorsing word die klem nie suiwer op die SQ-Ooste of SQ-Weste gelê nie, maar op 'n balans van beide, wat elkeen unieke eienskappe bevat. Daar word veral gefokus op die benaderings van Zohar en Marshall (2004) en MacHovec (2002) en sluit aan by die werk van Frankl (1969). Alhoewel daar teen ooreenvoudiging gewaak moet word, beskou die navorser die volle omvang van SQ as 'n kontinuum, waar daar op 'n balans van beide gefokus word, en daar in die middel van hierdie kontinuum op betekenis, motivering en waardes gefokus word.

Victor Frankl (1959) het reeds 50 jaar gelede na *sin en betekenis, motivering en waardes* verwys. Hy beskryf die frustrasie om nie lewensbetekenis te ontdek nie as 'n "eksistensiële vakuum".

"If man does not know why he is living, he loses his motivation, and his drive for life withers. In essence, he becomes bored ... Man's main concern ... lies in the fulfilment of meaning and in actualizing *values*." (Frankl, 1959, p. 108).

(i) Die vind van sin en betekenis

Byna vier dekades gelede wys Frankl reeds op die belangrikheid van betekenis: "Man is responsible ... for finding the true meaning of a situation." (1969, p. 62)

Vandag is daar steeds 'n soeke na betekenis by individue, alhoewel meer realisties en deur ander lense gesien as 'n paar dekades gelede. Die verlies aan betekenis is een van die oorsake van stres en vorm 'n belangrike tema binne die hedendaagse psigoterapie (Kennedy, 1998, p. 27).

Vanuit die literatuur het die navorser tien basiese beginsels wat by die proses na 'n soeke na sin en betekenis betrokke is, saamgestel. Daar word verder hierna verwys in hoofstuk 3.

(ii) Om te leef vanuit positiewe motivering

SQ vra hoekom die mens doen wat hy doen en motiveer dan 'n soeke na meer funksionele maniere om so 'n verskil te maak (Zohar & Marshall, 2004, p. 27). SQ behels om insig te hê in dit wat jou motiveer en dit na die hoogste vlak van motivering te ontwikkel.

Abraham Maslow het reeds in die 1960's gewys op die piramide van behoeftes. Hierdie behoeftes kan beskou word as verskillende vlakke van motivering, waarvan *selfaktualisering* as die hoogste vlak beskou word. Ian Marshall (in Zohar & Marshall, 2004) het 'n motiveringskaal saamgestel, gebou op Maslow se piramide van behoeftes, wat die motiverende en emosionele basis van waar 'n individu of kultuur is, op sistematiese wyse identifiseer. Dit stel verder voor hoe 'n mens, deur van SQ gebruik te maak, vanaf die huidige toestand na 'n meer verkose een kan skuif. 'n Persoon se vlak van motivering kan verhoog na mate hy die tien aspekte van SQ (i) ontwikkel.

(iii) Om te fokus op waardes en dit uit leef

“Our deepest *values* define us as human beings ...”

(Zohar & Marshall, 2004, p. 87)

Waardes lê vir Frankl (1983) ten grondslag van “betekenis vind”. Dit blyk dat, soos die ontwikkeling van die tien aspekte van sin en betekenis, (i) gesonde motivering (ii) ook verhoog kan word deur fundamentele waardes (iii) uit te leef. SQ behels dus verder om jou waardes ten opsigte van jouself en ander te ken, daarop te fokus en dit te ontwikkel. SQ sluit aan by morele intelligensie en die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei (Zohar & Marshall, 2004).

Elke mens word gebore met die potensiaal vir 'n hoë SQ. Opvoedkundige sisteme, besige werkpatrone en spanningsituasies verlaag egter egpare, gesinne en die groter samelewing se vermoë om hulle SQ uit te leef. Dit kan met ervaring ontwikkel

word en 'n persoon tussen realiteit en illusie te help onderskei (Vaughan, 2002; Zohar & Marshall, 2004). Indien SQ ontwikkel word, kan dit in verhoudings en deur die samelewing as liefde, wysheid en diens ervaar word.

“Spiritual intelligence opens the heart, illuminates the mind, and inspires the soul, connecting the individual human psyche to the underlying ground of being.” (Vaughan, 2002, pp. 19-20)

1.4 Teoretiese benadering

Die fokus in hierdie navorsing is op die sin en betekenis wat egpare in tye van aanpassing in hulle huwelik kan vind, asook die waardes wat egpare ten alle tye in hulle huwelik uitleef (SQ). Deur gevoelens soos woede en angs te herken en te hanteer (EQ), kan huweliksmaats verseker dat hulle gedrag nie daardeur nie, maar vanuit hoër vlakke van motivering gemotiveer word.

Die teoretiese benadering wat hierby aansluit, is die eksistensialisme. Aangesien hier gefokus word op die egpaar met voorskoolse kinders, val die klem in hierdie navorsing egter op die eksistensiële gesinsterapie, en in die besonder op die logoterapie van Frankl. Sommige sien sy benadering slegs as 'n teorie en nie 'n tipe terapie nie.

1.5 Die doel en aard van die navorsing

Die doel van die navorsing is om te ondersoek of emosionele en spirituele intelligensie verband hou met beter huweliksaanpassing van egpaarlede met voorskoolse kinders. Beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing is in hierdie ondersoek gebruik. Terwyl sommige navorsers konflik tussen hierdie twee tipes navorsing ervaar, is daar ander wat die gesamentlike gebruik daarvan voorstaan (Creswell, 1994, in Lee, 1999, pp. 11-14). In hierdie navorsing is die tweefase-ontwerp gevolg, waar kwantitatiewe navorsing deur kwalitatiewe navorsing gevolg word. (Sien hoofstuk 4.)

Die navorsing geskied in twee fases:

1.5.1 Fase 1 – Die ontwikkeling van 'n SQ-vraelys

Aangesien daar nie 'n bevredigende SQ-vraelys in Suid-Afrika beskikbaar was nie, is daar eerstens 'n SQ-vraelys vanuit die literatuurstudie saamgestel. 'n Loodsstudie het hierop gevolg waartydens 198 mense die saamgestelde SQ-vraelys, sowel as die waardeskaal voltooi het. Die psigometriese eienskappe van die skaal is ondersoek.

1.5.2 Fase 2 – Kwantitatiewe navorsing: verband tussen huweliksaanpassing, EQ en SQ

'n Gerieflikheidssteekproef van 100 egpare is genader en egpaarlede is gevra om afsonderlik die volgende vraelyste in te vul: die SQ-vraelys wat deur die navorser in fase 1 ontwikkel is; 'n 33-item emosionele intelligensieskaal (Schutte, Malouff, Hall, Haggerty, Cooper, Golden, & Dornheim, 1998), gebaseer op die omvattende model van Mayer en Salovey (1990; 1997); asook die Spanier huweliksaanpassingsvraelys oftewel *Dyadic Adjustment Scale* (Spanier, 1976). Behalwe bogenoemde vraelyste is biografiese vrae en oop vrae bygevoeg om die navorser te help om die respondente se ervaring van die huweliksverhouding te verstaan.

1.5.3 Fase 2 – Kwalitatiewe navorsing – egpare se ervaring van die huwelik

In die kwalitatiewe ondersoek is daar gepoog om 'n dieper en ryker insig in die aard van huwelike by egpare met voorskoolse kinders te verkry. Dit is gedoen om te midde van die magdom teorieë die faktore wat 'n rol in huwelike speel te ondersoek onder hierdie unieke groep Suid-Afrikaanse egpare in die eerste dekade van hierdie millennium. Sodoende, wanneer die resultate van SQ en EQ by die egpaarlede verkry word, kan dit in die lig van die spesifieke konteks beter geïnterpreteer word.

Die navorsingsgroep het bestaan uit al die egpaarlede wat aan die kwantitatiewe navorsing deelgeneem het. Almal se antwoorde op die oop vrae kon in die kwalitatiewe navorsing geanaliseer en verwerk word.

1.6 Hoofstukindeling

Die verloop van die navorsing word in die volgende hoofstukke beskryf:

Hoofstuk 1 is gewy aan die oriëntering tot die navorsing, die aktualiteit van die onderwerp, definisies van konsepte en 'n oorsig oor die navorsing.

In hoofstuk 2 word die bestaande literatuur as agtergrond tot die studie bespreek, onder andere die teoretiese agtergrond asook die faktore wat 'n rol in aanpassing in die huwelik met voorskoolse kinders speel.

Hoofstuk 3 vervolg met verdere literatuurstudie oor emosionele en spirituele intelligensie asook die rol wat hierdie aspekte speel in die huwelik.

In hoofstuk 4 word die metodologie van die navorsing in terme van die twee fases van die navorsing bespreek. Die ontwikkeling en resultate van die spirituele intelligensievraelys word bespreek. Daarna word die kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoek na die verband tussen huweliksaanpassing en SQ en EQ bespreek.

In hoofstuk 5 word die navorsingsbevindinge van al die fases van die navorsing weergegee en in hoofstuk 6 word bevindinge aan die hand van bestaande literatuur en teorieë bespreek.

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG

DIE HUWELIK

2.1 Inleidend

Die huwelik behels 'n intense betrokkenheid tussen twee mense vir 'n uitgebreide periode in hul lewens. Op die pad saam ervaar hulle verskeie veranderings en aanpassings: in hulle lewensiklus, in hulle gesondheid, die invloed van kinders en ander familieledes, die onderhandeling van verskeie rolle en werk om hulleself te onderhou, asook die sintese van persoonlikheid en interpersoonlike style (Wright *et al.*, 1994).

Die huweliksfasie met voorskoolse kinders is veral 'n uitdaging, met dikwels te min en onvoldoende kommunikasie, asook te min tyd wat saam bestee word. In 'n tydperk vol nuwe aanpassings probeer egpare dikwels met hulle IQ (rasionele intelligensie) en soms onderontwikkelde EQ (emosionele intelligensie) met ou gewoontepatrone hul probleemsituasies oplos. Krisissituasies vra egter 'n hoë SQ (spirituele intelligensie) om sin en betekenis in die situasie te vind, nuut te dink en buite die grense van hulle situasie te sien. Dit vra verder voldoende EQ om nie vanuit gevoelens soos woede of angs op te tree nie, maar hierdie gevoelens rondom hierdie aanpassing te verstaan, reg te interpreteer en effektief te hanteer.

Die teoretiese benadering wat aansluit by die ontwikkeling van die egpaarlid se emosionele en spirituele intelligensie word vervolgens kortliks bespreek.

2.2 Teoretiese benadering

Die funksionering van die huwelik (in die gesinsopset) word in hierdie navorsing beskou vanuit die *eksistensiële gesinsterapie* van Lantz (1993), wat hoofsaaklik gebaseer is op die werk van Victor Frankl. Frankl (1967) se logoterapie vanuit die eksistensialisme (modernisme) word soms eerder as 'n filosofiese lewensuitkyk as 'n terapeutiese benadering beskou. Die teorie, wat dien as raamwerk van hierdie navorsing, word eerstens kortliks bespreek. Daarna word kortliks na ander teoretiese raamwerke verwys wat met huweliksterapie geassosieer word. Daar sal ook verwys

word na die raakpunte met die teorieë waaruit die navorser te werk gaan, asook die moontlike tekortkominge van hierdie teorieë.

2.2.1 Eksistensiële gesinsterapie

Van al die persoonlikheidsteorieë is dit die *eksistensiële teorie* wat die duidelikste aansluit by 'n soeke na sin en betekenis, waarmee spirituele intelligensie geassosieer word. Die eksistensiële gesinsterapie kan beskou word as 'n eklektiese benadering tot gesinsintervensie, gebaseer op twee primêre konsepte (Lantz, 1993, p. 21):

- die sentrale aard van die mens se soeke na betekenis en
- die erkenning dat die gesin meestal die individu voorsien van hoop en geleentheid vir die ontdekking, herkenning en aanvaarding van betekenis.

Dit verwys grootliks na die logoterapie van Victor Frankl. 'n Oogmerk van terapie is om vir die egpaar of gesin die betekenis van hul bestaan in die samelewing te help ontdek. Die soeke na sin en betekenis by individue word vandag deur 'n ander lens gesien as 'n paar dekades gelede (Kennedy, 1998). Die volgende aspekte van hierdie terapie word uitgelig en later vergelyk met aspekte van spirituele intelligensie (SQ):

(i) Om die situasie van buite te sien

Die term *eksistensiëel* beteken letterlik om "buite die self te staan", "te voorskyn te kom", of "om uit te tree". Die mens kan sy houding teenoor omstandighede kies en selfs bo omstandighede uitstyg (Frankl, 1967).

(ii) 'n Soeke na sin en betekenis

Eksistensiële refleksie dui op die gesinsterapeutiese tegniek wat in logoterapie gebruik word om gesinslede te help om betekenisvolle konneksies te maak wat die bewuswording van betekenis kan aanwakker (Lantz, 1993).

Wanneer 'n persoon nie in staat is om betekenis in 'n situasie te vind nie, kan daar 'n eksistensiële vakuum ontstaan, wat een van die hooforsake van stres is. Hierdie vakuum kan gevul word met die vind van betekenis, of deur angst, depressie, verwarring of selfs substansafhanklikheid (Kennedy, 1998; Lantz, 1993).

'n Disfunksionele patroon in die gesin kan die gesin se soeke na betekenis verhinder. Hierdie disfunksie word dikwels beskou as 'n kommunikasieprobleem of 'n strukturele probleem. Albei hierdie sienings kan egter verstaan word as die vermindering van sin en betekenis in die gesin. Virginia Satir (1967) het byvoorbeeld aangetoon hoe die verbetering van kommunikasie in 'n gesin tot minder simptome lei. Vanuit Frankl se perspektief is dit nie bloot beter kommunikasie nie, maar die gesin se verbeterde vermoë om *betekenis te deel* as gevolg van beter kommunikasie wat die werklike verskil maak. Minuchin (1974) het weer daarop gefokus om meer effektiewe organisasie in die gesinsisteem te skep, en het dus simptomevermindering gesien as die gevolg van strukturele veranderings. Vanuit Frankl se perspektief is dit nie die strukturele verandering opsigself wat die verskil maak nie, maar die gesinslede wat as gevolg van strukturele veranderings *betekenis kan deel en uitruil* (Lantz, 1993).

(iii) 'n Soeke na en die uitleef van waardes

Die ander aspek van SQ waarby die eksistensiële benadering aansluit, is 'n soeke na en die uitleef van *waardes*. Volgens Frankl wil die mens nie maar net doelloos bestaan nie, maar waardes in sy lewe vergestalt of realiseer. Ten opsigte van psigoterapie sê Frankl die volgende (1965, p. x-xi):

“I believe there is no such thing as psychotherapy unconcerned with values, only one who is blind to values. A psychotherapy which not only recognizes man's spirit, but actually starts from it may be termed logotherapy. In this connection logotherapy is intended to signify 'the spiritual' and beyond that, 'the meaning'.”

Waardes lê vir Frankl (1983) ten grondslag daarvan om betekenis te vind. Volgens hom is daar drie kategorieë van waardes wat mense kan help om betekenis te vind: (i) kreatiewe waardes (betekenis wat ons kan skep deur aktiwiteite van werk, stokperdjies of 'n verbintenis tot 'n taak), (ii) eksperiënsiële waardes (betekenis wat ons vind deur ervaring in die natuur, kuns en menseverhoudings), asook (iii) houdingswaardes (menslike houdings wat ons kan ontwikkel en wat ons kan help om betekenis te vind, selfs in reaksie op tragiese situasies).

2.2.2 'n Vergelyking van eksistensiële gesinsterapie en SQ

Halama en Strizenec (2004) het in hul navorsing bevind dat spirituele intelligensie (SQ) en eksistensiële intelligensie wederkerig aan mekaar verwant is, met konstrukte wat oorvleuel. Soos by SQ, plaas die eksistensiële sielkunde klem op die vermoë om voldoende lewensbetekenis te vind. Die ooreenkomste tussen eksistensiële gesinsterapie en spirituele intelligensie (SQ) word in Tabel 2.1 verduidelik. SQ word meer breedvoerig in hoofstuk 3 omskryf.

Tabel 2.1: Ooreenkomste tussen eksistensiële gesinsterapie en SQ

Eksistensiële gesinsterapie	Spirituele intelligensie
<p><u>(i) Om van buite die situasie te sien</u></p> <p>Die term <i>eksistensiëel</i> beteken letterlik om "buite die self te staan", "te voorskyn te kom", of "om uit te tree". Die mens kan meer wees as wat hy is, deur van buite na homself te kyk, en sy genetiese en omgewingsbeperkinge te oorkom (Meyer, Moore & Viljoen, 1988, p. 335).</p> <p><i>Selfrefleksie</i> dui op die mens se vermoë om homself te evalueer en te besin oor die sin van die lewe.</p>	<p>Die spiritueel intelligentste persoon kan van buite sy grense na homself en sy situasie kyk (Zohar & Marshall, 2004).</p> <p>Die persoon met hoë SQ maak tyd vir spirituele introjeksie of selfanalise (MacHovec, 2002). Die vermoë tot selfkennis speel in beide SQ en EQ 'n belangrike rol.</p>
<p><u>(ii) 'n Soeke na sin en betekenis</u></p> <p>Die Griekse woord <i>logos</i> dui op "betekenis": "... logotherapy ... cares for spiritual realities such as the potential meaning of his existence" (Frankl, 1959, p. 105).</p>	<p>SQ dui op die menslike vermoë om vrae te vra oor die betekenis van die lewe (Wolman, 2001; Zohar & Marshall, 2004).</p>
<p><u>(iii) Uitleef van waardes</u></p> <p>Die mens wil nie net doelloos bestaan nie, maar betekenis in die lewe vind. Die kern van hierdie betekenis lê in waardes. (Frankl 1965, 1983).</p>	<p>SQ is die mens se "morele intelligensie", en behels die kennis en uitleef van waardes (Zohar & Marshall, 2004).</p>

Emosionele intelligensie speel ook 'n belangrike rol in die vind van betekenis. Wanneer moeilike omstandighede ten alle koste vermy of geïgnoreer word, word die ervaring van sin en betekenis ook onderdruk. Daar is egter altyd die potensiaal om

betekenis te vind wanneer trauma ervaar en deurgewerk word. Gevoelens soos vrees wat nie gehanteer word nie, kan tot die onderdrukking van betekenis lei (Lantz, 1993, p. 151).

2.2.3 'n Oorsig oor huweliksteorieë

Sedert die 1960's het daar verskeie teorieë oor die aard van die huwelik, asook die terapeutiese implikasies daarvan ontstaan. Nie een van hierdie teorieë bied 'n geheelbeeld nie, alhoewel elke benadering bepaalde aspekte wat in ag geneem behoort te word, beklemtoon. Vervolgens word daar kortliks na enkele van die teorieë verwys.

(i) Psigodinamiese en psigoanalitiese benadering

Volgens hierdie benadering word huweliksprobleme byna nooit deur slegs een egpaarlid veroorsaak nie. Wanneer een egpaarlid 'n probleem ervaar, word dit gewoonlik 'n probleem vir beide egpaarlede (James & Wilson, 1986).

Sigmund Freud was die stigter van die psigodinamiese benadering, en sy werk word steeds as die mees omvattende teorie van die psigoanalise beskou (Green, 2006). Sy teorie word beskryf as 'n motiveringsteorie, deurdadig dat die mens se gedrag volgens hom deur interne, onbewustelike drange gemotiveer word. Die id, of die onbewuste, waar al die basiese drange of instinkte bewaar word, word beskou as die basis van die self (Saari, 1991; Steers & Porter, 1979).

Anders as Freud, meen Frankl (1969, 1975) dat die vermindering van drange as die motiveringsbron slegs 'n gedeeltelike en selfs verwronge siening van die mens se motivering is. Volgens Frankl streef die mens nie slegs na die vermindering van spanning tussen biologiese drange en sosiale verwagtinge nie, maar die omskakeling van drange na waardes en betekenis.

Volgens Carl Jung (1969), die opvolger van Freud, word sin en betekenisvolle gebeure egter nie deur drange gemotiveer nie, en sluit hy aan by Frankl se teorie van 'n soeke na sin en betekenis onder alle omstandighede. Die fokus word op die verhouding tussen die bewuste en die onbewuste, 'n bewustheid van die self en karaktertrekke, asook 'n groter waardering van ander geplaas. Soos Frankl, meen

Jung (1969) dat betekenisloosheid die mens kan weerhou om voluit te leef, en beskou hy betekenis ook in 'n spirituele lig.

Sommige sielkundiges het mettertyd die vraag begin vra of hierdie onbewustelike drange soos beskryf deur Freud in werklikheid instinkte is, en of dit aangeleerde gedrag is. Volgens Steers en Porter (1979) het hierdie kritiek die basis gevorm van die ontwikkeling van die behaviorisme (in Van Jaarsveld, 2004).

(ii) Gedragsterapie

Die gedragsbenadering tot huweliksprobleme is gebaseer op sosiale leerbeginsels en beskou die huweliksverhouding in terme van die wederkerige gedrag wat dit vorm. Die klem is op teenswoordige gedrag. Elke interpersoonlike transaksie kan verstaan word in terme van koste en beloning vir die egpaarlede (James & Wilson, 1986). Egpaa se gedrag word dus gemotiveer deur die straf of beloning wat hulle daarop ontvang.

Gedragsterapie is aanvanklik hoofsaaklik daarop gefokus om egpaarlede se gedrag deur negatiewe en positiewe versterking asook waargenome koste en beloning te verander. Dit blyk dat die meeste ongelukkige egpaar hul huweliksmaat se gedrag deur negatiewe versterking probeer verander. Egpaa word dan geleer om eerder positiewe versterking te gebruik. Hierdie gedragsverandering word dikwels gemotiveer deur middel van 'n kontrak wat die egpaar met mekaar aangaan (Young & Long, 1998).

Daar is verder gefokus op die verbetering van die egpaarlede se kommunikasie met mekaar (Young & Long, 1998). Volgens Baucom en Hoffman (1986) het hierdie kommunikasievaardighede eerder gefokus op probleemoplossing as op die uitdruk van gevoelens en luistervaardighede.

Kritiek teen hierdie benadering is dat die klem geplaas word op die eksterne motivering van gedrag en min op intrinsieke motivering en die kwaliteit van die verhouding. Eksterne motivering is daarop gerig om resultate te soek bloot vanweë die beloning wat dit teweeg bring (Whitbourne, 1986). Wanneer gedrag deur eksterne motivering verander word, kan die egpaarlid gepreokkupeerd wees met

uiteindelike “gelykheid”; om iets in ruil te verkry vir die bydrae of opoffering wat gemaak is (Walster, Walster & Berscheid, 1978). Wanneer ’n individu sy gedrag weens intrinsieke motivering verander, is dit omdat die persoon in die aktiwiteit self geïnteresseerd is en nie slegs in die beloning wat daaruit kan spruit nie (Whitbourne, 1986). Intrinsieke motivering word uitgedruk as ’n besorgdheid vir die gesinslid se gevoelens en ’n begeerte om ’n goeie verhouding te handhaaf. Nabyheid, kommunikasie en kameraadskap kan alles as intrinsieke motivering beskou word (Walster *et al.*, 1978).

In teenstelling met die behavioriste, meen Frankl (1969) dat die menslike persoonlikheid onvoorspelbaar is. Volgens Frankl word die mens se gedrag nie volkome gekondisioneer nie, maar kan die mens, ten spyte van omstandighede, self sy gedrag bepaal. Waar behavioriste grootliks poog om gedrag te verander, moet daar dus eerder na intrinsieke motivering gekyk word.

(iii) Sosiale uitruilteorie

Hierdie terapie sluit aan by gedragsterapie en behels die verhoudingsprosesse in huweliks- en gesinsterapie. Dit fokus op die balans tussen die beloning en kostes wat huweliksmaats van mekaar verkry. Volgens die sosiale uitruilteorie word ’n verhouding gemotiveer deur die verwagte positiewe resultate wat dit kan meebring (Nakonezny & Denton, 2008; Thibaut & Kelly, 1959). ’n Tekortkoming van hierdie teorie is dat dit nie die verhoudings-, kognitiewe en emosionele prosesse van egpaarlede in ag neem nie. Die gesindheid van altruïsme, wat met die gedrag gepaard gaan (SQ), word ook nie in ag geneem nie (Littlejohn, 1989).

(iv) Emosioneel-gefokuste terapie

In die emosioneel-gefokuste terapie (EFT) van Greenberg en Johnson (1988) word ’n direkte benadering tot gevoelens tydens huwelikskonflik gevolg. Tegnieke van gestalt- en kliëntgesentreerde terapie word gebruik. Hiervolgens beïnvloed die huweliksmaats se emosionele reaksies en interaksionele patrone in tye van huwelikspanning mekaar. ’n Verandering in die egpaar se interaksie word dan teweeggebring deurdat die terapeut op die verandering van die egpaarlid se gevoelens fokus (Johnson & Talitman, 1997). Gevoelens word beskou as basiese konsepte van die huwelik en die self.

(v) Strukturele gesinsterapie

Strukturele gesinsterapie is in die 1970's deur Salvador Minuchin ontwikkel en uitgebrei deur die werk van ander (Minuchin, 1974; Walsh & Harrigan, 2003). Dit fokus op gesinstruktuur, waar laasgenoemde verwys na die "onsigbare" en dikwels onuitgesproke reëls wat interaksie tussen gesinslede bepaal. Daar word gefokus op die rolle van gesinslede, interne en eksterne grense, asook die interaksie tussen sub sisteme, soos byvoorbeeld die egpaar se interaksie met die kinders. Sirkulêre kousaliteit verwys na een egpaarlid se gedrag, wat beskou word as 'n reaksie of aanpassing by die gedrag van die ander. Die doel van terapie is om die bestaande gesinstruktuur te verander sodat dit meer funksioneel is (Olsen, 1986; Walsh & Harrigan, 2003).

(vi) Minimale huweliksterapie

Gottman (1994) het die minimale huweliksterapie ontwikkel. Hy skenk veral aandag aan die fisiologiese opwekking, wat deur meervoudige negatiewe gevoelens tydens konflik, asook die hantering daarvan veroorsaak word. Deur bewus te raak van die egpaar se fisiologiese reaksie, kan 'n sekere geneigdheid tot optrede afgeleer word, terwyl nuwe optrede en gevoelens aangeleer kan word.

"The therapy involves overlearning and physiological soothing, so that the couple will have access to these skills when upset and aroused, so that flooding can be averted" (Gottman, 1994, p. 436).

Huweliksterapie het dus toenemend die emosionele aspekte van die egpaar begin erken en aangespreek.

(vii) Oplossing-gefokuste terapie

Hierdie terapie, ontwikkel deur De Shazer (1991), fokus nie op die gesin of egpaar se probleme nie, maar op die gesinslede se sterk punte, veerkragtigheid en vorige oplossings. Dit word beskou as een van die gewildste terapieë ter wêreld (Trepper, Dolan, McCollum & Nelson, 2006). Vorster (2003) beskou dit as een van die terapieë waarop die sosiale konstruksie toegepas kan word. Klem word geplaas op die betekenis wat gesinslede in die onderskeie situasies vind.

viii) Samevatting van huweliksteorieë

Nie een van hierdie teorieë definieer egter die uitdagings en oplossings van die funksionering van egpaarlede volledig nie. Dit bly egter noodsaaklik dat al bogenoemde teorieë in ag geneem sal word wanneer daar na die faktore gekyk word wat 'n rol in die huwelik speel.

2.2.4 Fases in die lewensiklus van die huwelik

Volgens navorsers soos Chester (1980) is daar 'n duidelike tydsdimensie in die verloop van die huwelik, sowel as die probleme wat die egpaar ervaar. Terwyl die verskeie fases in die verloop van die huwelik of gesin in ag geneem behoort te word, kan daar egter nie aanvaar word dat dit 'n gegewe in elke gesin is nie. Daar word aangeneem dat dit van gesin tot gesin verskil, en dat elke gesinsisteem 'n unieke situasie ervaar.

Vervolgens word daar kortliks na enkele ontwikkelingsraamwerke gekyk, waarin daar veral op die fase van die huwelik met voorskoolse kinders gefokus sal word. Daarna sal die model wat as verwysingsraamwerk in hierdie navorsing gebruik word, naamlik die dinamiese prosesmodel van Becvar en Becvar (2000), omskryf word.

(i) Die simplistiese huweliksmodel van Dominian

Dominian (1980) omskryf die huwelik in drie fases, naamlik die vroeë jare, wat dui op die eerste vyf jaar van die huwelik, die middeljare (waar individue 30-50 jaar is), en die samevattingjare (50 jaar tot die dood).

In **fase 1** (die eerste vyf jaar van die huwelik) is die potensiaal vir probleme groot. Die kritiese belangrikheid van die vroeë jare in die huwelik word gereflekteer in die hoë egskeidingsyfer wat in hierdie fase aangetref word.

Die *sosiale take* na die huweliksluiting van die egpaar is talryk en kompleks. Dit sluit in om afstand te kry van ouers en vriende en die ontwikkeling van 'n fokus na binne; die kombinerings van sommige ontspanningsaktiwiteite; die aanleer van nuwe rolle in onder andere die huishouding; die skep van nuwe netwerke en die hersiening van oues; en die skep van 'n tuiste asook die finansiering daarvan.

Seksuele aanpassing en kennis van die fisiologiese funksionering is ook belangrik vir beide egpaarlede. *Emosionele take* behels die vermoë om by fisiese en emosionele intimiteit aan te pas. Sensitiewe bewustheid, gepaste reaksie, empatie, die vermoë om gevoelens uit te druk en te verstaan word as belangrik beskou. Die aankoms van die eerste kind is verreweg die grootste aanpassing in hierdie fase. Baie navorsing (en egpare!) beskou die koms van kinders as die begin van die huweliksprobleme weens die tyd en energie wat hiermee gepaard gaan en die ontstaan van 'n kompleksere sosiale sisteem.

Probleme in hierdie fase behels te min en onvoldoende kommunikasie, asook te min tyd wat saam bestee word. Alhoewel laasgenoemde twee probleme in al die fases voorkom, is dit veral belangrik in hierdie eerste fase van die huwelik. Selfs met dieselfde opvoedkundige en sosiale agtergrond kan daar nie gewaarborg word dat die egpaarlede gedeelde standarde en waardes ten opsigte van onder andere finansies, politiek, godsdiens en kinderopvoeding sal hê nie (Dominian, 1980).

In **fase 2**, naamlik die middeljare (30-50 jaar), vind grootliks kinderopvoeding plaas, wat duur totdat die kinders die huis verlaat. Die eise sal deels verskil ten opsigte van die hoeveelheid kinders asook die verskillende ouderdomme. Dis 'n tydperk waarin baie persoonlike groei en verandering plaasvind.

Egskeiding kan in die **derde fase**, naamlik die samevattingjare, minder algemeen voorkom. Hierdie fase raak toenemend belangrik, aangesien die lewensverwachting van mense baie toegeneem het. Wanneer die kinders die huis verlaat, keer die egpaar terug na 'n een-tot-een-verhouding. Aanvanklik beleef die egpaar 'n nuwe vryheid, maar later kan gesondheidsprobleme 'n rol speel. Vir baie is dit 'n ryk tydperk vol beloning. Die egpaar kan gemak en sekuriteit ervaar, aangesien die egpaar mekaar oor die jare goed leer ken het en goeie kommunikasiepatrone opgebou het. Vir ander kan hierdie tydperk 'n leegheid inhou as kommunikasiepatrone tussen egpaarlede in die vorige fases beperk was tot rolle rondom die kinders.

(ii) Die huweliksmodel van Weeks (1989)

Weeks (1989) beskou die lewensiklusontwikkeling van die huwelik as 'n kumulatiewe proses waar elk van die sewe fases voortbou op die vorige fase. Veral die eerste

drie fases is ter sprake in hierdie navorsing. Fases in die huwelik word bloot as 'n algemene indeling beskou en mag van gesin tot gesin verskil, afhangende van aspekte soos die ouderdom van die egpaarlede, sowel as wanneer kinders tot die gesin toetree.

In die *beginfase* (0-2 jaar) van die huweliksverhouding word daar 'n nuwe intieme verhouding, eksklusief van ander verhoudinge geskep. 'n Verskuiwing van persoonlike prioriteite vind plaas en wederkerige vertrouwe word geskep. Gedurende hierdie fase moet die egpaar aandag skenk aan hul eie differensiasie, die behoud van 'n eie identiteit, asook aan intimiteit.

In die *vestigingsfase* (2-4 jaar) word 'n egpaar-identiteit apart van familiebande en ander verhoudinge gevestig. Aandag word gegee aan die vestiging van gesamentlike tradisies, waardes, doelstellings en geloofsisteme. Daar moet steeds aan die unieke identiteit van die egpaarlede aandag gegee word, grense moet herdefinieer word en magskwessies moet aangespreek word.

Alhoewel belangrike besluite regdeur die huwelik geneem moet word, moet daar in die *besluitnemingsfase* (3-7 jaar) besluite geneem word ten opsigte van die huwelik, kinders en werk. 'n Herevaluering van die kwaliteit, struktuur en rigting waarin die verhouding beweeg, vind tydens hierdie tydperk plaas. Betrokkenheid by die gesin is belangrik in hierdie fase.

Gedurende die *voortgangsfase* (7-15 jaar) ontwikkel daar verdere individuele en interaksionele identiteit. Die verhouding se grense word getoets ten opsigte van werk- en kinderaangeleenthede. Hierdie fase bepaal dikwels of die verhouding konstruktief of destruktief is. Produktiwiteit en bevoegdheid van die egpaarlede speel 'n groot rol.

Die *middeeljare* (huwelik van 15-24 jaar) is 'n fase van selfondersoek. Identiteit, eiewaarde, bevoegdheid, mag en intimiteit is alles temas wat 'n rol in die huwelik speel.

Kenmerkend van die *lanseringsfase* (huwelik van 25-35 jaar) is groei, kinders wat die huis verlaat, die dood van 'n ouer en 'n soeke na nuwe lewenskwaliteit. Egpaarlede kan besluite ten opsigte van stagnering en wanhoop neem.

Die *laaste fase* van die huwelik word geassosieer met afsluiting. Die ideaal is dat die worstelstryd van die jeug plek maak vir de wysheid en aanvaarding van die ouderdom.

(iii) Dinamiese prosesmodel van gesinsontwikkeling

Becvar en Becvar (2000) het 'n dinamiese model voorgestel waarin 'n individuele ontwikkelingsmodel (Erikson, 1963) gekombineer is met 'n saamgestelde model van die gesinslewensiklus (Barnhill & Longo, 1978; Becvar & Becvar, 1999; Carter & McGoldrick, 1980; Duvall, 1962). Die ontwikkeling van elke gesinslid sowel as die gesinslewensiklus word in ag geneem. By die gesin met voorskoolse kinders vind heelwat aanpassing plaas, terwyl tyd en energie heelwat minder is. (Sien Tabel 2.2.) Becvar en Becvar poog dus om met die kombinasie van hierdie modelle weg te beweeg van die geneigdheid van ontwikkelingsmodelle om liniêr en eensydig te wees:

“By using the two conceptualizations just outlined in combination, we are able to understand the individual in terms of the process of growth and development, to see him or her in the context of the family in any given point in its developmental process, and to anticipate the normal issues with which families in general may be faced as all grow and evolve.” (Becvar & Becvar, 1999, p. 56)

Tabel 2.2: Saamgestelde model van die gesinslewensiklus

FASE	EMOSIONELE ASPEKTE	BELANGRIKE TAKE
1. Ongebonde volwassene	Aanvaar losmaking van ouers	a. Differensiasie van gesin van oorsprong b. Ontwikkeling van verhouding met portuurgroep c. Begin van beroepsloopbaan
2. Jonggetroude volwassenes	Verbintenis tot die huwelik	a. Vorming van huweliksisteem b. Maak ruimte vir huweliksmaat met familie en vriende c. Pas aan by beroepseise
3. Verwagtende egpaar	Aanvaarding van nuwe lede van die sisteem	a. Huweliksaanpassing om plek te maak vir die kind/ers b. Neem ouerrol aan. c. Maak plek vir grootouers
4. Gesin met 'n voorskoolse kind	Aanvaar die nuwe persoonlikheid	a. Aanpassing van gesin by behoeftes van spesifieke kinders b. Hanteer verlies van energie en privaatheid c. Bestee tyd saam as egpaar
5. Gesin met skoolgaande kind	Laat kind verhoudings buite die gesin toe	a. Brei gesins-/gemeenskapsinteraksie uit b. Moedig kind se opvoedkundige vordering aan c. Hanteer toenemende aktiwiteite en tydseise
6. Gesin met 'n tiener	Vergroot buigbaarheid van gesinsgrense om onafhanklikheid toe te laat	a. Verkry balans in die ouer-kind-verhouding b. Fokus val op beroep en huweliksake in die middeljare c. Hanteer groeiende besorgdheid oor ouer generasie
7. Lanseerfase	Aanvaar in- en uitbeweeg van gesin	a. Kinders raak betrokke by opleidingsinstansies, beroep of huwelik Behou huislike ondersteuningsbasis b. Aanvaar sporadiese terugkeer van volwasse kinders c.
8. Middeljare-volwassenes	Laat kinders gaan en kyk huweliksmaat weer in die oë	a. Herbou die huwelik b. Verwelkom kinders se huweliksmaat en kleinkinders in die familie c. Hanteer ouer word van eie ouers
9. Afgetrede volwassenes	Aanvaar aftrede en bejaardheid	a. Behou individuele en egpaar-funksionering b. Ondersteun die middelgenerasie c. Hanteer die dood van ouers, huweliksmaat d. Afsluit of aanpassing van familiehuis

Bogenoemde model kan volgens die navorsers saam met die ontwikkelingsmodel van Erikson gebruik word (Tabel 2.3). Deur die individuele en gesinsontwikkelingsmodelle saam te voeg word elke egpaarlid se individuele fase bepaal, asook die fase van die gesin en die maontlike take wat dit sou behels. In hierdie navorsing sou veral fase 3 en 4 van die saamgestelde model, sowel as die "vroeë volwassene"-fase van Erikson in ag geneem word.

Tabel 2.3: Die individu se ontwikkelingsfases volgens Erikson (Meyer et al., 1988, p. 162)

Stadium									Ego-kwaliteite
Bejaardheid								Integriteit vs wanhoop	Wysheid
Volwassenheid								Generatieweit vs. stagnasie	Sorgsaamheid
Vroeë volw.	Vertrou huweliks maat	Outonomie teenoor maat	Neem nuwe gesinsrol in	Leer nuwe take in gesin en beroep aan	Herformuleer identiteit as getroude	Intimiteit vs. isolasie	Bepalan gesin, begin beroep	Gesamentlike waardes & lewensfilosofie	Liefde
Adolesensie					Identiteit vs. verwarring				Betroubaarheid
Skooljare				Arbeidsaamh. vs. minderwaardigheid					Bekwaamheid
Speelstadium			Inisiatief vs. skuld						Doelgerigtheid
Vroeë kinderjare		Outonomie vs. twyfel							Wiskrag
Babastadium	Vertroue vs. wantroue								Hoop

Tabel 2.3 verteenwoordig volgens Erikson 'n epigenetiese kaart. Die diagonaal van links onder na regs bo dui die ontwikkeling deur die lewensloop aan. Die stadium van vroeë volwassenheid word in meer besonderhede verduidelik, en die krisisse van die ander stadia word weer deurgewerk, hoewel intimiteit teenoor isolasie op die voorgrond staan (Meyer et al., 1988).

2.3 Huweliksaanpassing by jong volwassenes en die faktore wat 'n rol speel

Om in die huwelik te tree word dikwels geromantiseer en beskou as die maklikste en vreugdevolste tyd in die lewensiklus. Dit bly egter een van die mees komplekse oorgange om in die gesinslewensiklus te maak. Die stap om lewenslange

kamermaats te word, en die hantering van al die veranderings en uitdagings wat daarmee gepaard gaan, blyk een van die moeilikste take van volwassenheid te wees (Young & Long, 1998). Dit geld soveel te meer wanneer die rolle van die egpaarlede van huweliksmat wees tot ouerwees verander. Volgens Carter en McGoldrick (1989) is hierdie fase, naamlik van die jong egpaar met voorskoolse kinders, die fase in die gesinslebensiklus met die hoogste egskedingsyfer.

Verandering lei tot 'n stresrespons, afgesien daarvan of daardie verandering "goed" of "sleg" is. Dis normaal en selfs met tye verkieslik dat die gesin soms stressors moet hanteer. Lewensveranderings en onvoorsiene gebeure skep die ideale omstandighede vir groei en ontwikkeling. Wanneer dit egter tot langdurige ontevredenheid of simptome van versteuring by die gesinsisteam lei, kan dit as problematies beskou word.

Egpare met voorskoolse kinders hanteer die veranderings en uitdagings in hulle huwelik vanuit hulle rasionele intelligensie (IQ), emosionele intelligensie (EQ) en/of hulle spirituele intelligensie (SQ). Die hipotese in hierdie navorsing is dat wanneer die egpare hierdie take vanuit 'n hoër EQ en SQ hanteer, hulle groter huweliksaanpassing sal ervaar.

Volgens die dinamiese prosesmodel van gesinsontwikkeling (Becvar & Becvar, 2000), is die egpaar se take om die ouerrol aan te neem, aanpassings te maak om by die kinders aan te pas, die verlies van energie en privaatheid te hanteer, en genoeg tyd te vind om as egpaar saam te bestee. (Sien 2.2.) Die huweliksmat self bevind hom of haar in die intiemste verbintenis met 'n ander persoon, naamlik die huwelik (Erikson, 1963). Die taak van die individu is dan om hierdie intimiteit te laat lei tot die egosterkte van liefde.

Baie navorsers beskou hierdie take as die faktore wat bepalend is vir huweliksaanpassing. In hierdie navorsing word hierdie faktore beskou as die omstandighede waarin die egpaar kan betekenis vind. Indien die egpaar dit regkry, behoort dit na huweliksaanpassing te lei.

Hierdie benadering sou ook kon aansluit by die tweefaktorteorie van motivering, wat deur Frederick Herzberg ontwikkel is (in Gómez-Mejía, Balkin & Cardy, 2003, p. 57). In die sakewêreld het hy twee stelling faktore daargestel. *Interne beroepsfaktore* word beskou as die motiveringsbronne, wat lei tot beroepstevredenheid en hoër motivering. Die faktore is onder andere die werk self, prestasie, erkenning, verantwoordelikheid en geleentheid vir bevordering. Die *higiëne- of instandhoudingsfaktore*, ekstern tot die werk, behels onder andere die wetgewing van die maatskappy, werksomstandighede, beroepsekerheid, salaris, werknemervoordele, verhouding met supervisors, bestuurders, kollegas en ander werknemers. Indien slegs laasgenoemde faktore teenwoordig is, sal die werknemers nie ontevrede wees met hulle werk nie, maar ook nie werklik gemotiveerd wees om hulle hoogste potensiaal te bereik nie. Om slegs hierdie instandhoudingsfaktore te probeer verbeter, sal dan nie noodwendig hul motivering verhoog nie. Dit is eerder die interne beroepsfaktore wat mense motiveer en help betekenis te gee aan situasies wat moeilik hanteerbaar is.

As hierdie teorie in die huweliksituasie toegepas sou word, sou ons moontlik vind dat die *instandhoudingsfaktore* beskou kon word as die eise van ouerskap, die aanpassing van geslagsrolle, kommunikasie en konflikhantering, asook die hantering van persoonlikheidsverskille. Alhoewel hierdie faktore belangrik is en 'n groot rol in die verhouding speel, is dit die *interne faktore* soos intimiteit en kameraadskap, wat saamgevat kan word in die omskrywings van EQ en SQ, wat geluk in die huwelik bepaal. Dis EQ en SQ wat die egpaar kan help om die potensiaal in hulself en in hul huwelik te bereik. 'n Hoë EQ en SQ kan ook help om aspekte soos rolverdelings en kommunikasiepatrone te hanteer en selfs probleme wat in hierdie verband voorkom op kreatiewe wyses op te los. Om die egpaar se EQ en SQ te ontwikkel om die faktore in die huwelik meer effektief te hanteer, is egter 'n proses.

“The first thing to realize is that marriage is a journey, not a destination, and that the journey should be its own reward.” (Williams *et al.*, 2006)

Vervolgens word etlike van die faktore wat volgens navorsers 'n rol in huweliksaanpassing kan speel, van naderby beskou. Alhoewel die meeste van hierdie faktore in 'n nie-Suid-Afrikaanse konteks ondersoek is, blyk dit vanuit die

kwalitatiewe resultate (sien hoofstuk 5) asof hierdie bevindings ook op Suid-Afrikaanse omstandighede van toepassing gemaak kan word. Die nuwe eise van ouerskap word eerstens uitgelig, waarna verdere faktore wat 'n rol in meeste huwelike speel, bespreek word. Daar word ook gekyk na die mate waartoe ouerskap hierdie faktore meer kompleks kan maak.

2.3.1 Die eise van ouerskap

Die hoofdoel van die huwelik word deur baie beskou as 'n stabiele raamwerk wat 'n ruimte bied om kinders in die wêreld te bring, hulle te versorg, te laat sosialiseer, groot te maak en te beskerm (Williams *et al.*, 2006). Navorsing dui daarop dat huwelikstevredenheid neig om ten aanvang van die huwelik hoog te wees, te verlaag ten tye van kinders grootmaak, en weer terugkeer na die aanvanklike vlakke wanneer die kinders die huis verlaat (Friedman, 1998). Cowan en Cowan (1992) het noukeurige navorsing gedoen oor die oorgangsproses van egpaarwees na ouerwees by 'n honderd egpare. Resultate toon dat die natuurlike proses waardeur die gesin gaan tot stremming, ontnugtering en teleurstelling by die meerderheid egpaarlede kan lei – individueel, sowel as in hulle huweliksverhouding. Hierdie ontevredenheid by egpaarlede neig om toe te neem vanaf swangerskap tot en met die voorskoolse fase.

Die verwagting sou wees dat egpare deur ondervinding oor dekades heen die aanpassing van ouerwees al hoe makliker moet maak. Die teendeel blyk egter waar te wees. Navorsing bevind dat dit vir die jong egpaar al hoe moeiliker raak om van egpaar na gesin te verskuif. In die laaste paar dekades het daar verskeie sosiale veranderings plaasgevind wat hierdie aanpassing bemoeilik. Kleiner kerngesinne leef meer afgesonder in die stede en voel dikwels afgesny van vriende en familie. Moeders van klein kinders betree dikwels hul beroep gouer as voorheen. Die geweldig baie keuses en geleenthede in die beroepswêreld maak dit verder moeilik vir egpaarlede om tussen 'n meer tradisionele of moderne lewenswyse te kies. Alhoewel egpare baie energie bestee aan besluitneming en voorbereiding om 'n kind in die wêreld te bring, voel hulle dikwels dat hul huwelik wankelig is na die aankoms van 'n baba. Die rol van ouerwees word as veeleisend en selfs angswekkend ervaar en laat die egpaar voel asof hulle nie genoeg voorberei het nie. Egpare voel dat daar net nie genoeg ure in 'n dag is om na die kinders te kyk, die huishouding te behartig,

hul beroep te beoefen, aandag aan vriende en familie te gee en ook nog aandag aan die huwelik te skenk nie (Cowan & Cowan, 1992, Miller & Sollie, 1980).

Die eise wat met ouerskap gepaard gaan, lei tot baie veranderings in die huweliksverhouding. Hierdie veranderings verskil baie van egpaar tot egpaar, en behels beide beloning en stremmings (Feeney *et al.*, 2001). Hierdie navorsers dui ook op die voor- en nadele wat ouerskap vir egpare kan inhou. Die *koste* van ouerskap behels 'n besorgdheid oor die mate van verbintenis wat die moeder en vader met 'n kind kan hê, die groot mate van werk en verantwoordelikheid wat met kinders gepaard gaan, die beperking op die egpaar se sosiale en gesamentlike aktiwiteite, asook die moontlikheid dat kinders 'n stremming op die huwelik mag plaas deur meer tyd, aandag en energie van die ouers te vra.

Egpare ervaar beslis dat kinders ook 'n positiewe effek in die huwelik teweegbring. Die *beloning* wat kinders kan inhou, sluit in die vervulling van 'n biologiese behoefte tot voortplanting; emosionele beloning, waaronder liefde, kameraadskap, pret en uitdagings; die beskouing dat kinders die simbool is van die ouers se liefde vir mekaar; die ervaring dat ouers in 'n volgende geslag kan "voortleef"; die skep van 'n ruimte waarin ouers kan vergoed deur "dinge beter te doen" as hul eie ouers; voldoening aan sosiale druk om kinders te hê; of selfs om probleme te probeer oorkom soos eensaamheid of die gevoel van ongeliefd wees (Feeney *et al.*, 2001). Faktore wat bydra tot die ouers se ervaring van huwelikstevredenheid is onder andere tevredenheid met inkomste (dubbelloopbaanhuwelik), afwesigheid van geslagsrol tradisionalisme, tevredenheid met die verdeling van huishoudelike take, asook die vlak van kommunikasie in die huwelik (Lo Wa Tsang, Harvey, Duncan & Sommer, 2003). Ander faktore wat bepalend is vir huweliksaanpassing by egpare met voorskoolse kinders blyk te wees die karaktertrekke van die kinders, individuele eienskappe en die mate van aanpassing van die ouers as individue, die aard van die egpaar se huweliksaanpassing voordat daar kinders betrokke was, en die sosiale ondersteuningsnetwerk waaroor die egpaar beskik (Feeney *et al.*, 2001).

Alhoewel baie navorsing dui op die verlaging van huwelikstevredenheid tydens ouerskap, dui ander aan dat hierdie afname soortgelyk is by egpare sonder kinders

(Feeney *et al.*, 2001). Dit blyk egter wel dat daar definitiewe veranderings plaasvind by die egpaar as hul ouers word.

Vervolgens word daar gekyk na veranderings wat met ouerskap gepaard gaan, asook die effek wat dit op die egpaar se huweliksaanpassing mag hê.

Eerstens vind daar aanpassing plaas deurdat die egpaarlid se *identiteit* na voorsiener en beskermer *verander* (Cowan & Cowan, 1992). Deur die gesinsliteratuur word deurlopend daarop gedui dat een van die grootste gevolge van ouerskap op die individu se gevoel van identiteit is. Verandering in die huweliksmat se identiteit affekteer op sy beurt weer die egpaar se tevredenheid met mekaar (Whitbourne, 1986). Dit kan ook 'n positiewe invloed op die egpaar se identiteit hê, deurdat dit kan lei tot selfkennis, groei en 'n geleentheid om hierdie nuwe identiteit uit te leef (Daniels & Weingarten, 1983).

Tweedens neem die egpaarlid *in die gesin die nuwe rol van ouer aan*, wat die verantwoordelikhede en take van kinderversorging insluit. Daar vind ook verandering plaas in hul persepsie oor hoe die gesin moet funksioneer (Cowan & Cowan, 1992). Wanneer die egpaar die fase van ouerskap betree, ontstaan daar 'n volgende generasie, en word die egpaar se rol as versorgers van 'n nuwe generasie. Indien hierdie verskuiwing nie plaasvind nie, kan probleme soos konflik om verantwoordelikheid te kan aanvaar, asook weiering of selfs 'n onvermoë om as ouers op te tree, voorkom. Dis dan dikwels vir ouers moeilik om beperkings te stel of die nodige outoriteit aan te neem. Ouers het dan ook nie die nodige geduld om kinders toe te laat om hulself uit te leef in hulle ontwikkeling nie (Carter & McGoldrick, 1989). Verder vind daar 'n verskuiwing binne die drie-generatiewe rolle en verhoudings plaas. Die egpaar se ouers neem die nuwe rol van grootouers aan, wat tot 'n aanpassing in die familieverhouding lei (Cowan & Cowan, 1992).

Dit wil voorkom of vroue na die baba se geboorte steeds meer van die huistake doen, en dat mans minder babasorg doen as wat die vroue verwag het hulle sou doen. Die pa se rol bly egter van die grootste belang in jong kinders se ontwikkeling. Groter betrokkenheid van die vader sou kon lei tot sy verhoogde selfsiening, die

ervaring van meer ondersteuning hê, en minder gedragsprobleme by die kinders (Cowan & Cowan, 1992).

'n Derde groot aanpassing wat die egpaar moet maak, behels die *rolverskuiwing binne die huishouding*. Die aankoms van kinders in die huwelik verhoog die rolkompleksiteit in die gesin (Anderson & Sabatelli, 1999; Feeney *et al.*, 2001). Groot aanpassings moet gemaak word in terme van tyd en energie gedurende 'n tydperk waarin die egpaar met minder slaap klaarkom en minder tyd as egpaar saam bestee (Cowan & Cowan, 1992). Veral wanneer beide egpaarlede 'n beroep beoefen, is die grootste uitdaging die reël van kindersorgverantwoordelikhede asook huishoudelike take (Carter & McGoldrick, 1989). (Sien 2.4.2.) In die tradisionele gesin kon daar dikwels disfunksionele patrone in die gesin ontstaan, soos die oorverantwoordelikheid van die ma, terwyl daar 'n onverantwoordelikheid en losmaking by die pa kon voorkom. Selfs in dubbelloopbaanhuwelike is dit dikwels in hierdie fase nodig om na 'n meer tradisionele rolverdeling te verskuif waar die vrou die grootste deel van die huishouding en kinderbeplanning moet doen (Avis, 1985). Hierdie oorverantwoordelikheid wat die vrou moet neem kan bydra tot die ervaring van stres, wat seksuele disfunksie en depressie tot gevolg kan hê (Carter & McGoldrick, 1989).

Verandering vind vierdens in rolle en verhoudings *buite die gesin* plaas, waar veral die vrou dikwels tydelik of permanent beroepsverandering moet maak (Cowan & Cowan, 1992). Die aankoms van kinders in die huwelik vereis terselfdertyd meer finansiële bronne (Anderson & Sabatelli, 1999). Met die verhoogde toetrede van vroue tot die beroepswêreld kan die meeste ma's nie meer voltyds na hulle kinders kyk nie. Daar het oor die afgelope aantal dekades beduidende verskuiwings in die persepsie van egpaarlede en 'n klemverskuiwing in ouerwaardes ontstaan. Anders as in die 1950's en 1960's, toe werkende ma's beskou is as ouers wat hul kinders verwaarloos, is die huidige perspektief van ouers dat hulle kinders meer selfvertroue en ervaring opdoen in kindersorgfasiliteite as wat hul by die huis sou kry (Chapman, 2004). Hobfoll en Hobfoll (1994) dui egter op die "*exhausted child/exhausted parent syndrom*," waar kinders langer as ses uur by 'n versorgingseenheid moet deurbring en soos die ouer, saans moeg by die huis opdaag. Ouers en kinders is dan te moeg om kwaliteittyd saam deur te bring.

Verdere uitdagings buite die nuwe gesin is veranderings in die balans tussen werk en vriende, asook die gesin van oorsprong. Die egpaar staan voor die verantwoordelikheid om nie die ouer-kind-verhouding af te skeep nie. Terselfdertyd moet hulle ook nie hierdie verhouding oorbeklemtoon en so die huwelik afskeep en oorafhanklikheid van die kinders aanmoedig nie. Deur balans te verkry ten opsigte van tyd, energie en psigososiale verhoudings, kan kragtige bronne by die gesinsisteem geskep word om homself te "genees" wanneer dit nodig sou wees (Bradt, 1989).

In die vyfde plek lei bogenoemde aanpassings tot 'n *rolverskuiwing binne die huweliksverhouding* (Cowan & Cowan, 1992). Ouers ervaar dat hulle minder gesamentlike tyd vir ontspanning, besluitneming en kameraadskap het. Alhoewel die tyd wat hul saam bestee nie noodwendig minder is nie, is die wyse en kwaliteit van die tyd saam anders as voorheen. Sommige navorsing dui aan dat daar verder 'n verandering in die emosionele klimaat van die huwelik ontstaan deurdat daar meer negatiewe interaksie, en gevolglik minder positiewe interaksie tussen die egpaarlede plaasvind (Feeney *et al.*, 2001). Die egpaarsisteem het die uitdaging om eie grense te behou waarbinne hulle hulself beskerm, en privaatheid en intimiteit in die huwelik kan behou (Young & Long, 1998).

Wanneer huweliksmaats ouers word, moet daar dus in elke faset van hulle lewe nuut gedink en heraangepas word. Die kombinasie van sterkpunte en leemtes wat elke egpaarlid na die huwelik bring, beïnvloed die gemak of moeilikheidsgraad van hul reis van egpaar na gesin (Cowan & Cowan, 1992).

2.3.2 Die dubbelloopbaanhuwelik en aanpassing in rolverdeling

Kulturele verwagtinge sowel as ekonomiese kragte het die afgelope 30 jaar aansienlik verander en bygedra tot die verandering in kontemporêre ouerpraktyke. Meer getroude vroue het die beroepswêreld betree om die finansiële koste te help aanvul vir huishoudelike gemak en om persoonlike onafhanklikheid te verhoog (Chapman, 2004). Huwelike het hiermee saam verander vanaf tradisionele rolle waar slegs die man 'n loopbaan gevolg en die vrou die huis en kinders versorg het, na een waar beide egpaarlede 'n beroep volg en gesamentlik vir die huishouding

verantwoordelik is (parallele of moderne huwelik) (Ross, Mirowsky & Huber, 1983). Die *dubbelloopbaanhuwelik* is die eerste keer deur Rapoport en Rapoport (1971) beskryf as 'n ooreenkoms waar beide mense 'n beroep beoefen wat selfvervullend is, bevorderingsgeleentheid bied en 'n hoë mate van verbintenis vra.

Yogev (1982) suggereer dat die mate van *huwelikstevredenheid* baie wissel by dubbelloopbaanhuwelike, aangesien gesinne baie van mekaar verskil. Quinn en Davidson (1986) het geen verskil gevind tussen enkel- en dubbelloopbaanhuwelike ten opsigte van kommunikasie, mag, intimiteit, selfsiening, gelykheid, of huweliksaanpassing nie. Hierteenoor vind die meerderheid navorsers dat die egpaar in die dubbelloopbaanhuwelik in gesinne met voorskoolse kinders laer huwelikskwaliteit ervaar (Cooper, Chassin en Braver, 1986; Cooper, Chassin en Zeiss, 1985). Die aankoms van kinders in die huwelik verhoog rolkompleksiteit en eise en vra meer finansiële bronne (Anderson & Sabatelli, 1999). Volgens navorsers soos Bowen en Orthner (1983) blyk dit veral die geval te wees in huwelike met 'n tradisionele man en moderne vrou. Volgens Young en Long (1998) is die egskedingsyfer vir professionele vroue met hoër salarisse beduidend hoër. Huweliksaanpassing en probleemareas in die vroeë maande van die huwelik vir mans en vroue was hoofsaaklik om 'n balans tussen die werk en die huwelik, sowel as finansiële skuld wat na die huwelik gebring is te behou (Schramm, Marshall, Harris & Lee, 2005). Volgens Clearwater en Harvey (1988) is die vaardigheid om finansies te bestuur een van die belangrikste bepalers van huwelikstevredenheid.

Faktore wat kan bepaal of die dubbelloopbaanhuwelik die egpaar se huweliksaanpassing kan verhoog of verlaag, is onder andere die volgende:

(i) Beroepstevredenheid

Daar is 'n korrelasie tussen beroepstevredenheid en huwelikstevredenheid (Klein, 1988). Geluk by die werk en tuis loop dikwels hand aan hand.

(ii) Wedersydse ondersteuning van die egpaarlede

Dubbelloopbaan egpare leef in groter harmonie indien die man en gesin die vrou in haar werk ondersteun, die man nie in kompetisie met haar is nie, die vrou voel dat sy ondersteun word, die man die huishouding en kindersorg as gesamentlike

verantwoordelikhede sien en daarvolgens optree en rolverwagtinge by die egpaarlede asook hul onderskeie persoonlikheidstipes pas (Gilbert, 1985; Slabbert, 1999).

(iii) Verdeling van rolle en take ten opsigte van die huis

“... housework cannot be defined precisely as positive or negative because it can encompass both qualities simultaneously” (Chapman, 2004, p. 210).

Baie navorsing suggereer dat die verdeling van take in die huis op geslagsrolle gebaseer is (Coltrane, 2000; Dempsey, 1997). Navorsing van Feeney *et al.* (2001) suggereer dat die uitvoer van huishoudelike take en die deel van verantwoordelikhede in die huis vir nuwe ouers 'n sentrale tema van besorgdheid is. Dit blyk dat, afhangende van hoe hierdie aspekte gehanteer word, 'n egpaar nader aan mekaar kan beweeg, maar terselfdertyd verder van mekaar kan beweeg indien dit nie effektief bestuur word nie. Aspekte wat by die verdeling van take en rolle in die huis betrokke is, is rolgelykheid, rolkonflik, asook rolorlading.

(a) Rolgelykheid

In 'n huwelik bestaan is daar verwagtinge by die egpaarlede oor wie watter rol in die gesin speel. Wanneer daar nuwe rolverantwoordelikhede by die jong egpaar te voorskyn kom, soos die grootmaak van kinders, is daar 'n nog groter geneigdheid om op intense wyse bewus te wees hoeveel elke egpaarlid doen, en of daar 'n ongelykheid van rolle voorkom (Feeney *et al.*, 2001; Keith & Shafer, 1991).

Daar bestaan verskeie teoretiese beskouings wat die verdeling van take volgens geslag probeer verklaar: i) Die *klassieke bronteorie* veronderstel dat 'n egpaarlid met die meeste eksterne bronne, soos inkomste, opleiding en beroepstatus oor die meeste mag beskik om besluite te neem en sy of haar deel van die huishoudelike take na wense te verminder. ii) Die *eise-respons-model* bepaal dat, hoe meer strukturele eise daar op 'n egpaarlid geplaas word om die take te voltooi, en hoe meer tyd beskikbaar is, hoe meer werk moet gedoen word. iii) Die *geslags-ideologiese model* verklaar dat die houding of persepsie teenoor geslagsrolle bepaal hoe die werk verdeel word. Hoe meer tradisioneel hierdie siening is, hoe minder huistake sal die man verrig. iv) Die *geslagskonstruksieteorie* veronderstel laastens

dat mans en vroue verskillende take verrig om hulle eie geslag (manlikheid of vroulikheid) te bevestig (Coltrane, 2000; Mannino & Deuttsch, 2007).

Huweliksgeluk blyk duidelik hoër te wees in gesinne waar minder tradisionele geslagsrolverdeling voorkom, met meer gelykheid in die verdeling van huistake en verantwoordelikhede, en albei egpaarlede 'n beroep beoefen, en dus 'n inkomste verdien (Yogev & Brett, 1985). Die hoeveelheid tyd wat aan huistake bestee word, blyk van minder belang te wees as die huweliksmaat se persepsie van die mate van regverdigheid. Egpare toon dus groter tevredenheid en stabiliteit wanneer daar 'n persepsie van gelykheid is, afgesien van wat hulle in die huwelik belê (Claffey & Mickelson, 2009; Feeney *et al.*, 2001).

Dit blyk egter dat wanneer daar wel meer rolgelykheid voorkom, egpaarlede nie noodwendig altyd groter tevredenheid ervaar nie. "Just because women and men *are* now sharing many similar experiences at home, work and leisure, it does not necessarily mean that they want to empathise with each other when arguments arise between them over tasks they *do not want to do.*" (Chapman, 2004, p. 209).

(b) Rolkonflik

Verskeie sosiologiese navorsing oor versorging en huishoudelike pligte dui daarop dat 'n egpaar se verhouding ernstig geraak kan word deur rolkonflik of rolspanning. Hierdie konflik spruit dikwels vanuit spanning tussen identifisering met tradisionele manlike of vroulike kulturele waardes wat in botsing is met die behoefte aan samewerking in die definiëring en opneem van huishoudelike take (Chapman, 2004; Kluwer, Heesink & Van de Vliert, 2000).

(c) Roloorlading

Alhoewel daar navorsing is wat suggereer dat vaders effens meer huiswerk en versorging van kinders doen as voorheen, blyk dit dat vroue wat voltydse beroepe het steeds 'n baie groter verantwoordelikheid by die huis het as mans (Chapman, 2004; Coltrane 2000; Feeney *et al.*, 2001). Die man se mindere mate van betrokkenheid by huistake tydens ouerskap mag moontlik wees as gevolg van groter toewyding aan hul beroep sowel as groter finansiële behoeftes in die groterwordende gesin (Feeney *et al.*, 2001).

Die egpaar in die moderne huwelik probeer 'n balans handhaaf tussen eenheid in die huwelik aan die een kant en individuele vervulling aan die ander kant. Dit blyk dat die man vir die grootste deel van die 19de en 20ste eeu hierin bevoordeel is, deurdat hulle meer tyd het vir aktiwiteite wat ontspanning en selfaktualisering behels. Daar word egter dikwels van die vrou verwag om haar vervulling te vind deur haar man en kinders te ondersteun, terwyl haar eie belangstellings ontken word (Chapman, 2004). Werkende vroue kom dikwels na 'n "tweede skof" toe terug huis toe – waar die huishouding en kinders versorg moet word (Hochschild, 1989).

Die vrou se dubbele rol kan 'n negatiewe effek op haar individuele funksionering hê en bydra tot uitputting, verhoogde stres en depressie. Hierdie effek op die vrou se individuele funksionering kan uiteindelik die egpaar se interaksie benadeel (Slabbert, 1999). Dikwels ervaar die man, met goedbedoelde voornemens, verwarring en skuldgevoelens wanneer die vrou hom steeds kwalik neem omdat hy nie genoeg huistake doen nie. In sommige gevalle doen mans meer van die huistake as hul eggenote. Beide die man en vrou voel egter dikwels dat hul meer doen as wat die huweliksmaat hom of haar krediet voor gee. Die gevoel dat daar nie genoeg waardering betoon word nie, verhoog die spanning tussen die egpaarlede (Chapman, 2004; Cowan & Cowan, 1992).

Verwagtinge in terme van geslagsrolle moet volgens Chapman (2004) vroegtydig en deeglik deur die egpaarlede aangespreek word om sodoende huwelikstevredenheid te verhoog. Huweliksmaats kan ook meer buigbaar wees in hul verwagtinge van huishoudelike take (Feeney *et al.*, 2001).

2.3.3 Kommunikasie en konflikthantering

Kommunikasie word deur baie navorsers beskou as een van die belangrikste aspekte van huweliksaanpassing (Dwyer, 2008; Schafer, Wickrama & Keith, 1996; Sullivan 2009). Volgens Olson (2000), 'n gesinsnavorsers, blyk dit dat gelukkige egpare veral bou op goeie kommunikasie, buigbaarheid teenoor mekaar, asook ooreenstemming oor die hantering van konflik. 'n Ontwikkelingstaak van die jong egpaar is om te kommunikeer, te deel en deur gespreksvoering die "realiteite" wat na die huwelik gebring word, te herdefinieer. So word 'n nuwe "realiteit" gesamentlik

geskep. Dit definieer vir die egpaar die aard van die wêreld waarin hulle woon, asook hulle plek en identiteit in hierdie wêreld (Wamboldt, 1999). In 'n ondersoek na gelukkige huwelike wat 25 jaar en langer duur, kom Gnika (2008) tot die gevolgtrekking dat daar kommunikasie, tyd en liefde moet wees voordat enige ander van die ontwikkelingstake van egpare aangepak kan word.

Die huwelik vra dat twee mense kommunikeer en onderhandel oor alledaagse besluite (wanneer en hoe om te eet, slaap, werk, speel en praat) asook die meer komplekse sake (geldsake, die invloed van die uitgebreide gesin, geslagsrolle, beroepsbesluite, konflikhantering en uitdrukking van liefde en intimiteit, besluite oor vakansies, hoe om ruimte, tyd en geld te gebruik, besluite oor familietradisies en -rituele, die herskep van verhoudings tussen die egpaarlede en hul vriende, familie en werkskollegas, asook elkeen se unieke verwagtinge en waardes). Die huweliksmaats moet poog om mekaar in hierdie besluite te akkommodeer en 'n nuwe stel verwagtinge te definieer. Die nuwe verwagtinge bied 'n bloudruk vir hul leefstyl as 'n egpaar (McGoldrick, 1989; Young & Long, 1998). Hoër huweliksaanpassing word geassosieer met huweliksinteraksie waarin meer ooreenstemming oor belangrike sake en minder konflik voorkom (Janicki, Kamarck, Shiffman & Gwaltney, 2006).

Die nege algemeenste temas van konflik by egpare blyk die volgende te wees: (1) huishoudelike take, (2) finansies, (3) seks, (4) lojaliteit, (5) mag, (6) versorging van emosionele behoeftes, (7) privaatheid, (8) kinders, en (9) verskille in styl betreffende voorkeure, temperament en smaak (Betcher & Macauley, 1990; Goldberg, 1987; Williams *et al.*, 2006). Gottman (1994) het 'n metaontleding gedoen van jarelange navorsing oor huweliksgeluk, en veral oor die rol wat huweliksinteraksie daarin speel. Dit blyk volgens hom dat daar definitiewe patrone bestaan wat onderskei tussen tevrede en ontevrede egpare. By egpare met lae huwelikstevredenheid is daar groter negatieweiteit tydens konflik en dit kom na vore deur:

- i) 'n tekort aan waardering of positiewe aanvaarding;
- ii) 'n groter moontlikheid van wederkerige klagtes;
- iii) 'n tekort aan kontraktering en onderhandeling;
- iv) minder luister in die interaksieproses;

- v) 'n groter mate van verdediging, soos ontkenning van verantwoordelikheid, of die verdediging van klagtes en konfrontasie;
- vi) 'n verminderde poging om die huweliksmaat se gevoelens te peil of om die kommunikasie te herstel; asook
- vii) verhoogde dominansie by die man.

Verskeie longitudinale studies dui daarop dat die koms van kinders in die huwelik kommunikasiepatrone kompliseer en dat egpare se konflik en geskille toeneem (Anderson & Sabatelli, 1999). Indien ouers oor swak konflikhanteringstrategieë beskik, is hulle ook geneig tot 'n onvermoë om verskille oor kinderopvoeding te hanteer (O'Leary & Vidair, 2005). Waar ouers egter geskille effektief hanteer, kan die verhouding baie positief wees, ten spyte van die addisionele spanning wat kinderopvoeding meebring. Hierdie ouers is meer in staat om die take te struktureer en realistiese perke te stel tydens werk- en speeltjye met hul kinders. Navorsing dui daarop dat, as daar 'n verbetering in die egpaar se verhouding is, hulle die potensiaal het om as ouers meer sensitief te raak ten opsigte van hul kinders se behoeftes (Cowan & Cowan, 1992).

Behalwe die invloed van kinders op die huwelikspaar se huweliksaanpassing, is dit ook belangrik om te beseef watter invloed die ouers se interaksie en huweliksaanpassing op die kinders het. Daar is 'n beduidende verband gevind tussen huweliksaanpassing en geskille by die egpaar oor kinderopvoeding, asook 'n verband tussen geskille oor kinderopvoeding en gedragsprobleme by kinders (Dadds & Powell, 1991; Gordis, Margolin & John, 2001). Huweliksgeskille oor kinderopvoeding, oorreaktiewe dissipline van ouers, asook gedragsprobleme by kinders, kan beide die resultate of die simptome wees van swak huweliksaanpassing waaraan die kinders blootgestel is (O'Leary & Vidair, 2005; Papp, Cummings & Goeke-Morey, 2002). Huwelikspanning en -konflik word geassosieer met 'n groot verskeidenheid negatiewe gevolge vir kinders, soos depressie, onttrekking, swak sosiale vaardighede, gesondheidsprobleme, swak akademiese prestasie en gedragsprobleme (Gottman, 1994).

Minder tyd vir sinvolle kommunikasie mag lei tot die ervaring by die jong ouerpaar dat dit 'n negatiewe effek op hul intimiteit het (Feeney *et al.*, 2001). Dit word vervolgens bespreek.

2.3.4 Kameraadskap en intimiteit

Intimiteit kan beskou word as 'n intense gevoel vir en verbintenis aan iemand, sowel as die deel van intellektuele, fisieke, en emosionele aspekte met 'n ander persoon (Williams *et al.*, 2006). Briddle (1979) suggereer dat intimiteit drie dimensies behels:

- (1) breedte – die omvang van gedeelde aktiwiteite;
- (2) openlikheid – die mate van vertroue om selfopenbaring te doen; en
- (3) diepte – die mate waarin kernaspekte gedeel word.

Intimiteit kan beskou word as 'n watermerk van die huwelikspaar. In die huweliksverhouding waarin intimiteit voorkom, is daar wederkerige selfopenbaring en begrip van die egpaarlid as gelyke vennoot. Selfopenbaring dui op die vermoë om diep, persoonlike inligting en gevoelens oor jouself met iemand anders te deel. Vroue is meer geneig tot selfopenbaring en verwag dan dikwels van mans om dieselfde te doen (Gallmeier, Zusman, Knox & Gibson, 1997; Young & Long, 1998).

Dit behels verder die graad van nabyheid en omgee wat elke egpaarlid ervaar en aan mekaar betoon. Die wyse waarop die egpaar nabyheid uitdruk, word beïnvloed deur die behoeftes en verwagtinge wat elkeen in sy of haar gesin van oorsprong ontwikkel het. Williams *et al.* (2006) verwys ook hier na die belangrikheid van die egpaar se seksuele verhouding. Die tekort aan kommunikasie oor intimiteit kan lei tot spanning en selfs die beëindiging van die verhouding as daar nie gesamentlik hieraan aandag gegee word nie (Young & Long, 1998).

Volgens Clearwater en Harvey (1988) is kameraadskap een van die belangrikste bepalers van huwelikstevredenheid. Navorsers het verder bevind dat faktore wat die grootste bepalers van huweliksaanpassing in die vroeë huwelik is respek, waardering, emosionele verbintenis tot die huwelik (*commitment*), asook wederkerige affeksie en vertroue is (Olson 2000; Schramm *et al.*, 2005). Volgens

Williams *et al.* (2006) is die egpaar se keuses van gesamentlike ontspanning, wat op die “breedte”-aspek van intimiteit, ook ’n belangrike aspek van huweliksgeluk dui.

Nie alle egpare ervaar ’n verlaging in intimiteit met die koms van kinders nie. Volgens navorsing van Feeney *et al.* (2001) het dit geblyk dat tweederdes van egpare nie ’n verandering in hul tevredenheid met intimiteit ervaar het nie. Sommige egpare het selfs groter nabyheid en vennootskap ervaar. Die ander derde het egter wel groot besorgdheid oor hul intimiteit uitgespreek.

2.3.5 Ander faktore

Persoonlikheidsfaktore blyk ook ’n belangrike faktor in die egpaar se huweliksaanpassing te wees (Lo Wa Tsang *et al.*, 2003). Aanpasbare persoonlikhede blyk ook volgens Olson (2000), ’n gesinsnavorsers, een van die belangrikste bepalers van huweliksgeluk te wees. Vroue met laer outonomieit en ’n groter vermoë tot organisasie pas volgens Levy-Shiff (1994) makliker aan by die rol as ouer, terwyl mans wat hulself as liefdevol en sorgsaam beskou ook makliker aanpas. Hierdie trekke lei tot hoër huweliksaanpassing in die tyd van verandering wat met ouerskap gepaard gaan. Keith en Shafer (1991) het bevind dat, hoe meer egpaarlede voel dat hulle huweliksmat hul in ’n positiewe lig beskryf, hoe hoër evalueer hulle die huweliksmat se rolvervulling, en hoe minder geskille kom by die egpaar voor. Individue wat huwelikstevredenheid ervaar, is geneig tot ’n positiewe selfkonsep, wat gevolglik ook ’n positiewe effek op die huweliksmat se selfkonsep het (Roos, 1987).

Van die ander faktore wat deur navorsers as bepalend vir ’n gesonde huwelik beskou word, is die egpaar se vermoë om hul finansies te hanteer (Dakin & Wampler, 2008; Kerkmann, Lee, Lown & Allgood, 2000; Williams *et al.*, 2006), die invloed van familie en vriende, en ’n ooreenstemming wat spirituele beskouings betref (Williams *et al.*, 2006).

2.4 Ten slotte

Daar bestaan klaarblyklik nie eenstemmigheid by navorsers oor die spesifieke faktore waarvolgens huweliksgeluk akkuraat voorspel kan word nie. Gottman (1994)

dui met reg aan dat daar geen empiriese navorsing bestaan wat suksesvol kan voorspel watter huwelikspare sal skei, en watter bymekaar sal bly nie. Die doel van hierdie navorsing is egter om te bepaal of jong ouerpare bogenoemde huwelikstake makliker vanuit 'n hoër EQ en SQ kan aanpak, en gevolglik hoër huweliksaanpassing ervaar. Die hipotese wat gestel word, is dat, deur sin te vind in die situasie waarin hulle hul bevind, hierdie take vanuit 'n hoër motivering aan te pak, dit vanuit hulle waardes te verrig, en die gevoelens van hulself, die huweliksmaat en ander te verstaan en effektief te hanteer, daartoe kan lei dat egpaarlede hoër huweliksaanpassing ervaar.

HOOFSTUK 3: SPIRITUELE EN EMOSIONELE INTELLIGENSIE IN DIE HUWELIK

Hierdie navorsing gaan uit van die standpunt dat daar 'n verband bestaan tussen emosionele intelligensie (EQ), spirituele intelligensie (SQ) en die huweliksaanpassing van egpaarlede met voorskoolse kinders. Huweliksmaats, wie se gedrag nie vanuit onverwerkte gevoelens soos angs of woede gemotiveer word nie, maar vanuit innerlike waardes, behoort dit makliker te vind om in 'n fase vol aanpassings en uitdagings sin en betekenis te vind.

Aangesien daar by EQ sowel as SQ 'n wye verskeidenheid van persepsies, definisies en modelle voorkom, word albei aspekte eers bespreek voordat dit in die huwelik ondersoek word.

3.1 Emosionele Intelligensie (EQ) in die huwelik

3.1.1 Inleidend

Gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu is intelligensiekwosiënt (*Intelligence Quotient* of IQ) toetse as voldoende meting van intelligensie beskou. 'n Persoon se IQ-telling is verbind met sy potensiaal tot lewensukses (Wechsler, 1958). Latere navorsing het egter wegbeweeg van IQ-tellings as die enigste meting van intelligensie. Bar-On (1997) suggereer selfs dat emosionele en sosiale intelligensie beter voorspellers van sukses in die lewe is as IQ-tellings.

EQ kan volgens Zohar en Marshall (2004) beskou word as die intelligensie waarmee 'n persoon voel. Dit dui op die vermoë om ander mense te verstaan en vir hulle iets te voel, die vermoë om hul emosies en die betrokke *sosiale situasies* te "lees", en daarvolgens te reageer. EQ is hoofsaaklik 'n aanpassingsintelligensie.

Volgens Smith (2002) sluit gevoelens perseptuele, psigologiese en kognitiewe komponente in wat gelyktydig en op verskillende vlakke of sisteme bestaan – biochemies (selvak), fisiologies (liggaamsisteemvlak), psigologies (op individuele vlak) en interpersoonlik (groepsvlak of sosiale vlak) binne die sisteem. Daar bestaan 'n lang tradisie in die sielkunde waarin emosies beskou is as irrasionele inmenging met kognisie, eerder as 'n positiewe, bydraende faktor tot kognisie (Mayer & Salovey, 1997). Emosies kan egter aandui waaraan om op 'n gegewe oomblik op 'n kognitiewe

vlak aandag te gee. Dit kan as't ware kognisie prioritiseer, help met besluitneming asook probleemoplossing (Daus, 2006; De Sousa, 1987; Mayer & Salovey, 1997).

Alhoewel die afkorting EQ (emosionele intelligensie) nie dieselfde tipe verstandelik-chronologiese verhouding as IQ (*intelligence quotient*) (soos deur Alfred Binet in 1905 ontwikkel) behels nie, word dit hier gebruik om na emosionele intelligensie te verwys.

3.1.2 Historiese verloop van EQ

In die vroeër geskiedenis van die sielkunde is na die konsepte van EQ verwys as sosiale intelligensie. Die konsep van *sosiale intelligensie* is al vir byna 100 jaar deel van die sielkundige speelveld. Wechsler het gemeen dat nie-kognitiewe faktore soos emosionele intelligensie deel uitmaak van algemene intelligensie, maar hy was nie suksesvol daarin om dit te identifiseer en te meet nie (Murphy & Sideman, 2006). Die grondslag van EQ is gelê in Thorndike (1920) se konsep van sosiale intelligensie, gedefinieer as “the ability to understand and manage men and women, boys and girls – to act wisely in human relations” (Landy, 2006, p. 228). Thorndike het gesuggereer dat intelligensie uit drie fasette bestaan, naamlik abstrak, meganies en sosiaal (Landy, 2006). Dit blyk egter dat die term en konsep heelwat vroeër, naamlik reeds in 1909, in die skrywe van John Dewey voorgekom het, waarin hy moraliteit aan sosiale intelligensie gelykstel. Hy het dit egter beskou as die mag of vermoë om sosiale situasies waar te neem en te begryp (Landy, 2006). Moss en sy kollegas (Moss, Hunt, Omwake & Ronning, 1927) het 'n toets ontwikkel wat sosiale intelligensie meet. Hierdie meetinstrument is tot in die sestigerjare gebruik, waarna O'Sullivan, Guilford en DeMille (1965) 'n toets vir sosiale intelligensie ontwikkel het (Landy, 2006).

Die wortels van EQ lê volgens skrywers soos Furnham (2006) in Gardner (1983) se teorie van meervoudige intelligensies. Gardner se konsepte van *intrapersoonlike* (die vermoë tot kennis van eie emosies) en *interpersoonlike* (die vermoë tot begrip vir ander se emosies en motiewe) intelligensie het 'n basis geskep vir latere modelle van emosionele intelligensie.

Die term *emosionele intelligensie* is die eerste keer in 'n Duitse artikel deur Leuner (1966) gebruik, terwyl die eerste definisie en gepaardgaande model deur Salovey en Mayer (1990) voorsien is. Salovey en Mayer (1990) het gesuggereer dat sosiale intelligensie te wyd gedefinieer is. Hulle het emosionele intelligensie as 'n spesifieke aspek van sosiale intelligensie ondersoek, en hulle reeks artikels het die konstruk *emosionele intelligensie* aan die hoofstroom van wetenskaplike navorsing bekendgestel (Murphy & Sideman, 2006). Vyf jaar later het Goleman (1995) se internasionale topverkoper *Emotional Intelligence* hierdie konsep bekendgestel en 'n groot mate van invloed op die algemene publiek uitgeoefen. Sedertdien het navorsing en die toepassing van EQ in die sakewêreld, skole, geestesgesondheid en so meer met 'n verstommende pas gegroei (Murphy & Sideman, 2006).

3.1.3 Polemiek onder akademici, navorsers en die publiek

“Academic arguments can be intense and bitter, and it is tempting to treat the controversy over EI (EQ) as just another example of the favourite indoor sport of academics, that is, disagreeing with one's peers.” (Murphy & Sideman, 2006, p. 43)

Die konsep *emosionele intelligensie* het die afgelope dekade wyd uiteenlopende belangstelling in die akademiese, sowel as populêre media gewek. Sommige outeurs meen dat daar geen konstruk in die sosiale wetenskappe is wat tot meer kontroversie gelei het as EQ nie (Spector & Johnson, 2006). Die “ontploffing” van belangstelling in EQ word verskillend deur verskillende groepe geïnterpreteer. Terwyl die samelewing, praktisyns en sommige navorsers optimisties is oor die belangrikheid van EQ in onder andere organisasies, is daar ander navorsers met kritiese vrae oor die konsep, teorie en meetinstrument van EQ (Conte & Dean, 2006; Landy, 2005; Matthews, Zeidner & Roberts, 2002).

Een rede vir die populariteit van hierdie konsep blyk te wees dat dit 'n intelligensie is wat almal in gelyke mate kan bekom (Goleman, 1995; Murphy *et al.*, 2006). Mayer, Salovey en Caruso (2000) meen EQ is “suggestive of a kinder, gentler intelligence – an intelligence anyone can have” (p. 97).

Die grootste kritiek blyk te wees 'n oorbeklemtoning van die belangrikheid daarvan in die media (Landy, 2005; Locke, 2005). Die voordeel van die populariteit van EQ in

die korporatiewe wêreld en media is dat dit gelei het tot groot belangstelling onder akademiese navorsers wat, alhoewel steeds skepties, hul energie en navorsingstyd aan die ontwikkeling van 'n wye empiriese databasis oor EQ gewy het (Conte & Dean, 2006).

Nog 'n rede vir die kontroversie oor EQ is dat daar nie werklik konsensus is oor wat die term in werklikheid beteken nie (Murphy & Sideman, 2006). EQ word op verskillende wyses deur verskillende outeurs omskryf. Terwyl die term *intelligensie* impliseer dat daar kognitiewe en probleemoplossingsvaardighede betrokke is, is van die definisies van EQ baie vaag, en sluit dit elemente in wat nie hierdie aspekte behels nie, en wat slegs 'n vae verbintenis tot emosies het (Spector & Johnson, 2006). Sommige navorsers soos Matthews, Emo, Roberts en Zeidner (2006) suggereer dat daar nie van emosionele *intelligensie* gepraat moet word nie, maar eerder van emosionele *bevoegdheid*.

“On a terminological note, we use *intelligence* to refer to a basic aptitude, defined in psychometric terms as a latent factor in a structural model of ability, and *competence* as a more loosely defined capability for performing some physical or mental activity that may be influenced by learning and context as well as aptitude.” (Matthews *et al.*, 2006, p. 4).

Soos wat IQ, waarop EQ gebaseer is, uit verskeie subvermoëns soos wiskundige en verbale redenering bestaan, behoort EQ ook as 'n enkele konstruk met verskeie losstaande komponente beskou te word (Spector & Johnson, 2006).

EQ-entoesiaste meen dat sielkundiges te lank as gevolg van bogenoemde kritiek belangrike vermoëns en vaardighede geïgnoreer het. Hulle meen dat EQ fenomene verduidelik wat nie deur tradisionele intelligensie verduidelik is nie. EQ word beskou as 'n potensieel bruikbare wetenskaplike konstruk wat menslike gedrag in 'n verskeidenheid van kontekste kan verklaar (Spector & Johnson, 2006). Selfs die grootste kritici blyk optimisties te wees oor die toekoms van EQ, en glo dat dit ontwikkel en verbeter kan word sodat individue en groepe as gevolg hiervan beter kan funksioneer (Murphy & Sideman, 2006). EQ-skeptici meen egter dat dit ou wyn in nuwe sakke is, dat dit swak gedefinieer en gemeet word, dat die voordele van EQ

oormatig vergroot word, en dat daar onrealistiese verwagtinge by mense geskep word (Murphy & Sideman, 2006).

3.1.4 Definisies, modelle en meetinstrumente van EQ

Die veld van EQ het vinnig uitgebrei en vandag is daar twee algemene benaderings in die literatuur: *vermoëmodelle (ability models)* en *gemengde modelle (mixed models)* (Mayer *et al.*, 2000). Dit blyk ook vanuit die literatuur dat die onderskeie navolgers van hierdie modelle krities teenoor mekaar staan. Sommige verwys na EQ as 'n vaardigheid, terwyl ander dit as 'n intuïsie beskou (Furnham, 2006).

Vermoëmodelle beskou EQ as 'n standaard-intelligensie (Mayer & Salovey, 1997; Mayer, Salovey & Caruso, 2002). Dit verteenwoordig 'n intelligensie wat emosie behels, en die vermoë om die inligting wat in emosies gekodeer is te gebruik om kennis te rig en gedrag te motiveer (Mayer, 2001). *Gemengde modelle* suggereer dat EQ beide verstandelike vermoëns (soos emosionele selfkennis, empatie, probleemoplossing en impulscontrole) sowel as persoonlike trekke behels (soos gemoedstemming, egtheid en warmte) (Sternberg *et al.*, 2000). *Gemengde modelle* (bv. Bar-On, 1997; Goleman, 1995, 1998; Schutte *et al.*, 1998) word so genoem aangesien hulle trekke soos optimisme, selfsiening, en motivering by aspekte van EQ betrek (Brackett & Mayer, 2003; Mayer *et al.*, 2000). Daar word ook na modelle wat die klem op persoonlikheidstreke lê, verwys as *trekmodelle*.

Beide die vermoë- en trekmodelle kan egter bruikbaar wees. As geen groepsverskille gevind kan word nie, kan die vermoëgebaseerde meetinstrumente handig wees (Van Rooy, Dilchert, Viswesvaran & Ones, 2006). Volgens Schmidt en Hunter (1998) kan meetinstrumente wat op trekmodelle gebaseer is sinvol en aanvullend tot meetinstrumente wat op kognitiewe vermoëns gebaseer is, gebruik word.

Dit is belangrik om 'n verantwoordbare definisie van EQ as die basis vir bevredigende EQ-meting te hê. Van die baie definisies van EQ is daar veral drie wat die meeste gebruik word, naamlik dié van Goleman, Bar-On, asook Mayer en Salovey (Spector & Johnson, 2006; Murphy & Sideman, 2006). Daar word voorts oorsigtelik na die onderskeie modelle en meetinstrumente verwys:

(i) Die vermoëmodel van Mayer en Salovey

Die definisie wat in die literatuur as die mees geskikte definisie en model van EQ gebruik word, is dié van Mayer *et al.* (2000). Volgens hierdie model behoort EQ as 'n tipe intelligensie oorweeg te word, en hou dit 'n redelike verband met kognitiewe vermoë (Van Rooy *et al.*, 2006). Hierdie model word dus, in teenstelling met die gemengde modelle van Goleman en Bar-On, as 'n meer wetenskaplikgedrewe kultuur beskou (Murphy & Sideman, 2006).

Salovey en Mayer (1990), se hersiene model, soos na verwys in hoofstuk 1, bestaan uit vier vertakkings en word vervolgens meer breedvoerig bespreek:

- *Persepsie en uitdrukking van emosie* – dit behels die akkuraatheid waarmee individue emosies asook emosionele inhoud kan identifiseer.
- *Emosionele fasilitering van denke* – dit behels emosies wat gepaard gaan met 'n persoon se intellektuele prosesse. Emosies vorm en verbeter denke deur 'n persoon se aandag op belangrike veranderings te vestig. Die mens beskik oor 'n verwerkingsarea waarin gevoelens gegenereer, gevoel, gemanipuleer en ondersoek kan word sodat dit beter verstaan word. Hoe meer akkuraat en realisties hierdie area funksioneer, hoe beter kan dit die individu help om tussen alternatiewe lewensrigtings te kies.
- *Begrip, analise en gebruik van emosionele kennis* – dit behels die vermoë om emosies te verstaan en emosionele kennis toe te pas: 'n kind begin byvoorbeeld tussen *hou van* en *liefhê* onderskei.
- *Reflektiewe regulering van emosies tot verdere emosionele en intellektuele groei* – dit behels die bewustelike regulering van emosies om emosionele en intellektuele groei te bevorder. Emosionele reaksies moet ervaar en selfs verwelkom word as dit voorkom, want slegs dan kan 'n persoon iets daaruit leer. Hierdie openheid teenoor gevoelens word gevolg deur die besef dat emosies soms geskei moet word van beheersde gedrag. Kwaliteite word aangeleer, soos om emosies te verstaan sonder om die belangrikheid daarvan te vergroot of te verklein.

Mayer en Salovey (1997) beskryf EQ as 'n enkele konstruk met verskeie onafhanklike komponente. Daar is navorsers wat reken dat hierdie model voldoende ontwikkel is en as die basis vir navorsing ondersteun moet word (Ashkanasy & Daus, 2005; Spector & Johnson, 2006). Die model is prosesgeoriënteerd deurdat dit die ontwikkeling van 'n persoon se EQ vanaf geboorte tot volwassenheid aandui. Dit lê dus klem op verskillende fases (1 tot 4) in die ontwikkeling van emosionele intelligensie. Persepsie, die vorming van 'n nuwe persepsie en die uitdrukking van emosie word as die mees basiese prosesse beskou, terwyl die reflektiewe regulering van emosies die mees komplekse prosessering benodig. Elke vertakking bestaan uit verskillende stadiums of vlakke van vermoëns, wat individue in 'n bepaalde volgorde bemeester, soos uiteengesit in die oorspronklike model in Tabel 3.1.

Tabel 3.1: Die model van emosionele intelligensie van Mayer en Salovey (1997, p. 11)

D. Reflektiewe regulering van gevoelens wat lei tot emosionele en intellektuele groei

1. Kan oop wees vir aangename en onaangename gevoelens	2. Kan self wederkerig verbind of afstand verkry van 'n gevoel, afhangende van die insig of nut wat dit bied.	3. Kan gevoelens wederkerig monitor in verhouding tot self en ander, bv. hoe duidelik, tipies, of beïnvloedbaar hul is.	4. Kan gevoelens in self en ander hanteer deur negatiewe gevoelens te temper en aangename gevoelens te verhoog, sonder om die inligting wat dit verskaf te onderdruk of te vergroot.
--	---	---	--

C. Begrip, analise en gebruik van emosionele kennis

1. Kan gevoelens klassifiseer en verbande tussen woorde en gevoelens herken, bv. die verband tussen "hou van" en "liefhê".	2. Kan betekenis wat gevoel oordra t.o.v. verhoudings interpreteer, bv. hartseer gaan gepaard met verlies.	3. Kan komplekse gevoelens verstaan: gelyktydige gevoelens van liefde en haat, of samestellings soos ontsag (awe) te beskou as 'n kombinasie van vrees en verbasing.	4. Kan waarskynlike oorgange tussen emosies herken, soos die oorgang van woede na tevredenheid, of woede na skaamte.
--	--	--	--

B. Emosionele fasilitering van denke

1. Gevoelens prioritiseer denke deur die aandag op belangrike inligting te rig.	2. Gevoelens word in voldoende mate duidelik en beskikbaar, om te dien as hulpmiddel tot oordeel en geheue m.b.t. gevoelens.	3. Emosionele gemoedskommelings verander die individu se perspektief van optimisties na pessimisties, om so die oorweging van verskeie standpunte aan te moedig.	4. Emosionele toestand moedig op uiteenlopende wyses spesifieke benaderings tot probleme aan, soos wanneer redenasie en kreatiwiteit deur geluk gefasiliteer word.
---	--	--	--

A. Persepsie en uitdrukking van emosie

1. Kan emosie in eie fisieke toestand, denke en gevoelens identifiseer.	2. Kan emosie in ander mense, ontwerpe, kunswerke, taal, voorkoms en optrede identifiseer.	3. Kan emosies akkuraat uitdruk, en die behoeftes m.b.t. daardie gevoelens uitdruk.	4. Kan onderskei tussen akkurate en onakkurate, of die eerlike en oneerlike uitdrukking van gevoelens.
---	--	---	--

Die meetinstrument van Mayer *et al.* (2002), staan bekend as die MSCEIT. Dit is 'n vermoëskaal wat meet hoe goed individue emosionele take voltooi en emosionele probleme oplos. Die ontwikkeling van die MSCEIT-vraelys het deur drie fases gegaan. Die eerste weergawe wat in 1997 verskyn het, naamlik die MEIS (Multifactor Emotional Intelligence Scale), het 402 items bevat. Die tweede weergawe, naamlik die MSCEIT Research Version (RV) 1.1, het 294 items bevat. Die huidige weergawe, naamlik die MSCEIT 2.0 (Mayer *et al.*, 2002), bestaan uit 141 items wat die vier aspekte van hulle EQ-model meet. Dit is 'n bekwaamheidstoets wat minder vatbaar is vir sosiaal-aanvaarde vooroordeel in die beantwoording daarvan (Lopes, 2003).

(ii) Goleman se gemengde model

In die definisies van Goleman en Bar-On word EQ beskou as 'n vermoë wat persoonlikheidstrekke soos selfbeheer en volharding insluit, en dus met persoonlikheid oorvleuel (Murphy, 2006; Spector & Johnson, 2006). Laasgenoemde twee definisies wat vervolgens bespreek sal word, behels met ander woorde 'n mengsel van vermoëns en persoonlikheidstrekke.

Goleman (1998) wys in sy definisie van emosionele intelligensie na die invloed wat emosie in 'n mens se motivering speel. EQ verwys volgens hom na die mens se vermoë om sy eie sowel as ander se gevoelens te herken, sodat hy homself kan motiveer, en emosies in homself en in verhoudings effektief kan bestuur. Hy definieer EQ as "abilities that include self-control, zeal and persistence, and the ability tot motivate oneself" (Goleman, 1995, p. xii). EQ word gedefinieer in terme van die mens se vermoë om sy eie asook ander se gevoelens te reguleer, en gevoelens aan te wend om gedagtes en gedrag te rig (Goleman, 1998). Goleman (1998) definieer EQ dus grootliks in terme van aangeleerde bekwaamhede (*competencies*), met ander woorde, vaardighede en vermoëns wat deur oefening

verkry kan word en wat in sosiale interaksies asook in die bestuur van eie gedrag gebruik kan word (Goleman, 2001).

Goleman (1998) se model is gefokus op praktiese aanwending en behels vyf basiese emosionele en sosiale vermoëns:

Selfbewustheid – Die vermoë om eie gevoelens in 'n gegewe oomblik te ken, en in ag te neem tydens besluitneming; om 'n realistiese siening te hê oor eie vermoëns en 'n goed verantwoorde besef van selfvertroue.

Selfregulering – Emosies word op so 'n wyse gehanteer dat dit 'n gegewe taak fasiliteer, eerder as wat dit daarmee inmeng; om pligsgetrou te wees en genot te kan uitstel om 'n doel te bereik; asook veerkragtigheid: om effektief te kan herstel van emosionele druk (*resilience*).

Motivering – 'n Persoon se diepste voorkeure word gebruik om die self te beweeg en te lei na die bereik van doelwitte; dit help om inisiatief te neem, te streef na verbetering, en te volhard in die teenwoordigheid van terugslae en frustrasies.

Empatie – 'n Bewustheid ontwikkel vir wat mense voel; om in staat te wees om ander se perspektief in te sien, verstandhouding daar te stel en in voeling te wees met 'n breë verskeidenheid van mense.

Sosiale vaardighede – Dit dui op die effektiewe hantering van emosies in verhoudings; die akkurate interpretasie van sosiale situasies en netwerke; die vermoë om interaksie vlot te laat verloop; en om hierdie vaardighede te gebruik om te oortuig en te lei, om te onderhandel, en konflik te hanteer om tot effektiewe samewerking en spanwerk te lei.

Die term *sosiale intelligensie* word verder deur Goleman (2007) gebruik om EQ in sosiale verhoudings mee te beskryf, en dui daarop om intelligent te wees oor verhoudings, sowel as *binne* verhoudings. "The more recent emergence of social neuroscience means the time is ripe for a revival of social intelligence on a par with its sister, emotional intelligence." (Goleman, 2007, p. 330) By sosiale intelligensie val die klem dus op die emosionele interaksie in verhoudings. Dit behels twee breë kategorieë, naamlik:

- (iii) *Sosiale bewuswees*, wat verwys na 'n spektrum wat strek vanaf die onmiddellike bewus raak van 'n ander se gevoelens tot die verstaan van die ander persoon se gevoelens en gedagtes, wat weer tot die verstaan

van meer ingewikkelde sosiale situasies lei. Dit dui op vier aspekte, naamlik basiese empatie, instelling op gesprek, empatiese akkuraatheid en sosiale kognisie.

- (iv) *Sosiale fasilitering* – Om slegs agter te kom hoe die ander persoon voel, of te weet wat die persoon dink of bedoel, waarborg nie altyd vrugbare interaksie nie. Dit dui dus op die bestuur van gevoelens in 'n bepaalde verhouding. Sosiale fasilitering bou op sosiale bewuswees om gladde, effektiewe interaksie te verseker. Dit behels vier aspekte, naamlik sinkronisasie, selfvoorstelling, invloed en besorgdheid.

Tabel 3.2: Sosiale intelligensie vermoëns binne die emosionele intelligensiemodel (Goleman, 2007, p. 331)

EQ	SOSIALE INTELLIGENSIE
Self bewuswees	Sosiale bewuswees Basiese empatie Instelling op gesprek Empatiese akkuraatheid Sosiale kognisie
Selfbestuur	Sosiale fasilitering (of verhoudingsbestuur) Sinkronisasie Selfvoorstelling Invloed Besorgdheid

Goleman se benadering is meer praktiesgedrewe (Murphy & Sideman, 2006). Alhoewel sy werk populêr is, word dit deur EQ-kundiges beskryf as: "... too open-ended and loosely specified to constitute a good scientific theory, although in the future it may develop to the point of being empirically testable" (Matthews *et al.*, 2004, p. 15).

Die meetinstrument wat deur Goleman gebruik word, naamlik die Emotional Competence Inventory (ECI), 2de weergawe, is 'n 110-item selfverslagvraelys van 20

gedragsbekwaamhede binne vier dimensies. Beide die betroubaarheid en geldigheid van hierdie meetinstrument word egter bevraagteken (Conte, 2005; Matthews *et al.*, 2004), en die oorvleueling met die “Groot Vyf” persoonlikheidsfaktore (neurotisme, ekstraversie, oopheid vir ervaring, en konsensieusheid) word aangedui (Conte, 2005; Matthews *et al.*, 2004; Van Rooy & Viswaran, 2004). Conte (2005) kom tot die gevolgtrekking dat die eienskappe van die meetinstrument eers in verskeie studies ondersoek behoort te word voordat dit as psigometriese meting aanvaar kan word.

(iii) Bar-On se gemengde model

Bar-On (1997) het die afkorting EQ gebruik en definieer EQ as “an array of non-cognitive capabilities, competencies, and skills that influence one’s ability to succeed in coping with environmental demands and pressures” (p. 14). In sy model (Bar-On, 2000) definieer hy EQ verder as “a fairly extensive set of traits and abilities that are related to coping with and adapting to one’s environment in ways that promote psychological well-being”. Hy identifiseer vyf terreine van funksionering wat verwant is aan sukses (Bar-On, 1997):

- (1) intrapersonlik (emosionele selfkennis/bewustheid, selfgelding, selfrespek, self-aktualisering);
- (2) interpersoonlik (interpersoonlike verhoudings, sosiale verantwoordelikheid, empatie);
- (3) aanpasbaarheid (probleemoplossing, realiteitstoetsing, buigbaarheid);
- (4) stresshantering (strestoleransie, impulsbeheer); en
- (5) algemene gemoedstemming (blydskap, optimisme).

Bar-On (2004) beskou emosionele en sosiale intelligensie as emosionele en sosiale vaardighede wat bepaal hoe effektief ’n individu homself verstaan en uitdruk, ander verstaan en samehorigheid teenoor ander toon, asook daaglikse eise en stressors hanteer. Sy definisie is dus wyd en sluit beide persoonlikheid en vaardighede in (Murphy & Sideman, 2006).

Bar-On maak gebruik van die Emotional Quotient Inventory (EQ-i: Bar-On, 1997), ’n 133-item selfverslagmeetinstrument, gegroepeer in vyf hoërorde-dimensies. Alhoewel daar voldoende toets-hertoets betroubaarheid ($r = 0.73$) (Bar-On, 1997) en aanvaarbare voorspellingsgeldigheid ($p = 0.20$) (Van Rooy & Viswesvaran, 2004)

voorkom, dui verdere navorsing op oorvleueling met ander psigologiese meetinstrumente. 'n Oorsig oor die konvergente en diskriminantgeldigheid dui daarop dat baie items van die EQ-i betrekking het op persoonlikheidseienskappe (optimisme, emosionele stabiliteit) (Brackett & Mayer, 2001; Conte, 2005; Dawda & Hart, 2000). In die lig hiervan word emosionele intelligensie, soos gekonseptualiseer deur Bar-On, beskou as 'n primêre persoonlikheidstrek wat in 'n saamgestelde model onder die "Groot Vyf" geplaas kan word (Matthews *et al.*, 2004).

(iv) Schutte se konseptualisering

Volgens Schutte *et al.* (1998) behels EQ die vermoë om aan te pas deur emosies te verstaan en te reguleer. Hierdie navorsers het hulle werk gebaseer op die emosionele intelligensiemodel (vermoëmodel) van Mayer en Salovey (1997), aangesien hulle dit as die omvattendste model van EQ beskou. Hierdie navorsers meen dat EQ 'n belangrike rol in menseverhoudings speel:

"The ability to recognise, regulate and harness emotions has been found to be associated with personality characteristics such as greater persistence at a challenging task, more positive mood and more resistance to negative mood induction, more empathy and better social skills as well as better relationships with others." (Schutte & Malouff, 2002, p. 17)

Schutte en sy medewerkers (1998) het die behoefte raakgesien vir 'n kort, geldige meting van EQ. Die oorspronklike EQ model van Mayer en Salovey (1990) is as basis gebruik aangesien dit die verskillende dimensies van 'n individu se huidige toestand van emosionele ontwikkeling insluit. In die literatuur word daar op meer as een manier na hulle vraelys verwys, waaronder die Emotional Intelligence Scale (EIS) (Schutte *et al.*, 1998); Schutte Self-Report Inventory (SSRI), of die Self-Report Test (SREIT). In hierdie studie sal daarna as die SSRI verwys word, aangesien dit die toets van ander onderskei en dit die naam is wat die meeste in die literatuur oor EQ gebruik word.

Die 33-itemskaal SSRI is 'n selfverslagvraelys wat deur baie navorsers gebruik word (Conte & Dean, 2006). Sommige diskriminantgeldigheidsresultate toon 'n lae korrelasie met SAT-tellings ($r = -0.06$). Alhoewel minder as die EQ-i, suggereer

geldigheidstoetse matige tot sterk korrelasies tussen die SSRI en ander metingstoetse van persoonlikheid. Geldigheidstudies van die 33-item SSRI dui daarop dat die toets geassosieer word met die “openheid tot ervaring”-trek van die groot vyf persoonlikheidsdimensies ($r = 0.54$) (Brackett & Mayer, 2003; Schutte *et al.*, 1998). Hierdie vraelys word gevolglik as ’n gemengde model van EQ beskou. In ’n opvolgstudie deur Schutte, Malouff, Simunek, McKenley en Hollander (2002) is bevind dat die SSRI positief met selfsiening ($r = 0.57$) en positiewe gemoed ($r = 0.55$) korreleer. In ’n omvattende analise van ’n verskeidenheid EQ-skale het Barchard en Hakstian (2004) bevind dat selfverslag EQ-vraelyste met persoonlikheids-dimensies, maar nie kognitiewe vermoë nie, korreleer. Hulle afleiding is dus dat selfverslagmeetinstrumente beter verstaan moet word as die meting van selfpersepsies van emosionele vermoëns eerder as die meting van emosionele vermoëns self.

Kontrasterende menings bestaan oor die konseptualisering van die vraelys. Alhoewel Schutte *et al.* (1998) dit aanvanklik as multidimensionele konstruk met ’n algemene EQ-telling gehanteer het, sowel as ’n telling vir elk van die 4 subfaktore, het hulle meer onlangs gesuggereer dat die SSRI ’n eendimensionele konstruk is met slegs ’n algehele telling (Riley & Schutte, 2003; Schutte *et al.*, 2002). Die navorsing van ander navorsers het verdere verwarring veroorsaak deurdat sommige die multidimensionele aard (Petrides & Furnham, 2000) en ander weer (Brackett & Mayer, 2003) die eendimensionele aard van die SSRI ondersteun het.

Schutte *et al.* (1998), sowel as Van Rooy, Viswesvaran en Alonso (2004), het aangedui dat toetslinge hulleself in hierdie toets beter kan voordoer as wat hulle is (*faking good*). Die meting moet dus verkieslik nie vir keuringsdoeleindes gebruik word nie, maar eerder vir persone wat ’n geldige meting van hul EQ wil hê.

In hierdie navorsing sal dus op die EQ-definisie en model van Mayer en Salovey (1990; 1997) gefokus word, terwyl die meetinstrument van Schutte *et al.* (1998) vir praktiese doeleindes gebruik sal word. Hierdie vraelys word in hoofstuk 3 volledig bespreek.

3.1.5 EQ en die rol wat dit in huweliksaanpassing speel

“... there is little about a relationship that can be understood without understanding the emotions and feelings that partners experience in their association with each other” (Reis, Collins & Berscheid, 2000, p. 858).

As daar enigsins 'n konteks is waarin mens sou verwag dat emosionele intelligensie (EQ) 'n rol speel, is dit die huwelik. Die huwelik is 'n bron van die egpaarlede se diepste gevoelens, en die mate waarin 'n egpaar hierdie gevoelens kan verstaan, kommunikeer en hanteer, speel 'n belangrike rol in hulle huweliksaanpassing. As die vinnig groeiende magdom van literatuur oor emosionele intelligensie in ag geneem word, is dit verbasend dat daar nog min wetenskaplike navorsing oor EQ in die huwelik gedoen is. Die huidige situasie in huwelike sowel as die aantal egskedings jaarliks vra egter dat die rol van emosionele intelligensie groter aandag sal geniet (Fitness, 2006; Goleman, 1996).

Schutte, Malouff, Bobik, Coston en Greeson (2001) het in hulle navorsing bevind dat EQ met selfaangeduide huwelikstevredenheid korreleer. Hul het verder bevind dat individue wat hul huweliksmaats as meer emosioneel intelligent beleef het, groter huwelikstevredenheid ervaar het. In navorsing van Brackett, Warner en Bosco (2005) het dit geblyk dat egpare waar albei egpaarlede oor laer emosionele intelligensie beskik, geneig is om laer tellings te behaal in diepte, ondersteuning en positiewe verhoudingskwaliteit, terwyl hoër tellings behaal is in konflik en negatiewe verhoudingskwaliteit.

Romantiese verhoudings verteenwoordig 'n belangrike domein vir sosiale aanpassing waar emosionele vermoëns (of EQ) 'n belangrike rol speel in intimiteit en emosionele betrokkenheid (Brackett *et al.*, 2005; Cordova, Gee & Warren, 2005). Hierdie vermoëns is belangrik vir sosiale interaksie, aangesien emosies kommunikatiewe en sosiale funksies vervul en inligting verskaf oor mense se gedagtes, intensies en sosiale ontmoetings (Keltner & Haidt, 2001). Emosionele vermoëns wat hoër kwaliteit in verhoudings of huwelike voorspel, blyk volgens navorsing die volgende te wees: positiewe emosies (Gottman, 1982; Gottman & Levinson, 1992), emosionele stabiliteit (Kelly & Conley, 1987), gesonde selfsiening (Arrindell & Luteijn, 2000; Luteijn, 1994); en 'n gevoel van sekuriteit en geborgenheid

(Feeney, 1999). Negatiewe emosionele trekke soos impulsiwiteit, vreesagtigheid en depressie het gedui op wanaanpassing in die huwelik (O'Leary & Smith, 1991).

Dit is nie die ervaring van gevoelens wat die welsyn van die huwelik beïnvloed nie, maar wel hoe vaardig 'n persoon optree terwyl die gevoel ervaar word (Wachs & Cordova, 2007). Terwyl emosionele intelligensie beskou kan word as 'n stel vaardighede of vermoëns wat individue na die huwelik bring, verkry die hantering van *gevoelens in die huwelik* mettertyd 'n unieke karakter wat ook as *emosionele intelligensie* beskryf kan word. Al vier aspekte van die EQ-model van Mayer en Salovey (1997) blyk ook belangrik in die emosierike huwelik te wees. Daar word vervolgens gekyk na die rol wat hierdie aspekte in die huwelik speel, en die moontlike bydrae daarvan tot huweliksaanpassing al dan nie.

(i) Persepsie en herkenning van emosie in die huwelik

Volgens navorsers is daar 'n betroubare verband gevind tussen egpaarlede se vermoë om emosies waar te neem en te identifiseer en huweliksgeluk. Dit blyk verder dat gelukkige egpare neig om beter te vaar as ongelukkige egpare in die uitdruk en verstaan (*decoding*) van mekaar se verbale en nieverbale boodskappe (Fitness, 2006; Noller *et al.*, 1997).

In navorsing oor huweliksinteraksie blyk dit egter dat individue verskil in hul vermoë om mekaar se emosies akkuraat waar te neem (Mayer, Salovey & Caruso, 2004) en dit duidelik uit te druk (Fitness, 2006). Heelwat van hierdie navorsing is hoofsaaklik uitgevoer deur video-opnames van egpaarinteraksie in 'n laboratorium (Fletcher & Thomas, 1999; Gottman, 1994; Noller & Ruzzene, 1991). Oor die algemeen is die resultate baie konsekwent. Hiervolgens blyk dit dat die huwelik 'n emosierike konteks is, en dat gesprekke met 'n hoë mate van konflik lei tot sterk emosies – dit blyk deur fisiologiese waarneming van onder andere die hartklop, velgeleidingsvermoë en spieraktiwiteit.

Die *korrekte waarneming en interpretasie* van die maat se gevoelens, wat gepaard gaan met egpare se “taal” of kommunikasie, speel 'n belangrike rol. Carton, Kessler en Pape (1999) het byvoorbeeld bevind dat sensitiwiteit en akkuraatheid in nieverbale kommunikasie die mate van geluk wat mense ervaar, kan voorspel.

Koerner en Fitzpatrick (2002) het bevind dat daar 'n verband is tussen die korrekte interpretasie van mekaar se nieverbale uitdrukking van positiewe verhouding-gerigte gevoelens (liefde vir my huweliksmaat), *buite-verhoudinggerigte* negatiewe gevoelens (my maat is kwaad oor die werk, nie vir my nie), en groter huwelikstevredenheid. Hierdie bevinding geld vir beide huweliksmaats.

Fitness (2006) dui egter daarop dat dit nie net vir 'n egpaarlid belangrik is om die huweliksmaat se gevoelens akkuraat waar te neem en te begryp nie, maar ook om *gevoelens duidelik* aan die huweliksmaat te *kommunikeer en uit te druk* – 'n aspek wat dikwels deur navorsers geïgnoreer word. Noller en Ruzzene (1991) het bevind dat individue baie verskil in hulle vermoë om duidelik gevoelens uit te druk, en dat die gewoonte om vae of verwarrende emosionele boodskappe uit te stuur met ongelukkigheid in die huwelik geassosieer word. Een rede wat hiervoor aangevoer word, spruit uit na wat in die literatuur oor huweliksinteraksie verwys word as “negatiewe affek wederkerigheid” (*reciprocity*), of die geneigdheid van egpare om die gevoelens wat hulle by hul huweliksmaat waarneem (akkuraat of onakkuraat), te reflekteer. 'n Ongelukkige egpaarlid, wat die “slegste” van die huweliksmaat verwag, neig om neutrale of effens negatiewe emosionele boodskappe as vyandig te beskou, en reageer dan met selfs meer vyandige emosionele boodskappe (Gottman, 1994).

Daar is egter ook 'n verdere rede vir die verband tussen lae huweliksgeluk en 'n onvermoë om gevoel te kommunikeer. Individue wat *onrealisties selfversekerd* is oor hulle vermoë om hulle gevoelens uit te druk kan verkeerdelik kommunikasieprobleme in die huwelik aan die onsensitiwiteit en gebrek aan insig by die huweliksmaat toeskryf, eerder as aan hul eie onvermoë. Hierdie selfverontskuldiging en blamering van die huweliksmaat kan dan bydra tot ongelukkigheid in die huwelik (Fletcher & Fincham, 1991; Koerner & Fitzpatrick, 2002).

Die verband tussen EQ en huweliksgeluk is nie altyd so eenvoudig nie (Fitness, 2006). Alhoewel akkurate waarneming heel duidelik 'n belangrike faktor in huweliksgeluk blyk te wees, suggereer navorsing dat 'n sekere mate van perseptuele onakkuraatheid ook voordelig kan wees vir 'n gelukkige huwelik. Dit blyk dat gelukkige huweliksmaats geneig is om hul lewensmaat deur 'n rooskleurige bril te

beskou deur nie sy of haar foute raak te sien nie (Murray, Holmes & Griffen, 1996). Hierdie eienskap sluit ook aan by die bestuur van gevoelens (iv).

(ii) Emosionele fasilitering van denke in die huwelik

Hierdie aspek verwys gedeeltelik na die mens se vermoë tot *empatie* – die mate waartoe 'n persoon hom kan indink hoe 'n ander voel, asook die waardering van die emosionele nuanse van komplekse interpersoonlike situasies. In die huwelik sal dit behels dat 'n egpaarlid hom- of haarself kan indink hoe die huweliksmaat na 'n stresvolle dag by die werk voel, of om die onderliggende onsekerheid van 'n huweliksmaat, wat gereelde bevestiging van liefde en waardering nodig het, te verstaan (Fitness, 2006).

Navorsing in die literatuur oor huweliksaanpassing dui op 'n positiewe verband tussen huweliksaanpassing en begrip vir die huweliksmaat se gesindheid, rolverwagtinge en selfpersepsie (Sillars & Scott, 1983). Dit is daarom nie noodwendig huwelikstake soos ouerskap, die hantering van 'n dubbele loopbaan of finansies wat 'n rol speel nie, maar die wederkerige begrip van huweliksmaats ten opsigte van hierdie faktore.

Daar is ook aanduidings dat die akkurate waarneming van die maat se *gedagtes en gevoelens* met positiewe gevolge vir die verhouding geassosieer word. Navorsing van Simpson, Ickes en Orina (2001) suggereer dat deur akkurate waarneming, om 'n behoefte te voorspel, konflik te vermy, of te verhoed dat 'n klein probleem eskaleer, kan bydra tot 'n gesonde verhouding met goeie aanpassing. Dit blyk ook volgens Kilpatrick, Bissonnette en Rusbult (2002) dat in die jonggetroude huwelik (die eerste 12-18 maande) empatiese akkuraatheid positief korreleer met veranderlikes soos verbintenis (*commitment*) tot die huwelik, bereidheid om onwenslike gedrag van die huweliksmaat te akkommodeer, asook huweliksaanpassing.

Daar is bewyse wat aandui dat die empatiese akkuraatheid van huweliksmaats afneem na die eerste paar jaar van hulle huwelik. In die navorsing van Kilpatrick, *et al.* (2002) blyk dit dat die positiewe effek van empatiese akkuraatheid na die eerste 12 tot 18 maande mag begin afneem wanneer egpaarlede gewoontes aanleer om mekaar se gedagtes, gevoelens en gedrag outomaties te akkommodeer. Egpare wat

vir langer periodes getroud is, is geneig om minder hul gedagtes en gevoelens met mekaar te deel as onlangs getroude pare. Dit is ook hierdie verskil in “gedeelde kognitiewe fokus” wat bydra tot die laer vlakke van empatiese akkuraatheid by langergetroude egpare (Thomas, Fletcher & Lange, 1997). “Partners in long-standing relationships become complacent and overly familiar with each other” (Thomas *et al.*, 1997, p. 840). Hulle raak ongemotiveerd om aktief mekaar se woorde en gedrag te monitor en op empatie vir mekaar se gedagtes en gevoelens in die alledaagse opset te fokus. Dit mag beteken dat egpare hul empatiese akkuraatheid kan verbeter deur in ’n sekere sin meer soos vreemdelinge teenoor mekaar op te tree (Flury & Ickes, 2006).

Volgens Ickes en Simpson (1997) is daar verskeie faktore wat empatie in naby verhoudings kan verhinder:

- (1) die teikenpersoon se onvermoë of onwilligheid om gedagtes en gevoelens te deel;
- (2) die waarnemer se onvermoë om die maat se gedrag korrek te interpreteer;
- (3) beide se preokkupasie met hul eie onafhanklike belange wat verhinder dat hulle op dieselfde “golflengte” is;
- (4) akute of chroniese stres en bekommernis oor kort- en langtermyn stressors wat empatiese akkuraatheid negatief kan beïnvloed;
- (5) ’n oormaat selfvertroue van maats wat mekaar te goed ken, ook op onbekende terreine, wat beter begrip by mekaar verhinder; en
- (6) situasionele faktore wat maats se aandag gevange hou of moeilike, onbekende gevolgtrekkings vereis.

Navorsers soos Noller (1984) meen dat die assosiasie tussen begrip en huweliksaanpassing meer kompleks is as wat vroeëre navorsers te kenne gee. Daar is ook sekere omstandighede waaronder groter empatiese begrip in werklikheid tevredenheid met ’n verhouding kan verlaag, naamlik (1) onversoenbare verskille wat nie opgelos kan word nie; (2) welmenende misverstande wat die stabiliteit en tevredenheid van die verhouding fasiliteer; en (3) die onomwonde, onaangename waarheid eerder as takt, wat huweliksmaats kan seermaak. Daar is ook ander gevalle waar groter empatiese akkuraatheid kan lei tot insigte wat pynlik vir een of albei lede is, en kan lei tot twyfel oor hoe sterk en permanent die verhouding in

werklikheid is. Sommige huweliksmaats mag dalk ook hierdie vermoë tot akkurate waarneming vir hul eie gewin aanwend. Dit gebeur wanneer die vermoë om die huweliksmaat se weerloosheid en onsekerheid te “lees” vir eie destruktiewe doeleindes gebruik word (Fitness, 2001).

Flury en Ickes (2006) dui aan hoe hierdie empatiese akkuraatheid in bedreigende en onbedreigende situasies in nabyverhoudings gehanteer moet word, soos byvoorbeeld deur terugvoer oor die maat se gedagtes en gevoelens, asook deur in sommige situasies meer soos vreemdelinge teenoor mekaar op te tree.

(iii) Begrip en toepassing van emosionele kennis in die huwelik

Mense verkry soos hulle opgroei kennis oor hoe gevoelens veroorsaak word, hoe dit beleef word en wat die gevolge daarvan kan wees. Hierdie emosionele kennis is beide *algemeen* (weet wat mense oor die algemeen kwaad maak) en *konteksspesifiek* (weet wat huweliksmaats vir mekaar kwaad maak). Huweliksmaats beskik egter nie altyd oor konteksspesifieke emosionele kennis nie, en maak maklik foute in hoe hulle mekaar se gevoelens in spesifieke situasies verstaan en onthou. 'n Huweliksmaat kan byvoorbeeld 'n fiktiewe persepsie hê van wat die huweliksmaat kwaad, liefdevol, hatig of jaloers maak, wat op sy beurt weer die huweliksinteraksie negatief beïnvloed. Egpaarlede beskik dus nie altyd oor die vermoë om die emosionele hoogtepunte en laagtepunte in die huwelik te verstaan en te hanteer nie (Fitness & Fletcher, 1993; Fitness, 1996; Fitness, 2006).

Navorsing oor huweliksvergifnis verskaf ondersteuning vir die belangrike rol van emosionele kennis en begrip in die huwelik. Individue met 'n beter, duideliker begrip van emosies (*clarity*) het dit makliker gevind om 'n huweliksmaat te vergewe, en is ook meer geneig om huweliksgeluk te ervaar (Salovey, Mayer, Goldman, Turvey & Palfai, 1995). Fitness (2001) se verklaring hiervoor is dat 'n hoër EQ huweliksmaats in staat stel om delikate emosionele onderhandelings (wat die gee en ontvang van vergifnis insluit) meer effektief te hanteer.

Die vermoë om die oorsake, aard en gevolge van emosies te verstaan, fasiliteer dus die hantering van huweliksmaats se foute en “oortredings” (*transgressions*), en dra beduidend by tot huwelikstevredenheid (Fitness, 2006).

(iv) Regulering en bestuur van emosies in die huwelik

Daar is toenemende navorsingsbevindings wat daarop dui dat emosionele regulering en bestuur 'n integrale deel van emosionele intelligensie uitmaak (Fitness, 2006). Navorsing het byvoorbeeld gevind dat, vergeleke met ongelukkige huweliksmaats, gelukkige huweliksmaats meer geneig is om die impuls om destruktief te reageer te onderdruk, en eerder op 'n versoenende wyse op te tree (Rusbult, Bissonnette, Arriaga & Cox, 1998). Hulle navorsing suggereer dat gelukkige egpare eerder akkommodeer as vergeld tydens konflik. Die "tit-for-tat"-kringloop van wederkerige negatiewe gevoelens wat by ongelukkige huweliksmaats se interaksie waargeneem word, word beskou as deel van die huweliksmaats se onvermoë om situasies effektief te hanteer (Gottman, 1998).

Hierdie bevindings impliseer egter nie dat huweliksmaats wat neutrale of geen emosionele uitdrukking toon die gelukkigste huwelike het nie. Feeney (1999) het byvoorbeeld die mate waartoe huweliksmaats gevoelens soos woede, hartseer, angs, liefde en geluk onderdruk, gemeet. Hy het bevind dat egpaarlede wat hulle gevoelens onderdruk 'n groter mate van onsekerheid ervaar oor die mate van geborgenheid in die huwelik. Egpare ervaar emosionele openheid en die vry uitdrukking van gevoelens as positief en wenslik in die huwelik, en egpare wat meer vrylik hul gevoelens uitdruk, blyk gelukkiger huweliksmaats te wees (Huston & Houts, 1998).

Volgens Fitness (2006) kan daar verskeie redes hiervoor wees. Eerstens word 'n verhouding gekenmerk deur die verwagting dat huweliksmaats na mekaar se behoeftes en verwagtinge sal omsien. Deur emosies van blydschap, hartseer of woede uit te druk, word behoeftes aan die huweliksmaat gekommunikeer en dit kan lei tot die bevrediging daarvan. Tweedens verminder die openlike uitdrukking van gevoelens die moontlikheid van misverstande tussen egpaarlede. Mongrain en Vettesse (2003) het bevind dat vroue wat ambivalent in hulle uitdrukking van emosies is (wil graag gevoelens wys, maar vrees die gevolge daarvan), nie duidelik met hul huweliksmaats kommunikeer nie en "gemengde boodskappe" aan hul huweliksmaats deurgee.

Huwelingsgeluk word in 'n groot mate geaffekteer deur die mate waartoe positiewe gevoelens wat uitgedruk word die negatiewe gevoelens oorskadu (verkieslik 5:1, volgens Gottman, 1994). Navorsing oor langtermynhuwelike bevestig die belangrikheid van oorheersend positiewe emosionele uitdrukking om huwelingsgeluk en -stabiliteit te verseker. Carstensen, Gottman en Levenson (1995) het bevind dat, alhoewel gelukkige huweliksmaats steeds negatiewe gevoelens soos woede en hartseer in hul interaksie getoon het, hulle meer gereeld liefde, toegeneentheid en goeie humor teenoor mekaar betoon het.

Uit onlangse navorsing van Schramm *et al.* (2005) is die huwelikstevredenheid en huweliksaanpassing van 1 010 jonggetroude mans en vroue in die VSA ondersoek. Reeds 8 tot 14% van hierdie jonggetroudes het probleme in hul huwelik ervaar. Hierdie jonggetroudes het veral probleme ondervind in die balans tussen werk en die huwelik, asook finansiële skuld wat na die huwelik toe gebring is. Positiewe optrede wat hierdie huwelike beskerm het, was respek, waardering, toewyding (*commitment*), wederkerige toegeneentheid en vertroue.

Die vraag ontstaan dan hoe huweliksmaats hierdie positiewe emosionele klimaat genereer en in stand hou. Positiewe gevoelens ontstaan nie outomaties in die afwesigheid van negatiewe emosie nie. Afsydigheid en emosionele afstand is eerder die gevolg van die emosioneel "neutrale" huwelik. 'n Positiewe klimaat ontstaan verder ook nie deur chronies negatiewe gevoelens te onderdruk nie, aangesien dit kan lei tot misverstande en 'n gebrek aan kommunikasie. Hierdie vermoë tot die aktiewe generering van positiewe gevoelens benodig die spektrum vermoëns wat EQ insluit, naamlik empatie, openlikheid, toegeeflikheid, selfbeheer, optimisme, 'n konstruktiewe hanteringstyl, emosionele begrip, asook die bestuur van emosies (Fitness, 2006; Gross & John, 2003; Mayer *et al.*, 2004). Op verhoudingsvlak sou dit beteken die aktiewe poging om die huweliksmaat te behaag (*please*), aan mekaar se verwagtinge te voldoen, mekaar hoog te ag en te bewonder, die beste van mekaar te verwag, die beste in die ander te sien, vir mekaar verrassings te beplan, om positiewe aktiwiteite te deel, en mekaar aktief deur die uitdagings van die lewe te ondersteun. Individue wat geliefd en gewaardeer voel, is beter in staat om die teleurstellings en seerkry wat 'n langtermynverhouding voorkom die hoof te bied (Fitness, 2006; McNulty & Karney, 2004).

Emosionele intelligensie in die huwelik sluit dus die gereelde uitdrukking van positiewe gevoelens in, asook 'n gewilligheid tot toewyding (*commitment*) tot die huweliksmaat in 'n klimaat van vertroue en toegeneentheid. In die huwelik sal dit dus van waarde wees as die egpaarlid nie slegs sy of haar eie gevoelens kan bestuur nie, maar 'n positiewe invloed op die huweliksmaat se gevoel kan hê. Per slot van rekening blyk dit dat dit hierdie vermoë om 'n positiewe emosionele klimaat te skep is wat uiteindelik die emosioneel intelligente huwelik kenmerk (Fitness, 2006).

3.1.6 Ten slotte

Dit blyk volgens die navorsing van Brackett *et al.* (2005) dat, indien selfs net een van die egpaarlede oor 'n hoër EQ beskik, dit huwelikskwaliteit kan verhoog. Hierdie navorsers het die emosionele intelligensie en verhoudingskwaliteit van romantiese verhoudings met behulp van die MSCEIT (Mayer-Salovey-Caruso emosionele intelligensietoets) ondersoek. Hul bevinding was dat wanneer beide die man en vrou 'n lae EQ getoon het, die verhoudingskwaliteit beduidend laer was as wanneer een of beide lede oor 'n hoër EQ beskik. Wanneer een lid oor hoër EQ beskik, blyk dit die huwelikskwaliteit te verhoog, terwyl beide wat oor hoër EQ beskik nie werklik 'n verskil in die kwaliteit van die verhouding maak nie. Die effek hiervan by langtermynhuwelike is egter nie bekend nie.

Dit blyk dat vroue oor die algemeen oor 'n hoër EQ as mans beskik (Mandall & Pherwani, 2003; Mayer *et al.*, 1999; Mayer & Geher, 1996). Indien dit die geval is, en vroue makliker aanmeld vir terapie as mans, huweliksaanpassing by egpare verhoog kan word deur op die ontwikkeling van EQ by die vrou te fokus.

Dit blyk dus dat voldoende EQ by een of albei huweliksmaats die kans om 'n langtermyn, tevrede huwelik in stand te hou, verhoog. Fitness (2006) dui aan dat EQ alleen egter nie genoeg is om huweliksgeluk te verseker nie. 'n Huweliksmaat moet getroud wil wees, en verbind wees tot die idee van getroud wees met die huweliksmaat. Egpaarlede moet ook geheg wees aan mekaar, na mekaar se belange omsien, en gewillig wees om verantwoordelikheid vir mekaar se behoeftes te neem.

Vanuit bogenoemde literatuurstudie kan die aanname gemaak word dat EQ wel kan bydra tot hoër huweliksaanpassing. Aangesien daar min tot geen navorsing hieroor in Suid-Afrika gedoen is nie, sal daar in hierdie navorsing op die Suid-Afrikaanse konteks gefokus word, en dan ook spesifiek op die huweliksfasie met voorskoolse kinders.

3.2 Spirituele intelligensie (SQ) in die huwelik

“If we hope to live not just from moment to moment, but in true consciousness of our existence, then our greatest need and most difficult achievement is to find meaning in our lives.” (Bettelheim, 1976, p. 3)

3.2.1 Die aard van spirituele intelligensie

Spirituele intelligensie (SQ) kan beskou word as die intelligensie waarmee ons toegang verkry tot 'n diep vlak van **sin en betekenis, waardes**, 'n lewensdoel en die hoogste moontlike vlak van **motivering**. SQ verwys na die siel se intelligensie, waar “siel” verwys na “that channelling capacity in human beings that brings things up from the deeper and richer dimensions of imagination and spirit into our daily lives, families, organizations and institutions” (Zohar & Marshall, 2004, p. 3).

Daar is tans, byna vyftig jaar na die werk van Victor Frankl, 'n nuwe behoefte en belangstelling in die belangrikheid om sin en betekenis in lewensituasies te vind. Wolman (2001) definieer SQ as “our human capacity to ask ultimate questions about the meaning of life; and to experience simultaneously the seamless connection between each of us and the world in which we live” (p. 83-84).

Reeds in die tagtigerjare is opgemerk dat sosiale wetenskaplikes en persone in die gesondheidsprofessies grootliks die belangrikheid van betekenis misken (Reker, Peacock & Wong, 1987; Ruffin, 1984). Ruffin (1984) meen in sy artikel oor “the anxiety of meaninglessness” dat sielkundiges die aspek van sin en betekenis ongelukkig as 'n filosofiese of teologiese probleem beskou. Vanuit die min navorsing en literatuur wat steeds daarvoor beskikbaar is, kan afgelei word dat dit steeds die geval is. SQ is 'n onlangs geformuleerde intelligensie, en daar is nog min kliniese navorsing gedoen om menslike kwaliteite wat daarmee geassosieer kan word te identifiseer (Halama & Strizenec, 2004). Op die terrein van die huwelik is, sover

bepaal kon word, nog geen navorsing oor die invloed van SQ gedoen nie. Deur SQ te bestudeer en te bevorder kan individuele vryheid en selfaktualisasie in die samelewing verhoog word. SQ het ook verder die potensiaal om die mensdom die sinloosheid van geweld te laat insien en die waarde van gesinsgeborgtheid asook 'n "vrede bokant begrip" te laat ervaar (MacHovec, 2002, p. 37).

Hoewel daar 'n gebrek aan navorsing oor SQ is, begin daar wel in die psigoterapie 'n beweging na die soeke na 'n "nie-godsdienstige spiritualiteit" om die behoefte aan 'n persoonlike waardesisteem en karakterbou aan te spreek (MacHovac, 2002). SQ verwys dus nie na godsdiens of 'n georganiseerde geloofsisteem nie, alhoewel dit spiritualiteit insluit. Alhoewel SQ verwant is aan kognitiewe, emosionele en morele ontwikkeling, is dit nie identies aan een van hierdie aspekte nie (Vaughan, 2002).

'n Spiritueel oningeligte samelewing, opvoedkundige sisteme, werkpatrone en -druk verlaag mense se vermoë om SQ uit te leef. Victor Frankl (1959) verwys na die frustrasie om nie lewensbetekenis te ontdek nie as die "eksistensiële vakuum". "If man does not know why he is living, he loses his motivation, and his drive for life withers. In essence, he becomes bored. ... Man's main concern ... lies in the fulfilment of meaning and in actualizing values." (Frankl, 1959, p. 108) Volgens Ruffin (1984) is die gevoel van betekenisloosheid by die mens nie 'n abnormale toestand nie, maar mense reageer op patologiese maniere daarop, waaronder met alkohol- en dwelmafhanglikheid. Volgens hom behoort terapie nie bloot te fokus op die soeke na betekenis nie, maar ook op die aanvaarding van betekenisloosheid, die verantwoordelikheid om dit in die oë te kyk en die kreatiwiteit om in tye van chaos orde te skep.

SQ kan egter, net soos EQ, weer aangeleer of verbeter word (Zohar & Marshall, 2004). Elke mens word gebore met die potensiaal vir 'n hoë SQ. Dit kan met ervaring ontwikkel word en 'n persoon help onderskei tussen realiteit en illusie (Vaughan, 2002; Zohar & Marshall, 2004). SQ kan deur die samelewing as liefde, wysheid en diens ervaar word. "Spiritual intelligence opens the heart, illuminates the mind, and inspires the soul, connecting the individual human psyche to the underlying ground of being." (Vaughan, 2002, p. 19-20)

Soos by EQ ontstaan daar ook die vraag of SQ as 'n tipe intelligensie beskou kan word. Emmons (2000) en Wolman (2001) ondersteun die idee dat spirituele intelligensie wel as 'n tipe intelligensie beskou kan word. Dit word gebou op die beginsel dat SQ, soos IQ en EQ, verwys na aktiwiteit in spesifieke areas van die brein. Zohar en Marshall (2004, p. 64) verwys na die sogenaamde “*God spot*” wat deur neuroloë as 'n massa neurale weefsel in die temporale lob ontdek is. Hierdie area van die brein is onder andere verantwoordelik vir godsdienstige idees, rituele en gebruike, die vra van fundamentele vrae oor sin en betekenis en behels spirituele ervarings (Zohar & Marshall, 2004). Mistieke ervarings word dan ervaar as die produk van kortstondige elektriese aktiwiteit in die temporale lobbe van die brein (Persinger, 1996).

SQ tree dus nou na vore as 'n gepaste onderwerp vir wetenskaplike navorsing. Dit kan beskou word as 'n redelik onbekende en moeilike onderwerp om te bestudeer. Vanuit die literatuurstudie blyk dit dat die term *spirituele intelligensie* verwarrend kan wees en dat verskeie outeurs en navorsers die klem op uiteenlopende aspekte plaas. Ná ondersoek van hierdie beskouings is daar hoofsaaklik gefokus op die werk van Zohar en Marshall (2004) asook MacHovec (2002). Zohar en Marshall (2004) beskou SQ as eienskappe van die mens as *komplekse aanpassingsstelsel* en bied 'n werkbare verklaringsmodel. MacHovec (2002) bied weer 'n deeglike en wetenskaplike beskrywing van SQ en beskou SQ verder as 'n spirituele dimensie van die mens se *persoonlikheid*. Albei stromings benader egter SQ vanuit die grondwerk wat deur Abraham Maslow en die mens se soeke na selfaktualisering gelê is.

Soos daarna verwys is in Hoofstuk 1, tref Frank MacHovec (2002) 'n onderskeid tussen SQ-Ooste en SQ-Weste. Die Ooste is op soek na inligting, insig en wysheid, asook interne fokus en is tydloos in hierdie soeke. Die Weste plaas weer die klem op aanpassing en hanteringstrategieë, met ander woorde, 'n eksterne fokus, terwyl tyd 'n rol speel en daar geneig word om 'n “kitskos”-kortpad na die waarheid te soek. Alhoewel daar teen oorvereenvoudiging gewaak moet word, beskou die navorser die volle omvang van SQ as 'n kontinuum, waar daar op 'n balans van beide gefokus word, en daar dus in die middel van hierdie kontinuum op betekenis, motivering en waardes gefokus word. (Sien punt c.) Dit blyk uit die literatuur dat daar hoofsaaklik drie benaderings ten opsigte van SQ bestaan.

(i) SQ met die klem op die spirituele

In hierdie benadering word SQ beskryf as “spiritualiteit”, “godsdienstervaring” of “eienskappe van geestelike ontwikkeling”. MacHovec (2002) se beskrywing van SQ-Ooste sou hierby kon aansluit. Godsdienst en spirituele ervarings speel ’n groot rol in, onder andere, Kathleen Noble (2001) se beskouing van SQ.

Eienskappe wat volgens hierdie sienswyse met SQ geassosieer word, is die volgende:

- die vermoë om die fisieke en materiële te oortref (*transcend*);
- die vermoë om ’n verhoogde vlak van bewuste te ervaar;
- die vermoë om alledaagse ervarings in iets groots te omskep;
- die vermoë om van spirituele bronne gebruik te maak vir probleemoplossing;
- die vermoë om deugsam te wees;
- die bewuste erkenning dat fisieke realiteit ingebed is in ’n groter, multidimensionele realiteit waarmee ons op ’n oomblik-tot-oomblik-basis, bewustelik en onbewustelik, in interaksie verkeer; en
- die bewustelike nastreef van psigologiese gesondheid, ter wille van die self, asook die belang van die globale gemeenskap (Noble, 2001, p. 46).

Die eerste vyf kenmerke is deur Emmons (1999) uit empiriese literatuur in die sielkunde van godsdienst en spiritualiteit geïdentifiseer, terwyl die laaste twee deur Noble bygevoeg is.

Van die ooreenkomste van hierdie benadering met ander literatuur oor SQ is byvoorbeeld die klem op die oorkoming van terugslae (“*resilience*” of veerkragtigheid). Dit wys op die vermoë om in uiters stresvolle situasies met buitengewone bevoegdheid op te tree en vinnig na ’n terugslag te kan herstel (Noble, 2001, p. 49).

SQ verwys nie na godsdienst of ’n georganiseerde geloofsstelsel nie (Zohar & Marshall, 2004). Godsdienst en SQ staan langs mekaar, maar verskil tog van mekaar. Godsdienst word formeel georganiseer, terwyl spiritualiteit ’n persoonlike ervaring is en as deel van SQ beskou kan word. SQ is uniek tot die individu. Die

ideaal sou wees dat godsdiens per definisie ook spiritueel sou wees. Godsdiens leer moraliteit, terwyl spiritualiteit betekenis help ontwikkel (MacHovec, 2002).

(ii) SQ met die klem op persoonlike ontwikkeling en volwassenheid

Aan die ander kant van die kontinuum sou hierdie siening aansluit by McHovec (2002) se siening van SQ-Weste. Die term *spirituele intelligensie* word deur sommige outeurs as omvattende term gebruik vir 'n omskrywing van psigologiese volwassenheid of persoonlike ontwikkeling. Khalil Khavari (2000) beklemtoon byvoorbeeld in die boek *Spiritual Intelligence: a practical guide to personal happiness* spiritualiteit (lewe en dood, godsdiens) en beskou dan persoonlike sorg (eet- en slaappatroon, tydsbeplanning), sosiale vaardighede (kommunikasie), streshantering, asook die hantering van emosies (geluk, angs, frustrasie en skuldgevoelens) as deel van SQ.

(iii) SQ met klem op betekenis, motivering en waardes

In hierdie navorsing word klem gelê nie op suiwer SQ-Ooste of SQ-Weste nie, maar 'n balans van beide, wat unieke eienskappe bevat. Daar word veral gefokus op die benaderings van Zohar en Marshall (2004), McHovec (2002) en sluit aan by die werk van Frankl (1969).

Dit blyk vanuit die literatuur dat spirituele intelligensie op die ontwikkeling van veral drie aspekte, soos in 3.2.2 bespreek word, dui.

3.2.2 MMV-model van SQ

Soos aangedui in Hoofstuk 1, dui die MMV-model van SQ (*meaning, motivation and values*) op die ontwikkeling van veral drie aspekte, naamlik

- die vind van sin en betekenis,
- om te leef vanuit positiewe motivering; en
- om te leef vanuit jou waardes.

Vervolgens sal hierdie drie aspekte breedvoerig beskryf word, waarna elk bespreek sal word soos wat dit in die huwelik van toepassing is.

3.2.2.1 Die vind van sin en betekenis

Die tien beginsels van **sin en betekenis** in die MMV-model is grootliks saamgestel uit die 12 transformasiebeginsels van Zohar en Marshall (2004) (sien Bylae 3.1), sowel as die 16 trekke van MacHovec (2002). (Sien Bylae 3.2.) Zohar en Marshall (2004) waarsku egter dat 'n oorbeklemtoning of verkeerde gebruik van een of meer van hierdie beginsels ook destruktief mag wees. Tabel 3.3 verwys kortliks na die ooreenkomste tussen hierdie twee modelle.

Tabel 3.3: Ooreenkoms tussen 16 SQ (S-trekke) van MacHovec en die 12 SQ-transformasiebeginsels van Zohar en Marshall

A. 16 S-trekke – MacHovec (2002)	B. 12 Transformasiebeginsels van Zohar en Marshall (2004)
1. <u>Meditatiewe bewuswees</u> – om 'n dieper betekenis en waarheid te vind in 'n ontspanne toestand	1. Selfbewuswees/selfkennis
2. <u>Estetiese bewuswees</u> – waardering, begrip en roering deur taal, kuns of musiek	
3. <u>Morele volwassenheid</u> – Kohlberg se finale stadium van morele ontwikkeling, naamlik die moraliteit van universele etiese beginsels	3. Visie- en waardegedrewe
4. <u>Karaktergelykmoedigheid</u> – charisma en grasia wat ander inspireer en laat goed voel	
5. <u>Empatie-geenoot-gevoel</u> – sonder oordeel en onvoorwaardelike positiewe aanvaarding van ander	5. Deernis
6. <u>Openheid</u> – om sonder voorveronderstellings na alle mense te luister	
7. <u>Aktualiseringgedreweheid</u> – om deur nuuskierigheid na selfaktualisering te groei	8. Vra hoekom
8. <u>Onselfsugtige diens</u> – om vryelik te gee en so die wêreld 'n beter plek te maak	11. Nederigheid 12. Gevoel van geroepenheid
9. <u>Beskeidenheid-nederigheid</u> – om die self op "grootse" wyse in die skadu te stel	11. Nederigheid
10. <u>Deernis-omgee</u> – 'n warm omgee en sien van ander as mense met onbepaalde potensiaal	5. Deernis 6. Viering van diversiteit

11. <u>Positiewe houding</u> – om in negatiewe tye op spirituele wyse die positiewe daarin te soek	10. Die positiewe aanwending van teenspoed
12. <u>Eenvoud-elegansie</u> – verminder tempo om skoonheid en vrede in “eenvoudige”, dog elegante kuns en kultuur te ervaar	
13. <u>Spontaniteit-egtheid</u> – om deur selfinsig en selfaanvaarding 'n vrye gees te openbaar	2. Spontaniteit
14. <u>Eerlikheid-openhartigheid</u> – kan openlik en direk kommunikeer sonder om ander seer te maak	7. Veld-onafhanklikheid
15. <u>Introjeksie</u> – om tyd te maak vir selfondersoek, energie daaruit te kry, te groei na buite	1. Selfbewuswees/selfkennis
16. <u>Spirituele humor</u> – om met speelsheid probleme ook met humor op te los	2. Spontaniteit
	4. Holisme
	9. Herberaming (reframing)

Dit is opvallend vanuit hierdie tabel dat daar verskeie ooreenkomste tussen die twee verskillende raamwerke vir SQ bestaan, byvoorbeeld om lewensituasies nie net as vanselfsprekend te aanvaar nie, maar te vra “hoekom” dinge is soos wat dit is (nr. 7 van MacHovec, nr. 8 van Zohar en Marshall); ook om in moeilike situasies na die positiewe (betekenis) daarin te soek (nr. 11 van MacHovec, nr. 10 van Zohar en Marshall). Vanuit hierdie modelle, asook 'n wyer literatuurstudie het die navorser tien beginsels geïdentifiseer wat verband hou met die ontwikkeling van sin en betekenis.

Dyer (2006) wys daarop dat die woord *spiritueel* uit dieselfde woord stam as “*in spirit*” of “*inspireer*”. Spirituele ervarings soos inspirasie word volgens Hart (1998) oor die algemeen geassosieer met gevoelens van helderheid, verbintenis (*connection*), oopmaak en energie. “To be inspired is to be in the spirit; to be dispirited is to feel separated and discouraged.” (Vaughan, 2002, p. 26).

Die eerste vyf beginsels van die MMV-model dui daarop om *geïnspireerd* te wees, naamlik meditatiewe bewustheid, estetiese bewustheid, om te vra “hoekom”, nederigheid, asook die positiewe aanwending van moeilike omstandighede. Die ander 5 beginsels dui daarop om *ander te inspireer*, naamlik oop, empatiese

aanvaarding van ander, onselfsugtige geroepenheid, spontaniteit, veld-onafhanklikheid en die vermoë tot 'n alternatiewe perspektief (*reframing*). Die betekenis van die beginsels word vervolgens uiteengesit en aangedui hoe dit met MacHovec en Zohar se modelle skakel.

(i) Meditatiewe bewustheid (MacHovec 1, 15; Zohar & Marshall 1)

“Meditation is defined as a period of time spent focusing one’s mind for spiritual purposes or as a relaxing method.” (Buzan, 2001, p. 123)

Die Sufi-leerstellings verwys ook na die “geïnspireerde self” wat spirituele ervarings begin geniet deur gebed of meditasie (Fadiman & Frager, 1997). Wolman (2001) verwys na 'n intuïtiewe bewustheid van 'n Opperwese en die gevoel van verwondering in sy teenwoordigheid.

Net soos by EQ, vra SQ gereelde en deeglike selfondersoek, wat lei tot selfkennis (George, 2006; MacHovec, 2002). Meditatiewe bewustheid behels 'n mate van selfanalise, selfstudie (introspeksie) en groei na binne, wat uiteindelik tot 'n uitreik na buite kan lei. Selfbewustheid (*self-awareness*) is noodsaaklik vir die ontwikkeling van spirituele volwassenheid (Vaughan, 2002). Dit vra dus 'n fokus na binne, waar eie waardes en betekenis geïdentifiseer, geken en ontwikkel word. Hierdie fokus na binne stel ons in staat om vanuit hoër motivering op te tree. (Sien 3.2.2.2.)

Volgens Zohar en Marshall (2004) is die Westerse kultuur gefokus op hoër selfobsessie en lae selfbewustheid. In die huidige kultuur bestaan daar nie 'n tradisie om na binne te kyk nie. Mensse fokus dikwels eerder op die omstandighede, probleme en gebeure wat om hulle plaasvind.

Ook in die huwelik en gesin is daar min tyd vir selfrefleksie, of tyd om saam oor die huwelik te dink. “Being with others in silent meditation can ... have a healing effect.” (Vaughan, 2002, p. 23). Wat 'n egpaarsstelsel in stand kan hou, is veral die wete dat hul bymekaar is vir 'n groter doel – 'n wederkerige toewyding aan hul diepste ontwikkeling. Hierdie reis op soek na wie hulle werklik is, is 'n groot uitdaging, en die verbintenis met 'n lewensmaat vir wie hul lief is, kan een van die beste voertuie op hierdie lewenspad wees (Welwood, 1992). 'n Klimaat van konstruktiewe ondersoek

na die self en na die huweliksverhouding, kan dien as inspirasie vir ontwikkeling in die huwelik.

(ii) Estetiese bewustheid (MacHovec 2, 12)

Volgens MacHovec (2002) het die spiritueel-intelligente persoon 'n oog vir die mooi en elegante. SQ behels dus 'n estetiese sensitiwiteit en waardering vir die mooi in die lewe. As 'n mens geïnspireer deur 'n kunswerk word, voel 'n mens verfris, vernuwe en vol energie (Vaughan, 2002).

Daar word dikwels verwys na die *spirituele* kwaliteit van meesterstukke in kuns, argitektuur, literatuur en musiek, sowel as die eenvoud daarvan. 'n Persoon met 'n hoë SQ kan die ongekunsteldheid, elegansie, skoonheid en eenvoud van die kunste raaksien en waardeer. In Zen-terme beskryf MacHovec (2002, p. 58) dit as "it shouts in silence". Maslow (1968) het gemeen dat estetiese waardering kan lei tot persoonlike tevredenheid en 'n waardering vir die fynere dinge in die lewe.

(iii) Om die "hoekom"-vraag te vra (MacHovec 7; Zohar & Marshall 8)

"Persons with high SIQ (SQ) are motivated by a strong actualization drive, what Aristotle called 'the need to know', and Einstein referred to as 'a holy curiosity'." (MacHovec, 2002, p. 57)

Die mens moet volgens Zohar en Marshall (2004) eers insien dat die waarheid oneindig is voordat 'n geneigdheid sal ontstaan om na meer agter elke antwoord te soek. Hierdie kreatiewe nuuskierigheid lei daartoe dat met die grense, eerder as binne die grense gespeel kan word. Die spiritueel-intelligente persoon laat verder toe dat hy groei deur die antwoorde wat hy op hierdie vraag kry.

Wanneer persone nie fundamentele vrae vra nie, kan dit die gevolg wees van 'n tekort aan nuuskierigheid, of vrees. 'n Passiwiteit teenoor die lewe kan bydra tot liggelowigheid (Zohar & Marshall, 2004).

Die konsep van "*mindfulness*" kan hierby aansluit. "*Mindfulness*" word beskryf as om aandag te skenk in die huidige oomblik, deur 'n gesindheid van nuuskierigheid, openheid en aanvaarding (Bishop *et al.*, 2004). Volgens Wachs en Cordova (2007)

is daar 'n verband tussen beide “*mindfulness*” en emosionele vaardighede en huweliksaanpassing. In die huwelik moet 'n atmosfeer geskep word waarin vroe aangemoedig word. Egpere moet daarop fokus om nie die passie, varsheid en spontaniteit van die kind (Zohar & Marshall, 2004) in die huweliksmat te ontmoedig nie.

(iv) Nederigheid (MacHovec 9, 4; Zohar & Marshall 11)

“Its not thinking less of yourself, it's thinking of yourself less.”

“Be humble for you are made of earth
Be noble for you are made of stars” (Serwiese idioom).

Deur hierdie beginsel word 'n persoon daaraan herinner dat hy of sy maar een speler in 'n groter drama is (Zohar & Marshall, 2004). Wanneer daar 'n groter bewustheid van die goeie kwaliteite en prestasies van ander ontwikkel, word wegbeweeg van die isolasie en preokkupasie met die eie ego en selfbelang. Op 'n spirituele vlak verwys dit daarna dat die ware belangrikheid of grootsheid van die mens uit iets baie dieper as die eie klein ego spruit. Die persoon met 'n hoë SQ kan dan met voortdurende dankbaarheid leef, wat 'n inspirasie vir ander kan wees (MacHovec, 2002).

MacHovec (2002) verwys na Maslow (1968), wat “grootse beskeidenheid” as 'n funksie van selfaktualisasie beskou “... that makes possible transcendence of self, in a selfless selfishness”. Gereelde en deeglike selfondersoek wat lei tot selfkennis (meditatiewe bewustheid) is dus noodsaaklik, sonder dat die self te belangrik word. Volgens Zohar en Marshall (2004) kan die tekort aan nederigheid lei tot arrogansie of 'n dominerende leierskap. Dis verder 'n groot bydraende faktor in fanatisme, waar 'n persoon geneig is om te glo hy of sy het eksklusiewe toegang tot die waarheid.

In die huwelik sou nederigheid verwys na huweliksmaats wat mekaar beskou as hulp vir mekaar of gelykes, en nie een wat voortdurend onderdanig aan die ander moet wees nie. Dit dra daartoe by om met dankbaarheid die huweliksmaat se sterkpunte en pogings raak te sien, en die erkenning daarvoor aan mekaar te gee. Egpaarlede sal dan geneig wees om eerder hul behoeftes aan mekaar te kommunikeer, sonder om die bevrediging van behoeftes van mekaar te eis.

(v) Skeppende groei in moeilike tye (MacHovec 16; Zohar & Marshall 10)

“If you can meet with triumph and disaster and treat those two imposters just the same ... then you will be a man, my son.” (Rudyard Kipling)

Om moeilike situasies in iets positiefs te omskep, vra 'n grootse karakter, terwyl dit terselfdertyd ook 'n persoon se karakter verder bou. Dit vra die moed om eie swakhede en foute in die oë te kyk, eienaarskap daarvan te neem, daaruit te leer en daardeur te groei. Dit vra verder om die moeilike waarheid te aanvaar dat nie alle probleme oplossings het nie (Zohar & Marshall, 2004).

Om die mooi uit moeilike tye te haal, vra dikwels om die humor in 'n situasie raak te sien (Buzan, 2001). Alhoewel spiritualiteit dikwels as iets ernstig beskou word, is die teenoorgestelde ook waar. MacHovec (2002) verwys na “spirituele humor”, en beskou dit as Maslow se “speelsheid” (deel van selfaktualisasie) in 'n spirituele dimensie. Humor leer die mens dat een manier om 'n probleem te hanteer is om geamuseerd te wees daardeur (MacHovec, 2002). Nobelpryswenner Henri Bergson het humor beskou as 'n wyse om skeppend op te tree, verandering teweeg te bring en rigiditeit (outomatisme) te oorbrug (MacHovec, 1988).

Persone wat nie hierdie eienskap ontwikkel nie, neig om mekaar te blameer, hulself te verdedig, of sinies te raak (Zohar & Marshall, 2004). Hierdie destruktiewe patrone word dikwels in huwelike waargeneem.

By die egpaar met voorskoolse kinders, wat met baie uitdagings en aanpassings gepaard gaan, is dit dus nie noodwendig die huwelikstake of -faktore (soos genoem in 2.2) wat huweliksaanpassing bepaal nie, maar die egpaar of gesin se hantering daarvan, asook die mate waarin die gesin kan herstel na 'n krisistyd (McKenry & Price, 1994). Die belangrikheid van humor in die huwelik is deur Ammerman (2003) ondersoek. 'n Betekenisvolle positiewe verband is gevind tussen die selfaangeduide aanwending van positiewe humor en huweliksaanpassing vir beide mans en vroue. Humor in die huwelik word ook deur Gnika (2008) as een van die belangrikste aspekte vir 'n gelukkige huwelik beskou.

(vi) Empatiese aanvaarding en openheid (MacHovec 5, 6, 10; Zohar & Marshall 5, 6)

“Never criticize others until you have walked a mile in their moccasins.”
(Native American saying)

Empatie verwys na die vermoë om te verstaan hoe ander mense voel en saam met hulle te voel (Buzan, 2001; Vaughan, 2002; Zohar & Marshall 2004). 'n Verlies aan empatie kan lei tot onsensitiwiteit, wreedheid, onverdraagsaamheid teenoor die “andersheid” van mense, asook 'n apatiese of selfs siniese houding teenoor ander. Carl Rogers het die eienskap van empatie en onvoorwaardelike aanvaarding as noodsaaklik beskou vir enige persoon wat 'n ander wil help (Meyer *et al.*, 1988). MacHovec (2002) wys op die verskil tussen aangeleerde “polities-korrekte” empatie, en egte, natuurlike empatie, wat 'n eienskap van die persoon met hoë SQ is.

MacHovec (2002, p. 56) verwys na Maslow (1970) se raak beskrywing van empatie, naamlik om waarlik, volkome, passief, en op 'n beskeie wyse te luister sonder om bevooroordeel te wees, te klassifiseer, te korrigeer, te weerspreek, te evalueer, te beaam, af te keur, sonder om die antwoord vooraf te “oefen”, sonder vrye assosiasie oor dele van wat gesê word en ander dele daarom glad nie gehoor word nie.

Hierdie eienskap vra ook die verdere stap om ander mense vir hulle uiteenlopende opinies of andersheid te waardeer – selfs dankbaar daarvoor te wees, aangesien dit 'n persoon se eie realiteit en geleenthede kan verryk. SQ is die toepassing van wysheid en empatie, afgesien van geslag, ras, sienswyses, ouderdom of etniese oorsprong (Vaughan, 2002; Zohar & Marshall, 2004).

Hierdie eienskap sluit aan by die EQ-faktor, naamlik die emosionele fasilitering van denke (sien 3.1.5, ii), waar die belangrikheid van empatie in die huwelik beklemtoon word. By SQ word die vermoë van empatie egter uitgebrei tot die eienskap van *openheid*. In navorsing van Kosek (1996) het mans wat hoë huwelikstevredenheid aangedui het, hul eggenote onder andere beskryf as “*open-minded*”. Ander eienskappe wat hiermee gepaard gegaan het, was om uitgaande en insiklik te wees. Ook vroeëre navorsing van Gottman (1994) beskryf openlikheid as een van die eienskappe wat vir egpare belangrik is.

(vii) Geroepenheid (MacHovec 9, 4; Zohar & Marshall 11)

Hierdie eienskap behels om in jou beroep en algehele leefwyse die behoefte te voel om iets tot die wêreld by te dra en iets vir ander te beteken (Zohar & Marshall, 2004). Dit begin by 'n universele, altruïstiese omgee vir die mensdom (MacHovec, 2002).

Dit beteken dat 'n persoon 'n visie en verantwoordelikheid het vir die welsyn van ander neem. Om 'n verskil te maak sou beteken om jou sin en betekenis tot die wêreld raak te sien (Buzan, 2001; Zohar & Marshall, 2004). MacHovec (2002, p. 57) beskou die persoon met hoë SQ as “selfless, not selfish”. Die persoon wat dien, gee vrylik van homself sonder om die koste te bereken.

Volgens Zohar en Marshall (2004) beteken die verlies aan geroepenheid dat ander mense, sowel as die gawes van die lewe as vanselfsprekend beskou word. 'n Huweliksmaat wat nie hierdie eienskap besit nie sal geneig wees om die ander as vanselfsprekend te aanvaar, en slegs gepreokkupeerd met sy of haar eie lewe te wees. Hierdie omgee in die huwelik vir mekaar is van die uiterste belang. Gottman (1994) bevind dan ook dat liefde en respek die grootste bydraende faktore ten opsigte van huweliksukses is.

(viii) Spontaniteit (MacHovec 13; Zohar & Marshall 2)

“It (spontaneity) means greeting each moment, each person, each situation with the freshness of a child, without the baggage of past conditioning, habit, prejudice, fear, needing to seize control, or being unnecessarily polite.” (Zohar & Marshall, 2004, p. 85)

Spontaniteit verwys nie na 'n persoonlikheidseienskap nie, maar na 'n persoon se gewilligheid om sy of haar ongemaklike binne te tree, en elke oomblik met openheid te beleef. Dit kan 'n persoon in kontak bring met vrees, wat dan ook die grootste versperring is in ons strewe na spontaniteit. Die woord “spontaniteit” is van Latynse oorsprong en beteken beide *reaksie (response)* en *verantwoordelikheid (responsibility)*. Om ten diepste spontaan te wees sou dus beteken om op die oomblik spontaan te reageer en dan gewillig en in staat te wees om daarvoor verantwoordelikheid te neem (Zohar & Marshall, 2004).

Persone met 'n hoë SQ ken en aanvaar hulself met 'n onbeperkte, onbeheersde vertroue (MacHovec, 2002). 'n Gebrek aan selfvertroue en vertroue in die lewe lei tot 'n geneigdheid om te wil beheer, of rigied te wees. Gewoonte en 'n te hoë agting vir tradisie of outoriteit inhibeer dikwels spontaniteit (Zohar & Marshall, 2004).

(ix) Veldonafhanklikheid (MacHovec 14; Zohar & Marshall 7)

Veldonafhanklikheid is 'n psigologiese term wat beteken om in staat te wees om van die groter groep te verskil. Die persoon met 'n hoë SQ het die innerlike krag om alleen te staan, geïsoleerd te voel in sy of haar siening van die wêreld, en steeds voort te gaan (Zohar & Marshall, 2004). Die persoon is verder seker dat hy of sy nie slegs weens hardkoppigheid, fanatisme of 'n geslotenheid vir ander se sienings verskil nie. Volgens MacHovec (2002) gaan dit gepaard met openheid en egtheid.

Zohar en Marshall (2004) wys ook op die vermoë om, soos Ghandi, selfs op te staan teen die vorige paradigmas of gewoontes wat 'n persoon se eie lewe gerig het. Dit verwys daarna om bo enige geneigdheid wat 'n mens kan gevange hou, uit te styg: haat, verwyte, jaloesie, die behoefte om gevele te word, of om geregtigheid te sien seëvier.

Die teenoorgestelde hiervan sou wees die persoon wat op goedkeuring, ander se opinies of sy of haar omstandighede staatmaak. Wanneer 'n egpaarlid die vrymoedigheid in die huwelik het om te verskil van die huweliksmaat, mag die wedersydse ondersoek van hierdie verskille stimulerend en verrykend vir albei partye wees. Afhangende van die hantering daarvan, kan konflik opbouend vir 'n huwelik wees (Gottman, 1994).

(x) Holistiese, nuwe perspektief (Zohar & Marshall 4, 9)

Volgens holisme in fisika is dit die verhouding tussen dele wat die realiteit daarvan definieer. 'n Geheel kan dus nie in verskillende dele opgebreek word sonder om iets van die geheel prys te gee nie.

Op spirituele vlak stel holisme 'n persoon in staat om die oneindige in die eindige raak te sien, om die dieper onderstrominge en patrone in 'n probleem of situasie raak te sien. Nuwe moontlikhede kan so raakgesien word. Die spiritueel-intelligente

persoon kan dus die groter prentjie raaksien en op hulle intuïsie staatmaak (Buzan 2001; Zohar & Marshall 2004). Hulle neem verantwoordelikheid vir hulle deel van die geheel, en is altyd bewus hoe daardie geheel hulself en ander raak.

Maslow (1968) verwys na die persoon met hoë selfaktualisering as iemand wat bewus raak dat die heelal 'n geïntegreerde geheel is, en dat hy as individu 'n plek daarin het. Zohar en Marshall (2004) se verwysing na holisme sluit verder aan by 'n persoon se vermoë om in 'n situasie terug te staan, die groter prentjie te sien en 'n ander (groter, breër) perspektief daarvan te kry. Dit wys op die vermoë "to rethink the past and to imagine the future" (Zohar & Marshall, 2004, p. 100).

Om gebeure, die lewe of byvoorbeeld die huwelik in aparte dele te sien, kan 'n persoon verstrik laat raak in die detail. Die situasie word dan net vanuit die hier en nou beskou en aandag word dan slegs aan korttermynoplossings geskenk (Zohar & Marshall, 2004). Cowan en Cowan (1992, p. 204) beklemtoon die belangrikheid van die egpaar wat nuwe ouers word, se vermoë van "*rethink and readjust*". Hierdie vermoë bepaal dan hoe maklik of moeilik hulle by ouerskap aanpas.

3.2.2.2 Funkzionering op die hoogste vlak van motivering

Die ontwikkeling van SQ vereis verder optrede vanuit die mens se *hoogste vlak van motivering* (Zohar & Marshall, 2004). 'n Persoon met 'n hoë SQ vra homself af hoekom hy doen wat hy doen, en word gemotiveer om te streef na 'n beter, sinvoller manier van doen. Die mens se hoogste motiveringbron kan beskou word as 'n soeke na sin en betekenis. Hierdie twee aspekte, naamlik motivering en betekenis, kan dus soos twee treinspore in die persoon met hoë SQ die lewenspad aandui. Om gedrag, geïnspireer deur laer vlakke van motivering, te verskuif na vlakke van hoër motivering, moet daar aan die tien beginsels van sin en betekenis aandag gegee word.

Volgens Zohar en Marshall (2004) dra mense in die korporatiewe wêreld se lae SQ daartoe by dat hulle dikwels vanuit laer motivering soos gierigheid, woede en selfgelding ten koste van 'n hoër kwaliteit lewe reageer. Indien leiers dus hul SQ gebruik om spirituele kapitaal in hul wyer organisatoriese kultuur te skep, kan hierdie

kultuur meer ondersteunend word. In hierdie ondersoek word die waarheid hiervan op egpaarsisteme ondersoek.


Wanneer 'n persoon die selfkennis het om te weet wat sy of haar gedrag motiveer, kan daar groei plaasvind en SQ verhoog word. Gedrag wat spruit uit vrees of verdediging kan verander na gedrag wat gemotiveer word deur liefde en omgee.

“Followed with commitment and integrity, a path can lead from the bondage of unconsciousness to spiritual freedom, from fear and defensiveness to love and compassion, and from ignorance and confusion to wisdom and understanding.” (Vaughan, 2002, p. 23)

Abraham Maslow het reeds in die 1960's die piramide van behoeftes voorgestel soos weergegee in Tabel 3.4. Hierdie behoeftes kan beskou word as verskillende vlakke van motivering, waarvan *selfaktualisering* as die hoogste vlak beskou word.

Maslow se teorie was en is steeds nuttig en waardevol in die verstaan van menslike motivering. In praktiese aanwending het dit egter, soos baie ander teoretiese konsepte, nie aan die verwagtinge voldoen nie. Volgens Maslow is die voorsiening van fisiologiese behoeftes (asook al die ander behoeftes) 'n voorvereiste tot selfaktualisering. In 'n tydperk van groot finansiële nood by groot hoeveelhede mense kon die hoër behoeftes dus minder aandag verkry (Kennedy, 1998). Teen die einde van Maslow se lewe het hy skynbaar gemeen dat die piramide omgekeerd moet wees en dat selfaktualisasie die mens se grootste en deurlopendste behoefte is wat tot uiting kom in alles wat die mens ervaar (Zohar & Marshall, 2004).

Tabel 3.4: Maslow se hiërgie van behoeftes (Meyer et al., 1988)



Ian Marshall (in Zohar & Marshall, 2004) het 'n skaal saamgestel wat 'n individu of kultuur se motiverende en emosionele basis op sistematiese wyse kan identifiseer. Dit stel voor hoe 'n mens, deur van SQ gebruik te maak, vanaf die huidige toestand na 'n meer verkose een kan skuif. Die motiveringskaal is gebou op Maslow se piramide van behoeftes, maar is uitgebrei na 16 behoeftes – agt positief en agt negatief – wat in verband met mekaar gebring word. (Sien Tabel 3.5.) Die positiewe en negatiewe bene van die skaal is spieëlbeelde van mekaar. Die positiewe bene verwys na hoër behoeftes, wat dui op gesonde motivering, terwyl die negatiewe bene verwys na gebreksbehoefes. Innerlike krag (+3) is byvoorbeeld 'n spieëlbeeld van begeertes of drang (-3).

Soos geïmpliseer deur die volgorde van die skaal, dui hoër vlakke van motivering op 'n hoër SQ. Motivering en gedrag, asook die gevolge daarvan, verbeter, soos 'n mens hoër op die skaal beweeg. Motivering van +3 kan dus meer funksioneel wees as dié van -1, terwyl gedrag wat op 'n motiveringsvlak van -1 gemotiveer word, op 'n hoër SQ as dié van -4 dui. 'n Egpaarlid wat uit vrees by haar huweliksmaat bly (-4), sal veel eerder reaktiewe gedrag en selfverdediging as strategie gebruik in krisis as 'n egpaarlid wat gedryf word deur selfgeding (-1). Vrees lei tot gedrag wat geen risiko's neem nie, terwyl selfgeding volgens hierdie model mag lei tot te veel selfvertroue of roekeloosheid. Gedrag gemotiveer deur +3 sal weer dui op gedrag wat gemotiveer word deur integriteit en innerlike waardes.

Tabel 3.5: Motiveringskaal van Ian Marshall (Zohar & Marshall, 2004)

MASLOW	MOTIVERING WAT 'N PERSOON DRYF	
Piekervarings	Verligting (<i>enlightenment</i>)	+8
	<i>World soul</i>	+7
	Hoër dienswerk	+6
Selfaktualisering	Generatieweit	+5
	Bemeestering	+4
Selfsiening	Mag-van-binne	+3
	Gemeenskapsgevoel/samewerking	+2
Hoër behoeftes	Verkenning	+1
	Vertrekpunt of oorgang	0
Gebrekkige Behoeftes	Selfgesentreerdheid	-1
	Woede	-2
Behoort aan	Drange en begeertes	-3
	Vrees	-4
	Angs/sielesmart	-5
Oorlewing	Apatie	-6
	Skuldgevoel en skaamte	-7
	Ontpersoonliking	-8

Volgens Zohar en Marshall funksioneer die afsonderlike vlakke van motivering (tweede kolom) as aantrekkingsbronne en behels energieveldde wat nie bewustelik gekies word nie. In teenstelling hiermee, vra die tien SQ-beginsels (3.2.2.1) aktiewe besluitneming en wil. Hierdie beginsels het die vermoë om energie in die motiveringstoestande te laat vloei en menslike energie na toestande van hoër

motivering te kanaliseer. 'n Persoon kan slegs met die motiveringsvlakke opbeweeg deur aan die tien beginsels van sin en betekenis te werk (3.2.2.1). 'n Persoon kan byvoorbeeld tot die insig kom dat sy gedrag grootliks deur *woede* (-2), waar kollegas of 'n huweliksmaat as die vyand beskou word, gemotiveer word. Deur aandag te skenk aan waardering vir ander se uiteenlopende opinies of andersheid (empatiese aanvaarding en openheid), of die humor of betekenis in 'n moeilike situasie te soek (skeppende groei in moeilike tye), kan sy gedrag gemotiveer word deur *gemeenskapgevoel en samewerking* (2).

'n Persoon se EQ speel ook 'n rol: "... it is possible to see how environment or emotional intelligence influences how people can move up or down on the scale" (Zohar & Marshall, 2004, p. 45). EQ verskaf dus aan 'n persoon die selfinsig om te bepaal deur watter motiveringsvlakke gedrag gemotiveer word.

Volgens die navorser se wete is daar nog nie oor 'n lang tydperk navorsing oor 'n persoon se funksionering op een of meer motiveringsvlakke gedoen nie. Dit blyk egter vanuit die literatuurstudie dat dit moontlik is vir 'n persoon om hoër of laer op die motiveringskaal te beweeg, afhangende van die situasie. 'n Hoër telling by 'n persoon op 'n spesifieke motiveringvlak kan kenmerkend wees van 'n persoon op 'n gegewe tydperk. Dit blyk ook moontlik te wees dat 'n persoon "vasgevang" kan raak op 'n spesifieke motiveringvlak. Vervolgens word die motiverings soos beskryf deur Zohar en Marshall (2004) (Tabel 3.5) omskryf.

(0) Neutraal: Hierdie vlak van neutraliteit is nie 'n motivering opsigself nie. Dit is die beginpunt, waar die individu met geboorte hom bevind, of wanneer daar 'n lewensveranderende oorgang van negatiewe na 'n meer positiewe motiveringsvlak gemaak word. 'n Persoon kan ook op hierdie vlak aan die begin van 'n nuwe dag verkeer, met die moontlikheid om deur die dag vanuit negatiewe of positiewe motiveringsvlakke op te tree.

(+1) Eksplorاسie/verkenning: Op hierdie vlak word 'n persoon se gedrag gemotiveer vanuit 'n oop, verwonderende nuuskierigheid oor die lewe. Lewensituasies word aangepak soos 'n kind wat alles sien en hoor asof in 'n oop gesprek met die omgewing. Dit behels die wete dat dit nodig is om te weet, te leer en te ontdek. 'n

Persoon wat deur eksplorاسie optree, lees graag en stel belang in musiek, kuns en films. Hulle hou van nuwe uitdagings en om nuwe probleme op te los. Nuwe, ongunstige omstandighede word gehanteer met 'n "wat kan ek hiervan maak"-gesindheid.

(-1) Selfgesentreerdheid: Hierdie motiveringsvlak gaan gepaard met kortsigtigheid, kompetisiegedreweheid, selfvoldaanheid en selfs aggressie. Alhoewel hier ook 'n soeke na kennis is, word dit gebruik om ander te manipuleer, en 'n eie posisie te versterk. Hier is ook nie belangstelling om meer te leer as wat voordeel vir die self inhou nie. Weens 'n sterk behoefte aan mag en status is daar dikwels konflik met ander wie se opinies van hom of haar verskil.

(+2) Gemeenskapsgevoel en samewerking: Die mens het 'n sterk behoefte aan geselskap en om verhoudings met ander mense te vorm. Op hierdie motiveringsvlak word gedrag gemotiveer deur lojaliteit, en gebaseer op gedeelde waardes en doelstellings. Hierdie persone is goeie spanmaats. 'n Nog sterker aspek van hierdie vlak is die motivering tot samewerking. Hiervoor is strategieë van onderhandeling, versoening en konflikhantering nodig. Ander se menings word maklik ingesien en respek vir ander kom voor, selfs al beskik hulle oor 'n ander opinie. Hierdie persone is goeie luisteraars en kan hulleself dikwels uitleef in beroepe soos onderwys, afrigting en sosiale werk.

(-2) Woede: 'n Persoon wie se gedrag meestal deur woede gemotiveer word, kan soms ervaar word as koud en terughoudend, terwyl, woede-uitbarstings of rebelsheid in ander gevalle mag voorkom. Ander persone word meestal vir sy of haar negatiewe gevoelens blameer, en beskou as die vyand wat gestraf of oorwin moet word. Samewerking vind nie maklik plaas nie. Hierdie woede spruit meestal uit frustrasie weens onvervulde behoeftes.

(+3) Mag-van-binne: Hier word gedrag nie gemotiveer deur 'n behoefte om mag oor ander te verkry nie, maar wel mag oor die self. Hierdie persoon beleef 'n vrede in hom- of haarself, met gedrag wat spreek van lojaliteit, integriteit, verantwoordelikheid en vertrouenswaardigheid. 'n Openheid en verdraagsaamheid teenoor die waardes van ander kom voor. Daar word ook na al die standpunte geluister voordat 'n besluit

geneem word. 'n Strategie van stille determinasie word gevolg om take mee af te handel.

(-3) Begeertes/drange: Drange (*cravings*) verwys na 'n ewige rusteloosheid, die gevoel dat dit nooit genoeg is nie, of dat daar altyd nog iets is wat kortkom. Hierdie persoon word gedryf deur 'n gevoel van innerlike leegheid. Gedrag word gemotiveer deur gulsigheid, materialisme en jaloesie. Hierdie motiveringsvlak vorm ook die basis van alle afhanklikhede soos ooreet, drankmisbruik, dwelms of dobbelary.

(+4) Bemeestering: Hierdie motivering is gewortel in diep, persoonlike waardes, sowel as breër interpersoonlike waardes en vaardighede – soos dié van 'n tradisie, sisteem of gedeelde visie. Instink kan gebruik word om goeie strategieë en besluite te volg. 'n Innerlike dissipline kom voor en lei tot meer komplekse langtermynstrategieë soos gebed, meditasie, of om te volhard in 'n vaardigheid of kunsvorm. Die groter prentjie word gesien, asook geleenthede wat ander nie raaksien nie.

(-4) Vrees: Vrees word geassosieer met angs, agterdog, 'n gevoel van bedreiging of weerloosheid. Dit is die teenoorgestelde van om in beheer te wees. Die persoon wat deur vrees gemotiveer word wil hom- of haarself voortdurend beskerm of verdedig. Ook geleenthede of uitdagings word as 'n bedreiging gesien. Hierdie persoon loop nie graag risiko's nie en sy of haar hanteringstrategieë behels vermyding en passiwiteit. Ware gevoelens en aspirasies word weggesteek om nie onnodig aandag op die self te plaas nie. Die persoon se optrede word daarom ontnem van spontaniteit.

Volgens Zohar en Marshall (2004) beleef slegs 4% van die populasie motivering laer as -4 en hoër as 4.

(+5) Generatieweit: Hierdie persoon se gedrag word gekenmerk deur kreatiwiteit, gedryf deur liefde of passie. Kreatiwiteit gaan hier gepaard met speelsheid – die persoon geniet dit en identifiseer daarmee. Dit behels nie noodwendig dienswerk nie, maar word wel gemotiveer deur ongebonde liefde. Nuwe tradisies en paradigmas word geskep.

(-5) Angs/sielesmart (*anguish*): Hierdie gevoel van sielesmart spruit uit 'n gevoel van verloreheid of hulpeloosheid ten opsigte van lewensbesluite. Die persoon voel vasgevang en beleef 'n gevoel van ongebruikte potensiaal. Hierdie motiveringsbron spruit dikwels voort vanuit 'n onherstelbare verlies of tragedie. Die sielesmart word dan ervaar wanneer die "slagoffer" geen oplossing of werkbare hanteringstrategie kan raaksien nie. Alles lyk onhanteerbaar.

(+6) Hoër dienswerk: Hierdie motivering wys op die dienende leier – die hoogste vorm van leierskap moontlik. Hierdie persoon dien transpersoonlike waardes soos welwillendheid, geregtigheid, asook die verligting van ander se pyn en lyding. Kreatiwiteit word hier gefokus op die geroepenheid om te dien. Leiers soos Gandhi, Moeder Theresa en Nelson Mandela se gedrag is gemotiveer deur hoër dienswerk. 'n Hoër visie word nagevolg om sodoende 'n verskil te maak in die samelewing.

(-6) Apatie: Die persoon wat vanuit hierdie motiveringsvlak funksioneer, voel oorweldig deur die gevoel dat hy of sy geen rol in die samelewing speel nie. Waar die persoon met sielesmart nie in staat voel om die lewenspel te speel nie, kan die apatiese persoon nie insien dat daar enige spel is om te speel nie. Hierdie persoon beskik oor min energie, ervaar min belangstelling in dinge om hom/haar en skeep hom- of haarself en sy/haar verhoudings af.

(+7) "World Soul": Dienende leiers (+6) is gewortel in hul God, maar hul roeping is om dienswerk in die alledaagse lewe te verrig. Die volgende motiveringsvlak (+7) behels soms dat 'n persoon hom- of haarself onttrek van die wêreld en daaglikse lewe. Die "bewuste" word een met die "kollektiewe onbewuste" wanneer hul praat of kunswerke skeep. Alhoewel die meeste mense nie hierdie vlak bereik nie, kom daar soms oomblikke van mistieke ervarings voor – ervarings van eenheid, skoonheid, vrede of liefde. Dit kan ook ervaar word in die werke van genieë soos Mozart of Shakespeare.

(-7) Skaamte en skuldgevoel: Wanneer 'n persoon deur die motiveringsvlak van skaamte en skuldgevoel oorweldig word, is die persoon nie in voeling met sy bestaan nie. Dit behels die gevoel dat nie oor die reg beskik word om te bestaan nie,

of dat die persoon se teenwoordigheid van die wêreld 'n slegter plek maak. Hierdie persoon kan sy of haar eie diepste ideale verrai, en hanteringstrategieë behels selfvernietiging, of roekelose gedrag. Vernedering kan ook lei tot skade of wraak aan die wat blameer word vir sy of haar pyn.

(+8) "Enlightenment", ontwikkeling: Die enkele persone wat hierdie motiveringsvlak bereik het, is "all inner light without a physical shell" (Zohar & Marshall, 2004, p. 59) en kan slegs beskryf word as 'n *absolute of niksheid*. "That the Absolute is described in so many mystical traditions as an emptiness or a darkness follows from our inability to grasp it with concepts or images." (Zohar & Marshall, 2004, p. 59). Die kwantumfisika beskryf dit as die "kwantumvakuum", deurdat dat die kwantumvakuum slegs leeg van struktuur en kwaliteite, maar vol moontlikhede is. Hierdie persoon is vry van negatiewe motivering, en beleef vrede oor sy of haar eie bestaan.

(-8) Depersonalisasie: In teenstelling met vlak (+8), kan hierdie persoon beskryf word as "an empty shell with no core" (Zohar & Marshall, 2004, p. 59). Die ervaring van die eie ek het verdwyn en die eie ego het gedisintegreer. Daar is geen "ek" nie, en die persoon se gedrag is ongekoördineerd. Voorbeelde hiervan is die gehospitaliseerde skisofreen of substansafhanklike persoon wat uitbranding ervaar.

Motivering rig gedrag, maar dit rig ook denke. Elke motivering is 'n hele paradigma, wat aannames, waardes, aspirasies, strategieë, verhoudings, gevoelens en gedrag omvat. Aangesien motivering 'n hele paradigma verteenwoordig, is dit 'n moeilike taak om met selfbegrip die motivering wat 'n persoon dryf, te identifiseer. 'n Mens sien moeilik buite die grense van sy/haar bestaande paradigma in die gewone, alledaagse bestaan. Eers wanneer trauma, krisis of verlies, asook hoogtepunte of piekervarings voorkom, kan 'n mens bewus raak van die effek van 'n paradigma en soms daarbuite sien (Zohar & Marshall, 2004). 'n Ervaring buite 'n persoon se verwysingsraamwerk kan dus selfbegrip oor die motiveringsbron van gedrag teweeg bring.

Die motiveringskaal kan dus aanduidend wees van wat die individu, huwelik of organisasie se optrede, of selfs gedagtes motiveer. Dit verskaf 'n antwoord op die vraag: "Hoekom doen ek wat ek doen?" Slegs wanneer ons weet watter

onderliggende motiewe ons negatiewe en self-destruktiewe gedrag dryf, kan ons streef na hoër motivering. Deur bewus te wees op watter motiveringsbron 'n individu funksioneer, kan verhoed word dat daar op een, negatiewe motiveringsvlak gefikseer word (Zohar & Marshall, 2004).

'n Persoon se strategie sowel as sy kognitiewe prosesse verander soos daar hoër of laer op die skaal beweeg word. Deur psigiese energie kan daar opbeweeg word met die skaal, terwyl 'n rigiede sienswyse die individu se energie dreineer, en daartoe lei dat daar afwaarts op die skaal beweeg word. Wanneer die skaal van motivering gebruik word, word die volgende vrae gevra:

- Deur watter motivering word jy in die hede gedryf?
- Hoe beïnvloed hierdie motivering jou gedrag en hanteringstrategieë?
- Wat is die resultate wat jy kry?
- Waar sou jy graag wou wees?
- Watter motivering word benodig om daar te kom?
- Wat het jy nodig om die motiveringskuif te laat gebeur?
- Watter gedragsveranderings en verandering in strategieë sal voorkom?

Wanneer dit blyk dat 'n persoon vanuit laer motivering optree, wat negatiewe resultate tot gevolg het, of wanneer 'n persoon geïnspireer word om vanuit hoër motivering op te tree, kan daar op een van twee maniere te werk gegaan word:

1. 'n Eksterne, gewoonlik tydelike skuif kan plaasvind vanweë die invloed van ander, of die omgewing.
2. 'n Interne, gewoonlik permanente skuif vind plaas tydens selfondersoek, wanneer eie motiewe ondersoek word, asook die onderliggende betekenis en waardes wat daarmee gepaard gaan. Hierdie skuif het gewoonlik 'n hele paradigmaskuif tot gevolg, waar die persoon se persepsie oor sy of haar omstandighede ten goede verander.
3. Vier beginsels geld wanneer 'n persoon in 'n verhouding staan (huwelik, beroep, kultuurgroep) (Zohar & Marshall, 1994, p. 44):
 - 'n Persoon wat op die negatiewe kant van die motiveringskaal funksioneer, kan nie 'n ander op die negatiewe skaal help om na die positiewe kant te skuif

nie. As beide huweliksmaats se gedrag vanuit woede gemotiveer word, kan dit byvoorbeeld tot meer woede lei.

- Gelykheid van teenoorgesteldes is nie genoeg om die motivering van die ander persoon te verhoog nie. Dit sou byvoorbeeld 'n persoon op vlak +4 vat om 'n persoon op vlak -3 tot vlak -2 of hoër te laat styg.
- 'n Persoon met +4 kan saamleef met 'n ander op vlak -3, sonder om negatief beïnvloed te word. 'n Persoon wat egter op vlak +2 funksioneer, kan afgetrek word deur 'n persoon met -3.
- 'n Mens kan EQ (hoofsaaklik selfbewustheid en emosionele beheer) gebruik om hoër of laer op die skaal te beweeg as dit saamval met die oogmerk om nie iemand anders seer te maak of 'n situasie erger te maak nie. As 'n persoon byvoorbeeld bewus daarvan is dat hy 'n kort humeur het (-2, woede), kan 'n poging aangewend word om nie sy humeur te verloor nie. So word opgetree uit +2 (samesamewerking) of selfs +3 (bemeestering). Hierdie keuse laat 'n persoon vanuit dieper waardes funksioneer en kan tot 'n hoër SQ lei.

'n Mens sou verwag dat wanneer egpaarlede se gedrag of denke deur die negatiewe motiveringsbronne gemotiveer word, dit aanduidend is van laer SQ, en 'n verband sou toon met lae huweliksaanpassing. Soos verwag, dui navorsing daarop dat egpaarlede wat deur *aggressie* gemotiveer word (verbale aggressie), aanduidend is van beide fisieke aggressie en 'n afname van huweliksaanpassing in jong huwelike (Schumacher & Leonard, 2005).

In die ontwikkeling en uitvoer van hierdie kwaliteite en transformasieprosesse lê die mens se vermoë om sy hele brein te gebruik, sy diepste lewensin en -betekenis te ken en na te streef, die vermoë om transformasie in sy lewe en alledaagse situasies te bewerkstellig, en die vermoë om skeppend te dink in tye van uitdagings (Zohar & Marshall, 2004).

3.2.2.3 Fokus op waardes en die uitleef daarvan

“Our deepest values define us as human beings ...”

“Values are like quanta of energy. They make things happen.’ (Zohar & Marshall, 2004, p. 87).

SQ behels verder om waardes ten opsigte van die self en ander te ken, daarop te fokus en dit te ontwikkel. Volgens Frankl (1975) is dit onvermydelik dat sin en betekenis ook waardes behels. Sy teorie behels dat dit die waardes en betekenis van ’n persoon is wat aan hom iets bied om voor te leef.

Zohar en Marshall (2004) beskou waardes as een van die 12 beginsels van transformasie tot SQ, en noem dit saam met die vermoë om ’n visie te hê. Waardes is volgens hierdie navorsers ook nodig om die vlak van motivering (3.2.2.2) te verhoog.

Waardes kan ’n invloed hê op ’n persoon se gesindheid teenoor homself, asook die mense om hom, en bepaal dus uiteindelik ’n persoon se gedrag. Rokeach (1973) beskou waardes as riglyne van sosiale houding, gesindheid, ideologieë en gedrag. Buzan (2001) beklemtoon die belangrikheid van waardes, wat by gedagtes begin, na gedrag lei en later ’n gewoonte word. Herhalende gedrag wat rondom waardes gesentreer is, word dus gewoontes wat weer die basis van ’n persoon se karakter vorm.

Volgens MacHovec (2002) loop die morele ontwikkelingsfases van Kohlberg parallel met die ontwikkeling van ’n persoon se SQ. SQ begin ook met ’n fase van “die regte ding doen” en eindig in ’n meer abstrakte toestand wat die waardes van die gemeenskap aanvaar, maar dit oortref (*transcend*) ten opsigte van ’n “hoër bewustheid”.

Vanweë die wye omvang van hierdie studies sal daar nie in diepte na die aard van waardes gekyk kan word nie. Waardes het volgens Navarro (1983) egter drie belangrike funksies: Dit dien as ’n standaard om die self en ander te *valueer*; dit voorsien ’n basis vir *konflikhantering en besluitneming*; en dit help mense *aanpas* in

die samelewing. Waardes kan volgens Zohar en Marshall (2004, p. 88) in een of meer van drie kategorieë val: persoonlike waardes (van toepassing op my eie lewe – my vriende, familie, belangstellings); interpersoonlike waardes (dinge wat my groep en die verhouding tussen die groeplede definieer); en transpersoonlike waardes (universele waardes soos geregtigheid wat groter in omvang is as persoonlike en interpersoonlike waardes). Enkele waardes word in Tabel 3.6 gegee.

Tabel 3.6: Waardes soos aangedui deur Zohar en Marshall (2004, p. 88)

Uitnemendheid	Eerlikheid	Genadig wees	Vriendskap	Gesondheid
Nederigheid	Orde	Medelye	Soberheid	Respek vir eiendom
Diens	Vryheid	Respek	Bewustheid	Lojaliteit
Dankbaarheid	Harmonie	Lewendigheid	Eerbied vir toekomstige generasies	Respek vir voorgeslagte
Waarheid	Gelykheid	Getrouheid	Onselfsugtigheid	
Skoonheid	Rent-meesterskap	Verdraagsaamheid	Bedagsaamheid	
Balans	Beskeidenheid	Vergifnis	Privaatheid	
Publieke goedheid	Geluk	Liefde	Gehoorsaamheid	
Respek vir ouer persone	Toevertrou wees	Beskerming van kinders	Opvoeding	
Aansien geniet	Geregtigheid	Instandhouding van gesin	Wysheid	

Dit blyk dat veral vroeëre navorsing op die invloed van waardes op huweliksaanpassing gefokus het. Reeds in 1958 dui Nimkoff en Grigg daarop dat selfbewuswees, asook persoonlike waardes bydraende faktore is in huwelikstevredenheid. Nast (1978) beskryf 'n persoon se waardesistiem as die kerninterpretasie van 'n persoon se eie wêreld. Sy navorsingsresultate het aangedui dat egpaarlede wat dieselfde interpretasie van die wêreld het (instrumentele waardes), sowel as 'n gemeenskaplike lewensdoel (terminale waardes), groter

huwelikstevredenheid ervaar. Brannon (1976) suggereer dat waardes by mans ook 'n groot rol speel in die beskuiing en hantering van geslagsrolle in die huwelik.

Goldner (1999) lê klem op die wyse waarop morele waardes deur taal in die huwelik gekommunikeer word. Hy meen dat destruktiewe huwelike kan verander wanneer dekonstruksie van die egpaarlede se morele sienswyses, wat bygedra het tot geweld in die verlede, plaasvind. Deur middel van taal kan huweliksmaats se "skewe" morele sienswyses uitgedaag en duidelik gemaak word, selfs ten tye van spanning (Whiting, 2008). Wilson (1980) sluit hierby aan en meen dat behalwe 'n sterk waardesisteem, daar ook begrip, oop kommunikasie en intimiteit nodig is.

Waardes word dus aanvaar as die absolute grondslag van 'n verhouding (George, 2006).

3.2.3 SQ en die rol wat dit in huweliksaanpassing speel

"It (SQ) restores the ability to make this important transition from 'reactiveness' and resistance to 'pro-activeness' and acceptance; from the condemnation of others for their mistakes or their behaviour, to authentic compassion and a willingness to understand and help others to improve; from mistrust to trust; from disrespect to respect." (George, 2006, p. 430)

Soos aangedui, behoort die vind van sin en betekenis in omstandighede, funksionering vanuit hoër motivering, asook selfkennis en om te leef vanuit innerlike waardes, wat alles deel uitmaak van SQ, 'n egpaar se huweliksaanpassing te verhoog. Alhoewel daar navorsing oor enkele van die faktore van SQ en die verband met huweliksaanpassing gedoen is (alhoewel dit nie SQ genoem is nie), is daar sover die navorser kennis dra, nog geen navorsing gedoen oor die invloed van SQ op huweliksaanpassing nie.

SQ kan bydra tot die verdieping en genesing van liefdesverhoudings. Dit kan help om die krag van vergifnis te ontdek en die vermoë om te gee en te ontvang versterk. In intieme verhoudings kan SQ help om te leer uit foute en om wyse besluite te neem (Vaughan, 2002). Volgens Wolman (2001) is SQ die meeste ter sprake in dag-tot-dag-aktiwiteite soos hoe mense hul gesinslede behandel, of die mate waartoe


mense voel dat hul beroep betekenisvol is. Deur SQ en die daaglikse toepassing daarvan te verstaan, word 'n mens in staat gestel om die kwaliteit van verhoudings te verbeter.

Cook, Casillas, Robbins en Dougherty (2005) het navorsing gedoen oor die invloed van persoonlikheidsfaktore (die Groot Vyf), doelgerigtheid en huweliksaanpassing by ouer egpare (50-78 jaar). Hulle beskou *doelkonstantheid*, *doelgerigtheid* of *lewensin en betekenis* as sinonieme van mekaar. Hierdie eienskap weerspieël die vermoë om persoonlike doelwitte, ideale en waardes na te streef. Terwyl hulle die 5-persoonlikheidsfaktormodel as beperkend gesien het om huweliksaanpassing te bepaal, het hulle bevind dat doelkonstantheid 'n verband toon met die intensiteit en kwaliteit van huwelike by ouer egpare.

Die huweliksmaat met 'n hoë SQ kan veral in die fase met voorskoolse kinders, deur 'n bewustheid van die ware self (meditatiewe bewustheid) wissel tussen die rolle van eggenoot, ouer en beroepsvrou, eerder as om daarmee te identifiseer, en die self daarin te verloor (George, 2006).

3.3 Model van EQ en SQ in die huwelik

In hulle navorsing oor die gesonde huwelik dui Kelly en Fincham (1998) daarop dat die interaksie tussen welsyn (*well-being*) in die huwelik en individuele welsyn onderskat word. In hierdie navorsing sou die individuele welsyn 'n persoon se IQ, EQ en SQ insluit. In hierdie ondersoek is daar dus veral klem gelê op die invloed van EQ en SQ op 'n egpaar se huweliksaanpassing.



Soos gesien in die literatuurstudie, is daar verskeie stressors, piekervarings (aanpassings), individuele take, sowel as huwelikstake wat die huwelikspaar moet hanteer, en wat hul huweliksaanpassing kan beïnvloed. Hierdie navorsing gaan uit van die veronderstelling dat dit nie noodwendig hierdie faktore is nie, maar die wyse waarop die egpaar vanuit hulle EQ en SQ hierdie omstandighede hanteer, wat hulle aanpassingsvermoë beïnvloed.

Soos beskryf in hoofstuk 2 is daar verskeie individuele ontwikkelingstake sowel as huwelikstake wat met elke huweliksfase gehanteer moet word. Carter en McGoldrick (1980) verwys na hierdie take as horisontale (stressors wat verband hou met die spesifieke fase waarin die egpaar verkeer) stressors, wat by elke egpaar geïdentifiseer en in ag geneem word. Die egpaar ervaar ook in elke fase positiewe momente of piekervarings, wat MacHovec beskryf as dramatiese oomblikke van algehele verwondering en insig. Beide stres- en piekervarings vra aanpassing by die egpaar.

Hierdie stressors en piekervarings (aanpassing) word by elke egpaarlid gehanteer vanuit sy of haar samestelling van rasonele intelligensie (IQ) en persoonlikheid wat minder veranderlik is, 'n fisiologiese intelligensie (eet, oefening, gesondheid, seksuele verhouding), emosionele intelligensie en spirituele intelligensie. Die rasonele, logiese, liniêre intelligensie (IQ) (ruimtelike, numeriese en taalvermoë) is nodig by die egpaarlid om formele reëls toe te pas in bekende, voorspelbare situasies.

Soos by IQ, is die **persoonlikheid** van die egpaarlid 'n redelik voorspelbare, standvastige stel karaktertrekke, en moet dit grootliks deur die huweliksmat geakkommodeer en aanvaar word. Die woord *persoonlikheid* kom van die Latynse woord *persona*, wat masker beteken. Die masker is in die antieke Latynsprekende samelewing nie gebruik om 'n karakter se identiteit te verberg nie, maar om dit te tipeer. Die egpaarlid se persoonlikheid is dus die masker waarmee die self aan die huweliksmat en res van die wêreld vertoon word.

Die **fisiologiese** aspekte van die egpaarlid is belangrik, aangesien dit dui op die liggaam of instrument waarmee al die ander aspekte uitgeleef moet word. Indien

daar te min aandag aan 'n gesonde leefwyse geskenk word, of siekte ervaar word, affekteer dit die wyse waarop 'n persoon, voel, dink of betekenis vind.

Emosionele intelligensie (EQ) is die intelligensie waarmee die egpaarlid hom- of haarself, die huweliksmaat en ander se gevoelens waarneem, interpreteer en eie gevoelens effektief bestuur. 'n Persoon se EQ kan ontwikkel en verbeter word, en speel ook verder 'n rol ten opsigte van motiveringsvlakke.

Spirituele intelligensie (SQ) kan beskou word as 'n persoon se kern (Zohar & Marshall, 2004). Dit help die huweliksmaat verstaan waarom die self asook die huwelik gaan. Dit gee insig oor die geheel van 'n situasie, probleem, of van die eie bestaan. Dit stel die egpaar in staat om nuwe persepsies te vorm. Deur aandag te skenk aan die tien aspekte van sin en betekenis, asook te fokus op die spesifieke waardes wat vir 'n persoon belangrik is, kan 'n persoon se vlak van motivering verhoog word, en stres- en piekervarings meer doeltreffend gehanteer word. Daar kan so ook groei by die egpaarlede plaasvind. SQ is teoreties verwant aan EQ deurdat dit die ontwikkeling van intrapersoonlike en interpersoonlike sensitiviteit insluit (Vaughan, 2002).

Selfinsig (self-awareness) is van die grootste belang ten opsigte van elk van die genoemde aspekte. 'n Persoon met insig in sy of haar eie denke, gevoel, fisiologiese toestand, persoonlikheid en ervaring van sin en betekenis kan baie makliker ontwikkel en groei ten tye van stres- en piekervarings. Daniel Goleman (1996, p. 43) beskryf "*self-awareness*" (die herkenning of identifisering van 'n gevoel wanneer dit ervaar word) as die basis van EQ. Dit is met hierdie eerlike, sterk selfbewustheid en selfkennis waarmee 'n persoon identifiseer en verstaan wat haar of sy gedrag motiveer (Zohar & Marshall, 2004).

Deur middel van die EQ- en SQ-vraelys kan dus bepaal word watter aspekte by die onderskeie egpaarlede ontwikkel is al dan nie, en watter aspekte by die egpaar aandag moet geniet.

3.4 Ten slotte

Na aanleiding van die literatuurstudie oor die huwelik met voorskoolse kinders, asook die rol van EQ en SQ in die huwelik, word die navorsingsmetode vervolgens in hoofstuk 4 bespreek.

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSMETODE

In hierdie navorsing word die verband tussen emosionele intelligensie (EQ), spirituele intelligensie (SQ) en huweliksaanpassing by egpare met voorskoolse kinders ondersoek. Daar is gepoog om vas te stel of egpare wat in staat is om sin en betekenis in tye van uitdaging te vind vanuit hoër vlakke van motivering optree; hul eie asook hul huweliksmat se emosies kan waarneem, verstaan, en effektief kan reageer; en geneig is tot groter huweliksaanpassing in 'n huweliksfase waarin daar gewoonlik laer huweliksaanpassing voorkom.

In hierdie navorsing gaan die navorser vanuit die eksistensiële gesinsterapie te werk. (Sien hoofstuk 3.) Frankl (1967) se logoterapie vanuit die eksistensialisme (modernisme) word deur sommige as 'n filosofiese lewensuitkyk beskou. Dit fokus op beginsels soos sin, betekenis en waardes.

Die doel van hierdie navorsing is dus tweeledig:

- Om die verband tussen individuele se EQ- en SQ-tellings en huweliksaanpassing te ondersoek.
- Om die aard van die huwelik van die egpaar met voorskoolse kinders in hierdie spesifieke konteks in terme van onder andere geslagsrolle en die hantering van gevoelens te ondersoek.

Vanweë die moderne, sowel as postmoderne, teoretiese benadering van hierdie navorsing, sowel as die spesifieke navorsingsbehoefte, is daar besluit om van die tweefase-ontwerp van Creswell (1994) gebruik te maak. In hierdie ontwerp word *kwantitatiewe navorsing* deur *kwalitiewe navorsing* opgevolg.

Volgens Lee (1999) is die voordeel hiervan dat beide tipes navorsing se unieke sterk punte ontgin kan word.

“Thus, I am advocating a middle position between (a) the assumption of an objective reality (in the physical sense) and (b) an ongoing and constant process of interpretation, sense making, and social construction of ... settings.” (Lee, 1999; p. 11).

In *kwantitatiewe navorsing* kan die navorser 'n idee kry van die effekte van spesifieke en voorafbepaalde voorspeller veranderlikes (SQ en EQ) op huweliksaanpassing. Die *kwalitiewe navorsing* kan dit komplementeer deur die navorser bewus te maak van addisionele veranderlikes, prosesse, en persepsies van die spesifieke egpare. Nadele hieraan verbode is dat die resultate mekaar kan weerspreek.

'n Tekort aan spesifieke en algemeen-aanvaarbare definisies vir beide hierdie navorsingsontwerpe is volgens Lee die rede vir die spanning wat dikwels tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing ontstaan. Hierdie twee tipes navorsing kan egter beskou word as aanvullend tot mekaar, eerder as in kompetisie met mekaar (Labuschagne, 2003). In navorsing oor die kwalitatiewe navorsing van kliniese tydskrifte in 2000 is byvoorbeeld gevind dat 37 van die 355 navorsingsartikels (11%) van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak het (McKibbon & Gadd, 2004).

Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing word te dikwels ooreenvoudig as “research with numbers versus research with no numbers” (Lee, 1999, p. 5).

Cassell en Symon (1994, in Lee, 1999, p. 6) identifiseer ses verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing (navorsers). Die verskille word vervolgens in Tabel 4.1 aangedui.

Tabel 4.1: Die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing (Cassell & Symon, 1994)

Kwantitatiewe navorsing	Kwalitatiewe navorsing
1. Daar is 'n geneigdheid tot kwantitatiewe analise deur middel van syfers.	1. Die fokus is op interpretasie en omskrywing. Syfers word slegs gebruik as dit werklik nodig is.
2. Die navorser is op soek na meer objektiewe, minder bevooroordeelde omskrywing.	2. Die navorser maak gebruik van sy of haar eie subjektiewe interpretasie.
3. Die navorser is meer reëlgebonde en volg die protokol van die navorsingsontwerp.	3. Buigbaarheid in die navorsingsprosedures word aangemoedig.
4. Daar word meer gefokus op die voorspelling van resultate en minder op die proses veranderlikes.	4. Daar word meer op die proses en minder op die voorspelling van die resultate gefokus.
5. Die resultate is meer konteks-vry en meer veralgemeenbaar.	5. Die resultate is gegrond in die huidige konteks, en veralgemening mag dus problematies wees.
6. Daar word minder gefokus op die reaksies en effek van die navorsingsproses op die proefpersone.	6. Die deelnemers se reaksies en die effek van die navorsingsproses word meer eksplisiet herken en in die resultate geïntegreer.

Hierdie navorsing het in twee fases verloop en die metodiek van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing word vervolgens bespreek. In fase 1 is 'n SQ-vraelys ontwikkel wat in die daaropvolgende kwantitatiewe navorsing gebruik is; in fase 2 is die meting van SQ, EQ en huweliksaanpassing gebruik om die verband tussen die konstrakte te ondersoek (kwantitatiewe navorsing) en die aard van die egpare se huwelik deur middel van kwalitatiewe navorsing te ondersoek.

4.1 Fase 1 – Ontwikkeling van die SQ-vraelys

4.1.1 Samestelling van die vraelys

“It is always interesting to know whether something like SQ can be tested for. While the kind of objective scoring used for IQ measurement seems both impossible and inappropriate, it might be possible to use the twelve qualities distinctive of SQ to devise a useful assessment instrument” (Zohar & Marshall, 2004, p. 107).

Tydens die navorsing is die behoefte aan 'n Suid-Afrikaanse spirituele intelligensievraelys deur die navorser geïdentifiseer. Die behoefte het bestaan vir 'n

vraelys wat nie soseer 'n enkele SQ-telling verkry nie, maar eerder 'n aanduiding gee van die mate waarin 'n persoon sin en betekenis in 'n gegewe situasie kan vind, watter motiveringsbronne sy of haar gedrag motiveer, en die mate waarin waardes uitgeleef word. In die literatuur is verwys na Zohar en Marshall se vraelys wat in Europa gebruik word. Hierdie vraelys bestaan uit 84 items. In hul loodsstudie het hulle bevind dat hulle vraelys 'n bruikbare meetinstrument is (Zohar & Marshall, 2004, p. 108). Hierdie vraelys meet egter slegs 12 aspekte van sin en betekenis (wat motivering uitsluit). Die navorser het hierdie outeurs per e-pos genader om te bepaal of hulle vraelys vir hierdie navorsing beskikbaar gestel kan word en, indien nie, om toestemming te verkry om van hulle inhoud in 'n nuwe vraelys te gebruik. In hul antwoord het dit geblyk dat hulle nie hulle vraelys beskikbaar kan stel nie, maar dat 'n soortgelyke vraelys opgestel en gebruik mag word. Die teoretiese benadering van hierdie navorsers sluit aan by die nuwe veld van komplekse sisteemteorie en die werk van Abraham Maslow asook Victor Frankl (Zohar & Marshall, 2004).

Die navorser het vervolgens haar definisie en gepaardgaande model van SQ as agtergrond vir die meting gebruik. (Sien 3.2.2.) Soos met IQ en EQ, bestaan SQ uit 'n enkele konstruk met verskeie komponente: sin en betekenis (*meaning and purpose*), motivering (*motivation*) asook waardes (*values*). In die ontwikkeling van die vraelys is gepoog om al drie hierdie komponente te meet. (Sien Bylae 4.3 vir SQ-vraelys.)

(a) Sin en betekenis

Die konstruk *sin en betekenis* bestaan uit tien afsonderlike beginsels:

Vyf hiervan dui daarop om *geïnspireerd te wees*:

- meditatiewe bewustheid,
- estetiese bewustheid,
- om te vra “hoekom”,
- nederigheid, en
- skeppende groei in moeilike tye.

Die ander vyf beginsels dui daarop om *ander te inspireer*:

- oop, empatiese aanvaarding van ander,

- onselfsugtige geroepenheid,
- spontaniteit,
- veld onafhanklikheid, en
- holistiese perspektief (*reframing*).

Items wat by elk van hierdie konstrunkte pas, is onder andere verkry vanuit die twaalf transformasiebeginsels van Zohar en Marshall (2004), die 16 S-trekke van MacHovec (2002), asook die 16 beginsels van inspirasie van Dyer (2001, 2006). Vrae is saamgestel om elk van hierdie tien beginsels te meet.

Tabel 4.2: Voorbeelde van vrae in MMV-SQ-vraelys

Sin en betekenis	Voorbeelde van vrae in MMV-SQ-vraelys
1. <i>Om geïnspireerd te wees:</i> Meditatiewe bewustheid	At the end of the day, I take time to reflect on the day's events.
2. Estetiese bewustheid	I can appreciate the simplicity in great art.
3. Om te vra "hoekom"?	I tend to ask if things could be better than they are.
4. Nederigheid	I easily focus on the good qualities of others.
5. Skeppende groei in moeilike tye	I grow in times of suffering or failure.
6. <i>Om ander te inspireer:</i> Oop empatiese aanvaarding	I try to understand others' behaviour by putting myself in their shoes.
7. Onselfsugtige geroepenheid	My compassion about someone of something leads to active caring.
8. Spontaniteit	I can be deeply responsive to the moment.
9. Veld-onafhanklikheid	I am willing to be unpopular for a good cause.
10. Holistiese perspektief	I have a sense that events that come to my attention are interconnected.

Hoe hoër die telling by elk van hierdie beginsels, hoe hoër is 'n persoon se vermoë om sin en betekenis in 'n bepaalde situasie te vind. Die doel van die vrae is verder daarop gerig om 'n persoon bewus te maak van watter beginsels hy of sy moet ontwikkel om sodoende nuwe betekenis in 'n bepaalde situasie te vind en sodoende sy of haar SQ te verhoog.

(b) Motivering

Hierdie konstruk is gebaseer op die motiveringskaal van Marshall (Maslow, 1968; Zohar & Marshall, 2004). Die motiveringskaal, soos aangedui in Tabel 3.5 in hoofstuk 3, het aanvanklik agt positiewe en agt negatiewe skale behels. Aangesien slegs 4% van die populasie motivering laer as -4 en hoër as 4 beleef (Zohar & Marshall, 2004), is slegs hierdie skale in die vraelys ingesluit. Vrae is dus saamgestel om elk van die agt motiveringsvlakke te meet (Tabel 4.1).

Tabel 4.3: Die motiveringskaal, met voorbeelde van vrae in die MMV-SQ-vraelys (skale -4 tot 4, Marshall, 1997)

Positief/negatief	Motivering-skaal	Tipe motivering	Voorbeeld van vrae in MMV-SQ Vraelys
Positief	+4	Bemeestering	My visions are shared by the groups I belong to.
	+3	Mag-van-binne	The only person I need to be in control of is myself.
	+2	Gemeenskapsgevoel en samewerking	I can be a negotiator when necessary.
	+1	Eksplorاسie/verkenning	I like to experience any new adventures life throws in my path.
	0	Neutraal	
Negatief	-1	Selfgesentreerdheid	I become upset when people do not show the respect I need.
	-2	Woede	I can become spiteful when my point of view is not heard.
	-3	Begeertes en drange	I have a constant feeling that others "owe" me something.
	-4	Vrees	I hide my aspirations, because I don't want to draw attention to myself.

Die motiveringsvlak met die hoogste telling kan aandui waar op die motiveringskaal 'n persoon hom bevind. Die ideaal sou dus wees om laer tellings op die negatiewe motiveringskale en hoër tellings op die positiewe motiveringskale van die vraelys te verkry. Hoe hoër 'n persoon op hierdie skaal beweeg, hoe hoër is die persoon se SQ. Volgens Zohar en Marshall kan 'n persoon nie sy of haar eie motiveringstelling doelbewus verhoog nie, maar deur die ontwikkeling van die beginsels van sin en betekenis sal hierdie verskuiwing vanself mettertyd plaasvind.

(c) Waardes

Vanuit 'n waardelys (Zohar & Marshall, 2004) is die belangriker waardes wat 'n rol kan speel volgens die oordeel van die navorser aangedui, en vrae is saamgestel wat hierdie waardes kan meet. Die navorser het die waardes ingedeel in self-waardes (waardes wat op die self en eie integriteit ingestel is), en ander-waardes (waardes wat gerig is op ander).

- Self-waardes: estetiese, uitnemendheid, dankbaarheid, vryheid, privaatheid
- Ander-waardes: waarheid, gelykheid, altruïsme, respek, publieke welsyn asook liefde.

Tabel 4.4: Voorbeelde van waarde-items op MMV-SQ-vraelys

Waarde	Voorbeeld van vrae in MMV-SQ-vraelys
Self-waardes (dankbaarheid)	I feel thankful for the things I have, rather than being over-conscious about the things I don't have.
Ander-waardes (respek)	I treat all people with respect, whether I like them or not.

Die vraelys is dus nie ontwikkel met die doel om 'n enkele, totale SQ-telling te verkry nie. Dis wel eerder gemik daarop om die onderskeie aspekte van SQ te "meet" en sodoende 'n persoon bewus te maak van watter terreine van SQ ontwikkel kan word.

Tabel 4.5: Die subskale van die MMV-SQ-vraelys

SIN EN BETEKENIS		MOTIVERING	WAARDES	
1.	<i>Om geïnspireerd te wees:</i> Meditatiewe bewustheid	<i>Positiewe motivering:</i> (+4) Bemeestering	1.	<u>Self-waardes:</u> Uitnemendheid, dankbaarheid, vryheid, privaatheid, estetiese
2.	Estetiese bewustheid	(+3) Mag-van-binne	2.	<u>Ander-waardes:</u> waarheid, gelykheid, altruïsme, respek, publieke welsyn, liefde
3.	Om te vra "hoekom?"	(+2) Gemeenskapsgevoel en samewerking:		
4.	Nederigheid	(+1) Eksplorاسie/verkenning		
5.	Positiewe aanwending van moeilike omstandighede	(0) Neutraal		

6.	<i>Om ander te inspireer:</i> Oop, empatiese aanvaarding	<i>Negatiewe motivering:</i> (-1) Selfgesentreerdheid		
7.	Onselfsugtige geroepenheid	(-2) Woede		
8.	Spontaniteit	(-3) Begeer/drang		
9.	Veld-onafhanklikheid	(-4) Vrees		
10.	Holistiese perspektief			

Vanuit al hierdie aspekte is 191 items geselekteer, saamgevoeg, en vermeng. Sekere vrae is omgekeerd om eensydige response te vermy. Vrae word op 'n Likert-skaal beantwoord:

A – nooit B – selde C – dikwels D – altyd

Die aanvanklike vraelys is deur drie persone voltooi om die verstaanbaarheid van die items te verklaar. Enkele aanpassings is hierna gemaak deur die vrae te vereenvoudig en duideliker te stel.

4.1.2 Bepaling van eienskappe van vraelys

Vervolgens is die vraelys toegepas om die eienskappe van die vraelys te ondersoek.

4.1.2.1 Proefpersone

'n Groep van 198 nagraadse studente vanuit onder andere die teologie-, sielkunde en ingenieursdepartemente van die Universiteit van Pretoria het vrywillig deelgeneem deur die vraelys te voltooi. (Sien Bylae 4.2.) Daar is op nagraadse studente gefokus aangesien SQ volgens Zohar en Marshall (2004) eers werklik in die vroeë volwassenhed begin ontwikkel. Hierdie groepe is geselekteer om sodoende 'n spirituele (teologie), selfaktualiserende (sielkunde) asook 'n moontlik logies-analitiese lewensbenadering (ingenieurswese) te verteenwoordig. 'n Honderd vroulike en 79 manlike studente het aan die navorsing deelgeneem. (Die res het nie hulle persoonlike gegewens aangedui nie.) (Sien Bylae 4.3.) Hierdie studente het anoniem elk 'n kort biografiese vraelys, sowel as twee vraelys, naamlik die opgestelde SQ-vraelys, sowel as die waardeskaal (Super & Sverko, 1990) as geldigheidskriterium ingevul.

As vergoeding is volledige terugvoering aan die studente oor die resultate van die SQ-vraelys gegee. Studente het die vraelys anoniem ingevul. Die studente wat graag terugvoering wou hê, is versoek om hulle studentennommers vir hierdie doel op die vraelys aan te dui sodat hulle gekontak kon word.

4.1.2.2 Meetinstrumente gebruik

Die waardeskaal (Super, 1973; Super & Sverko, 1990) bevat 110 items met 22 waardes, wat motivering in 'n beroepsituasie meet. Waardes wat in die vraelys gemeet word, word vervolgens aangedui, sowel as die betroubaarheidskoëffisiënte in 'n Suid-Afrikaanse konteks wat deur Langley, Du Toit en Herbst (1992) bepaal is.

Tabel 4.6: Waardes van die Waardeskaal met hul betroubaarheidskoëffisiënte (Langley et al., 1992)

N = 5 350

WAARDES		Bbh-koëffisiënte
A1	Vermoëbenutting	0,78
A2	Prestasie	0,76
A3	Vordering	0,80
A4	Estetika	0,79
A5	Altruïsme	0,86
A6	Gesag	0,79
A7	Outonomie	0,80
C1	Kreatiwiteit	0,85
C2	Kulturele identiteit	0,81
E1	Finansiële vergoeding	0,81
E2	Ekonomiese sekuriteit	0,82
L	Eie lewenstyl	0,78
P1	Persoonlike ontwikkeling	0,76
P2	Fisiese aktiwiteite	0,86
P3	Fisiese krag	0,82
P4	Status	0,83
R	Risiko	0,83
S1	Sosiale interaksie	0,79
S2	Sosiale verhoudings	0,82
S3	Spiritualiteit	0,78

V	Verskeidenheid	0,73
W	Aangename werksomstandighede	0,74

Die betroubaarheidskoëffisiënte wissel tussen 0.73 (vir verskeidenheid) tot 0.86 (vir altruïsme).

Van die waardes wat in ag geneem is, is soos volg: estetika, altruïsme, kreatiwiteit, persoonlike ontwikkeling en geestelikheid.

4.1.3 Ontleding van data

Na afloop van die aflegging van die vraelyste is 'n itemontleding gedoen om aan te dui hoe effektief die verskeie items by die konstrakte pas. Tydens die itemontleding is die toetsitems beoordeel om te bepaal of dit beantwoord aan die doel waarvoor dit beplan is (Smit, 1986). Itembetroubaarheid (bepaal deur Cronbach alpha), sowel as itemdiskriminasie (bepaal deur die item-totale korrelasie) is bereken om die itemfunksionering te bepaal. Swakker items is geïdentifiseer, sekere items is uitgelaat en ander items is verskuif na meer gepaste subskale. Die finale 180 items wat 'n bydrae tot die meet van die konstruk kan maak, is geselekteer. In hoofstuk 5 word die resultate beskryf.

Die konstrukgeldigheid van die SQ-vraelys is vervolgens gemeet om te bepaal of die toets die bepaalde konstraksie meet wat dit veronderstel is om te meet. 'n Konstruk word beskou as 'n eienskap wat nie direk waargeneem en gemeet kan word nie, maar vanuit 'n persoon se gedragpatrone afgelei word (Leedy & Ormrod, 2005). Tydens 'n konstrukgeldigheidsondersoek is die korrelasies tussen die SQ-konstrakte en die konstrakte van die waardeskaal bepaal.

4.2 Fase 2 – Kwantitatiewe navorsing: ondersoek van die verband tussen konstrakte

4.2.1 Doel en hipoteses

Die doel van die navorsing is om die verband tussen EQ, SQ en huweliksaanpassing by egpare met voorskoolse kinders te ondersoek. In die navorsing is die volgende hipoteses ondersoek:

- Hipotese 1: Daar is 'n verband tussen emosionele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders
- Hipotese 2: Daar is 'n verband tussen spirituele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders
- Hipotese 3: Vroue beskik oor 'n hoër SQ en EQ as mans.
- Hipotese 4: Daar is bepaalde eienskappe van die verhouding wat verband hou met huweliksaanpassing.

Selfverslaginstrumente is gebruik om 'n aanduiding te kry van watter egpaarlede die persepsie het dat hulle hoër of laer huweliksaanpassing beleef en om 'n aanduiding te kry of hul oor hoër of laer emosionele en spirituele intelligensie beskik. Alhoewel die gebruik van self-verslag-vraelyste as kritiek teen die huidige navorsing gebruik kan word, lê die waarde hierin dat die egpaarlede hulle individuele, subjektiewe perspektiewe kan weergee (Goldenberg & Goldenberg, 1996, p. 344).

4.2.2 Proefpersone

Omdat daar gefokus is op egpare met kinders op voorskoolse vlak, is daar uitnodigingspamflette by plaaslike kerke en kleuterskole aan die ouers uitgedeel. Slegs egpare waarvan al die kinders voorskools is, is vir die navorsing oorweeg. Belangstellendes het hulle onderskeie predikante en hoofde in kennis gestel dat hulle beskikbaar is vir die navorsing. Vervolgens het die navorser die 200 belangstellendes genader om 'n biografiese vraelys sowel as drie bykomende selfverslagvraelyste in te vul. As vergoeding vir deelname is 'n gratis daglange huweliksverrykingskursus aangebied wat egpare vrywillig kon bywoon en waarin die ontwikkeling van die emosionele en spirituele dimensies van die huwelik bespreek sou word. Uit die oorspronklike 200 egpare wat vraelyste ontvang het, het altesaam 34 egpare, waar beide die man en vrou die vraelyste voltooi het, die vraelyste terugbesorg. 'n Verdere 16 persone se vraelyste is terugontvang (15 vroue en 1 man) waarvan slegs een van die egpaarlede die vraelyste ingevul het. Nadat die navorser, asook kleuterskoolhoofde en kerkleiers betrokke by die uitdeel van die vraelyste die res van die betrokke egpare herhaaldelik opgevolg het vir die terugbesorging daarvan, is besluit om daarmee te volstaan. Dit het geblyk dat die aantal vraelyste wat terugontvang is voldoende was om met die ontleding voort te gaan. Slegs drie huwelikspare het agterna die huweliksverrykingskursus bygewoon.

Tydens terugvoering na afloop van die kursus het hierdie egpare die EQ/SQ-benadering tot die huwelik as vars, interessant en prakties beskryf.

'n Moontlike rede waarom heelwat egpare nie die vraelyste terugbesorg het nie, mag wees dat die invul van die vraelyste heelwat tyd in beslag neem, terwyl die proefpersone juis in 'n huweliksfase is waar hulle vanweë voorskoolse kinders baie min tyd tot hulle beskikking het. Enkele egpare het agterna opgemerk dat dit hulle lank geneem het om dit in te vul.

4.2.3 Meetinstrumente

Vervolgens word die selfverslagvraelyste wat in die navorsing gebruik is, kortliks bespreek.

(i) Biografiese vraelys

In die biografiese vraelys (sien Bylae 4.4) is navraag gedoen na onder andere die geslag, ouderdom, huistaal, opleiding en beroep van die egpaarlid. Faktore wat 'n rol in die huwelik mag speel, is ook ondersoek, waaronder ure wat aan beroep bestee word, inkomste, aantal kinders, godsdiens, rolverdeling in die huis en die ondersteuningsstelsel van die egpaar.

(ii) Meting van huweliksaanpassing

Die instrument wat gebruik is in die meting van die egpaar se huweliksaanpassing is die Dyadic Adjustment Scale (DAS) (Spanier, 1976). Die DAS word deur sommige navorsers as die mees algemeen gebruikte huweliksaanpassingsvraelys beskou (Epstein, Chen & Beyder-Kamjoui, 2005; Ingoldsby, Horlacher, Schvaneveldt & Matthews, 2005). Dit verskaf 'n telling wat neig om stabiel oor tyd te wees. Om die tellings te interpreteer kan dit vergelyk word met goedgevestigde norme (Margolin, 1981, p. 104).

Die vraelys bestaan uit 32 vrae wat op 'n Likert-skaal beantwoord word. Dit is ontwikkel vanuit 'n poel van 300 items wat vanuit vorige huweliksaanpassingskale, sowel as van Spanier se eie items geïdentifiseer is (Spanier 1967).

Die vrae is daarop gerig om die volgende aspekte te meet: huwelikskonsensus (saamstem oor belangrike sake), wedersydse kohesie (vervlegting van egpaarlede se lewens), affektiewe uitdrukking (affektiewe en seksuele bevrediging) asook huwelikstevredenheid (huweliksgeluk asook egpaar se verbintenis tot die huwelik) (Spanier & Cole, 1976). 'n Beskrywing van die skale word in Tabel 4.7 gegee. Daar kan ook 'n totale huweliksaanpassingstelling verkry word. Die betroubaarheidskoëffisiënt soos gemeet deur Cronbach se alfakoëffisiënt was 0.96 (Spanier & Cole, 1976).

Tabel 4.7: Die subskale van die Dyadic Adjustment Scale (Spanier & Cole, 1976)

Subskaal	Beskrywing	Voorbeelde van vrae in DAS
Huweliks-konsensus	Die mate waarin huweliksmaats saamstem oor belangrike sake	Dui die graad van ooreenkomste of verskille aan tussen jou en jou huweliksmaat ten opsigte van gesinsontspanning; geldsake; lewensuitkyk.
Huweliks-kohesie	Die mate waarin huweliksmaats se lewens vervleg is.	Hoe dikwels vind die volgende plaas tussen jou en jou maat? Lekker saamlag; saamwerk aan 'n projek.
Affektiewe uitdrukking	Die affektiewe en seksuele bevrediging van egpaarlede	Dui aan of enige van die items hieronder die afgelope paar weke verskille of probleme veroorsaak het: Te moeg vir seks; nie liefde wys nie.
Huweliks-tevredenheid	Huweliksgeluk asook die egpaar se verbintenis tot die huwelik.	Hoe dikwels word egskeiding deur julle geopper?

Die interne konsekwenheid van die globale skaal was hoog in navorsing van Cordova *et al.* (2005), ($\alpha = 0.93$) en Wachs en Cordova (2007) ($\alpha = 0.89$).

Die oorspronklike Engelse weergawe, sowel as 'n Afrikaanse vertaling daarvan, wat in vorige navorsing onder andere deur Pienaar (1991) en Smith (1994) gebruik is, is in hierdie navorsing gebruik. Die navorser het met vorige navorsing die betroubaarheid van hierdie vertaling bereken deur middel van Cronbach se alfakoëffisiënt (Smith, 1994) en die volgende tellings verkry:

1. Huwelikstevredenheid: 0.8906
2. Huwelikskonsensus: 0.8214
3. Huwelikskohesie: 0.7521
4. Totaaltelling: 0.9020

(iii) Meting van emosionele intelligensie

Die meting van EQ het nie teen dieselfde tempo ontwikkel as die belangstelling in die konstruk nie. EQ is moeilik om te meet – verskeie psigoloë twyfel of dit enigsins gemeet kan word (Conte & Dean, 2006). Net soos sosiale intelligensie, waar daar ten spyte van dekades van navorsing, nog steeds geen geldige en aanvaarde meting is nie, is die meting van EQ 'n struikelblok in navorsing (Kihlstrom & Cantor, 2000; Matthews *et al.*, 2006). EQ kan as 'n persoonlikheidstrek (*trait*), of 'n vermoë (*ability*), of 'n kombinasie van die twee beskou word (Petrides & Furnham, 2003). Vanuit die vermoëperspektief behoort 'n EQ-toetsprestasië in take soos die identifisering van emosies en keuse van die “gepaste gedrag” onder moeilike omstandighede te meet. Persoonlikheidstrekegeoriënteerde EQ-skale staan voor die uitdaging om EQ te onderskei van meer gevestigde werk oor persoonlikheids-eienskappe of -konstrukte (Matthews *et al.*, 2006). Die selfverslagvraelysbenadering ten opsigte van die meting van EQ blyk verreweg meer gewild te wees as die bekwaamheidstoetsbenadering (Matthews *et al.*, 2006).

Péres (2003) het meer as vyftig vraelyste geïdentifiseer wat EQ meet, waaronder die vraelyste wat die meeste gebruik word naamlik die EQ-i (Emotional Quotient Inventory) van Bar-On, sowel as die SSRI (Self-Report Inventory) van Schutte *et al.* (1998) (Matthews *et al.*, 2006). Kritiek teen selfverslagvraelyste is die paradoks dat daar van mense met 'n lae EQ verwag word om insig te toon in hulle eie emosionele funksionering, veral aangesien navorsing daarop dui dat sommige individue baie beperkte vermoë toon om verslag te gee van hul eie emosionele funksionering (Taylor & Bagby, 2000).

Onlangse navorsing dui egter aan dat selfverslag EQ-meetinstrumente 'n hoë korrelasie toon met meetinstrumente wat psigologiese welsyn en persoonlikheid meet ($r > 0.70$; Brackett & Mayer, 2003).

Die meetinstrumente van EQ wat die meeste in navorsing gebruik word en dus vir die navorsing oorweeg is, is die Bar-On Emotional Quotient Inventory (EQ-I) (Bar-On, 1997); Goleman se ECI; die SSRI (Schutte Self-Report Inventory) van Schutte *et al.* (1998); Mayer, Salovey en Caruso se meetinstrument, naamlik die Multifactor

Emotional Intelligence Scale (MEIS) Mayer *et al.*, 1999); asook die Mayer-Salovey-Caruso Emotional Intelligence Test (MSCEIT) (Mayer *et al.*, 2002).

Die MSCEIT kan slegs deur geregistreerde en opgeleide sielkundiges wat akkreditasie deur middel van 'n werkswinkel ontvang het, toegepas word. In Suid-Afrika word die toets deur Jopie van Rooyen & vennote beheer en beskerm. Die toets kan slegs afgeneem word deur dit per internet te voltooi of die antwoordblaaie vir die verkryging van resultate te versend. Wanneer 'n groot groep se EQ gemeet moet word, kan die beheer van toetsresultate praktiese implikasies hê, wat die gebruik van die toets bemoeilik. Die toets kon dus om praktiese redes nie in hierdie navorsing gebruik word nie.

Daar is besluit om die SSRI (sien 3.1.4, d) te gebruik, aangesien dit blyk om 'n beter meting van EQ te wees as die ander meetinstrumente wat op die gemengde model gebaseer is. Dit blyk dat die SSRI voldoende konstruktiviteit, voorspellingsgeldigheid, sowel as diskriminante geldigheid toon (Petrides & Furnham, 2000). Resultate van die meta-analise (Van Rooy & Viswesvaran, 2004) dui aan dat die SSRI groter voorspellingsgeldigheid toon as al die ander EQ-toetse (Trait Meta-Mood Scale of TMMS, Multi-Factor Intelligence Scale (MEIS)). Die MSCEIT is egter nie in hierdie meta-analise ingesluit nie. Hoewel die MSCEIT, wat op die vermoëmodel gebaseer is (Daus, 2006, alhoewel navorsers soos Matthews *et al.*, 2006, dit as 'n gemengde model sien), as een van die beste wetenskaplik-gebaseerde meetinstrumente van EQ beskou word (Matthews *et al.*, 2006), het die ingewikkelde nasien en beskikbaarheid van die vraelys die navorser ontmoedig om dit te gebruik. Vrae ontstaan ook by sommige navorsers oor hoe en wie besluit wanneer 'n antwoord as reg of verkeerd geïnterpreteer moet word (Matthews *et al.*, 2002).

Die SSRI, wat gebaseer is op die omvattende EQ-model van Mayer en Salovey (1990, 1997, 2000), blyk dus die beste keuse vir navorsingsdoeleindes te wees. (Sien Bylae 4.5.) Hierdie 33-itemskaal word deur baie navorsers verkies en gebruik (Conte & Dean, 2006, Matthews *et al.*, 2006) en is 'n selfverslagmeting van emosionele intelligensie. Selfoordeel is wel belangrik om te begryp hoe 'n persoon oor hom- of haarself (Daus, 2006) voel. Verder verleen die outeurs van die SSRI

vrye gebruik van die skaal vir navorsings- en kliniese doeleindes en dit is reeds in Suid-Afrika gebruik (Venter, 2003). Die lengte van die vraelys (slegs 33 items), asook die toenemende resultate van betroubaarheid en geldigheid, maak hierdie vraelys 'n aanvaarbare keuse vir diegene wat 'n kort selfverslagmeetinstrument van globale emosionele intelligensie soek.

Kontrasterende menings bestaan oor die konseptualisering van die SSRI-vraelys. Alhoewel Schutte *et al.* (1998) aanvanklik EQ as 'n multidimensionele konstruk gehanteer het, met 'n algemene EQ-telling en 'n telling vir elk van die vier subfaktore (Schutte *et al.*, 1998), het hulle meer onlangs gesuggereer dat die SSRI 'n eendimensionele konstruk met slegs 'n algehele telling is (Schutte *et al.*, 2002). Laasgenoemde is deur navorsers soos Brackett en Mayer (2003), sowel as Petrides en Furnham (2000, 2001) ondersteun. Dit blyk egter volgens meer onlangse navorsing dat die SSRI nie eendimensioneel is nie, maar saam met die algemene EQ-faktor, die volgende faktore meet (Austin, Saklofske, Huang & McKenney, 2004): optimisme/gemoedsregulering; herkenning van emosies; sosiale vaardighede; en toepassing van emosies.

Tabel 4.8: Die skale van die SSRI (Austin *et al.*, 2004)

Subskale	Omskrywing
Optimisme/ gemoedsregulering	Die vermoë om positiewe gevoelens te skep en te handhaaf, beheer oor gevoelens, positiewe verwagting.
Die herkenning (<i>appraisal</i>) van emosies	Kennis en begrip van eie en ander se gevoelens en nieverbale gedrag.
Sosiale vaardighede	Deel gevoelens op geskikte tye, geniet eie gevoelens, maak 'n goeie indruk op ander, laat ander goed voel deur empatiese luister, skep genotvolle geleenthede, beur ander op, komplimenteer ander.
Toepassing van emosies	Positieweit wat lei tot goeie idees, skepping van nuwe moontlikhede, en oplossing van probleme.

'n Faktoranalise van 62 items, wat die verskillende dimensies van die model verteenwoordig, het 'n 1-faktor-oplossing van 33 items gesuggereer (Schutte *et al.*, 1998). Die betroubaarheid van die subskale (Austin *et al.*, 2004) is as volg:

optimisme gemoedsregulering:	0.85
herkenning van emosies:	0.78
sosiale vaardighede:	0.73
toepassing van emosies:	0.72

As die eendimensionele konseptualisasie gebruik word, is daar voldoende interne konsekwentheid (Cronbach alpha van 0.87 vir 32 proefpersone), en toets-hertoets betroubaarheid ($r = 0.78$) (Schutte *et al.*, 1998). Sommige diskriminantgeldigheidsresultate toon 'n lae korrelasie met SAT-tellings ($r = -0.06$). Geldigheidstoetse suggereer matige tot sterk korrelasies tussen die SSRI en ander metingstoetse van *persoonlikheid* (Schutte *et al.*, 1998). Geldigheidstudies van die 33-item SSRI dui daarop dat die toets geassosieer word met die "openheid tot ervaring"-trek van die groot vyf persoonlikheidsdimensies ($r = 0.54$) (Brackett & Mayer, 2003; Schutte *et al.*, 1998; Schutte *et al.*, 2002). Hierdie vraelys word gevolglik beskou as gebaseer op 'n gemengde model van EQ. Schutte *et al.* (2002) het bevind dat die SSRI positief korreleer met selfsiening ($r = 0.57$) en positiewe gemoed ($r = 0.55$). In 'n omvattende analise van 'n verskeidenheid EQ-skale, het Barchard en Hakstian (2004) bevind dat selfverslag EQ-vraelyste korreleer met persoonlikheidsdimensies, maar nie met kognitiewe vermoë nie. Hulle afleiding is dus dat selfverslagmeetinstrumente, eerder as die meting van selfpersepsies van emosionele vermoëns eerder as die meting van emosionele vermoëns self verstaan moet word.

Schutte en medewerkers (1998), sowel as Van Rooy *et al.* (2004) meen dat respondente hulleself in hierdie toets beter kan voordoen as wat hulle werklik is (*faking good*), en beveel aan dat die toets daarom verkieslik nie vir keuringsdoeleindes gebruik moet word nie, maar eerder vir persone wat 'n geldige meting van hul EQ wil hê.

(iv) Meting van spirituele intelligensie

Die MMV-SQ-vraelys, soos saamgestel in hierdie navorsing en in fase 1 bespreek (4.1), is in hierdie navorsing gebruik.

4.2.4 Data-ontleding

Om die hipoteses te toets is daar van *ex post facto*-navorsing gebruik gemaak. In hierdie benadering word daar ondersoek ingestel na toestande wat reeds voor die navorsing voorgekom het. Data word ingesamel om 'n moontlike verband te bepaal tussen hierdie toestande en daaropvolgende karakteristieke of gedrag (Leedy & Ormrod, 2005).

Hipotese 1: Daar is 'n verband tussen SQ en huweliksaanpassing by egpare met voorskoolse kinders

Om hierdie hipotese te toets is daar gepoog om beduidende korrelasies tussen die subskale van die SQ-toets, en die subskale van die DAS (huweliksaanpassingstoets) aan te dui. Dit is gedoen deur Pearson se korrelasiekoëffisiënt te bereken. Die korrelasies word in hoofstuk 5 weergegee.

Hipotese 2: Daar is 'n verband tussen EQ en huweliksaanpassing by egpare met voorskoolse kinders

Vervolgens is daar bepaal of daar 'n beduidende korrelasie tussen die subskale van die SSRI (EQ-vraelys) en die huweliksaanpassingsvraelys voorkom. Dit is gedoen deur die Pearson-korrelasies te bereken en die beduidendheid daarvan tweekantig te toets. Die korrelasies word in hoofstuk 5 weergegee.

Hipotese 3: Vroue beskik oor 'n hoër EQ en SQ as mans

Aangesien dit volgens sommige navorsing in die literatuurstudie blyk dat vroue se EQ hoër is as dié van mans, is besluit om hierdie hipotese te toets. Dit, veral in die lig van die siening in die sisteemteorie dat verandering in een aspek van die sisteem lei tot verandering in die res van die sisteem. Waar vroue makliker vir terapie aanmeld, sou dit dan ook sinvol wees om te fokus op die verdere ontwikkeling van EQ en SQ by die vrou, wat mag aanleiding gee tot hoër huweliksaanpassing by die egpaar. Dieselfde hipotese ten opsigte van SQ is ook ondersoek.

Om hierdie hipotese te ondersoek, is eerstens 'n t-toets vir onafhanklike groepe (alle mans en vroue apart) gedoen. Die t-toets vir onafhanklike groepe word gebruik om verskille tussen twee groepe wat nie met mekaar verband hou nie te vergelyk (Greene & D'Oliveira, 2006). Daarna is ook 'n t-toets vir afhanklike of verwante groepe (egpare saam gegroepeer) gedoen. Hierdie toets word gebruik in 'n afhanklike ontwerp waar die toestande van die twee groepe verband hou met mekaar. Die tellings van die man en vrou binne die huwelik word in hierdie berekening derhalwe spesifiek met mekaar vergelyk (Greene & D'Oliveira, 2006). Die gemiddelde subskaalteellings van mans en vroue is bepaal, waarna bepaal is of daar 'n beduidende korrelasie voorkom.

'n Meervoudige regressie-ontleding is daarna gedoen met die biografiese en SQ-veranderlikes as onafhanklike veranderlikes en huweliksaanpassing as die afhanklike veranderlike. Regressie word gebruik wanneer 'n voorspelling gemaak word watter faktore met 'n veranderlike verband hou. Wanneer daar slegs een afhanklike, en meer as een onafhanklike veranderlike is, soos in hierdie geval, word daar van meervoudige regressie gebruik gemaak. Regressiekoëffisiënte, wat die gunstigste lyn in die verspreidingsprofiel vorm, word geïdentifiseer. Die "gunstigste lyn" verwys hier na die som van die vierkantsafstande wat die minimum aandui (Diamantopoulos & Schlegelmilch, 2000; Schmuller, 2005).

4.3 Fase 2: Kwalitatiewe navorsing – 'n ondersoek na die aard van die huwelik met voorskoolse kinders

In hierdie navorsing word daar gefokus op 'n soeke na sin en betekenis in die huweliksituasie (SQ), asook die hantering van die eie en mekaar se gevoelens (EQ) ten tye van uitdagings in die huwelik. Volgens die navorsingshipoteses in die kwantitatiewe navorsing kan die ontwikkeling van SQ en EQ moontlik die huweliksmaats in staat stel om 'n huweliksfase vol veranderings, aanpassings en uitdagings beter te hanteer, en sodoende bydra tot beter huweliksaanpassing. Om die werklike belewenis van hierdie egpaarlede te verstaan, en nie slegs op aannames van hoofsaaklik oorsese navorsing ten opsigte van die huwelik staat te maak nie, het die navorser gepoog om deur middel van kwalitatiewe navorsing die belewenisse van die betrokke egpare met voorskoolse kinders te verstaan. In die kwalitatiewe navorsing is dus gepoog om die betekenis wat egpare in 'n huweliksfase vol aanpassings en uitdagings vind, te ondersoek.

Daar bestaan heelwat debat oor die belangrikste komponente van kwalitatiewe navorsing. Volgens Lee (1999) is daar egter twee faktore wat uitstaan:

- (i) Afgesien van die spesifieke aard en terme waarmee die verskillende aspekte beskryf word, word kwalitatiewe navorsing beskou as 'n proses van datavermindering om essensies uit te haal, wat tegelykertyd die data se betekenis verhoog.

(ii) Kwalitatiewe navorsing sluit selde gestandaardiseerde instrumente of prosedures in. In plaas hiervan, gebeur dit meer dikwels dat die navorser self die “primêre meetinstrument” van hul navorsing saamstel.

4.3.1 Navorsingsprobleem

In 'n kwalitatiewe studie word daar slegs algemene navorsingsprobleme geformuleer (Leedy & Ormrod, 2005).

Die navorsingsprobleme in hierdie navorsing is :

- Wat is die aard van huwelike met voorskoolse kinders?
- Hoe dra die huwelik by tot die persoonlike tevredenheid van egpaarlede?
- Hoe ervaar mans en vroue die koms van kinders in hulle huwelik?
- Hoe beïnvloed die huweliksmaats se beroep(e) die huwelik?
- Hoe ervaar die egpaarlede hul eie en hul huweliksmaat se begrip en toepassing van gevoelens?

4.3.2 Navorsingsontwerp

Aanvanklik is beoog om onderhoude na afloop van die kwantitatiewe navorsing met die egpare (met die hoogste en laagste huweliksaanpassingsstellings) te voer om hulle siening van mekaar se emosionele en spirituele ontwikkeling, hul gesamentlike motivering vir die huwelik, asook die sin en betekenis wat hul gesamentlik in hul huwelik vind, te ondersoek. Aangesien die navorser na afloop van die kwantitatiewe navorsing verhuis het, is die uitvoering daarvan bemoeilik. Daar is besluit om die oop vrae, wat die egpaarlede tydens die afneem van die biografiese vraelyste beantwoord het, te gebruik om hulle ervaring van hul huwelik beter te verstaan. Die egpare se ervaring van hulle huwelik, met rolverwagtinge asook hantering van kinders, stel die agtergrond van die uitdagings wat die egpaar beleef. Indien die aard van die huwelik, en die betekenis wat egpaarlede daaraan heg, beter verstaan word, kan die ontwikkeling van EQ en SQ in die egpaar se unieke omstandighede toegepas word. Sodoende kan die egpaar vanuit hul emosionele en spirituele intelligensie hul unieke aanpassingsprobleme hanteer.

Kwalitatiewe navorsing sluit 'n wye verskeidenheid van benaderings en navorsingsontwerpe in, en om hierdie benaderings te beskryf, is volgens Lee (1999) soos om 'n bewegende teiken raak te skiet. Kwalitatiewe navorsingsmetodes is nie baie voorskriftelik nie en word gekies op grond van die spesifieke behoefte van die navorser. Hierdie ontwerpe is baie buigbaar en stel die navorser in staat om die insameling en interpretasie van die beskikbare data aan te pas soos wat die situasie vra (Lee, 1999).

In hierdie navorsing is daar van inhoudsontleding gebruik gemaak. Daar is gepoog om op sistematiese wyse die inhoud soos weergegee deur die egpare, te ontleed, om sodoende spesifieke temas en patrone identifiseer. Verder is die frekwensie van die spesifieke eienskappe getabuleer en is daar gepoog om die navorsingsvraag deur beskrywende statistiek te beantwoord.

Aangesien dit geblyk het asof die egpaarlede hierdie vrae oor die huwelik oop en eerlik beantwoord het, was dit geskik om in die navorsing te gebruik.

4.3.3 Navorsingsgroep

Dieselfde proefpersone wat aan die kwantitatiewe navorsing deelgeneem het (sien 4.2.2), het aan die kwalitatiewe navorsing deelgeneem.

4.3.4 Data-analise

Die volgende vrae, gerig op die egpaar se belewenis van mekaar en die huwelik, is aan die egpare gestel en skriftelik beantwoord:

- Beskryf tot watter mate jou huwelik bydra tot die persoonlike tevredenheid wat jy verwag dat dit moet bring.
- Verduidelik in watter mate die koms van kinders jul huwelik affekteer.
- Beskryf in watter mate die verdeling van huistake jul huwelik affekteer.
- Verduidelik in watter mate jou beroep (of feit dat jy nie 'n beroep beoefen nie) jul huwelik affekteer.
- Beskryf in watter mate jou huweliksmaat se beroep (of feit dat hy of sy nie 'n beroep beoefen nie) jul huwelik affekteer.

- Beskryf in watter mate jy positiewe gevoelens (teerheid, liefde, opgewondenheid, geluk) in jou huwelik uitdruk.
- Verduidelik in watter mate jy negatiewe gevoelens (woede, haat) in jou huwelik uitdruk.
- Beskryf in hoe 'n mate jou huweliksmaat volgens jou, sy of haar gevoelens in die huwelik hanteer.

Deur ontleding van die egpaarlede se antwoorde is gepoog om die egpaarlede se persepsie van hul eie sowel as hul huweliksmaat se hantering van aanpassingsfaktore te ondersoek. 'n Data-analise is uitgevoer deur die algemene temas in die antwoorde van die egpaarlede op hierdie vrae te identifiseer. Die mans en vroue se gegewens is afsonderlik ontleed. Die antwoorde is in kleiner frases opgebreek, wat elk 'n spesifieke gedagte weergee. Die verskillende segmente is in kategorieë opgedeel wat die verskillende "betekenisse" wat egpaarlede aan die huwelik heg, verteenwoordig. Hierdie segmente is skriftelik aangeteken by elke egpaarlid. (Egpaarlede is met nommers aangedui, bv. M43 dui op die man in egpaar nr. 43.) Jones (1985) dui daarop dat navorsers oop moet wees om alle moontlike, onverwagte temas raak te sien. Om die verskillende betekenisse te klassifiseer het die navorser verder tellings aan elke antwoord toegeken, byvoorbeeld:

Beskryf in hoe 'n mate jou huweliksmaat volgens jou, sy of haar gevoelens in die huwelik hanteer:

- 1 – die huweliksmaat is oneffektief in die hantering van gevoelens
- 2 – die huweliksmaat hanteer die gevoelens moeilik
- 3 – die huweliksmaat hanteer dit soms goed, soms sleg
- 4 – die huweliksmaat hanteer sy of haar gevoelens redelik goed
- 5 – die huweliksmaat hanteer sy of haar gevoelens uitstekend

Op grond hiervan is die egpaarlede se gegewens geïnterpreteer.

4.3.5 Geldigheid

Sommige navorsers meen dat die tradisionele meting van betroubaarheid en geldigheid nie van toepassing is op kwalitatiewe navorsing nie. Ander, soos Maxwell

(1996) meen dat geldigheid die belangrikste aspek van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp is. Hier is geldigheid 'n doel, en nie die produk van 'n spesifieke metode nie. Volgens Maxwell is daar drie tipes geldigheid. Daar word ook by elkeen beskryf hoe daar in hierdie navorsing gepoog is om geldige resultate te verkry.

(i) *Geldige beskrywing* verwys na die akkuraatheid waarmee die navorser dit wat die data verteenwoordig gesien, gehoor en ervaar het. Goeie apparaat of die transkripsie van onderhoude word byvoorbeeld aangemoedig. Deurdat die egpaarlede in hierdie navorsing die oop vrae op die antwoordblaaie beantwoord het, is daar 'n akkurate weergawe van die egpare se menings, en kan dit vir verdere navorsing weer beskikbaar gestel word.

(ii) *Geldige interpretasie* dui op die ooreenkoms tussen dit wat die deelnemers bedoel het en die gevolgtrekking of afleiding wat die navorser maak. In die interpretasie van hierdie navorsingsgegewens het die navorser deurgaans gepoog om te soek na die egpaarlede se eie betekenis in hulle huwelik, en nie na die bevestiging van die navorser se eie aannames nie. Die data is verder deur twee navorsers ontleed wat probeer het om konsensus in die interpretasie van data te kry. Dit dra by tot 'n meer geldige interpretasie van die data.

(iii) *Geldige teorie* verwys na die navorser se pogings wat nie alternatiewe verduidelikings vir die navorsingsresultate te onderskat of ignoreer nie. In hierdie kwalitatiewe navorsing het die navorser gepoog om haar nie blind te staar teen 'n vooropgestelde idee, verkry vanuit die literatuurstudie nie, maar die betekenis raak te sien wat hierdie spesifieke groep aan hul huwelik heg.

In die volgende hoofstuk sal die resultate van hierdie drie navorsingsfases weergegee word.

HOOFSTUK 5: NAVORSINGSRESULTATE

In hierdie hoofstuk word die resultate weergegee wat in hierdie ondersoek verkry is. Eerstens word die resultate van die ontwikkeling van die SQ-vraelys in fase 1 van die navorsing bespreek. Vervolgens, in fase 2, sal daar verwys word na die resultate van die ondersoek na die verband tussen EQ, SQ en die huweliksaanpassing van huwelikspare met voorskoolse kinders, wat 'n kwantitatiewe ondersoek was. Die kwalitatiewe ondersoek vervolg hierop, waar die belewenis en aard van die huwelike sowel as moontlike faktore wat 'n rol in huweliksaanpassing speel, ondersoek is.

5.1 Fase 1 – Ontwikkeling van die SQ-vraelys

5.1.1 Proefpersone

Die vraelys is deur 198 respondente voltooi, soos beskryf in hoofstuk 4.

5.1.2 Betroubaarheid

Om te bepaal hoe effektief die items die bepaalde konstrunkte meet, is eerstens 'n itemanalise gedoen. Itembetroubaarheid (bepaal deur Cronbach alpha) sowel as itemdiskriminasie (bepaal deur item-totaal-korrelasie) is bereken om die itemfunksionering te bepaal.

Die item-analise het getoon dat die meeste items by die spesifieke konstrunkte pas. Die 11 items wat nie by enige van die skale gepas het nie, is weggelaat. Die finale subskale is geanaliseer om die interne konsekwentheid en die item-totaal-korrelasies vir die onderskeie subskale te bepaal. Tabel 5.1 dui die beskrywing vir die subskale, aantal items en die Cronbach alpha betroubaarheidskoëffisiënte aan.

Tabel 5.1: Beskrywende statistiek vir SQ-subskale (N = 198)

	Min	Maks	Gemiddelde	N items	Cronbach Alpha
SIN EN BETEKENIS					
Meditatiewe bewustheid	21	44	34.75	11	0.746
Estetiese bewustheid	12	28	21.90	7	0.759

Oop, empatiese aanvaarding van ander	37	76	61.04	20	0.801
Om te vra "hoekom"	19	36	27.97	9	0.689
Onselfsugtige geroepenheid	17	36	27.85	9	0.690
Nederigheid	25	47	37.84	12	0.681
Skeppende groei in moeilike tye	21	43	32.97	11	0.676
Spontaniteit	17	40	27.75	10	0.704
Veld-onafhanklikheid	19	39	30.97	11	0.699
Holistiese perspektief	25	47	36.42	12	0.721
MOTIVERING					
Bemeestering(+4)	11	24	18.01	6	0.569
Mag-van-binne(+3)	12	24	19.40	7	0.648
Gemeenskapsgevoel en samewerking (+2)	8	16	13.02	5	0.473
Eksplorاسie (+1)	10	20	16.01	9	0.652
Selfgesentreerdheid (-1)	6	16	11.03	6	0.564
Woede (-2)	9	27	19.43	7	0.731
Drange & begeertes (-3)	7	23	16.23	7	0.717
Vrees (-4)	11	30	21.09	8	0.796
WAARDES					
Self-waardes	15	28	22.59	7	0.599
Ander-waardes	11	28	21.42	7	0.711

Die betroubaarheid van subskale wissel van 0.47 vir gemeenskapsgevoel en samewerking tot 0.80 vir oop, empatiese aanvaarding. Daar word dikwels aangeneem dat die aantal items 'n invloed op die beraamde interne konsekwentheid sal hê, maar dit is nie die geval by al die subskale nie. Die subskaal *empatiiese aanvaarding* het 20 items en die hoogste Cronbach alpha, terwyl die subskaal *vrees* slegs 7 items het, met 'n alpha van 0.76. 'n Mens kan aanvaar dat alpha in hierdie gevalle aandui hoe goed die items 'n bepaalde veranderlike meet. Daar word

gewoonlik van 'n faktoranalise gebruik gemaak om die subskale te bevestig. Die item-steekproefgrootte-verhouding was egter ongunstig vir hierdie verwerking en dit kon nie gedoen word nie. Daar is egter 'n mate van konstrugeldigheid verkry, deurdat sekere SQ-skale met die waardeskaal korreleer.

5.1.3 Geldigheid

Die konstrugeldigheid is ondersoek. Konstrugeldigheid verwys na "the extent to which a measure behaves in a theoretically sound manner" (Diamantopoulos & Schlegelmilch, 2000, p. 35). Dit word gedoen deur die ondersoek van die verhouding tussen die meetinstrument, in hierdie geval die subskale van die SQ-vraelys, en die meting van ander konstrukte, in hierdie geval die subskale van die waardeskaal binne 'n teoretiese raamwerk.

Die waardeskaal wat saam met die SQ vraelys voltooi is, sluit ook 'n subskaal in wat *spiritualiteit* meet. Deur die korrelasies tussen die subskale van die SQ en die subskaal *spiritualiteit* te bepaal, is die konstrugeldigheid van die SQ ondersoek.

Tabel 5.2 dui die korrelasies tussen die SQ-dimensies en die spiritualiteitskonstruk aan. Die korrelasies tussen 13 van die SQ-konstrukte en die spiritualiteitskonstruk van die waardeskaal was bevredigend (r het gevarieer van 0.15, $p \leq 0.05$ tot 0.54, $p \leq 0.01$).

Tabel 5.2: Konstrugeldigheid: korrelasie tussen subskale van SQ en spiritualiteit van die waardeskaal (N = 168)

	r	p
SIN EN BETEKENIS		
Meditatiewe bewustheid	0.508**	0.001
Estetiese bewustheid	0.154*	0.047
Oop, empatiese aanvaarding van ander	0.296**	0.001
Om te vra "hoekom"	0.153*	0.047
Onselfsugtige geroopenheid	0.358**	0.001
Nederigheid	0.343**	0.001

Positiewe aanwend van moeilike omstandighede	0.107	0.167
Spontaniteit	0.292**	0.001
Veld-onafhanklikheid	0.034	0.665
Holistiese perspektief	0.049	0.528
MOTIVERING		
Bemeestering(+4)	0.502**	0.001
Mag-van-binne(+3)	0.318**	0.001
Gemeenskapsgevoel en samewerking (+2)	0.228**	0.003
Eksplorasië (+1)	0.191*	0.013
Selfgesentreerdheid (-1)	0.058	0.453
Woede (-2)	0.073	0.349
Drange en begeertes (-3)	0.094	0.224
Vrees (-4)	-0.109	0.16
WAARDES		
Self-waardes	0.298**	0.001
Ander-waardes	0.541**	0.001

* Beduidend by $p \leq 0.05$ ** Beduidend by $p \leq 0.01$

Die altruïsmekonstruks van die waardeskaal het byvoorbeeld beduidend gekorreleer met die SQ-konstruks waardes gerig op ander ($r = 0.56$, $p \leq 0.01$). Ander konstruks soos die fisiese vaardighede op die waardeskaal het nie met enige SQ-dimensie gekorreleer nie.

Dis interessant dat daar geen betekenisvolle verskille in die skaaltellings tussen mans en vroue was nie, behalwe vir die subskaal *oop, empatiese aanvaarding*, waar vroue 'n hoër telling behaal het ($t = 2.65$, $p \leq 0.01$, $vg = 177$).

Die finale SQ-MMV-vraelys (*meaning, motivation and values*) was dus nou gereed om die verband tussen EQ, SQ en huweliksaanpassing by huwelikspare met voorskoolse kinders te meet.

5.2 Fase 2: Kwantitatiewe navorsing – Onderzoek van die verband tussen konstrunkte

Eerstens sal daar na die biografiese gegewens van die proefpersone verwys word, waarna die ondersoek van die verband tussen EQ, SQ en huweliksaanpassing weergegee sal word.

5.2.1 Biografiese gegewens

(i) Proefpersone

Altesaam 34 egpare met voorskoolse kinders het aan die ondersoek deelgeneem. Daar was egter 'n verdere 15 vroue wat vraelyste ingevul het, terwyl hulle mans nie aan die studie deelgeneem het nie. Daar was ook een man wat as individu die vraelyste ingevul het. In totaal het 84 proefpersone aan die navorsing deelgeneem. Uit hierdie groep het nege persone nie die biografiese gegewens ingevul nie, of slegs gedeeltelik ingevul. Hierdie kandidate het slegs die EQ-, SQ- en huweliksaanpassingsvraelyste volledig ingevul. Die persentasie word deurgaans aangedui as %.

Tabel 5.3: Geslag

Geslag	Frekwensie	%
Manlik	35	41,7
Vroulik	49	58,3
Totaal	84	100,0

Die ouderdomme van respondente het gewissel van 25 tot 45 jaar, waarvan die grootste persentasie 31 tot 35 jaar oud was. (Sien Tabel 5.4.)

Tabel 5.4: Ouderdomme van respondente in jare

Ouderdom	Frekwensie	%
25-30	9	10,7
31-35	36	42,9
36-40	23	27,4

41-45	7	8,3
Totaal	75	89,3
Nie gemeld nie	9	10,7
Totaal	84	100,0

Van die proefpersone was die grootste persentasie Afrikaanssprekend (65%), terwyl 'n kleiner groepie Engelssprekend en 7% Afrikataalsprekers was (Tabel 5.5).

Tabel 5.5: Huistaal

Huistaal	Frekwensie	%
Afrikaans	55	65,5
Engels	14	16,7
Afrikaans en Engels	1	1,2
Tswana	4	4,8
Zoeloe	2	2,4
Totaal	76	90,5
Nie gemeld nie	8	9,5
Totaal	84	100,0

(ii) Opleiding en beroepslewe

Ses-en-tagtig persent van die egpaarlede het matriek voltooi, terwyl naskoolse opleiding gewissel het van *geen opleiding* nie (6%) tot *nagraadse opleiding* (33,3%) (Tabel 5.6).

Tabel 5.6: Vlak van opleiding

Graad voltooi	Frekwensie	%	Naskoolse opleiding	Frekwensie	%
Graad 8	1	1,2	Geen	5	6,0
Graad 10	2	2,4	Indiensopleiding	2	2,4
Graad 12	73	86,9	Diploma	9	10,7
Totaal	76	90,5	Kollege	4	4,8

Nie gemeld nie	8	9,5	Technikon	9	10,7
Totaal	84	100,0	Univ. voorgraads	19	22,6
			Univ. honneurs	9	10,7
			Univ. meesters	17	20,2
			Univ. PhD	2	2,4
			Totaal	76	90,5
			Nie gemeld nie	8	9,5
			Totaal	84	100,0

Die grootste persentasie proefpersone was ekonomies aktief, terwyl net 4,8% aangedui het dat hulle tuisteskeppers was. Beroepsgroepe wat goed verteenwoordig was, was ekonomiese beroepe en opleidingsberoepe. (Sien Tabel 5.7.) Vier-en- vyftig persent is werksaam by 'n maatskappy of organisasie, terwyl 19% hul eie inkomste genereer. Een-en-twintig persent van die 84 egpaarlede werk 50 en meer ure per week wat gereken kan word as lang ure. Hierdie lang werksure laat minder tyd vir die huweliksmaat en gesin, en bied vele uitdagings vir die hele gesin. Meer as 45% se beroep behels ongewone ure, wat veral werk in die aand en naweke behels (Tabel 5.8). Die inkomste van die proefpersone wissel van geen inkomste nie (vir die tuisteskeppers), tot R500 000 per jaar (Tabel 5.9). Dit blyk dat die grootste persentasie R200 000 tot R299 000, asook R400 000 tot R499 000 per jaar verdien (elk 15,5%). Volgens Dakin en Wampler (2008) behaal middelinkomste-egpare hoër tellings op die huweliksaanpassingskaal (DAS) as laerinkomste-egpare. Volgens hierdie navorsers, "money doesn't buy happiness, but it helps" (Dakin & Wampler, 2008, p. 300).

Tabel 5.7: Beroep

Beroep	Frekwensie	%
Tuisteskepper	4	4,8
Onderrig, (doseer, tale, navorsing); politiek	13	15,5
Regte	2	2,4
Tegnies – meganies	2	2,4

Ekonomies, besigheid	29	34,5
Kuns en ontwerp	1	1,2
Vaardighede (haarkapper, skoonheid)	3	3,6
Ingenieurswese	4	4,8
Sosiale diens (sielkundige, gemeenskapsdiens, predikant)		
Landbou	5	6,0
Medies (mond, apteker, optometris)	1	1,2
Administratief (sekretarieel)	5	6,0
Argitek	2	2,4
Totaal	2	2,4
Nie gemeld nie	76	90,5
Totaal	8	9,5
	84	100,0

Tabel 5.8: Hoeveelheid ure wat beroep per week verg; ongewone werksure

Aantal ure	Frekwensie	%	Ongewone ure	Frekwensie	%
0	6	7,1	Geen	37	
<25 uur (halfdag)	8	9,5	Saans	11	13,1
26-39 ure	11	13,1	Naweke	9	10,7
40 ure (voldag)	15	18,0	Snags	2	2,4
41-49 ure	14	16,7	Saans en naweke	12	14,3
50+ ure	21	25,0	Saans, naweke, snags	4	4,8
Totaal	75	89,3	Totaal	75	89,3
Nie gemeld nie	9	10,7	Nie gemeld nie	9	10,7
Totaal	84	100,0	Totaal	84	100,0

Tabel 5.9: Gemiddelde inkomste per jaar

Inkomste	Frekwensie	%
Geen inkomste nie	8	9,5
1-99 K	9	10,7
100-199 K	12	14,3
200-299 K	13	15,5
300-399 K	11	13,1
400-499 K	13	15,5
500-550 K	4	4,8
Totaal	70	83,3
Nie gemeld nie	14	167,0
Totaal	84	100,0

(iii) Huweliksverhouding

Die egpare is tussen twee en sewentien jaar getroud, waarvan die grootste persentasie (25%) tussen sewe en agt jaar getroud is. Sewe van die egpaarlede is tans in hulle tweede huwelik. Redes wat respondente aangedui het vir die beëindiging van die eerste huwelik is onversoenbare verskille, ontrouheid, sterfte asook 'n homoseksuele huweliksmaat (Tabel 5.10). Omtrent 'n derde van die egpaarlede het voor hul huwelik saamgewoon vir tydperke wat wissel tussen 2 en 36 maande (Tabel 5.11).

Tabel 5.10: Vorige huwelike

Voorheen getroud	Frekwensie	%	Rede vir beëindiging	Frekwensie	%
Nee	69	82,1	N.v.t.	71	84,5
Ja	7	8,3	Onversoenbare verskille	1	1,2
Totaal	76	90,5	Ontrouheid	2	2,4
Nie gemeld nie	8	9,5	Sterfte	1	1,2
Totaal	84	100,0	Homoseksuele maat	1	1,2
			Totaal	76	90,5
			Nie gemeld nie	8	9,5
			Total	84	100,0

Tabel 5.11: Saamwoon van egpaarlede voor troue

Saamgewoon	Frekwensie	%	Hoeveelheid maande	Frekwensie	%
Ja	27	32,1	0	48	57,1
Nee	49	58,3	<6 mde.	5	
Totaal	76	90,5	6-12	11	
Nie gemeld nie	8	9,5	13-25	6	
Totaal	84	100,0	26-36	6	
			Totaal	76	90,5
			Nie gemeld nie	8	9,5
			Totaal	84	100,0

By 61,9% van die egpaarlede is geeneen van hul ouers geskei nie, by 13,1% is die man se ouers geskei; by 8,3% die vrou se ouers; en by 7,1% is albei egpaarlede se ouers geskei (Tabel 5.12). Die aantal kinders per egpaar wissel tussen 1 en 4 kinders (Tabel 5.13).

Tabel 5.12: Egpere se ouers geskei

	Frekwensie	%
Geen	52	61,0
Man se ouers	11	13,1
Vrou se ouers	7	8,3
Beide se ouers	6	7,1
Totaal	76	90,5
Nie gemeld nie	8	9,5
Totaal	84	100,0

Tabel 5.13: Kinders

Hoeveelheid kinders	Frekwensie	%
1	17	20,2
2	43	51,2
3	11	13,1
4	5	6,0
Totaal	76	90,5
Nie gemeld nie	8	9,5
Totaal	84	100,0

(iv) Godsdienstebeleging

Dit blyk dat die grootste twee faktore wat algehele geluk bepaal die huwelik en godsdienstebeleging is (Williams *et al.*, 2006). Die grootste persentasie van die respondente het aangedui dat hulle Christene is (82,1%), terwyl 'n kleiner persentasie Hindoe is en 6,0% geen godsdienste beoefen nie (Tabel 5.14). Die grootste persentasie woon 3-4 keer per maand eredienste by (64%). Die grootste groep (46,4%) het aangedui dat hulle matige kerklike betrokkeheid het (Tabel 5.15).

Tabel 5.14: Egpaarlede se godsdienst

Godsdienst	Frekwensie	%
Geen	5	6,0
Christen	69	82,1
Hindoe	2	2,4
Totaal	76	90,5
Nie gemeld nie	8	9,5
Totaal	84	100,0

Tabel 5.15: Bywoning en betrokkenheid by eredienste

Erediensbywoning	Frekwensie	%	Kerkbetrokkenheid	Frekwensie	%
Nooit	10	11,9	Geensins	2	2,4
1 x elke paar maande	7	8,3	Min betrokke	25	29,8
1 x per maand	5	6,0	Matig betrokke	39	46,4
2-3 x per maand	28	33,3	Baie betrokke	10	11,9
1 x per week	26	31,0	Totaal	76	90,5
Totaal	76	90,5	Nie gemeld nie	8	9,5
Nie gemeld nie	8	9,5	Totaal	84	100,0
Totaal	84	100,0			

(v) Ondersteuningsstelsel en gesondheid

Slegs twee egpare het aangedui dat daar vriende of familie is wat by hulle inwoon (Tabel 5.16). Alhoewel 'n sterk ondersteuningsstelsel noodsaaklik is vir die egpaar met klein kinders, kan sosialisering met die huweliksmaat se vriende en familie ekstra tyd in beslag neem. Dit blyk dat meer as die helfte van die proefpersone ervaar dat hulle familie sowel as vriende as ondersteuningsstelsel het (57,1%); 22,6% het of familie of vriende; terwyl 10,7% ervaar dat hulle geen ondersteuning het nie (Tabel 5.16).

Tabel 5.16: Ondersteuningsstelsel van die egpaar

Inwonende vriende /familie	Frekwensie	%	Ondersteuning	Frekwensie	%
Nee	72	85,7	Geen	9	10,7
Ja	4	4,8	Familie of vriende	19	22,6
Totaal	76	90,5	Familie en vriende	48	57,1
Nie gemeld nie	8	9,5	Totaal	76	90,5
Totaal	84	100,0	Nie gemeld nie	8	9,5
			Totaal	84	100,0

(vi) Rolverdeling en take van die egpaarlede

Wanneer die rolle van die egpaarlede verander van huweliksmaat na ouer, gaan hierdie nuwe rolle gepaard met baie stres en veranderinge in die individu, gesin asook in die egpaarlid se beroep (White & Klein, 2008). In die gesinne in hierdie navorsing was 48,8% van die mans *hoofsaaklik* die broodwinner, terwyl beide die man en vrou by 41,7% die broodwinners is (Tabel 5.17). Wat huistake betref, is daar 'n ontleding per geslag gedoen (Tabel 5.18 en 5.19). Tussen 37,1% (volgens die mans) en 38,8% (volgens die vroue) het gemeen dat die vroue die meeste take verrig. Daar was egter 'n meningsverskil deurdat heelwat meer mans (48,6%) as vroue (30,6%) gevoel het dat beide egpaarlede saam die huistake verrig. Wat die versorging van kinders betref, het dieselfde tendens voorgekom (Tabel 5.18 en 5.19). Tussen 48,6% (volgens die vroue) en 51,0% (volgens die mans) het gemeen dat die vroue meeste van die kinderversorging behartig. In die aanduiding dat beide egpaarlede ewe veel van die kinderversorging behartig, het daar 'n groter meningsverskil voorgekom: 51,4% van die mans, terwyl slegs 32,7% van die vroue het gemeen dat dit die geval is. Terwyl 5,7% van die mans, en 6,1% van die vroue aangedui het dat die mans die meeste huistake verrig, is dit opvallend dat nêrens aangedui is dat die mans meestal die kinderversorging behartig nie.

Tabel 5.17: Egpaarlid wat hoofsaaklik as broodwinner optree

Broodwinner	Frekwensie	%
Vrou	0	0,0
Man	41	48,8
Beide die man en vrou	35	41,7
Totaal	76	90,5
Nie gemeld nie	8	9,5
Totaal	84	100,0

Tabel 5.18: Huistake en versorging van kinders volgens die mans (N = 35)

Meeste huistake	Frekwensie	%	Meeste kinderversorging	Frekwensie	%
Man	2	5,7	Man	0	0,0
Vrou	13	37,1	Vrou	17	48,6
Beide	17	48,6	Beide	18	51,4
Ander	3	8,6	Totaal	35	100,0
Totaal	35	100,0			

Tabel 5.19: Huistake en versorging van kinders volgens die vroue (N = 49)

Meeste huistake	Frekwensie	%	Meeste Kinderversorging	Frekwensie	%
Man	3	6,1	Man	0	0,0
Vrou	19	38,8	Vrou	25	51,0
Beide	15	30,6	Beide	16	32,7
Ander	4	8,2	Totaal	41	83,7
Totaal	41	83,7	Nie gemeld nie	8	16,3
Nie gemeld nie	8	16,3	Totaal	49	100,0
Totaal	49	100,0			

(vii) Huweliksvoorbereiding, -verryking, -terapie

Die bywoon van huweliksvoorbereiding en -verryking was nie algemeen in hierdie groep nie (Tabel 5.20). Amper die helfte van die egpaarlede het geen verryking of

voorbereiding ontvang nie, terwyl 22,6% huweliksvoorbereiding en 10,7% huweliksverryking ontvang het. Wat psigoterapie betref, het een persoon individuele terapie, en vyf persone huweliksterapie ontvang.

Tabel 5.20: Huweliksvoorbereiding, -verryking, -terapie, individuele terapie

Huweliksvoorbereiding/ -verryking	Frekwensie	%	Psigoterapie	Frekwensie	%
Geen	37	44,0	Geen	70	83,3
Huweliksvoorbereiding	19	22,6	Individuele terapie	1	1,2
Huweliksverryking	9	10,7	Huweliksterapie		
Beide voorbereiding en verryking	11	13,1	Totaal	5	6,0
Totaal	76	90,5	Nie gemeld nie	76	90,5
Nie gemeld nie	8	9,5	Totaal	8	9,5
Totaal	84	100,0		84	100,0

5.2.2 Ondersoek na die verband tussen EQ, SQ en huweliksaanpassing

Vervolgens sal die resultate van die verbande tussen veranderlikes weergegee word na aanleiding van die hipoteses wat gestel is.

Hipotese 1: Daar is 'n verband tussen emosionele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders.

Hipotese 2: Daar is 'n verband tussen spirituele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders.

Hipotese 3: Vroue beskik oor 'n hoër SQ en EQ as mans.

Hipotese 4: Daar is eienskappe van die verhouding wat verband hou met huweliksaanpassing (kyk hipotese in hoofstuk 4).

Eerstens word die resultate van die verband tussen egpaarlede se EQ en hul huweliksaanpassing ondersoek.

5.2.2.1 Die verband tussen EQ en huweliksaanpassing

Hipotese 1: Daar is 'n verband tussen emosionele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders

Die verband tussen die vier subskale van die SSRI (Schutte Self-Report Inventory) van Schutte *et al.* (1998) waarmee EQ in hierdie navorsing bepaal is (optimisme/gemoedsregulering, herkenning van emosies, sosiale vaardighede en toepassing van emosies), en die vier subskale van die Spanier-huweliksaanpassingsvraelys is bepaal deur Pearson-korrelasies te bereken en die beduidendheid daarvan tweekantig te toets. Die resultate word in Tabel 5.21 weergegee.

Tabel 5.21: Verband tussen EQ en huweliksaanpassing (N = 72)

		Spanier huweliks- tevredenheid	Spanier huweliks- konsensus	Spanier huweliks- kohesie	Spanier affeksionele ekspressie
EQ-optimisme/ gemoedsregulering	Pearson-korrelasie (r)	0.354(**)	0.497(**)	0.302(**)	0.324(**)
	Bet. (2-kantig) (p)	0.002	.000	0.010	0.006
EQ-herkenning van emosies	Pearson-korrelasie	0.340(**)	0.393(**)	0.151	0.177
	Bet. (2-kantig)	0.003	0.001	0.205	0.138
EQ sosiale vaardighede	Pearson-korrelasie	0.449(**)	0.517(**)	0.185	0.352(**)
	Bet. (2-kantig)	0.000	0.000	0.119	0.002
EQ-toepassing van emosies	Pearson-korrelasie	0.288(*)	0.284(*)	0.166	0.190
	Bet. (2-kantig)	0.014	0.016	0.164	0.110
EQ-totaal	Pearson-korrelasie	0.446(**)	0.538(**)	0.251(*)	0.334(**)
	Bet. (2-kantig)	0.000	0.000	0.034	0.004

** Korrelasie is beduidend op die 0.01 vlak (2-kantig)

* Korrelasie is beduidend op die 0.05 vlak (2-kantig)

Volgens resultate soos weergegee in Tabel 5.21, blyk dit dat die totale EQ-tellings van die egpaarlede verband hou met die subskale van huweliksaanpassing. Uit die ontleding van subskale blyk dit dat wanneer die huweliksmaat 'n optimistiese

gemoedstemming kan skep, beheer en handhaaf, dit 'n verband toon met al die subskale van huweliksaanpassing. Herkenning van die eie asook die huweliksmat se gevoelens, sosiale vaardighede en die toepassing van emosies blyk met hoër huwelikstevredenheid verband te hou (mate waarin hulle hulself tot die huwelik verbind) asook die mate waarin hulle saamstem oor sake (huwelikskonsensus). Sosiale vaardighede hou ook verband met affeksionele uitdrukking. Dis interessant dat EQ nie so 'n sterk verband toon met huwelikskohesie (die mate waarin egpaarlede se lewens vervleg is) nie. Die betroubaarheid van die afsonderlike skale van die Spanier-huweliksaanpassingsvraelys (DAS) vir hierdie navorsing is ook bepaal om vas te stel of lae betroubaarheid by die huwelikskohesieskaal 'n oorsaak hiervan kan wees. Die betroubaarhede volgens Cronbach alpha is as volg:

Huwelikstevredenheid:	0.86
Huwelikskonsensus:	0.91
Huwelikskohesie:	0.80
Affeksionele uitdrukking:	0.76

Lae betroubaarheid op die huwelikskohesieskaal sou dus nie die oorsaak van die lae korrelasie wees nie. 'n Moontlike rede mag wees dat huwelikskohesie meer die gedrag as die gevoelens van egpaarlede aanspreek, byvoorbeeld buitenshuise belangstellings, saamwerk aan 'n projek, saamlag, rustige bespreking en die uitwisseling van idees en gedagtes.

5.2.2.2 Die verband tussen SQ en huweliksaanpassing

Die verband tussen die onderskeie subskale van die MMV-SQ-vraelys en die vier subskale van die Spanier-huweliksaanpassingsvraelys (DAS) is ondersoek deur Pearson-korrelasies te bereken en daardeur die hipotese te toets:

Hipotese 2: Daar is 'n verband tussen spirituele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders

Volgens Spanier en Cole (1976) bepaal die subskale, (huwelikstevredenheid, huwelikskonsensus, huwelikskohesie en affeksionele ekspressie) die mate waarin 'n

egpaar huweliksaanpassing ervaar. Die verband tussen die subskale van die DAS is eerstens vergelyk met die subskale van die MMV-SQ-vraelys (*meaning, motivation, values*). SQ. Daar was enkele skale waar daar betekenisvolle korrelasies was tussen SQ en huweliksaanpassing (Tabel 5.22).

Tabel 5.22: Verband tussen SQ en huweliksaanpassing (N = 74)

		Spanier- huweliks- tevredenheid	Spanier- huweliks- konsensus	Spanier- huweliks- kohesie	Spanier affeksionele ekspressie
Meditatiewe bewustheid	Pearson-korrelasie (r)	0.154	0.225	0.161	0.189
	Bet. (2-kantig) (p)	0.191	0.054	0.171	0.106
Estetiese bewustheid	Pearson-korrelasie	0.077	0.046	0.118	0.091
	Bet. (2-kantig)	0.514	0.696	0.318	0.438
Oop, empatiese aanvaarding	Pearson-korrelasie	0.102	0.118	0.166	0.228
	Bet. (2-kantig)	0.386	0.315	0.157	0.051
Om te vra "hoekom?"	Pearson-korrelasie	-0.139	-0.092	0.033	0.091
	Bet. (2-kantig)	0.239	0.434	0.783	0.442
Onselfsugtige geroopenheid	Pearson-korrelasie	-0.008	0.087	0.059	0.203
	Bet. (2-kantig)	0.944	0.461	0.618	0.083
Nederigheid	Pearson-korrelasie	0.050	0.072	-0.104	0.162
	Bet. (2-kantig)	0.671	0.543	0.377	0.169
Positiewe aanwending van moeilike omstandighede	Pearson-korrelasie	0.040	0.011	0.087	0.008
	Bet. (2-kantig)	0.737	0.925	0.462	0.948
Spontaniteit	Pearson-korrelasie	0.152	0.176	0.107	0.192
	Bet. (2-kantig)	0.196	0.134	0.362	0.101
Veldonafhanklikheid	Pearson-korrelasie	0.134	0.139	0.008	0.115
	Bet. (2-kantig)	0.255	0.237	0.949	0.329
Holistiese perspektief	Pearson-korrelasie	-0.061	0.000	0.057	0.105
	Bet. (2-kantig)	0.604	0.998	0.627	0.375

Bemeester (4)	Pearson-korrelasie	0.164	0.269(*)	0.104	0.203
	Bet. (2-kantig)	0.162	0.020	0.378	0.082
Mag-van-binne (3)	Pearson-korrelasie	0.047	0.135	-0.043	0.093
	Bet. (2-kantig)	0.693	0.250	0.716	0.431
Gemeenskapsgevoel en samewerking (2)	Pearson-korrelasie	0.068	0.091	-0.002	0.207
	Bet. (2-kantig)	0.567	0.442	0.989	0.077
Eksplorasie (1)	Pearson-korrelasie	0.131	-0.045	0.156	0.143
	Bet. (2-kantig)	0.264	0.701	0.185	0.224
Selfgesentreerdheid (-1)	Pearson-korrelasie	-0.321(**)	-0.391(**)	-0.259(*)	-0.356(**)
	Bet. (2-kantig)	0.005	0.001	0.026	0.002
Woede (-2)	Pearson-korrelasie	-0.309(**)	-0.429(**)	-0.263(*)	-0.429(**)
	Bet. (2-kantig)	0.007	0.000	0.023	.000
Drange/begeertes (-3)	Pearson-korrelasie	-0.222	-0.332(**)	-0.183	-0.316(**)
	Bet. (2-kantig)	0.058	0.004	0.119	0.006
Vrees (-4)	Pearson-korrelasie	-0.180	-0.306(**)	-0.276(*)	-0.238(*)
	Bet. (2-kantig)	0.124	0.008	0.017	0.041
Self-waardes	Pearson-korrelasie	-0.095	-0.018	-0.119	0.048
	Bet. (2-kantig)	0.422	0.879	0.311	0.687
Ander-waardes	Pearson-korrelasie	-0.048	0.054	-0.041	0.079
	Bet. (2-kantig)	0.685	0.647	0.727	0.504

* Korrelasie is betekenisvol op die 0.05 vlak (2-kantig)

** Korrelasie is betekenisvol op die 0.01 vlak (2-kantig)

Volgens hierdie resultate is daar dus veral 'n verband tussen dit wat egpaarlede se gedrag motiveer (SQ: motivering) en hul huweliksaanpassing. Volgens Zohar en Marshall (2004) handel SQ hoofsaaklik oor "hoekom doen ek wat ek doen?" (motivering). Hierdie motivering kan verhoog word indien daar aan die aspekte van sin en betekenis, asook waardes aandag gegee word. Daar sou dus van die standpunt uitgegaan kan word dat daar 'n verband tussen enkele skale van SQ (veral die motiveringskaal) en huweliksaanpassing is.

(i) Sin en betekenis

Die verwagting volgens die eerste hipotese sou wees dat al tien die skale van "sin en betekenis" 'n verband met huweliksaanpassing sou hê. Dit was egter nie die geval nie.

Dit blyk dat daar 'n beduidende korrelasie (betekenisvolheidspeil tweekantig) is tussen meditatiewe bewustheid en huwelikskonsensus ($r = 0.225$, $p = 0.05$). Daar is ook 'n beduidende korrelasie tussen empatiese aanvaarding en openheid (SQ), en affeksionele ekspressie (huweliksaanpassing) ($r = 0.228$, $p = 0.051$).

(ii) Motivering

Wat positiewe motivering (SQ) betref, is daar 'n verband tussen bemeester (+4) en huwelikskonsensus ($r = 0.269$, $p = 0.020$). Hoe meer 'n egpaarlid se gedrag vanuit bemeestering gemotiveer word (hoë SQ), hoe makliker stem hulle dus ooreen oor belangrike sake.

Daar blyk 'n groter negatiewe verband te bestaan tussen negatiewe motivering en huweliksaanpassing. Wanneer egpaarlede se gedrag negatief deur *selfgesentreerdheid* (-1) gemotiveer word, blyk dit dat daar laer huweliksaanpassing is op al die subskale (korrelasies wissel van -0.391 ($p = 0.001$) vir huwelikskonsensus tot -0.259 ($p = 0.001$) vir huwelikskohesie).

'n Negatiewe verband kom ook voor tussen *woede* (-2) en al die subskale van huweliksaanpassing. Hier wissel die korrelasies tussen beide huwelikskonsensus en affeksionele ekspressie ($r = -0.429$, $p = 0.000$), tot huwelikskohesie ($r = -0.263$, $p = 0.023$). By *drange* (-3) kom daar 'n negatiewe verband voor by huwelikskonsensus ($r = -0.332$, $p = 0.004$) en affeksionele ekspressie ($r = -0.316$, $p = 0.006$). Wat *vrees* (-4) betref kom daar 'n negatiewe verband voor by huwelikskonsensus ($r = -0.306$, $p = 0.008$), huwelikskohesie ($r = -0.276$, $p = 0.017$) asook affeksionele ekspressie ($r = -0.238$, $p = 0.041$). Dit blyk dus dat wanneer die huweliksmats se gedrag vanuit negatiewe motivering spruit (laer SQ), daar laer huweliksaanpassing voorkom.

(iii) Waardes

Daar was geen beduidende verbande tussen die waardes soos gemeet deur MMV en huweliksaanpassing nie.

5.2.2.3 'n Vergelyking van mans en vroue se SQ en EQ

Die gemiddelde tellings van mans en vroue is bepaal en vergelyk om die volgende hipotese te toets:

Hipotese 3: Vroue beskik oor 'n hoër SQ en EQ as mans

Die gemiddelde tellings (SQ-, EQ- en huweliksaanpassingstellers) vir mans en vroue is bepaal en word weergegee in Bylae 5.1 en 5.2.

(i) T-toets vir onafhanklike groepe

Hierna is die Levine-toets vir gelykheid van variansies gedoen om te bepaal dat die korrekte t-toets vir onafhanklike groepe gedoen moet word. Indien die variansies van die groepe nie homogeen was nie, is 'n aanpassing in die vryheidsgrade gemaak. (Sien Bylae 5.3.) Hier het dit geblyk dat daar 'n betekenisvolle verskil voorkom in die mate waarin mans en vroue hul self-waardes en ander-waardes bewustelik uitleef (albei by die SQ- toets).

(ii) T-toets vir afhanklike (verwante) groepe

Vervolgens is die gemiddelde tellings van die egpare vergelyk (sien Bylae 5.4) en die korrelasies daarvan bepaal. (Sien Bylae 5.5.) Die t-toets vir afhanklike groepe (sien bylae 5.6) is gedoen om te ondersoek watter verskille daar tussen die tellings van mans en hul eie vroue se tellings op die huweliksaanpassings-, EQ en SQ vraelyste is. Die lede van die egpaar se tellings word dus met mekaar vergelyk. Die resultate word weergegee in Tabel 5.23 hieronder. Die tabel dui die t-waarde, vryheidsgrade (vg) en betekenisvolheidspeil aan.

Tabel 5.23: Opsomming van die beduidende verskille tussen mans en vroue volgens die t-toets vir afhanklike groepe. (Sien Bylae 5.5 en 5.6.)

Subtoets (M & V)	t	Vg	P	gem. M & V
SQ: Oop, empatiese aanvaarding van ander	-2.500	32	.018	M 58.73 V 61.91
SQ: Selfgesentreerdheid (-1)	2.374	32	.024	M 59.47 V 53.54
SQ: Ander-waardes	-2.974	32	.006	M 20.61 V 22.21
EQ: Sosiale vaardighede	-2.987	30	.006	M 41.19 V 44.52

Wat spirituele intelligensie betref, blyk dit dat vroue 'n hoër telling behaal by oop, empatiese aanvaarding van ander (sin en betekenis), 'n laer telling by selfgesentreerdheid, (negatiewe motiveringskaal), asook 'n hoër telling by ander-waardes (waardes). By al drie hierdie aspekte blyk dit dat vroue oor 'n hoër SQ as mans beskik.

By EQ blyk dit dat vroue slegs by sosiale vaardighede 'n hoër telling as mans behaal het.

Die hipotese dat vroue 'n hoër EQ en SQ as mans het, kan dus nie sonder kwalifikasie aanvaar word nie; dit was net ten opsigte van sekere skale. Die ondersoek na verskille tussen mans en vroue in die huwelik en die effek daarvan op huweliksaanpassing wat aanvanklik beoog is, is dus weens die klein omvang van verskille tussen die egpaarlede nie werklik sinvol nie en is daarom laat vaar.

Die verskille tussen die gemiddelde tellings op die DAS-skale word in Tabel 5.24 weergegee. Dit blyk dat daar 'n korrelasie is tussen die man en vrou se huweliksaanpassing in al vier skale: met ander woorde, as die een s'n hoër is, is die ander een s'n ook. Die totaalstelling van elke subskaal word in hakies langs elke

subskaal aangedui. Daar is opvallend laer punte behaal deur die egpaarlede by huwelikskohesie.

Tabel 5.24: Gemiddelde tellings vir mans en vroue, DAS

Subskaal	Geslag	Gemiddeld	%	Standaard-afwyking
Huwelikstevredenheid (51)	M	39.49	77,4	8.58
	V	40.68	79,8	5.32
Huwelikskonsensus (65)	M	48.37	74,4	10.04
	V	48.56	74,7	7.84
Huwelikskohesie (25)	M	14.74	59,0	4.72
	V	14.49	58,0	5.15
Affeksionele ekspressie (12)	M	8.17	68,1	3.01
	V	8.46	70,5	2.48

Manlik (M) N = 35

Vroulik (V) N = 41

5.2.2.4 Ontleding van verband tussen SQ, biografiese gegewens en huweliksaanpassing

(i) Die verband tussen huwelikstevredenheid (DAS) en ander veranderlikes

In die ontleding van biografiese en SQ veranderlikes is 'n meervoudige regressie gebruik, om sodoende te bepaal watter faktore in die huwelik met huweliksaanpassing verband hou. Die ontleding is met biografiese gegewens gedoen en SQ is as onafhanklike veranderlikes gebruik met huweliksaanpassing as die afhanklike veranderlike. 'n Stapsgewyse regressie-ontleding is gebruik om die onafhanklike veranderlikes te selekteer. Die resultate word vervolgens weergegee. Tabel 5.25 gee die meervoudige korrelasie, of sterkte van die verwantskap tussen die voorspellers en afhanklike veranderlike, terwyl Tabel 5.26 'n variansie-ontleding gee wat sê of die model betekenisvol is. As die model nie betekenisvol is nie, dan voorspel die model nie die afhanklike veranderlike goed nie, wat noodwendig 'n aanduiding van 'n lae meervoudige korrelasie sal wees.

Vir die afhanklike veranderlike, naamlik huwelikstevredenheid (DAS), toon die finale model 'n meervoudige korrelasie (R) van 0.542 (Tabel 5.25). Die aangepaste R-kwadraat is 0.263. Die meervoudige regressiemodel is betekenisvol volgens die variansie ontleding (ANOVA) met $F(3,71) = 9.45, p \leq 0.001$.

Die model volgens Tabel 5.27 is:

Huwelikstevredenheid (DAS) = 43.096 + Saamgewoon voor troue (4.833) + Selfgesentreerdheid (-0.197) + Mate van kerkbetrokkenheid (2.8)

Volgens Tabel 5.27 is die regressiekoëffisiënte of gewigte almal betekenisvol ($p \leq 0.01$). Dit beteken dat die t-toets (Tabel 5.27) aandui dat regressiegewigte betekenisvol van 0 verskil en dus 'n beduidende rol speel in die voorspelling van die afhanklike veranderlike.

In beginsel beteken dit dat huwelikstevredenheid voorspel kan word deur die konstante by die som van die produk van elke veranderlike en die ooreenstemmende gewig te tel. Een manier om die model te interpreteer is om te bepaal wat die effek van verandering in elke veranderlike op die telling van huwelikstevredenheid is. Daarvoor moet 'n mens die oorspronklike telling in gedagte hou. 'n Mate van kerkbetrokkenheid is as 'n ordinale veranderlike beskou met 1 as die minste betrokkenheid en 5 die meeste. Dus, indien mate van kerkbetrokkenheid 1 is dan dra dit 1×2.8 by tot die uiteindelik telling van huwelikstevredenheid. 'n Telling van 5 sal 5×2.8 bydra, wat beteken dat, hoe hoër die kerkbetrokkenheid, hoe meer die huwelikstevredenheid.

Selfgesentreerdheid het 'n negatiewe verband met huwelikstevredenheid, wat beteken dat hoe hoër selfgesentreerdheid is, hoe laer is huwelikstevredenheid. Dit wil dus voorkom of lae selfgesentreerdheid met hoër huwelikstevredenheid verband hou.

Die veranderlike *saamwoon voor troue* is as Ja of Nee beantwoord. Vir die doeleindes van die regressie ontleding is dit gekodeer as Ja = 0 en Nee = 1. Dit beteken dat indien die waarde 0 in die model gevoeg word, daar geen bydrae van *saamwoon* is nie. Indien die waarde 1 ingevoeg word en met die gewig van 4.833

vermenigvuldig word, styg huwelikstevredenheid met 4.833. Huwelikstevredenheid word dus hoër indien persone nie saamgewoon het nie.

Tabel 5.25: Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie

Model	R	R kwadraat	Aangepaste kwadraat	R	Standaard skattingsfout
3	0.542(c)	0.294	0.263		6.078

C Voorspellers: (konstante), saamgewoon voor troue; selfgesentreerdheid; mate van kerkbetrokkenheid.

Tabel 5.26: ANOVA (d)

Model	Som van kwadrate	vg	gemiddelde kwadrate	F	Betekenisvolheidspeil
Regressie	1047.616	3	349.205	9.452	.000(c)
Verskil	2512.259	68	36.945		
Totaal	3559.875	71			

c Voorspellers: (konstante), saamgewoon voor troue, selfgesentreerdheid, kerkbetrokkenheid

d Afhanklike veranderlike: huwelikstevredenheid (DAS)

Tabel 5.27: Koëffisiënte (a)

Model	Ongestandaardiseerde koëffisiënte		Gestandaard. Koëffisiënte	t	Betekenisvolheidspeil
	B	Standaardfout	B	B	Standaardfout
3 (Konstant)	43.096	4.099		10.513	0.000
Saamgewoon voor troue	4.833	1.509	0.327	3.203	0.002
Self-gesentreerdheid					
Kerk-betrokkenheid	-0.197	0.063	-0.319	-3.130	0.003
	2.800	1.018	0.281	2.751	0.008

a Afhanklike veranderlike: huwelikstevredenheid (DAS)

(ii) Die verband tussen huwelikskonsensus (DAS) en ander veranderlikes

Meervoudige regressie is gebruik, met huwelikskonsensus as die afhanklike veranderlike. 'n Stapsgewyse regressie-ontleding is gebruik om die onafhanklike veranderlikes te selekteer. Vir die afhanklike veranderlike *huwelikskonsensus* toon die finale model 'n meervoudige korrelasie (R) van 0.63 (Tabel 5.28). Die aangepaste R kwadraat is 0.036. Die meervoudige regressiemodel is betekenisvol volgens variansie-ontleding (ANOVA) met $F(4,71) = 10.87, p \leq 0.001$.

Die model volgens Tabel 5.30 is:

Huwelikskonsensus = 54.182 + Woede (-0.309) + saamgewoon voor troue (3.854) + Erediensbywoning (2.14) + Hoeveel maande in huidige area (0.034).

Volgens hierdie tabel is die regressie koëffisiënte of gewigte almal betekenisvol ($p \leq 0.01$). Dit beteken dat die t-toets (Tabel 5.30) aandui dat die regressie gewigte betekenisvol van 0 verskil en dus 'n beduidende rol speel in die voorspelling van die afhanklike veranderlike.

Tabel 5.28: Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie

Model	R	R kwadraat	Aangepaste R kwadraat	R	Standaard skattingsfout
4	0.626 (d)	0.392	0.355		7.24838

d Voorspellers: (konstante), woede, saamgewoon voor troue; erediensbywoning, hoeveel maande in huidige area

Tabel 5.29: ANOVA (e)

Model	Som van kwadrate	vg	Gemiddelde kwadrate	F	Betekenisvolheidspeil
Regressie	2265.885	4	566.471	10.782	0.000(d)
Verskil	3520.115	67	52.539		
Totaal	5786.000	71			

c Voorspellers: (konstante), woede, saamgewoon voor troue, erediensbywoning, hoeveelheid maande in huidige area

e Afhanklike veranderlike: huwelikskonsensus (DAS)

Tabel 5.30: Koëffisiënte (a)

Model	Ongestandaardiseerde	Koëffisiënte	Gestandaard.	t	Betekenis-
	B	Standaardfout	Koëffisiënte	B	volheidspoil
			Beta		Standaardfout
(Konstant)	54.182	4.477		12.103	0.000
Woede	-0.309	0.067	-0.438	-4.585	0.000
Saamgewoon voor troue	3.854	1.878	0.205	2.052	0.044
Erediensbywoning	2.140	0.720	0.303	2.973	0.004
Hoeveelheid maande huidige area	0.034	0.012	0.289	2.794	0.007

a Afhanklike veranderlike: huwelikskonsensus (DAS)

In beginsel beteken die model dat huwelikskonsensus voorspel kan word deur die konstante by die som van die produk van elke veranderlike en die ooreenstemmende gewig te tel. Een manier om die model te interpreteer is om te bepaal wat die effek van verandering in elke veranderlike op die telling van huwelikskonsensus is. Daarvoor moet 'n mens die oorspronklike telling in gedagte hou. Saamwoon voor die troue is as "dummy" veranderlike gekodeer met Ja = 0 en Nee = 1. Dus, indien die persone wel voor hul troue saamgewoon het, dra die veranderlike niks by tot huwelikskonsensus nie. Indien hulle nie saamgewoon het nie, met ander woorde Nee = 1, dan word die gewig met 1 vermenigvuldig en die veranderlike dra 3,854 by tot die finale huwelikskonsensustelling. Hoe hoër woede, hoe laer is *huwelikskonsensus*, aangesien vir elke puntstyging in woede, -0.309 van die huwelikskonsensustelling afgetrek word. Wat erediensbywoning betref, is die veranderlike soos volg gekodeer: Nooit = 0, Een keer elke paar maande = 1, Een keer per maand = 2, Twee tot drie keer per maand = 3, Een maal per week = 4. Strenggesproke moes hierdie veranderlike ook as 'n "dummy"-veranderlike gehanteer word, maar aangesien hier sprake is van rangorde, is die waardes 0 tot 4 vir die regressiemodel gebruik. Dit beteken dat, indien erediens nie bygewoon word nie (0), hierdie veranderlike nie bydra tot 'n styging in huwelikskonsensus nie. Dus, hoe hoër die kerkbywoning, hoe hoër is huwelikskonsensus. Vir elke een punt

styging in *erediensbywoning* styg *huwelikskonsensus* met 2.14. Indien die persoon een maal per week kerk toe gaan, styg *huwelikskonsensus* met $2.14 * 4 = 8,56$.

Die hoeveelheid maande in huidige area beïnvloed ook *huwelikskonsensus*. Vir elke een maand in huidige area styg *huwelikskonsensus* met 0.034. Die veranderlike is in maande gemeet. Dit dui moontlik op die invloed van stabiliteit op die verhouding.

(iii) Die verband tussen huwelikskohesie (DAS) en ander veranderlikes

In die ontleding van biografiese en SQ veranderlikes is 'n meervoudige regressie gebruik. Huwelikskohesie was die afhanklike veranderlike. 'n Stapsgewyse regressie-ontleding is gebruik om die onafhanklike veranderlikes te selekteer. Vir die afhanklike veranderlike *huwelikskohesie* toon die finale model (Tabel 5.31) 'n meervoudige korrelasie (R) van 0.37. Die aangepaste R-kwadraat is 0.114. Die meervoudige regressiemodel is betekenisvol volgens variansie-ontleding (ANOVA), (sien Tabel 5.32) met $F(2,71) = 5.59, p \leq 0.01$.

Die model volgens Tabel 5.33 is:

$$\text{Huwelikskohesie} = 17.976 + \text{Vrees} (-0.114) + \text{Mate van kerkbetrokkenheid} (1.751)$$

Volgens Tabel 5.33 is die regressiekoëffisiënte of gewigte almal betekenisvol ($p \leq 0.01$). Dit beteken dat die t-toets aandui dat regressiegewigte betekenisvol van 0 verskil en dus 'n beduidende rol speel in die voorspelling van die afhanklike veranderlike.

Volgens hierdie model is daar 'n negatiewe verband tussen *vrees* en *huwelikskohesie*. Vir elke 1 punt toename in *vrees* word *huwelikskohesie* met 0.114 kleiner.

Mate van kerkbetrokkenheid is ook in 'n rangorde aangedui, maar soos volg: Geensins betrokke nie = 0; Min betrokke = 1; Matig betrokke = 2; en Baie betrokke = 3. Vir elke een punt toename in *mate van kerkbetrokkenheid* neem *huwelikskohesie* met 1.751 toe.

Tabel 5.31: Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie

Model	R	R kwadraat	Aangepaste kwadraat	R	Standaard skattingsfout
2	0.373(b)	0.139	0.114		4.67393

b Voorspellers: (konstante), vrees, mate van kerkbetrokkenheid

Tabel 5.32: ANOVA (c)

Model	Som van kwadrate	vg	emiddelde kwadrate	F	Betekenisvolheidspeil
Regressie	244.150	2	122.075	5.588	0.006(b)
Verskill	1507.350	69	21.846		
Totaal	1751.500	71			

c Afhanklike veranderlike: huwelikskohesie (DAS)

Tabel 5.33. Koëffisiënte (a)

Model	Ongestandaardiseerde Koëffisiënte		Gestandaard. Koëffisiënte	t	Betekenisvolheidspeil
	B	Standaardfout	Beta	B	Standaardfout
(Konstante)	17.976	3.240		5.548	0.000
Vrees	-.114	0.049	-0.262	-2.343	0.022
Mate van kerkbetrokkenheid	1.751	0.782	0.251	2.239	0.028

a Afhanklike veranderlike: huwelikskohesie (DAS)

(iv) Die verband tussen affeksionele ekspressie (DAS) en ander veranderlikes

In die ontleding van biografiese en SQ veranderlikes is 'n meervoudige regressiegebruik. Affeksionele ekspressie was die afhanklike veranderlike. 'n Stapsgewyse regressie-ontleding is gebruik om die onafhanklike veranderlikes te selekteer. Vir die afhanklike veranderlike *affeksionele ekspressie* toon die finale model 'n meervoudige korrelasie (R) van 0.052. (Sien Tabel 5.34.) Die aangepaste R-kwadraat is 0.25. Die meervoudige regressie model is betekenisvol volgens variansie-ontleding (ANOVA) met $F(2,71) = 12.87, p \leq 0.001$ (Tabel 5.35).

Die model volgens Tabel 5.36 is:

$$\text{Affeksionele ekspressie} = 11.495 + \text{Woede} (-0.092) + \text{Gereeldheid van erediensbywoning} (0.631)$$

Volgens Tabel 5.36 is die regressiekoëffisiënte of -gewigte almal betekenisvol ($p \leq 0.001$). Dit beteken dat die t-toets (Tabel 5.35) aandui dat regressiegewigte betekenisvol van 0 verskil en dus 'n beduidende rol speel in die voorspelling van die afhanklike veranderlike.

Volgens die model is daar 'n negatiewe verband tussen *woede* (SQ) en *affeksionele ekspressie*. Vir elke 1 punt toename in *woede* word *affeksionele ekspressie* met 0.092 kleiner.

Erediensbywoning is voorheen aangedui as gekodeer van 0 tot 4. Daar is dus 'n positiewe verband tussen *hoeveelheid erediensbywoning* en *affeksionele ekspressie*. Vir elke een punt toename in *hoeveelheid van erediensbywoning*, neem *affeksionele ekspressie* dus met 0.631 toe.

Tabel 5.34: Finale opsommingsmodel van die meervoudige regressie

Model	R	R kwadraat	Aangepaste R kwadraat	R	Standaard skattingsfout
2	0.521 (b)	0.272	0.251		2.40407

b Voorspellers: (konstante), woede, erediensbywoning

Tabel 5.35: ANOVA (c)

Model	Som van kwadrate	vg	Gemiddelde kwadrate	F	Betekenisvolheidspeil
Regressie	148.711	2	74.356	12.865	0.000 (b)
Verskil	398.789	69	5.780		
Totaal	547.500	71			

(Konstante) woede

Afhanklike veranderlike: affeksionele ekspressie (DAS)

Tabel 5.36: Koëffisiënte (a)

Model	Ongestandaardiseerde koëffisiënte		Gestandaard. Koëffisiënte	t	Betekenisvolheidspeil
	B	Standaardfout	Beta	B	Standaardfout
(Konstante)	11.495	1.415		8.126	0.000
Woede	-0.092	0.022	-0.425	-4.137	0.000
Erediens bywoning	0.631	0.223	0.290	2.824	0.006

a Afhanklike veranderlike: affeksionele ekspressie (DAS)

Om saam te vat, blyk dit dat die volgende subskale met huweliksaanpassing verband hou: By EQ blyk dit dat optimisme/gemoedsregulering met al die skale van huweliksaanpassing verband hou terwyl herkenning van emosies, sosiale vaardighede en toepassing van emosies met een of meer skale van huweliksaanpassing verband hou. Wat SQ betref, blyk dit dat meditatiewe bewustheid asook oop empatiese aanvaarding met ten minste een skaal van huweliksaanpassing verband hou terwyl die motiveringsbronne, naamlik drange en begeertes, asook vrees, 'n negatiewe verband met een skaal van huweliksaanpassing toon. Selfgesentreerdheid en woede is twee motiveringskale wat albei 'n negatiewe verband met al vier die subskale van huweliksaanpassing het. Wat biografiese gegewens betref, blyk dit dat saamwoon voor die huwelik, erediensbywoning, mate van kerkbetrokkenheid, en die aantal maande wat in huidige omgewing gewoon word 'n rol in ten minste een skaal van huweliksaanpassing speel.

5.2.2.5 Die invloed van eg skeiding by die egpaarlede se ouers op hulle huweliksaanpassing

Die gemiddelde waardes van die DAS se subskale, sowel as die kategorieë van die vraag of een of albei ouers van die egpaarlede geskei is (geen, vrou se ouers, man se ouers, albei se ouers), is vergelyk. (Sien Bylae 5.7.) 'n Eenrigtingvariansie-ontleding (ANOVA) is vervolgens uitgevoer, wat al die kategorieë vir elke afhanklike veranderlike met mekaar vergelyk het. In hierdie F-toets het dit geblyk dat daar wel verskille vir die onderskeie afhanklike veranderlikes voorkom (Bylae 5.8) Die

Scheffe-toets vir *post hoc*-vergelyking is hierna uitgevoer om aan te dui tussen watter kategorieë die verskille lê. (Sien Bylae 5.9.)

Dit blyk hieruit dat indien die vrou, of albei egpaarlede se ouers geskei is, daar laer huwelikstevredenheid en huwelikskonsensus by die egpaar voorkom. By egpaarlede waar nie een se ouers geskei is nie, was huwelikstevredenheid en huwelikskonsensus beduidend hoër as by egpaarlede waar albei ouers se ouers geskei is (41.77 en 50.5 onderskeidelik, teenoor 28.33 en 39.83)(Tabel 5.37). Daar is egter nie 'n betekenisvolle verskil indien die man se ouers geskei is, of nie een van die egpaarlede se ouers geskei is nie.

Die gesin van oorsprong hou dus 'n verband met huweliksaanpassing.

Tabel 5.37: Gemiddelde waardes in die ondersoek na die invloed van egskeiding van die egpaar se ouers op die egpaar se huweliksaanpassing

		Enige van egpaarlede se ouers geskei?			
		Geen	Man se ouers	Vrou se ouers	Beide se ouers
Spanier-huwelikstevredenheid	Gem	41.77	41.00	36.71	28.33
	Standaard-afwyking	4.36	5.53	9.78	12.23
	Totaal N	52	11	7	6
Spanier-huwelikskonsensus	Gem	50.50	47.36	42.57	39.83
	Standaard-afwyking	4.88	5.87	15.22	20.10
	Totaal N	52	11	7	6

Vanuit die kwantitatiewe navorsing is daar 'n bruikbare SQ-vraelys opgestel, en die verband tussen EQ, SQ en huweliksaanpassing is bepaal. Dit het geblyk dat daar 'n verband tussen die totaal, asook al die subskale van EQ en huweliksaanpassing is. Daar het ook 'n verband tussen enkele skale van SQ en huweliksaanpassing voorgekom.

Resultate kan egter nooit oorvereenvoudig word nie. Verbande is ook aangetoon met ander faktore in die huwelik, soos saamwoon voor die huwelik, egskeiding by die egpaarlede se ouers en kerkbetrokkenheid. In die bespreking van die resultate sal aangedui word hoe hierdie faktore verband hou met die vind van sin en betekenis, asook die hantering van gevoelens in die huwelik.

5.2.2.6 'n Ondersoek na die verband tussen SQ en kerkbywoning, asook SQ en kerkbetrokkenheid

Soos gemeld, kom daar in die literatuur heelwat verwarring voor met betrekking tot die terme *spiritualiteit* en *spirituele intelligensie* (SQ). SQ verwys egter nie na godsdienste of 'n georganiseerde geloofsstelsel nie (Zohar & Marshall, 2004), maar sluit tog spiritualiteit in. Volgens MacHovec (2002) staan godsdienste en SQ wel langs mekaar, maar verskil tog van mekaar. Aangesien die gegewens in die navorsing beskikbaar was, is ook besluit om verskille tussen SQ, kerkbywoning en kerkbetrokkenheid te ondersoek.

(a) Kerkbywoning

Volgens Bylae 5.11 is die antwoorde op die vraag oor hoe gereeld eredienste bygewoon word in die volgende kategorieë verdeel: Nooit; Een keer elke paar maande; Een keer per maand; Twee tot drie keer per maand; en Een keer per week. Dit is opmerklik dat heelwat persone wel eredienste gereeld bywoon (36,8% van die steekproef woon dit twee tot drie keer per maand by, en 34,2% woon dit een keer per week by). In Bylae 5.11 word die gemiddelde telling van elke SQ-subskaal per kategorie van eredienstebywoning aangedui. 'n Variansie-ontleding is gedoen om te bepaal of die gemiddelde tellings van elke SQ-subskale tussen die eredienstebywoningskategorieë verskil. Volgens Bylae 5.12 was daar geen beduidende verskille tussen groepe nie ($p > 0.05$). Daar is dus nie *post hoc*-verskille tussen groepe bepaal nie, wat daarop dui dat die mate van kerkbywoning nie aanduidend is van SQ nie.

(b) Kerkbetrokkenheid

Volgens Tabel 5.38 is die response op die vraag na die mate van kerkbetrokkenheid die volgende: Geensins, Min betrokke, Matig en Baie betrokke. 'n Variansie-ontleding

(ANOVA) is tussen die responskategorieë gedoen vir elke SQ-subskaal. Daar moet egter gelet word dat die aantal persone in die eerste kategorie slegs twee was. Volgens Bylae 5.13 is die volgende veranderlikes of dimensies betekenisvol verskillend tussen sin- en betekenis-kategorieë: meditatiewe bewustheid ($F = 3.25$, $p \leq 0.05$), estetiese bewustheid ($F = 3.33$, $p \leq 0.05$), onselfsugtige geroopenheid ($F = 2.80$, $p \leq 0.05$), nederigheid ($F = 3.30$, $p \leq 0.05$), asook 'n holistiese perspektief ($F = 3.25$, $p \leq 0.05$). Motiveringsvlakke (SQ) waar verskille gevind is, is eksplorاسie ($F = 3.75$, $p \leq 0.05$) en vrees ($F = 8.90$, $p \leq 0.05$).

Tabel 5.38: Vergelyking tussen SQ en mate van kerkbetrokkenheid

	Mate van kerkbetrokkenheid											
	geensins			min betrokke			matig			baie betrokke		
	Gem	Std- afwyking	Tot N	Gem	Std- Afw	Tot N	Gem	Std- afw	Tot N	Gem	Std- afw	Tot N
Meditatiewe bewustheid	33.50	6.36	2	35.91	4.95	25	37.33	3.65	39	40.30	2.95	10
Estetiese bewustheid	20.50	6.36	2	20.13	4.37	25	22.21	2.95	39	24.00	2.67	10
Empatiese aanvaarding en openheid	63.00	5.66	2	58.26	7.90	25	61.41	5.16	39	60.40	5.72	10
Om te vra hoekom?	28.00	4.24	2	25.70	4.45	25	26.72	3.28	39	29.20	2.62	10
Onselfsugtige geroopenheid	27.50	3.54	2	26.83	3.93	25	26.82	3.27	39	30.30	3.53	10
Nederigheid	30.50	3.54	2	36.13	4.27	25	37.28	2.96	39	38.30	3.47	10
Positiewe aanwend van moeilike omstandighede	32.00	1.41	2	31.48	3.98	25	33.64	3.07	39	34.40	3.20	10
Spontaniteit	28.50	2.12	2	28.30	3.05	25	28.74	3.24	39	30.50	4.48	10
Veld onafhanklikheid	33.50	.71	2	30.70	3.42	25	31.36	2.84	39	33.10	4.07	10
Holistiese Perspektief	34.50	4.95	2	34.35	4.39	25	35.77	3.01	39	38.60	3.86	10
Bemeestering	66.67	.00	2	76.81	9.64	25	76.92	7.58	39	82.92	11.02	10
Mag-van-binne	78.57	.00	2	78.42	10.47	25	81.50	7.85	39	86.43	6.90	10
Gemeenskapsgevoel en Samewerking	85.00	14.14	2	75.87	13.54	25	78.85	7.02	39	81.00	7.38	10
Eksplorاسie	85.94	19.89	2	71.47	11.59	25	74.12	9.15	39	82.81	8.87	10
Self-	54.17	17.68	2	57.43	12.31	25	54.81	10.92	39	60.83	10.97	10

gesentreerdheid												
Woede	55.36	22.73	2	58.85	10.97	25	53.30	12.86	39	50.00	12.93	10
Drange en begeertes	62.50	22.73	2	60.40	10.60	25	56.41	12.35	39	56.43	9.79	10
Vrees	35.94	2.21	2	60.33	9.77	25	57.29	11.18	39	52.81	10.77	10
Self-waardes	22.00	1.41	2	21.04	2.70	25	21.51	2.42	39	22.50	1.84	10
Ander-waardes	20.50	.71	2	21.04	3.17	25	21.46	2.51	39	23.00	3.43	10

Scheffe se *post hoc*-vergelykings (sien Bylae 5.14) is gedoen om te bepaal watter groepe vir elke dimensie of veranderlike van mekaar betekenisvol verskil ($p \leq 0.05$). Bylae 5.14 dui aan dat vir meditatiewe bewustheid die kategorie *min betrokke* (gem. = 35.91, s.a. = 4.95) en *baie betrokke* (gem. = 40.30, s.a. = 2.95) (sien Tabel 5.38) van mekaar verskil. Persone wat baie by die kerk betrokke is, het dus 'n hoër meditatiewe bewustheid as dié wat min betrokke is. Dieselfde geld vir estetiese bewustheid, waar die kategorie *min betrokke* (gem. = 20.13, s.a. = 4.37) van *baie betrokke* (gem. = 24.00, s.a. = 2.67) verskil. Persone met 'n groter kerkbetrokkenheid blyk ook 'n sterker holistiese persepsie te hê. Hier verskil die kategorie *min betrokke* (gem. = 34.35, s.a. = 4.39), en *baie betrokke* (gem. = 38.60, s.a. = 3.86). Dit blyk verder dat by eksplorاسie, die kategorie *min betrokke* (gem. = 71.47, s.a. = 11.59) verskil van die kategorie *baie betrokke* (gem. = 82.81, s.a. = 8.87). Dit blyk dus dat persone wat baie by die kerk betrokke is, se gedrag in 'n groter mate deur 'n nuuskierigheid oor die lewe gemotiveer word.

Vir nederigheid verskil die kategorieë *geensins* (gem. = 30.50, s.a. = 3.54) en *baie betrokke* (gem. = 38.30, s.a. = 3.47). Hierdie verskil moet egter versigtig geïnterpreteer word aangesien daar net twee persone in die kategorie *geensins* val. Aangesien die gemiddeldes vir die ander kategorieë baie naby aan mekaar is, moet nie te veel klem op die verskil tussen die *geensins* en *baie betrokke*-kategorie gelê word nie. Dieselfde geld vir *vrees*, waar die kategorie *geensins* (gem. = 38.30, s.a. = 3.47) en *min betrokke* (gem. = 38.30, s.a. = 3.47) van mekaar verskil.

5.3 Fase 2 - Kwalitatiewe navorsing: Onderzoek na die aard van huwelike met voorskoolse kinders

5.3.1 Inhoudsontleding

In die inhoudsontleding van huweliksmaats se antwoorde op oop vrae oor ervaring van hul huwelik, is die *betekenis* wat elkeen aan hul spesifieke huweliksituasie heg, ondersoek. Die inhoud van die egpaarlede se antwoorde is by elke antwoord sistematies, volgens oordeel, ingedeel op 'n skaal van 1 tot 5. Vraag a) se antwoorde is byvoorbeeld ingedeel in 1 – baie ongelukkig, 2 – effens ongelukkig, 3 – neutraal, 4 – redelik gelukkig en 5 – baie gelukkig. Hierdie frekwensies is vervolgens getabuleer. Hierna is temas geïdentifiseer wat in die huweliksmaats se antwoorde voorgekom het.

5.3.2 Bevinding

Deur 'n ontleding van die egpaarlede se antwoorde is gepoog om die egpaarlede se persepsie van hul eie sowel as hul huweliksmaat se hantering van faktore in die huwelik te ondersoek. Sommige vrae is deur die proefpersone uitgelaat. Die hoeveelheid persone wat die betrokke vraag beantwoord het, word elke keer in hakies aangedui. Daar is ook soms gebruik gemaak van direkte aanhalings, veral wanneer dit die betrokke egpaarlid se vlak van gevoel, denke, ervaring en basiese persepsie goed weergee.

(a) Beskryf in watter mate jou huwelik bydra tot die persoonlike tevredenheid wat jy verwag dat dit moet bring.

(i) Vroue se mening (n = 33)

Die oorgrote meerderheid van vroue (78,8%, n = 26), het gemeen dat die huwelik in 'n redelike tot groot mate bydra tot hulle persoonlike tevredenheid. Hierdie vroue het groot lof gehad vir hulle lewensmaats en beskryf op watter wyse hul eggenotes op 'n positiewe wyse bygedra het, of tot watter betekenis hierdie bydrae tot hul persoonlike tevredenheid gelei het. Temas wat hier voorgekom het, is 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit (n = 5); tevredenheid en vervulling (n = 5); sin en betekenis (n = 2); kameraadskap (n = 3); opbou van karakter (n = 2); asook ondersteuning (n = 2). Een vrou noem dat haar man “geplant is, nie gesaai nie”. 'n Ander vrou beklemtoon die sin en betekenis wat die huwelik vir haar gee soos volg: “Provides

hope, love, challenge. All else seems pointless without our marriage.” Nog ’n vroulike huweliksmaat wys op die gesamentlike doel wat sy in haar gesin vind: “ons gesin is ’n span”.

Slegs een vrou ervaar dat die huwelik nie tot haar persoonlike tevredenheid bydra nie. Die persoonlike tevredenheid wat sy ervaar, kom vanuit haarself, en nie vanuit die huwelik nie. Dit blyk uit haar man se antwoord dat hul nie veel intimiteit in hulle huwelik ervaar nie.

Die res van die vroue (18,1%) voel dat die positiewe en negatiewe bydrae wat die huwelik ten opsigte van persoonlike tevredenheid lewer ewe swaar weeg: “dis soms lekker, soms moeilik”; “*put in a lot, expect a lot*”.

(ii) Mans se mening (n = 28)

Verreweg die meeste mans, naamlik 89,2% (n = 25) het gevoel dat die huwelik wel bydra tot hul eie persoonlike tevredenheid. Redes wat genoem word, is ondersteuning wat gebied word (n = 3), kameraadskap (n = 4), en algehele gevoel van geluk en tevredenheid (n = 8): “ek voel soos ’n man en ’n pa”; “die huwelik het my gehelp om rus en vrede in my bestaan te bewerkstellig, en die doel van my bestaan help definieer”; “my vrou is my beste vriend. Vriendskap skep nie verwagtinge nie. Daarom is elke oomblik ’n plesier vir my.”

Drie (10,7%) mans het gemeen dat die huwelik nie tot hul persoonlike tevredenheid bydra nie, deurdat dit nie aan hulle verwagtinge voldoen nie. Hulle het ervaar dat hul huwelik nie dieselfde is as voor hulle getroud is nie, en dat hulle ’n gebrek aan intimiteit ervaar.

(iii) Bespreking

Volgens die meeste navorsing oor die huwelik ervaar egpare met voorskoolse kinders laer huweliksaanpassing as in die ander huweliksfases. In die data-analise was dit opvallend hoe die positiewe aanwending van moeilike omstandighede (SQ) asook optimisme/gemoedsregulering (EQ) in die huwelik, telkens die soeke na betekenis vergemaklik. Laasgenoemde dui op die vermoë om positiewe gevoelens te skep en positiewe verwagtinge oor die huwelik te hê. Dit blyk uit die data dat, ten

spyte van uitdagings in die huwelik (soos die hantering van kinders, geslagsrolle), die meeste egpaarlede (byna 80% vroue en 90% mans) beteken in hulle huwelike te vind, wat bydra tot persoonlike tevredenheid. Die wyses waarop egpaarlede beteken in die huwelik vind, verskil van persoon tot persoon. Betekenisse van die huwelik wat deur die mans aangedui is, is dat dit die rol van pa en eggenoot definieer. Die vroue het weer betekenisse daarin gevind dat dit veiligheid verskaf, karakter bou, 'n bron van hoop en liefde is, en samehorigheidsgevoel en samewerking as gesin skep. Beide mans en vroue het ervaar dat die huwelik 'n gevoel van vervulling, kameraadskap en ondersteuning bied. Hierdie is dus alles aspekte wat sin en betekenis aan 'n huwelik sou kon gee, selfs al sou instandhoudingsfaktore in die huwelik (sien hoofstuk 2) nie ideaal wees nie (Herzberg, in Gómez-Mejía *et al.*, 2003, p. 57).

Alhoewel die huwelik 'n groot rol kan speel in die ervaring van persoonlike tevredenheid, is egpaarlede nie afhanklik van die huwelik om dit te beleef nie. Een vrou meen dat sy hierdie tevredenheid ervaar, maar dat haar huwelik nie hierin 'n rol speel nie.

Daar is wel 10% van die mans wat teleurgesteld is in die huwelik, deurdát dit nie aan hulle verwagting voldoen nie. Daar word spesifiek verwys na 'n gebrek aan intimiteit. In van die vroue se antwoorde op van die verdere vrae, dui hulle aan dat hulle dikwels te moeg en oorweldig is van die versorging van die kinders, huishouding en soms ook hulle beroep, en dat kommunikasie en intimiteit in die huwelik dan skadelik is. Dit sou moontlik van waarde wees indien hierdie egpaarlede deur middel van 'n holistiese perspektief (SQ), die geheelprentjie kon sien, en kon insien dat hierdie 'n tydelike situasie is wat wel met tyd kan verander.

(b) Verduidelik in watter mate die koms van kinders julle huwelik affekteer.

Die egpaarlede se antwoorde is weereens ingedeel op 'n skaal van 1 tot 5 (1 – baie negatief, 2 – effens negatief, 3 – neutraal, 4 – effens positief en 5 – baie positief).

(i) Vroue se mening (n = 40)

In 'n moeilike fase van die huwelik voel slegs 7 (17,5%) van die vroue dat kinders hul huwelik positief beïnvloed. Drie vroue het die betekenis wat kinders aan hul huwelik

toegevoeg het, beskryf as die ervaring van 'n "voller huwelik", "dieper dimensie" asook "meer vervulling". 'n Groter samewerking tussen die huweliksmaats is deur 'n verdere twee vroue ervaar. Die koms van kinders het gelei het tot beter kommunikasie, en die grootmaak van kinders word deur hierdie vroue as 'n gesamentlike doel of projek beskou.

Sewentien vroue (42,5%) het hoofsaaklik die negatiewe gevolge van kinders genoem. Vir 32,5% (n = 13) was die aanpassing van baie minder tyd vir hulself en die huwelik die grootste. As gevolg hiervan is kommunikasie, intimiteit en gesamentlike aktiwiteite baie ingeperk. Ander redes is minder energie, "totale uitputting", irritasie en 'n gevoel van "oorweldiging" wat die effek van kinders tot gevolg het (n = 6).

Veertig persent van die vroue (n = 16) ervaar die voor- en nadele van kinders hê. Die nadelige effek van kinders het een vrou soos volg uitgedruk: "Baie, baie misverstande – kry nie kans om ordentlik te praat nie. MOEG. Meer dinge om oor te verskil." Een vrou meen dat die sekuriteit wat hulle aan hul kind verskaf, aan hulle as ouers betekenis gee: "Sien die versorging en liefde, besef sekuriteit wat ons vir ons kind skep." 'n Ander beleef hoe dit haar geloof versterk: "nader aan God". Heelwat dui op beide, soos die volgende: "closer, but less quality time".

(ii) Mans se mening (n = 34)

Nege van die mans (26,5%), beskou die koms van kinders as redelik tot baie positief vir die huwelik. Twee mans vind betekenis daarin dat die koms van kinders hulle meer verantwoordelik gemaak het. Hulle ervaring is onderskeidelik dat die eenheid van hul huwelik sterker is, dat kinders "volheid en vervulling van liefde gee", 'n nader band tussen die huweliksmaats gevorm het, en dat die kinders groter vreugde gebring het.

'n Groter persentasie van mans, naamlik 44,1% (n = 15) ervaar egter in hierdie fase dat die koms van kinders die huwelik op 'n negatiewe wyse geaffekteer het. Almal het genoem dat minder tyd vir kommunikasie, slaap, gesamentlike aktiwiteite en intimiteit 'n groot faktor is. Een nuwe pa merk op: "Die cliché oor romanse (wat verdwyn) as die kindertjies kom, is ongelukkig waar. Ons sukkel baie om mekaar nie

slegs as die kinders se ouers te sien nie (intimiteit moeilik).” Volgens drie ander mans is hoër stres en uitputting die rede waarom kinders hul huwelik negatief beïnvloed. Een pa noem dat sy vrou se familie nie wou hê dat hulle kinders hê nie, en dat dit 'n negatiewe effek gehad het.

Die res beskryf beide die mooi en die moeilik van kinders in die huwelik. Twee nuwe pa's ervaar dat dit aan die begin baie moeilik was, maar dat hulle nou aangepas het: “Het spanning verhoog in begin, maar nou is dit 'n ongelooflike reis wat ons saam kan geniet. Dit het ons nader aan mekaar gebring”; “Die eerste jaar was enorme stres. Dit het byna tot skei gelei. Nou vul die kinders ons huwelik.”

(iii) Bespreking

In 'n fase waarin die egpaar kan ervaar dat kinders baie van hulle vra, en nog min kan bied, kan die aspek van onselfsugtige geroepenheid (SQ) die egpaar help om 'n verskil te maak, sonder om iets terug te verwag. In hierdie groep kon ongeveer 17% van die vroue, en 26% van die mans sin en betekenis in die eise van ouerskap vind. Temas wat by die mans voorgekom het, is dat die kinders groter vreugde gebring het, en bygedra het tot 'n ervaring van “nader-aan-mekaar-wees” in die huwelik. Die vroue verwys na 'n dieper dimensie en groter vervulling in die huwelik, beter kommunikasie, asook die ervaring van 'n spirituele verdieping. Verder het die vroue ook betekenis daarin gevind om die rol te vervul van iemand wat sekuriteit aan die kinders verskaf. Beide die mans en vrou het genoem dat die koms van kinders gelei het tot die ervaring van 'n gemeenskaplike doel en groter samewerking tussen die huweliksmaats. Aangesien die vrou dikwels 'n groter rol speel in die versorging van die kinders, wat 'n groter uitdaging van haar vra, kan dit die rede wees hoekom daar meer mans is wat die positiewe aspekte van kinders in die huwelik ervaar.

Die hoeveelheid mans (44%) en vroue (42%) wat ervaar dat kinders hulle huwelik negatief beïnvloed, is min of meer ewe veel. Beide geslagte voel dat daar minder tyd vir self (dus ook meditatiewe bewustheid, SQ) en die huwelik is, en dat dit die egpaar se kommunikasie (deel en verstaan van gevoelens, EQ), intimiteit en gesamentlike aktiwiteite negatief beïnvloed. Dit blyk dat stres en min slaap en die gevolglike minder energie (sommige ervaar dit as totale uitputting en oorweldiging) die huweliksmaats se gemoed en gevoelens negatief beïnvloed. Hoe die egpaar hierdie

gevoelens verstaan en hanteer, kan in 'n groot mate die aanpassingstyd vergemaklik of bemoeilik.

(c) Beskryf in watter mate die verdeling van huistake julle huwelik affekteer.

Die huweliksmaats se antwoorde is ingedeel in: 1 – baie negatief, 2 – effens negatief, 3 – neutraal, 4 – effens positief en 5 – baie positief.

(i) Vroue se mening (n = 41)

Hier was die hoeveelheid vroue wat die verdeling van huistake beskou as positief vir hulle huwelik, en die hoeveelheid vroue wat dit as negatief beskou ewe veel. Sewentien (41,4%) van die vroue beleef hierdie aspek van die huwelik as positief. Drie vroue meen dat huis- en tuinhulp hulle take baie vergemaklik. Die res het almal genoem dat hulle mekaar help – sommige het spesifieke take (“ek sien om na die huis en kinders, hy sien om na buite en die tuin”; “Everyone is given a task and not one person is burdened with this. The devision of tasks also gives each one their own time.”), terwyl ander mekaar help soos die behoefte ontstaan of wie beskikbaar is om die take te verrig. Een gelukkige vrou merk op: “My man doen te veel!”

Dieselfde persentasie vroue (41,4%) voel egter dat die verdeling van take hulle huwelik negatief affekteer. Tien vroue meen dat hulle die meeste of al die take moet doen. Die gevolg hiervan is minder kwaliteit tyd vir die self en die huwelik. Een vrou voel dat sy, as gevolg van al die take wat sy verrig te moeg vir seks en intimiteit is. 'n Ander stel dit soos volg: “My man is baie gemaklik! Hy doen goed maar nadat ek gevra gesmeek en ge-e-mail het! Hy doen bitter min self.” Hierdie toedrag van sake lei soms tot konflik: “Daar is soms konflik oor wie, wat, wanneer moet doen.” Ander kere is daar konflik omdat die vrou alles te netjies wil hê.

Die res van die vroue het bloot opgemerk dat hierdie aspek geensins die huwelik affekteer nie.

(ii) Mans se mening (n = 31)

Sewe van die mans (22,6%) het gevoel dat take gemaklik verdeel is en elkeen sy deel doen. Een man beskou “skottelgoedwastyd as geselstyd”!

Volgens agt mans (25,8% en heelwat minder as by die vroue) het hierdie aspek 'n negatiewe invloed op hulle huwelik. Drie van hierdie mans meen dat dit selfs tot konflik lei. Twee merk op dat hulle vroue perfeksionisties is en alles netjies wil hê, wat tot geskille lei. Verder blyk dit dat verwagtinge nie altyd uitgesorteer is nie: "Ons is nie heeltemal op dieselfde bladsy oor die verdelings nie en kommunikeer ons verwagtinge sleg. Lei tot onnodige spanning. Kommunikasie is die 'issue'." Een man erken die rede vir negatiewe invloed op die huwelik as selfsug. 'n Ander voel dat inmenging van die vrou se susters probleme in hierdie verband veroorsaak.

Die res van die mans voel dat hierdie aspek van die huwelik geensins 'n rol speel nie. Dit kan as positief geïnterpreteer word, aangesien daar volgens hierdie mans geen probleme in hierdie verband voorkom nie; of negatief, waar mans hulle bloot nie hieraan steur nie.

(iii) Bespreking

Hierdie instandhoudingsfaktor kan volgens baie navorsers 'n groot rol in die huwelik speel. In die moderne huwelik, waar die man volgens aanname 'n groter bydrae lewer ten opsigte van die huishouding en versorging van die kinders, was dit veral interessant wat die vroue in hierdie groep se ervaring is. Die helfte van die vroue het gemeen dat die verdeling van huistake hulle huwelik positief beïnvloed. Die aanstel van 'n huis- en tuinhulp, asook die ervaring dat hulle mans hulle baie help, blyk ook die werkslading tuis baie makliker te maak. Sommige egpare maak gebruik van spesifieke taakverdeling, terwyl by ander egpare albei huweliksmaats soms al die take verrig soos die behoefte ontstaan. Wanneer die vroue ervaar dat hulle mans help, was die tema van dankbaarheid opvallend in hulle antwoorde.

Die ander helfte van die vroue was ontevrede met die indeling van take, en het hulle mans se optrede beskou as gemaksugtig en selfsugtig. Heelwat minder mans as vroue het hierdie aspek as 'n probleem beskou. Dit was interessant om te sien hoe een man homself as selfsugtig beskryf. Soos met die versorging van kinders, was die gevolge van die ongelyke taakverdeling dat vroue minder tyd vir hulself en die huwelik het, wat moegheid (wat intimiteit beïnvloed) en konflik by die egpaar meebring. Die temas wat in konflik by mans en vroue voorgekom het, was:

verwagtinge ten opsigte van take wat nie gehanteer is nie, perfeksionisme by die vrou, asook in een geval inmenging van die familie.

(d) Verduidelik in watter mate jou beroep (of feit dat jy nie 'n beroep beoefen nie) julle huwelik affekteer.

Egpaarlede se antwoorde is ingedeel in: 1 – baie negatief, 2 – effens negatief, 3 – neutraal, 4 – effens positief, en 5 – baie positief.

(i) Vroue se mening (n = 41)

Sewe van die vroue (17%) beoefen ter wille van die kinders tans nie 'n beroep nie. Slegs twee vroue voel dat hulle betekenis daarin kan vind en dit gevolglik geniet. Een hiervan voel dat die feit dat sy ophou werk het vir haar kalmte en rustigheid gee. Die ander een het dit eers as aanpassing ervaar, maar vind dat sy dit nou geniet. Een van die tuisteskeppers meen dat dit wissel tussen baie goed tot uiters frustrerend. Die ander drie vroue voel skuldig dat hulle nie 'n inkomste genereer nie, en dat dit 'n groter mate van spanning by hul eggenoot verskaf.

Vier egpare werk saam, waar twee vroue dit as 'n voordeel en twee dit as 'n nadeel beskou. Een vrou meen dis hoe sy haar man ontmoet het en sien dit as 'n "bederf". Omdat haar man baie weg is met die werk, meen die ander vrou dat dit hulle behoud is dat hulle saamwerk. Van die vroue wat dit as negatief beskou, meen een dat sy en haar man geneig is om hul werkstres huis toe te vat, terwyl die ander beskou dat sy en haar man soms erg by die werk verskil.

Sewe van die 34 (20,6%) werkende vroue meen dat hulle beroep 'n positiewe effek op hul huwelik het. Vyf hiervan meen dat dit vir hulle genoegdoening gee om 'n finansiële bydrae te maak, terwyl slegs twee noem dat dit as afleiding, uitlaatklep of stimulasie dien.

Die helfte van die werkende vroue (50%) voel óf dat hul werk geen effek het nie, óf dat die voordele en nadele van hul werk ewe veel is, byvoorbeeld dat hulle meer het om oor te gesels met hul huweliksmaat, maar dat tydsdruk soms 'n probleem kan wees.

Tien (29,4%) vroue meen dat hulle beroep 'n negatiewe invloed op hul huwelik het. Moegheid, frustrasie, geïrriteerdheid en stres word ervaar deur die rolle van eggenoot, ma en beroepsvrou in te neem. Van die vroue merk op: “never off duty”, “as the mother and family nurturer I am expected to be there for both the children and my husband when they need me. If, due to work commitment I can't, it does create conflict situations”.

(ii) Mans se mening (n = 34)

Dit blyk dat die mans in hierdie groep dit moeilik vind om sin en betekenis in hulle werkopset te vind. Die meeste mans, naamlik 70,6% (n = 24) is van mening dat hulle werk te veel tyd in beslag neem, terwyl 11 verwys na die moegheid, spanning, stres en frustrasie as gevolg van hulle beroep, wat hulle huwelik negatief affekteer. Een verwys byvoorbeeld dat as hy boonop ná werk saans wil oefen, dit spanning skep aangesien sy vrou dan weereens verantwoordelikheid vir die kinders moet aanvaar. Moontlike redes vir die groot aantal wat hul werkopset as negatief beskou, mag wees dat hul eggenotes nie werklik begrip toon vir hul beroepsituasie nie, of dat die eise in hierdie huweliksfasie dikwels meer is as wat die moderne gesin kan hanteer. Dit het ook geblyk in die biografiese gegewens dat 25% van die egpaarlede meer as 50 uur per week werk, wat ook hier 'n rol kan speel.

Slegs 5 (14,7%) ervaar dat hul beroep 'n positiewe effek op die huwelik uitoefen, waar twee hiervan saam met hul vroue werk. Een van hierdie mans beskou dit as voordelig dat hy en sy vrou so geen geheime vir mekaar het nie. Die ander wat voel dat hul beroep 'n positiewe effek het, en dat hul so stabiliteit en sekuriteit vir hulle gesin voorsien, sonder dat hulle te veel ure moet werk.

Die res van die mans voel neutraal daaroor, en dat hulle so kos verskaf aan hul gesin of dat hulle maniere vind om op te maak vir die min ure wat hul saam met hul eggenoot deurbring.

(iii) Bespreking

Waar daar in die literatuurstudie dikwels verwys word na die eise wat aan die vrou in die dubbelloopbaanhuwelik gestel word, was dit interessant om te sien dat baie meer mans (70%) as vroue (29%) ervaar dat hulle beroep 'n negatiewe invloed op die

huwelik het. Dit het gelyk asof hierdie groep mans nie werklik passie of vervulling in hulle beroep vind nie. Indien hierdie 'n algemene tendens is, is dit te verstane dat daar al hoe meer op SQ in die beroepsektor gefokus word, waar daar aandag aan sin en betekenis in die beroepswêreld geskenk word. Die meeste mans het ervaar dat die baie tyd wat hulle werk in beslag neem, asook die hoë verwagtinge by die werk, tot moegheid, spanning, stres en frustrasie lei, en dan hulle huwelik negatief beïnvloed. Indien hierdie mans nie onder die indruk is dat hulle ook 'n rol by die huis het om te vervul nie, kan die rolle wat tuis vervul moet word, as ekstra eise ervaar word. By die huis, waar die versorging van kinders en huistake wag, het een man ook opgemerk dat daar nie tyd vir homself is waarin hy kan oefen nie. Dit mag ook wees dat juis die eise van kleiner kinders (veral die babas snags!) bydra tot moegheid, terwyl die verantwoordelikhede van die werk in hierdie tyd nie minder word nie. Dis opvallend dat die 14% van die mans wat wel voel dat hulle beroep positief bydra tot die huwelik, ervaar dat hulle werk nie te veel tyd in beslag neem nie, en dat hulle daardeur stabiliteit en sekuriteit aan die gesin kan verskaf.

'n Derde van die vroue het ervaar dat die rolle van ma, eggenoot en beroepsvrou tot moegheid, frustrasie, geïrriteerdheid en stres lei. Die beskrywing van "never off duty" is moontlik hoe hierdie groepie vroue dit ervaar.

Dit blyk dat daar 'n klemverskuiwing by egpare plaasgevind het, en dat daar meer waarde geheg word aan die vermoë van veral vroue om 'n finansiële bydrae te maak. By die groep vroue wat wel voel dat hul beroep positief bydra tot die huwelik vind hulle betekenis daarin dat hulle finansiëel 'n bydrae kan lewer. (Slegs twee noem dat hulle afleiding en stimulasie daarin vind.) Waar daar dikwels voorheen in die literatuur gefokus is op skuldgevoelens by die werkende vrou (omdat hulle nie voltyds die kinders kan versorg nie), was die enigste verwysing na skuldgevoelens in hierdie navorsing by die tuisteskeppers, wat skuldig voel omdat hulle nie 'n finansiële bydrae kan maak nie.

(e) Beskryf in watter mate jou huweliksmaat se beroep (of feit dat jy nie 'n beroep beoefen nie) julle huwelik affekteer.

Antwoorde van die huweliksmaats is ingedeel in: 1 – baie negatief, 2 – effens negatief, 3 – neutraal, 4 – effens positief, en 5 – baie positief.

(i) Vroue se mening (n = 40)

Slegs 15% (6) van die vroue wat hierdie vraag beantwoord het, het gemeen dat hul huweliksmaat se beroep die huwelik positief affekteer. Positiewe gesindhede soos dankbaarheid, trots en 'n gevoel van bederf is hier genoem.

Een-en-twintig van die vroue (52,5%) het egter gevoel dat hul mans se beroep hul huwelik op 'n negatiewe wyse affekteer. Een rede wat hul aanvoer, is dat hulle minder gesamentlike tyd het weens die lang ure wat hul mans werk (n = 9): "Kliënte bel dag en nag. Dit meng soms in met ons persoonlike lewe en ons beplan soms iets wat dan gekanselleer moet word"; "sy beroep kan hom heeltemal insluk". 'n Ander rede wat hierby aansluit is dat die vroue alleen of eensaam voel, en voel dat hulle alleen die kinders moet versorg (n = 7): "ek voel afgeskeep"; "hy's feitlik nooit saam met my en die kinders nie – dit oorweldig my". Nog 'n rede wat voorgekom het, is dat die beroep hul mans gefrustreerd, geïrriteerd en ongeduldig maak en dat hulle hoë mate van stres die gesin negatief beïnvloed (n = 9).

Die res van die vroue het gevoel dat hul huweliksmaat se beroep die huwelik min tot geensins beïnvloed nie, of dat die positiewe faktore opmaak vir die negatiewes: "ek sien hom soms min, maar dit is ook soms nodig" (om tyd alleen deur te bring).

(ii) Mans se mening (n = 32)

Tien (31,2%) van die mans wat die vraag beantwoord het, beleef hul eggenotes se beroep, of die feit dat hul tuisteskeppers is, as positief ten opsigte van die huwelik. Hulle mening is onder andere dat hul vroue se beroep stabiliteit en ondersteuning bied en hulle waardeer hul bydrae. Twee van hierdie mans het die feit dat hul eggenotes tuisteskeppers is, baie waardeer: "my vrou is voltyds huisvrou – dis van onskatbare waarde". Die ander man het gemeen dat daar so minder probleme is en dat dit goed werk. (Sy vrou het egter gemeen dat sy met al die huisverpligtinge sit en dat hulle minder kwaliteit tyd saam het.)

Agt mans (25%) ervaar egter dat hul huweliksmaat se beroep die huwelik negatief affekteer. Drie het gemeen dat hul huweliksmaats se moegheid, emosionele uitputting en spanning 'n negatiewe invloed het as hulle tuis kom. 'n Verdere drie voel dat hulle van die kwaliteit tyd en kommunikasie prysgee deurdad hul huweliksmaats

werk. Een voel magteloos as sy vrou werksprobleme ervaar en hy dit nie kan oplos nie, terwyl 'n ander een meen dat die feit dat sy vrou nie 'n beroep beoefen nie haar depressief maak, dat sy vasgepen en gefrustreerd voel en dit die huwelik negatief beïnvloed.

Die res van die mans was redelik neutraal, deurdat hulle voel dat hul huweliksmaats se beroep nie juis hul huwelik affekteer nie.

(iii) Bespreking

Die helfte van die vroue meen dat hul mans se beroep 'n negatiewe invloed op die huwelik het, wat aansluit by die mans se gevoel dat hulle oorwerk is (d – ii). Die algemene ervaring by die vrou is dat die man se lang werksure haar laat voel asof sy werk eerste kom. Gevoelens van eensaamheid en oorverantwoordelikheid vir die kinders en huishouding kom voor. Die tradisionele rolle van die man wat 'n beroep beoefen en die vrou wat tuisteskepper is, geld nie meer nie. 'n Paar mans het eensaamheid beleef deurdat daar minder tyd vir gesels en gesamentlike aktiwiteite is as gevolg van die vrou se werk. 'n Hoë mate van werkstres, uitputting en werksprobleme by die huweliksmaat is vir beide mans en vroue moeilik om te hanteer.

Slegs 15% vroue (teenoor 31,2% mans) kon betekenis vind in hulle huweliksmaat se beroep. 'n Gevoel van dankbaarheid en trots (by vroue) en waardering (by mans) is ervaar. 'n Verdere betekenis wat na vore gekom het, was dat die tydelike afstand wat die man se werk skep, vir beide egpaarlede “alleentyd” bied, wat soms nodig is in die huwelik.

(f) Beskryf in watter mate jy positiewe gevoelens (teerheid, liefde, opgewondenheid, geluk) in jou huwelik uitdruk.

Egpaarlede se antwoorde is ingedeel in: 1 – nooit, 2 – min, 3 – af en toe, 4 – gereeld, en 5 – in 'n groot mate.

(i) Vroue se mening (n = 41)

Dit blyk dat die vroue dit oor die algemeen makliker vind om uiting aan positiewe gevoelens te gee. Die meerderheid vroue (78%, n = 32) meen dat hulle veral verbaal

maklik en gereeld uiting aan hulle gevoelens gee. Vyftien vroue het genoem dat hulle dit op 'n fisieke wyse oordra deur drukkies, aanraking en seksuele kontak. Volgens 12,2% (n = 5) vroue, druk hulle makliker hulle positiewe gevoelens uit deur geskrewe briefies, SMS'e, e-pos, asook 'n gesamentlike joernaal. Drie van die vroue wys positiewe gevoelens deur geskenke; een deur tee te maak; en een deur kos te maak. Twee hiervan probeer hul gevoelens uitdruk deur 'n positiewe atmosfeer te skep, en 'n ander deur altyd na haar man te luister. Aangesien hierdie almal egpare met voorskoolse kinders is, wys een vrou tereg daarop dat sy baie meer warmte en liefde wys wanneer sy uitgerus is.

'n Verdere 12,2% (n = 5) van die vroue meen dat hulle nie genoeg uiting gee aan positiewe gevoelens nie, maar dat hulle dit wel regkry as hulle daarop fokus. Een vrou noem: "My liefdestaal is kwaliteit tyd en diens. My man s'n is 'touch'. So ons mis mekaar tensy ons daarop fokus." 'n Ander vrou noem dat dit moeilik in die huwelik is, maar dat sy uiting daaraan gee as hulle met die kinders speel.

Drie van die vroue vind dit moeilik om ten tye van die aflegging van die vraelyste hul positiewe gevoelens te wys of verbaal te kommunikeer. Een vrou noem dat sy dit afskeep vandat die baba daar is.

(ii) Mans se mening (n = 34)

Wat die mans betref, meen 58,8% (n = 20) dat hulle maklik en gereeld uiting aan positiewe gevoelens gee deur dit te wys of te sê. Sewe hiervan (20,6%) toon dit maklik deur fisieke aanraking, drukkies en soentjies. Een antwoord as volg: "Aanraking, drukkies, hare uitkam, tee maak, persentjie en blomme koop, baba besig hou sodat sy kan rus."

Van die 23,5% mans (n = 8) wat voel dat hulle dit in 'n mate regkry, meen dat hulle positiewe gevoelens wys wanneer almal in die huis saamlag (n = 3), of deur kos te kook (n = 1). Een man beskryf sy uitdrukking van positiewe gevoelens as volg: "I am not a very emotional person. I suppose I smile more and enjoy the people around me."

Ses mans (17,6%) dui aan dat dit vir hulle moeilik is en dat hulle selde of nooit uitdrukking aan positiewe gevoelens gee nie. Een noem dat hy probeer maar dat moegheid veroorsaak dat hy dit baie afskeep. Meer begrip hiervoor kan gekry word deur die volgende beskrywing van 'n man wat reeds 11 jaar lank getroud is: "Ek is geneig om nie positiewe gevoelens uit te druk nie. Ek voel baie lomp (kwesbaar, of selfs simpel) as ek dit probeer doen. (Miskien is skaam 'n beter beskrywing.)"

(iii) Bespreking

Dit blyk dat die vroue (78%) in hierdie navorsing makliker uiting aan hulle positiewe gevoelens gee as die mans (58,8%). Terwyl albei geslagte noem dat hulle verbaal of deur intimiteit hul positiewe gevoelens wys, verwys die vroue verder dat hulle dit ook op geskrewe wyse (briefies, SMS, e-pos, joernaal) kommunikeer, of deur dienslewering, geskenke, beskikbaarheid (luister) en deur 'n positiewe atmosfeer te skep. Baie vroue mag dalk jaloers wees op die een man wat ook verwys na fisieke aanraking, dienslewering soos hare uitkam, tee maak en baba oppas as sy vrou rus, asook geskenke en blomme.

In die fase waarin die egpare verkeer, is dit opvallend hoe die vroue (asook een man) meen dat hulle ten tye van die navorsing moeilik uitdrukking gee aan positiewe gevoelens, ook van mening is dat hulle hierdie aspek sedert die koms van die kinders afskeep. Een vrou noem dat dit baie makliker is wanneer sy uitgerus is. Ander laat blyk dat die oordra van gevoelens nog altyd vir hulle moeilik was. Die effektiewe begrip, oordrag en hantering van gevoelens (EQ) kan dus 'n belangrike rol speel in die huweliksfasie met voorskoolse kinders.

(g) Verduidelik in watter mate jy negatiewe gevoelens (woede, haat) in jou huwelik uitdruk.

Egpaarlede se antwoorde is soos volg ingedeel: 1 – op 'n baie oneffektiewe wyse, 2 – redelik negatief, 3 – neutraal, 4 – op 'n redelik effektiewe wyse, en 5 – baie effektief.

(i) Vroue se mening (n = 40)

Twintig persent van die vroue wat hierdie vraag beantwoord het, het gemeen dat hulle hul "negatiewe gevoelens" op 'n baie oneffektiewe wyse hanteer. Ses hiervan

druk woede of frustrasie uit deur te skree of te huil. Een vrou beskryf haar hantering soos volg: "spiteful, harsh, use strong language". Behalwe verbale aggressie is daar ook fisieke uitdrukking van aggressie: "massive fits of rage that is extremely damaging", en "very physical, slam doors, cry". Een vrou meen dat sy wissel tussen die uiterstes van "raise voice" en "keep quiet".

Twee van die vroue voel dat hulle negatiewe gevoelens juis spruit uit die wyse waarop hul mans hul gevoelens hanteer. Een voel dat sy haar man se harde woorde en kort humeur baie moeilik gehanteer. 'n Ander noem dat sy negatief reageer op haar man se padwoede.

Byna dieselfde hoeveelheid vroue (22,5%, n = 9), hanteer negatiewe gevoelens ook oneffektief deur te onttrek, stil te bly en op te krop. Een vrou ervaar haar tyd van onttrek as effektief, deur haarself uit die situasie te onttrek deur te gaan stap of inkopies te doen, en dan baie beter voel. 'n Verdere vyf onttrek eers, maar kry dit dan reg om hul gevoelens aan hul maat te kommunikeer.

Ongeveer 'n derde van die vroue (n = 14,35%) meen dat hulle maklik praat oor hulle gevoelens, en dus hul gevoelens maklik uitdruk. Een vrou skryf makliker as om te praat en deel so gereeld haar gevoelens met haar man. Vier van hierdie groep vroue het gemengde gevoelens hieroor en meen dat hul dalk soms te veel praat, of dat hulle "praat" aan baklei grens.

(ii) Mans se mening (n = 34)

Heelwat meer mans as vroue (47% van die mans) meen dat hulle hul negatiewe gevoelens na buite op 'n aggressiewe wyse uitleef deur te raas, harde woorde, argumente, te skree of onbeskof te wees, nors en afsydig te wees, of deur skoor te soek. Een man beskryf sy optrede as 'n "brombeer-houding". Van hierdie groep mans wissel ses hul aggressiewe optrede af met stilstupe. Een man voel dat hy "stil raak teenoor my vrou en te hard praat met die kinders".

Slegs twee mans meen dat hulle hul negatiewe gevoelens meestal hanteer deur te onttrek en stil te bly.

Elf van die mans (32,4%) voel dat hulle maklik oor hul negatiewe gevoelens praat, probeer diplomaties wees, en oor die algemeen probeer wys hoe hulle voel. Een merk op dat hy dit op rasionele wyse “soos ’n prokureur in die hof” hanteer. ’n Verdere twee meen dat hulle selde, indien ooit, negatiewe gevoelens ervaar.

(iii) Bespreking

Terwyl byna die helfte van die mans aandui dat hulle hul woede op oneffektiewe wyse uitdruk (harde woorde, argumente, onbeskofte optrede), rapporteer slegs 20% vroue oneffektiewe uitdrukking deur te huil, te skree, of deure te klap. Twee vroue meen dat dit juis hulle mans se onvermoë is om negatiewe gevoelens te hanteer (deur hard te praat, ’n kort humeur en padwoede), wat lei tot negatiewe gevoelens by die vrou.

Dieselfde persentasie vroue is geneig tot stilstupe en onttrekking, terwyl dit baie minder by die mans voorkom. Een vrou vind betekenis in haar tydelike onttrekking van die situasie (deur inkopies!), en vind dat dit haar rustiger maak. Sommige meen dat hulle eers onttrek, maar dan later hulle gevoelens aan hulle maat kan kommunikeer.

’n Derde van die vroue, sowel as ’n derde van die mans, meen dat hulle hul negatiewe gevoelens effektief hanteer. Die vroue meen dat hulle maklik praat of skryf, maar wonder oor die moontlikheid dat hulle dalk te veel praat en dat hulle woorde grens aan baklei – dus gee hul meer op emosionele wyse uiting. Die mans kommunikeer hul gevoelens op ’n meer rasionele, diplomatiiese wyse.

(h) Beskryf in hoe ’n mate jou huweliksmaat volgens jou, sy of haar gevoelens in die huwelik hanteer.

Antwoorde is soos volg ingedeel: 1 – kan glad nie gevoelens hanteer nie, 2 – hanteer nie baie goed nie, 3 – neutraal, 4 – hanteer gevoelens goed, en 5 – hanteer gevoelens baie goed.

(i) Vroue se mening (n = 41)

Byna ’n derde (31,7%) van die vroue het gemeen dat hulle huweliksmaats hul gevoelens goed, tot baie goed hanteer. Dit stem redelik ooreen met die persentasie

mans wat aangedui het dat hulle hul negatiewe gevoelens goed hanteer. Volgens hierdie vroue is hulle mans gemaklik daarmee om alle gevoelens te kommunikeer, hetsy positief of negatief. Twee van hierdie vroue waardeer die feit dat hul mans die groot, belangrike sake uitpraat, terwyl hulle minder belangrike sake laat verby gaan, om sodoende onnodige konflik te vermy. Een vrou het gevoel dat haar man aanvanklik nie sy gevoelens maklik gedeel het nie, maar dit aangeleer het deur middel van terapie.

'n Redelik groot persentasie vroue (40,5%) het gemeen dat hulle mans sukkel om hulle gevoelens te verwoord. Hulle meen onder andere dat hul mans "opkrop", "in sy dop kruip", "moeilik wys", "moet probeer uitvind hoe hy voel", "*become very detached and unemotional*", "nie oor sy gevoelens praat nie".

Die res van die groep het 'n meer neutrale siening gehad, deurdat hul mans sekere gevoelens makliker as ander deel. Ander mans trek eers terug, dink daaroor en deel dan hulle gevoelens. Twee het gemeen dat hul mans nie hulle eie gevoelens wys nie, maar dat hulle dit maklik in hul huweliksmaats se lyftaal kan agterkom.

(ii) Mans se mening (n = 34)

Van die 34 mans wat hierdie vraag beantwoord het, het byna die helfte (n = 16,47%) gemeen dat hul vroue hul gevoelens goed tot baie goed uitdruk. Hulle het veral hul waardering uitgespreek wanneer hul eggenote vryelik hul positiewe gevoelens uitdruk. Twee hiervan het gevoel dat hul eggenotes baie oop is en baie praat. Een het sy vrou se hantering van gevoelens as "volwasse" beskou.

Volgens 23,5% (n = 8) van die mans hanteer hul vroue hul gevoelens op 'n negatiewe wyse. Vyf het genoem dat hulle onttrek, nie hulle gevoelens kommunikeer nie en net stilbly. Twee van die mans verwys na onstabiele uitdruk van gevoelens, waaronder een verwys na sy vrou se depressie, wat hantering van gevoelens bemoeilik.

Die res van die groep ervaar hul vroue se hantering van gevoelens as neutraal of gebalanseerd. Vyf uit hierdie groep ervaar dat hul huweliksmaats eers opkrop en dan oor gevoelens praat. Twee mans voel dat hul eggenotes baie emosioneel en

passievol is wat positiewe en negatiewe gevoelens in oormaat uitdruk. Dit blyk dat hierdie mans beide voor- en nadele as gevolg hiervan ervaar.

(iii) Bespreking

Terwyl ongeveer die helfte van die mans meen dat hulle huweliksmaats hulle gevoelens goed uitdruk, meen slegs 'n derde van die vroue dat dit by hulle eggenote die geval is. Dis egter mooi om die wedersydse aanvaarding te sien, waar vroue dit waardeer dat hul mans net oor die belangrikste sake praat en so onnodige konflik vermy, terwyl die mans dit weer waardeer as hul huweliksmaats vrylik oor alles kan praat. Dit was ook verblydend om te verneem dat terapie wel 'n verskil kan maak, en dat een vrou noem dat haar man tydens terapie geleer het om aan sy gevoelens uiting te gee.

Dis verder interessant dat, terwyl slegs twee mans by die vorige vraag aangedui het dat hulle meestal hul gevoelens opkrop, 'n groot hoeveelheid vroue gefrustreerd is omdat hulle mans nie oor hulle gevoelens praat nie (die meeste van die 40% vroue meen dat hulle mans nie hulle gevoelens effektief hanteer nie). Twee vroue meen egter dat dit help dat hulle maklik uit hulle mans se lyftaal kan waarneem hoe hulle voel, en hul EQ dus help met die interpretasie van hul mans se gedrag. Daar was egter ook 'n aantal mans (23%) wat gemeen het dat hul vroue hul gevoelens óf onttrek, óf onstabiel is in die hantering van gevoelens. Soos te wagte, kan patologie soos depressie die hantering van gevoelens bemoeilik, soos een eggenoot tereg opmerk.

5.4 Opsomming

Dit was die navorser se ervaring dat die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing mekaar goed aangevul het. Alhoewel die aanvanklike literatuurstudie (hoofstukke 2 en 3) 'n bepaalde verwagting by die navorser oor die aard van die huwelik met voorskoolse kinders kon skep, kon hierdie oopeindvrae 'n baie nader omskrywing gee van hoe die egpare hulle huwelik beleef, en meer spesifiek watter betekenis hulle daarin vind. Na afloop van die data-analise (kwalitatief) was die navorser gereed om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak oor die huwelik, en die rol wat EQ en SQ daarin speel.

HOOFSTUK 6: BESPREKING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

*Challenges are what make life interesting;
overcoming them is what makes life meaningful*

– Joshua J Marine

In hierdie navorsing is die huwelik met voorskoolse kinders in Suid-Afrika aan die begin van die een-en-twintigste eeu ondersoek. Die vele uitdagings wat met hierdie lewensfase gepaard gaan, en die hantering van gevoelens rondom hierdie uitdagings (emosionele intelligensie), sowel as die sin en betekenis wat egpare daarin vind (spirituele intelligensie), is van naderby bekyk.

'n Nuwe lewens- of huweliksfase is dikwels gevul met hoogte- en laagtepunte. Hierdie positiewe of negatiewe gebeure is dikwels vir 'n egpaar 'n aanduiding dat daar aanpassings in die huwelik gemaak moet word (Wright *et al.*, 1994). Dit is egter dikwels moeilik vir egpare om te onderskei tussen 'n moeilike tydperk van aanpassings en verandering en die beëindiging van die huweliksverhouding. Die hantering van sterk gevoelens rondom hierdie veranderings bring sy eie uitdagings mee. Veral wanneer daar 'n eksistensiële vakuum by egpaarlede ontstaan ten opsigte van sin en betekenis (Frankl, 1969), kan dit tot 'n blokkasie of frustrasie lei, wat aanpassing in die huwelik kan verhinder.

Dis in tye soos hierdie waar egpaarlede op hulle spirituele intelligensie moet staatmaak, en aanpassings met nuwe kreatiewe gedragspatrone hanteer. Frankl (1960) verwys na hierdie unieke menslike vermoë om 'n kreatiewe uitkyk op die lewe te verkry as "self-transendensie". Hierdie vermoë is deurgaans in hierdie navorsing, soos 'n goue draad in die egpare se weergawe van hulle persepsie oor die huwelik, waargeneem.

Aangesien alle egpare aanpassing en probleme beleef, is dit dus moontlik nie die voorkoms of aard van die probleme of huwelikstake wat 'n rol in huweliksaanpassing speel nie, maar die vermoë al dan nie om sin en betekenis daarin te vind en vanuit hierdie betekenis op te tree (SQ). Dit behels verder om die gevoelens wat hiermee gepaard gaan, te verstaan en te hanteer (EQ). Daar is dus in hierdie navorsing

gepoog om te bepaal of daar 'n verband tussen emosionele intelligensie (EQ), spirituele intelligensie (SQ) en huweliksaanpassing van egpare met voorskoolse kinders bestaan.

6.1 Bespreking van navorsingshipoteses

Eerstens is die hipotese dat daar 'n verband tussen emosionele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders is, ondersoek.

Dit blyk dat daar 'n verband tussen EQ en huweliksaanpassing voorkom. Hierdie verband is bepaal tussen die vier subskale van die SSRI (Schutte *et al.*, 1998)(sien Tabel 4.6 vir die omskrywing van die subskale), en die vier subskale van die Huweliksaanpassingsvraelys oftewel die Dyadic Adjustment Scale (Spanier, 1976). Hoë betroubaarheid is vir die afsonderlike skale van die DAS in hierdie navorsing verkry. (Sien 5.2.2.1.) Pearson-korrelasies is bereken en die beduidendheid (tweekantig) daarvan getoets. Hiervolgens blyk dit dat die totale EQ-tellings van die egpaarlede verband hou met die subskale van huweliksaanpassing. Die verband ten opsigte van die subskale van huweliksaanpassing sal vervolgens bespreek word:

(i) Huwelikskonsensus

Huwelikskonsensus dui op die mate waartoe huweliksmats oor belangrike sake saamstem. In 'n huweliksfase vol besluite ten opsigte van die rolverdeling van huistake en kinderopvoeding, beroep, die rol wat familie en vriende moet inneem, gesinsontspanning, geldsake en lewensuitkyk, speel hierdie aspek van huweliksaanpassing 'n baie groot rol. Aangesien konsensus oor belangrike sake gewoonlik met sterk gevoelens gepaard gaan, is dit dus verstaanbaar dat al die skale van EQ, soos gemeet deur die SSRI, 'n verband met huwelikskonsensus toon.

Dit blyk dat die skep, beheer en handhawing van 'n positiewe ingesteldheid en verwagtinge, en die vermoë om hierdie positiewe gevoelens aan te wend om uitdagings te hanteer (**optimisme/gemoedsregulering**), daartoe kan bydra dat huweliksmats makliker saamstem oor belangrike sake (huwelikskonsensus). Alhoewel gelukkige huweliksmats die vrymoedigheid moet hê om negatiewe gevoelens soos woede en hartseer in hul interaksie te toon, beklemtoon navorsing

oor langtermynhuwelike die belangrikheid van oorheersend positiewe emosionele uitdrukking (liefde, toegeneentheid en humor) om huweliksgeluk en -stabiliteit te verseker (Carstensen *et al.*, 1995).

Laasgenoemde blyk ook vergemaklik te word wanneer egpaarlede hul eie, sowel as die huweliksmat se **gevoelens kan herken**. (Soos ook waargeneem in die kwalitatiewe navorsing, 6.1.4.) Veral waar egpaarlede dit moeilik vind om hulle gevoelens verbaal oor te dra, kan herkenning van gevoelens daartoe lei dat uitdagings, in 'n huweliksfasie met minder tyd vir kommunikasie, makliker gehanteer word.

Wanneer 'n egpaarlid oor **sosiale vaardighede** (om gevoelens op geskikte tye te deel, 'n goeie indruk op ander te maak, en ander te laat goed voel) beskik, blyk dit ook makliker te wees om 'n kompromie met die huweliksmat oor belangrike sake te bereik.

'n Verdere aspek wat 'n positiewe verband met huwelikskonsensus toon, blyk die **toepassing van emosies** te wees. Deur oor hierdie vermoë te beskik is die huweliksmat in staat om probleme op te los, nuwe moontlikhede te skep en deur 'n positiewe gesindheid goeie idees te genereer. Sodoende kan op 'n nuwe manier na 'n uitdaging soos rolkompleksiteit gekyk word.

(ii) Huwelikskohesie

Dis interessant dat die subskale van EQ nie so 'n sterk verband met huwelikskohesie toon nie. Huwelikskohesie verwys na die mate waarin huweliksmaats se lewens deur gesamentlike projekte, en so meer, vervleg is. Daar blyk wel 'n verband tussen huwelikskohesie en **optimisme/gemoedsregulering**, sowel as huwelikskohesie en die totale EQ-telling van die SSRI te wees. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat daar by hierdie subskaal meer op aktiwiteite (doen) as op emosies (voel) gefokus word.

(iii) Affektiewe uitdrukking

Hierdie aspek van huweliksaanpassing dui op die affektiewe en seksuele bevrediging van egpaarlede. Dit blyk volgens die kwantitatiewe navorsing dat

sosiale vaardighede (EQ) 'n verband toon met affektiewe uitdrukking. Sosiale vaardighede dui, soos beskryf by i), op die vermoë om gemaklik te wees met eie gevoelens en ander te laat goed voel deur empatiese luister, komplimente, of deur genotvolle geleenthede te skep. Dit blyk verder uit die navorsingsresultate dat 'n optimistiese gemoedstemming (**optimisme/ gemoedsregulering**), ook kan bydra tot die bevrediging van huweliksmaats se affeksionele of seksuele behoeftes. Volgens Fitness (2006) is dit die vermoë om 'n positiewe emosionele klimaat te skep wat uiteindelik die emosioneel-intelligente huwelik kenmerk.

(iv) Huwelikstevredenheid

Huwelikstevredenheid dui op huweliksgeluk asook op die egpaar se verbintenis tot die huwelik. Dit blyk dat al die subskale van EQ volgens die SSRI dui op 'n verband met huwelikstevredenheid. Die resultate suggereer dus dat wanneer die huweliksmaat 'n **optimistiese gemoedstemming** kan skep, beheer en handhaaf, die huweliksmaat se **gevoelens herken** word, die egpaarlid **sosiaal vaardig** is en **gevoelens effektief** kan **toepas**, daar hoër huwelikstevredenheid ervaar word.

Dit bevestig vorige navorsing dat bekwaamheid in emosionele vaardighede soos die identifisering, hantering en kommunikasie van gevoelens 'n groot rol in interpersoonlike verhoudings kan speel (Cordova *et al.*, 2005; Ingoldsby *et al.*, 2005). Hoe egpare dus hul emosies identifiseer en kommunikeer en hul eie en hul huweliksmaats se gevoelens hanteer, speel 'n belangrike rol in gesonde saamwees in die huwelik (Wachs & Cordova, 2007).

Tweedens is die verband tussen spirituele intelligensie en huweliksaanpassing in huwelike met voorskoolse kinders ondersoek.

Die verband tussen die subskale van spirituele intelligensie (MMV- SQ-vraelys) en die subskale van die huweliksaanpassingskaal (Dyadic Adjustment Scale), is bepaal. Daar was enkele skale waar daar betekenisvolle korrelasies tussen SQ en huweliksaanpassing was. (Sien Tabel 5.22.) Die resultate word vervolgens ten opsigte van hierdie aspekte bespreek.

(i) Huwelikskonsensus

Dit blyk dat daar met betrekking tot *sin en betekenis* 'n beduidende korrelasie is tussen **meditatiewe bewustheid** en huwelikskonsensus ($r = 0,225$, $p \leq 0,05$). Die noodsaaklikheid van meditatiewe, stil oomblikke gemik op ontspanning, selfkennis en spirituele groei en verdieping blyk vir die jong ouerpaar in 'n fase met min eie tyd van groot belang te wees. Deur introspeksie of groei na binne is die huweliksmat weer in staat om uit te reik na buite, en as egpaar saam te besin oor belangrike sake. Deur tye van rustige bewuswees vir mekaar te skep, kan dus 'n bron van kreatiewe energie vir die huweliksmat daargestel word. Dit kan weer besluitneming oor belangrike sake vir die egpaar vergemaklik (George, 2006). Deur meditatiewe oomblikke kan die egpaarlid *sin en betekenis* in moeilike lewensituasies soek, asook eie waardes identifiseer wat vir hom of haar belangrik is. Sodoende word die huweliksmat in staat gestel om vanuit hoër motiveringsvlakke op te tree (MacHovec, 2002; Zohar & Marshall, 2004).

Wat *motivering* (SQ) betref, kan die optrede van die egpaarlid wie se optrede gemotiveer word deur diep, persoonlike, sowel as wyer interpersoonlike waardes en vaardighede (**bemeester, +4**) bydra tot hoër huwelikskonsensus. Die huweliksmat wat oor hierdie vermoë beskik, is in staat om in tye van besluitneming goeie strategieë te volg. Hierdie hoër bron van motivering hou dan ook verband met 'n innerlike dissipline of meer komplekse langtermynstrategieë soos gebed, meditasie, of die volharding in 'n vaardigheid of kunsvorm.

Dit blyk egter dat negatiewe motiveringsvlakke die egpaar se huwelikskonsensus kan verlaag.

Egpaarlede wie se gedrag deur **selfgesentreerdheid (-1)** gemotiveer word, is geneig tot kompetisiegedreweheid, kortsigtigheid, selfvoldaanheid en selfs aggressie. Dit blyk aanleiding te gee tot laer huwelikskonsensus, waar egpaarlede geneig is om te verskil oor belangrike aangeleenthede. Kennis word moontlik gebruik om die huweliksmat te manipuleer en 'n eie posisie te versterk. Vanweë die feit dat die huweliksmat op hierdie motiveringsvlak 'n sterk behoefte aan mag en status het, gee dit dikwels aanleiding tot konflik, veral wanneer die huweliksmat se opinie van hom of haar verskil.

Wanneer **woede (-2)** 'n egpaarlid se gedrag motiveer, blyk dit ook 'n negatiewe verband te toon met huwelikskonsensus. (Hierdie motiveringsbron blyk ook 'n verband te toon met laer huweliksaanpassing oor die algemeen, huwelikstevredenheid, kohesie asook affeksionele uitdrukking.) Die egpaarlid wie se gedrag vanuit woede gemotiveer word, mag waargeneem word as koud en terughoudend, terwyl woede-uitbarstings of rebelsheid in ander gevalle mag voorkom. Die huweliksmat mag dan beskou word as die vyand wat gestraf of oorwin moet word, en word ook dikwels vir negatiewe gevoelens geblameer. Samewerking en gesamentlike besluitneming oor belangrike sake vind vervolgens nie maklik plaas nie.

Gedrag gemotiveer deur **drange (-3)** blyk ook 'n negatiewe verband met huwelikskonsensus te toon. 'n Gevoel van "ewige rusteloosheid", leegheid, of 'n soeke na meer mag daartoe lei dat die egpaarlid gemotiveer word deur gulsigheid, materialisme en jaloesie. In die hantering van besluite of uitdagings mag die egpaarlid dus moontlik slegs op eie vervulling fokus en nie op die beste oplossing vir die egpaar of gesin nie.

Wanneer 'n egpaarlid se gedrag deur **vrees (- 4)** gemotiveer word, blyk daar ook laer huwelikskonsensus voor te kom. 'n Geneigdheid tot agterdog en 'n behoefte aan selfbeskerming lei daartoe dat die egpaarlid nie in beheer voel, risiko's neem of spontaan kan optree nie. Die vele uitdagings wat in hierdie huweliksfase voorkom, word as 'n bedreiging gesien. Besluite word dan eerder vermy as gehanteer, wat tot heelwat frustrasie by die huweliksmat aanleiding kan gee.

(ii) Huwelikskohesie

Soos by die ander subskale van huweliksaanpassing, toon die negatiewe motiveringsbronne, naamlik **selfgesentreerdheid (-1)**, **woede (- 2)** en **vrees (-4)** 'n negatiewe verband met huwelikskohesie. Eersgenoemde bemoelijk samewerking by die betrokke egpaarlid en sal noodwendig 'n negatiewe uitwerking hê as projekte aangepak moet word. Die verband tussen vrees en huwelikskohesie word bevestig deur die meervoudige regressie. Vrees vir mislukking sal die egpaarlid laat terughou

en waagmoed inhibeer. Die egpaarlid sal dan geneig wees om die aanpak van nuwe projekte te vermy.

(iii) Affektiewe uitdrukking

'n Beduidende positiewe korrelasie het voorgekom tussen **empatiëse aanvaarding en openheid** (SQ), en **affeksionele ekspressie** (huweliksaanpassing) ($r = 0.228$, $p \leq 0.05$). Laasgenoemde sluit aan by die emosionele fasilitering van denke in die huwelik, wat volgens Salovey en Mayer (1990) ook een van die fasette van EQ is. Hierdie eienskap behels om “daar te wees”, te ondersteun, aan te moedig en te help (George, 2006). Die spiritueel-intelligente persoon sien die huweliksmat as 'n persoon met sy of haar eie behoeftes, uitdagings en probleme. Daar kan sonder enige vooroordeel, analisering of kritiek na die huweliksmat geluister word en van die beskouing uitgegaan word dat die huweliksmat die reg het tot sy of haar eie waarheid (MacHovec, 2002).

Wanneer egpaarlede vanuit negatiewe motiveringsbronne van **selfgesentreerdheid (- 1)**, **woede (- 2)**, **drange (-3)** en **vrees (- 4)** optree, blyk dit ook 'n negatiewe verband met affeksionele uitdrukking te toon. Die negatiewe verband tussen woede en affeksionele ekspressie is ook deur 'n meervoudige regressie bevestig. Aangesien vrees die egpaarlid ontnem van spontaniteit, kan dit affeksionele en seksuele uitdrukking negatief beïnvloed.

(iv) Huwelikstevredenheid

Wat die motiveringskaal van spirituele intelligensie (SQ) betref, het dit geblyk dat die negatiewe motiveringsbron van **selfgesentreerdheid (- 1)** 'n negatiewe verband met huwelikstevredenheid toon. Egpaarlede wie se gedrag grootliks uit selfgesentreerdheid gemotiveer word, is geneig tot kompetisiegedrewenheid, selfgesentreerdheid en selfs aggressie. Die negatiewe korrelasies met al vier die subskale van huweliksaanpassing dui daarop dat dit huweliksaanpassing kan benadeel. Wanneer die egpaarlid se lewe baie om hom- of haarself draai, met die motivering om 'n eie posisie deur manipulasie of kompetisiegedrewenheid te versterk, het dit 'n negatiewe uitwerking op die egpaar se huwelikstevredenheid. Konflik, wanneer die huweliksmat of gesin van hom of haar verskil, kan die gevoel van 'n sterk huweliksverbintenis verlaag.

Wanneer 'n egpaarlid se gedrag vanuit 'n nog laer motiveringsbron, naamlik **woede** (-2) gemotiveer word, blyk dit ook 'n negatiewe effek op huwelikstevredenheid te hê.

(v) Bespreking

'n Mens sou graag in die navorsing wou sien dat die meeste, of al tien van die beginsels van **sin en betekenis** verband hou met huweliksaanpassing. Dit was egter nie die geval nie. Dit blyk volgens resultate dat daar in die huwelik veral op twee van hierdie beginsels gefokus moet word: meditatiewe bewustheid, wat 'n beduidende korrelasie getoon het met huwelikskonsensus, empatiese aanvaarding en openheid, wat 'n korrelasie met affeksionele ekspressie getoon het. Meer tyd vir meditasie (selfondersoek en spiritualiteit), en 'n ingesteldheid van werklike begrip vir mekaar, hou dus verband met egpaarlede se huweliksaanpassing.

Volgens hierdie resultate blyk dit dat die grootste verband by SQ voorkom tussen dit wat egpaarlede se gedrag motiveer (**motivering**) en hul huweliksaanpassing. Veral negatiewe motivering dui 'n negatiewe verband met huweliksaanpassing aan. Volgens Zohar en Marshall (2004) handel SQ hoofsaaklik oor "hoekom doen ek wat ek doen?" (motivering). Hierdie motivering kan verhoog word indien daar aan die aspekte van sin en betekenis, asook waardes aandag gegee word. 'n Egpaarlid kan hoër op die motiveringskaal beweeg deur meer sin en betekenis in hul lewe te ontwikkel (Zohar & Marshall, 2004) en daardeur hoër huweliksaanpassing te ervaar.

Dis opvallend dat daar geen verband gevind is tussen waardes en huweliksaanpassing nie. Daar is egter nie duidelikheid hieroor nie, en die moontlikheid bestaan ook dat die SQ-vraelys nie sensitief genoeg was om hierdie subskaal te meet nie. Waardes is egter in werklikheid vervleg in die eerste twee dele van die SQ-model en -vraelys, naamlik in die beginsels van sin en betekenis, sowel as in die positiewe motiveringsvlakke van die motiveringskaal.

6.2 Ander faktore wat 'n verband met huweliksaanpassing toon

Resultate soos hierbo bespreek, kan egter nooit veralgemeen word nie, aangesien dit vanuit die literatuurstudie blyk dat die huwelik kompleks is, en daar baie

veranderlikes is wat 'n rol in huweliksaanpassing kan speel. Deur 'n meervoudige regressie-ontleding waarin biografiese veranderlikes en komponente van SQ as onafhanklike veranderlikes en huweliksaanpassing as afhanklike veranderlike gebruik is, is verbande bepaal deur die onderlinge verbande tussen onafhanklike veranderlikes uit te skakel. Hierdie verbande word vervolgens bespreek.

(i) Huwelikskonsensus

Faktore wat verband hou met huwelikskonsensus blyk te wees of die egpaar **saamgewoon** het voor die huwelik, die mate waarin die egpaar **eredienste bywoon** asook die **aantal maande** wat die egpaar in hul **huidige area woonagtig** is. Dis interessant dat dit blyk asof die langer tydperk wat die egpaar voor die huwelik saamgewoon het nie bydra tot groter konsensus nie, maar wel huwelikskonsensus verminder. Dit mag wees dat die afwesigheid van 'n verbintenis en die onsekerheid wat daarmee gepaard gaan, kan bydra tot 'n verminderde gevoel van samewerking om gedeelde belange te bevorder. Om belange ten opsigte van iets so belangrik soos spiritualiteit te deel, en dit individueel of saam te beoefen in die vorm van eredienste, blyk ook by te dra tot groter huwelikskonsensus. Waar die klem grootliks in eredienste val op liefde, naastediens en die inagneming van ander se belange, kan hierdie aspekte moontlik 'n verskil maak wanneer die egpaar gesamentlike besluite moet neem. Laasgenoemde hou verband met die mate waartoe die egpaar in hul woonarea kon aanpas. Wanneer die jong egpaar met 'n gesin begin, vind hulle dit dikwels nodig om te verhuis, wat 'n bykomende aanpassing vir die huwelik meebring. Hoe meer tyd die egpaar dus gehad het om in hul woonomgewing aan te pas, hoe makliker om bykomende besluite gesamentlik te neem.

Dit wil voorkom dat **egskeiding by vroue se ouers, asook albei egpaarlede se ouers**, 'n verband toon met laer huwelikskonsensus. In hierdie navorsingsgroep kom 13,1% van die mans en 8,3% van die vroue uit gebroke huise, terwyl 7,1% van albei egpaarlede se ouers geskei is. By egpaarlede waar geeneen se ouers geskei is nie, was huwelikskonsensus beduidend hoër as by egpaarlede waar albei ouers se ouers geskei is. Die moontlikheid bestaan natuurlik dat daar by die kinders van geskeide ouers 'n laer verwagting van 'n lewenslange verbintenis aangeleer word, of dat egskeiding een van die moontlike oplossings kan wees in tye van uitdagings in die huwelik.

Behalwe bogenoemde faktore het die meervoudige regressie bevestig dat wanneer 'n egpaarlid se gedrag deur **woede** (SQ) gemotiveer word, daar 'n verband met laer huwelikskonsensus voorkom.

(ii) Huwelikskohesie

Die mate van **kerkbetrokkenheid**, en dus die aanpak van gesamentlike projekte blyk 'n verband te toon met hoër huwelikskohesie.

Die motiveringsvlak van **vrees** (SQ) blyk ook in die regressie-ontleding 'n negatiewe verband te toon met huwelikskohesie.

(iii) Affektiewe uitdrukking

Dit blyk volgens die regressie-ontleding dat **gereeldheid van erediensbywoning** ook bydra tot affektiewe ekspressie in die huwelik. Moontlik kan die egpaar wat persepsies rondom spiritualiteit kan deel, makliker kwessies rondom affeksie en seksualiteit met mekaar deel.

Dit het ook in die regressie ontleding na vore gekom dat die motiveringsvlak van **woede** (SQ) 'n negatiewe verband met affektiewe uitdrukking toon.

(iv) Huwelikstevredenheid

In 'n meervoudige regressie-ontleding het dit geblyk dat, hoe hoër die **kerkbetrokkenheid** van die egpaarlede, hoe groter huwelikstevredenheid hulle ervaar. Moontlik kan die kerk se klem op die belangrikheid van verbintenis in die huwelik 'n rol speel. Die sosiale ondersteuning van mede-kerklidmate wat by kerkaktiwiteite ervaar word, mag ook bydra tot die huweliksgeluk van die egpaar, veral in tye van uitdaging.

Bykans 'n derde van die egpaarlede in hierdie navorsingsgroep het voor hul huwelik vir 'n tydperk tussen 2 en 36 maande saamgewoon. Deur regressie-ontleding is 'n negatiewe verband bepaal tussen **saamwoon voor die huwelik** en huwelikstevredenheid. Dit dui dus op die moontlikheid dat, indien paartjies voor die huwelik saamwoon, hul persepsie van die verbintenis van die huwelik moontlik negatief beïnvloed word. Onlangse navorsing in Amerika (Rhoades, Stanley &

Markman, 2009) het bevind dat egpaarlede wat voor die huwelik saamgewoon het, laer huwelikstevredenheid, toegewydheid en selfvertroue, asook meer negatiewe kommunikasie en groter risiko vir egskeiding ervaar het as egpare wat slegs vanaf hul verlowing of glad nie saamgewoon het nie. Wartik (2005) meen dat wanneer paartjies saamwoon, hulle geneig is om meer onkonvensionele persepsies oor die huwelik en egskeiding te hê en geneig is om minder godsdienstig te wees. Die moontlike “oplossing” van egskeiding mag dan vir hierdie paartjies 'n groter moontlikheid wees as vir ander pare met sterker waardes.

Deur middel van 'n eenrigtingvariensie-ontleding (ANOVA) en Scheffe-toets het dit geblyk dat indien **die vrou, of albei egpaarlede se ouers geskei** is, daar ook laer huwelikstevredenheid voorkom. Hierdie resultate bevestig die navorsing van Amato (1996). Hiervolgens is die hoër voorkoms van egskeiding by egpare waarvan die vrou of beide egpaarlede se ouers geskei is, die gevolg van probleme in die egpaar se interpersoonlike gedrag (woede, jaloesie, seergemaakte gevoelens, kommunikasie en so meer). Weens swak rolmodelle van gewenste gedrag in 'n verhouding word daar nie die vaardighede en persepsies aangeleer wat sukses ten opsigte van huweliksrolle fasiliteer nie. Dit mag egter ook wees dat gebreke ten opsigte van persoonlikheidstrekke deur ouers aan hulle kinders oorgedra word. Ander faktore wat hierdie tendens mag verklaar, is dat kinders van geskeide ouers neig om op 'n jonger ouderdom te trou (Thornton, 1991; White, 1991), of geneig is om saam te woon, wat ook tot latere huweliksprobleme mag lei (Axinn & Thornton, 1992).

Selfgesentreerdheid, 'n negatiewe motiveringsvlak (SQ), blyk ook volgens die regressie-ontleding 'n verband te toon met laer huwelikstevredenheid.

(v) Erediensbywoning en kerkbetrokkenheid

Die vraag na die egpaarlede se erediensbywoning en kerkbetrokkenheid is in die biografiese vraelys ingesluit met die doel om die verband tussen hierdie aspekte en spirituele intelligensie te bepaal (Tabel 5.38; Bylae 5.11 tot 5.15). Dit blyk volgens die literatuurstudie dat daar dikwels verwarring hieroor voorkom. Soos verwys in hoofstuk 3, sluit die navorser aan by die mening dat SQ nie na 'n godsdienst of 'n georganiseerde geloofsstelsel verwys nie, alhoewel dit spiritualiteit insluit. Daar is

nie verskille gevind in die ondersoek na die verskille tussen huweliksmaats se SQ-tellings en hoe gereeld hulle eredienste bywoon nie. Daar is egter wel verskille gevind tussen SQ en die mate waarin egpaarlede by kerkaktiwiteite betrokke is. 'n Mens kan aanvaar dat slegs kerkbywoning sonder kerkbetrokkenheid soms aanduidend kan wees godsdienstebeoefening. Wanneer persone egter buite eredienste ook betrokke is, soos in selgroepe of diensaksies, waar 'n verskil gemaak kan word, is daar 'n dieper spiritualiteit betrokke. Kerkbetrokkenheid kan aan mense die geleentheid bied tot meditatiewe bewustheid, asook om in nederigheid en op onselfsugtige wyse 'n diens te lewer en 'n verskil in die gemeenskap te maak. 'n Persoon kan dus ervaar dat hy of sy betekenis toevoeg tot die gemeenskap, en so ook innerlike sin en betekenis beleef. Wanneer 'n persoon se optrede vanuit gemeenskapgevoel en samewerking gemotiveer word, bied kerk-aktiwiteite 'n geleentheid hiertoe en kan SQ ontwikkel en uitgeleef word.

Dit was egter insiggewend dat dit volgens die meervoudige regressie-ontleding geblyk het dat beide kerkbywoning en kerkbetrokkenheid kan bydra tot groter huweliksaanpassing. Dit, veral gesien in die lig dat die oorgrote meerderheid egpaarlede deur middel van kleuterskole, en nie kerke nie, op die versoek tot deelname gereageer het. Dit mag moontlik aandui dat egpare, wat tog hulle huwelik in die kerk begin, met groter behoudendheid vir stabiliteit en gesinswaardes, tog 'n groter mate van huweliksaanpassing ervaar. Cordle (1985) het bevind dat alhoewel kerkbywoning en frekwensie van gebed nie werklik bygedra het tot individue se huweliksaanpassing en -tevredenheid nie, die deel van godsdienstige idees en gesamentlike gewyde oomblikke by egpare wel daartoe bygedra het.

'n Mens sou tog ook wou glo dat indien van die egpare in hierdie navorsing wel 'n groter spiritualiteit binne 'n georganiseerde geloofsstelsel ervaar, dit aanduidend mag wees van wat MacHovec (2002, p. 55) in sy beskrywing van die persoon met hoë SQ sê:

“High SIQ (SQ) personalities radiate a charisma that is distinctive in its spiritual quality. This is evident in their words, actions, thoughts, and feelings. They seem to be in a constant state of grace that can be inspiring to others. Others ‘feel good’ just being with them.”

6.3 Die aard van die huwelik met voorskoolse kinders – kwalitatiewe navorsing

Tydens die literatuurstudie oor die huwelik (hoofstuk 2) het dit geblyk dat daar 'n magdom teorieë en navorsing oor die faktore wat 'n rol in huwelike speel beskikbaar is. Deur beide kwantitatiewe navorsing (biografiese vraelys), sowel as kwalitatiewe navorsing (oop vrae wat aan die egpaarlede gestel is), kon daar in hierdie navorsing 'n indruk gevorm word oor die aard van die unieke groep Suid-Afrikaanse huwelikspare wat aan die navorsing deelgeneem het. In die kwalitatiewe ondersoek is daar gepoog om 'n dieper en ryker insig in elke egpaarlid se storie of realiteit, wat hy of sy skep te verkry.

6.3.1 Uitdagings in die huwelik met voorskoolse kinders

(i) Rolverdeling ten opsigte van kinderopvoeding

Vele navorsers beklemtoon die uitdagings wat gepaard gaan met die oorgang van huweliksmaatwees na ouerwees. Veranderinge in die egpaarlede se kommunikasie, minder tyd vir die huweliksverhouding, verhoogde rolkompleksiteit asook groter finansiële uitgawes is maar enkele van die faktore wat die nuwe ouerpaar moet hanteer (Anderson & Sabatelli, 1999). Ook in hierdie navorsing was dit opvallend dat 'n lae persentasie egpaarlede in 'n huweliksfasie van voorskoolse kinders (26% mans, 17% vroue) sin en betekenis in die aspek van *ouerskap* kon vind.

Lo Wa Chang *et al.* (2003) beskou tradisionalisme rakende geslagsrolle as een van die faktore wat 'n verband toon met die ouers se ervaring van huwelikstevredenheid. Hierdie verhoogde kompleksiteit van rolverdeling het ook in hierdie navorsing uitgestaan. Aangesien die meeste vroue grootliks die kinderversorging behartig (soos wat 48,6% vroue en 51,0% van die mans aangedui het), kan die laer persentasie vroue wat in ouerskap betekenis vind, hieraan toegeskryf word. Terwyl 5,7% van die mans en 6,1% van die vroue aangedui het dat die mans die meeste *huistake* verrig (sien iii), is dit opvallend dat nêrens aangedui is dat die mans meestal die *kinderversorging* behartig nie. Die uitdaging hierin mag moontlik nie lê in die feit dat die vroue meestal die kinderversorging doen nie, maar in die mate waarin die persepsies van die mans en vroue ten opsigte van rolgelykheid by kinderversorging, verskil. Alhoewel 51,4% van die mans in die biografiese vraelys gemeen het dat

albei egpaarlede in gelyke mate die kinders versorg, het slegs 32,7% van die vroue gemeen dat dit die geval is.

Alhoewel die toevoeging van kinders die huwelik negatief kan beïnvloed, is daar ook positiewe bydraende faktore wat 'n balans veroorsaak (Lo Wa Tsang *et al.*, 2003). Ongeveer 'n kwart van die mans kon betekenis in ouerskap vind in die groter vreugde en nabyheid wat kinders in die huwelik gebring het. 'n Verdieping in spiritualiteit, die ervaring van groter vervulling en beter kommunikasie is by 17,5% van die vroue vermeld. Volgens Cowan en Cowan (1992) behels een van die aanpassings van ouerskap die verandering van die egpaarlid se *identiteit* na voorsiener en beskermer. Sommige vroue in hierdie navorsing het juis betekenis gevind in die voorsiening van sekuriteit aan die kinders. Beide die mans en vroue het genoem dat ouerskap bygedra het tot die ervaring van 'n gemeenskaplike doel en groter samewerking tussen die huweliksmaats. 'n Redelike groot persentasie egpaarlede (44% mans en 42% vroue) kon beide die voor- en nadele van klein kinders in die huwelik ervaar.

Minder tyd vir alleenwees (meditatiewe bewustheid – SQ), asook kommunikasie (deel en verstaan van gevoelens, EQ), is baie algemeen in die groep ervaar. Hoe die egpaar hierdie gevoelens verstaan en hanteer, kan in 'n groot mate die aanpassingstyd vergemaklik of bemoeilik. Dit blyk dat verdere uitdagings soos minder tyd vir intimiteit en gesamentlike aktiwiteite, hantering van stres, min slaap, en gevolglik minder energie (vir sommige tot die vlak van totale uitputting en oorweldiging), die huweliksmaats se gemoed en gevoelens op negatiewe wyse affekteer.

(ii) Rolverdeling ten opsigte van huistake

Die alreeds moeilike taak van *rolverdeling ten opsigte van take in en om die huis*, raak meer kompleks ten tye van ouerskap. Huweliksaanpassing word bemoeilik deur 'n groter aantal verantwoordelikhede, asook die ervaring van moegheid by die egpaarlede.

Ook hier blyk die *persepsie* van egpaarlede se rolgelykheid ten opsigte van huistake (die hoeveelheid tyd wat aan huistake bestee word), belangriker te wees as die

werklike aantal ure wat hieraan bestee word. Huweliksmaats ervaar groter tevredenheid en stabiliteit wanneer daar 'n persepsie van gelykheid is (Feeney *et al.*, 2001). Heelwat minder mans as vroue het die rolverdeling van huistake as 'n probleem beskou. Volgens die biografiese gegewens in hierdie navorsing het 37,1% mans en 38,8% vroue gemeen dat die vroue die meeste take verrig. Heelwat meer mans (48,6%) as vroue (30,6%) het egter gevoel dat beide egpaarlede in gelyke mate die huistake verrig.

Dit het verder geblyk dat die helfte van die vroue wat aan die ondersoek deelgeneem het, ontevrede was met die rolverdeling ten opsigte van huistake. Die ander helfte wat meer tevrede was, het genoem dat hul mans, asook huis- en tuinhulpe die werkslading verminder. Soos in die geval van kinderversorging, het ongelyke taakindeling moontlik bygedra tot minder alleentyd en moegheid by die vrou, minder intimiteit en groter konflik by die egpaar. Waar gelyke rolverdeling op gestruktureerde of ongestruktureerde wyse plaasgevind het, het die vroue dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie, maar hulle dankbaarheid daarvoor uitgespreek. Selfs in die moderne huwelik, waar die veronderstelling is dat mans 'n groter bydrae lewer ten opsigte van die huishouding en kinderversorging, is dit steeds die vrou wat in hierdie lewensfase die meeste van die take verrig.

(iii) Balans tussen beroep en gesin

Wanneer die rolle van die egpaarlede verander van huweliksmaat na ouer, gaan hierdie nuwe rolle gepaard met baie stres en veranderings in die individu, gesin asook in die egpaarlid se beroep (White & Klein, 2008). Baie druk op ekonomiese prestasie is in hierdie groep waargeneem. In teenstelling met die groter meerderheid van literatuur wat verwys na uitdagings van die vrou in die dubbelloopbaanhuwelik, het baie meer mans (70%) as vroue (29%) in hierdie navorsing aangedui dat hulle beroep 'n negatiewe invloed op die huwelik het. Vroue ervaar ook dat hulle mans se lang werkure die gesinsverhoudings benadeel.

Dit het geblyk asof die meerderheid mans nie werklik passie of vervulling in hulle beroep ervaar nie. Indien die leemte aan betekenis in die beroep 'n algemene tendens is, is dit te verstane dat daar al hoe meer gefokus word op sin en betekenis (SQ) in die beroepsektor. Die meeste mans het aangedui dat dat hulle in

ekonomiese of opleidingsberoep staan. Die oorgrote meerderheid van mans het ervaar dat die eise van lang werksure en werksdruk lei tot moegheid, spanning, stres en frustrasie, wat gevolglik hulle huwelik negatief beïnvloed. Ongeveer 'n vyfde van die 84 egpaarlede werk 50 en meer uur per week, terwyl meer as 45% se beroep ongewone ure, veral saans en naweke, behels. Hierdie lang werksure laat minder tyd vir die huweliksmaat en gesin, en bied vele uitdagings vir die hele gesin.

Soos bespreek in hoofstuk 5, mag die mans moontlik verwagtinge tuis as ekstra eise ervaar as die rolverdeling nie reeds voor die koms van die kinders uitgeklaar is nie. Tyd speel hier 'n groot rol. Wanneer daar min eie tyd vir die mans vir onder andere oefening oorbly, mag hulle dit moeiliker vind om betekenis in hul omstandighede te vind. Die groepie mans wat meen dat hulle beroep nie te veel tyd in beslag neem nie (14% van die mans), was ook van mening dat hulle beroep wel positief bydra tot die huwelik, en dat hulle kon betekenis vind in verskaffing van stabiliteit en sekuriteit aan die gesin.

Bykans die helfte van die vroue voel ook dat hul mans se beroep 'n negatiewe invloed op die huwelik het. Die vroue se interpretasie van die lang werksure is dat die man se beroep hulle eerste prioriteit is. Gevoelens van eensaamheid en oorverantwoordelikheid ten opsigte van die kinders en huishouding is by hierdie vroue ervaar. Slegs 15% vroue kon betekenis vind in hulle huweliksmaat se beroep en het gevoelens van dankbaarheid en trots teenoor hul eggenotes ervaar.

In hierdie navorsing was 48,8% van die mans *hoofsaaklik* die broodwinner, terwyl beide die man en vrou by 41,7% die broodwinners is. Wat die vroue se beroepservaring betref, het 'n derde van die hele groep vroue ervaar dat die dubbelloopbaanhuwelik, wat eise stel as ma, eggenoot en beroepsvrou, lei tot moegheid, frustrasie, geïrriteerdheid en stres. Hierdie groepie vroue het die ervaring gehad van "permanent aan diens wees".

Beduidende verskuiwings in die persepsie van egpaarlede en 'n klemverskuiwing in ouerwaardes is in hierdie navorsing waargeneem. Slegs 4,8% van die vroue ($n = 49$) in hierdie navorsing was tuisteskeppers. Waar daar voorheen by die vrou skuldgevoelens ontstaan het omdat sy nie 'n beskikbare ouer kan wees nie

(Chapman, 2004), het die tuisteskeppers aangedui dat hulle skuldig voel omdat hulle nie 'n finansiële bydrae kan maak nie. Hierdie klemverskuiwing by egpare mag moontlik wees vanweë die groter finansiële eise, of hoër lewenstandaard wat by hedendaagse gesinne voorkom. By die groep vroue wat wel voel dat hul beroep positief bydra tot die huwelik, vind hulle betekenis daarin dat hulle finansiële bydrae kan lewer. Slegs twee vroue noem dat die betekenis wat hulle in hulle beroep vind, die afleiding en stimulasie is wat dit verskaf.

Ten spyte van die finansiële bydrae van die beroepsvroue, kon slegs 'n derde van die mans betekenis vind en waardering uitspreek teenoor hulle huweliksmaat se beroep. Van die res dui aan dat hulle eensaamheid ervaar deurdat daar minder tyd vir gesels en gesamentlike aktiwiteite is. 'n Hoë mate van werkstres, uitputting en werksprobleme by die huweliksmaat blyk vir beide mans en vroue moeilik te wees om te hanteer.

Aangesien hierdie navorsing uitgaan van die standpunt dat EQ en SQ 'n groot rol speel in 'n huweliksfasie waarin vele aanpassings en uitdagings voorkom, sal die fokus vervolgens val op die persepsies van die egpaarlede hier rondom, soos wat dit in die kwalitatiewe navorsing aangedui is.

6.3.2 Ervaring van betekenis en persoonlike tevredenheid in die huwelik (SQ)

In die data-analise was dit opvallend hoe die positiewe aanwending van moeilike omstandighede in die huwelik telkens die soeke na betekenis vergemaklik. Dit blyk vanuit die gegewens dat die prentjie van hierdie huweliksfasie, vol uitdagings en aanpassings, beslis nie net donker is nie. Die meeste egpaarlede (byna 80% vroue en 90% mans) het *persoonlike tevredenheid* in hulle huwelik ervaar. Volgens Frankl (1959) is dit nie noodwendig sin en betekenis oor die lewe in die algemeen nie, maar eerder die sin en betekenis van 'n persoon se lewe op 'n gegewe oomblik, wat 'n verskil kan maak (Frankl, 1959).

Betekenis is ervaar in die rol as ouer en eggenoot (by die mans), die veiligheid wat die huwelik verskaf, die karakterbou wat plaasvind, die beskouing van die huwelik as 'n bron van hoop en liefde, asook in die samehorigheidsgevoel en samewerking as

gesin. Die huweliksmaats kon verder die huwelik assosieer met 'n gevoel van vervulling, kameraadskap en ondersteuning.

Ouerskap en die eise en take wat hiermee gepaard gaan, het egter by die res van die huweliksmaats gelei tot 'n laer ervaring van persoonlike tevredenheid.

6.3.3 Begrip en hantering van eie en die huweliksmaat se gevoelens (EQ)

Soos dit geblyk het uit die menings en ervarings van die egpaarlede in die huwelik, gaan dit met baie gevoelens gepaard. Die effektiewe begrip, oordrag en hantering van gevoelens (EQ), blyk 'n groter uitdaging vir die egpaar in hierdie huweliksfase te wees, veral indien huweliksmaats nie hierop ingestel is nie. Heelwat egpaarlede het aangedui dat die koms van kinders die uitdrukking van positiewe gevoelens bemoeilik, en dat hulle dit gevolglik afskeep, veral weens moegheid.

In die data-analise was dit egter opvallend hoe 'n optimistiese gemoedsregulering (een van die subskale van die SSRI) in die huwelik telkens die soeke na betekenis vergemaklik. Hierdie eienskap sluit ook aan by die vermoë tot skeppende groei in moeilike tye (SQ).

Volgens navorsing uit die literatuur blyk dit dat vroue makliker as mans hul positiewe (liefde en geluk), sowel as negatiewe gevoelens (woede en hartseer) kommunikeer (Carpenter & Addis, 2000; Ross & Willingen, 1997). Dit, terwyl emosionele uitdrukking veral by mans, 'n belangrike en betekenisvolle bydrae tot huweliksaanpassing kan lewer (Ingoldsby *et al.*, 2005). Ook in hierdie navorsing dui ongeveer 40% van die vroue (teenoor 23% mans) aan dat hulle frustrasie beleef aangesien hul mans nie oor hulle gevoelens praat nie. Die mans ervaar dit egter nie so nie. Slegs twee mans in die hele groep meen dat dit die geval is.

Dit blyk verder dat die vroue (78%) in hierdie navorsing ook makliker as die mans (58,8%) uiting aan hulle positiewe gevoelens gee. Terwyl beide mans en vroue hulle positiewe gevoelens verbaal of deur intimiteit kommunikeer, vind vroue makliker kreatiewe maniere om dit oor te dra: briefies, SMS'e, e-pos, joernaal, dienslewering, geskenke, te luister en 'n positiewe atmosfeer te skep.

Soos verwag word dra die deel van alle gevoelens nie altyd by tot groter intimiteit nie. Gottman (1994) het deurlopend in sy navorsing gevind dat daar by wanaangepaste egpare meer wederkerige negatiewe gevoelens voorkom. Vyandige selfopenbaring in die afwesigheid van positiewe gevoelens, kan lei tot agteruitgang in die huwelik. In hierdie navorsing het dit geblyk dat byna die helfte van die mans hul negatiewe gevoelens (woede) op oneffektiewe wyse uitdruk (harde woorde, argumente, onbeskofte optrede), teenoor slegs 20% vroue (huil, skree, deure te klap). Vroue is weer geneig om hul negatiewe gevoelens deur stilstupe en onttrekking te wys (22,5%). Dit gebeur dikwels dat egpaarlede toelaat dat die oneffektiewe hantering van gevoelens by die eggenoot, ook hul eie gevoelens nadelig beïnvloed. Twee vroue meen dat dit juis hulle mans se onvermoë is om negatiewe gevoelens te hanteer (deur hard te praat, 'n kort humeur en padwoede), wat tot negatiewe gevoelens by die vrou lei.

Die wyse waarop egpaarlede hulle eie negatiewe gevoelens effektief hanteer ('n derde van mans sowel as vroue), verskil by die mans en die vroue. Die vroue meen dat hulle daarvoor praat of skryf en dat hierdie weergee belaaï is met gevoelens. Die mans kommunikeer hul gevoelens op 'n meer rasionele, diplomatieuse wyse. Wedersydse aanvaarding en waardering van mekaar se unieke uitdrukking van gevoelens kan ook bydra tot groter begrip van mekaar. Van die vroue het waardering uitgespreek vir die feit dat hulle mans net oor die belangrikste sake praat en so onnodige konflik vermy, terwyl die mans dit weer waardeer dat hul huweliksmaats maklik oor gevoelens kan praat.

Die noodsaaklikheid van effektiewe waarneming van gevoelens het ook in die navorsing na vore gekom, veral waar van die mans moeilik uiting gee aan hulle gevoelens. Twee vroue meen egter dat dit help dat hulle maklik aan hulle mans se lyftaal kan waarneem hoe hulle voel, en hul EQ dus help in die interpretasie van hul mans se gedrag.

Bogenoemde gegewens vanuit die data-analise onderstreep die waarneming van Cordova *et al.* (2005), naamlik dat dit nie noodwendig altyd die gevoelens self is wat die verhouding affekteer nie, maar die vaardigheid waarmee 'n persoon reageer wanneer die gevoel ervaar word.

6.4 Motivering, waarde en bydrae van die navorsing

Die huweliksfasie van die egpaar met klein kinders word deur meeste navorsers as die fase met die laagste huwelikskwaliteit beskou. Dit blyk verder dat die kinders op hierdie ouderdom ook die meeste deur 'n egskeiding geraak word (Anderson, Russell & Schumm, 1983; Benin, 1997; Kelly & Fincham, 1998; Kotler, 1985; Peck & Manocherian, 1989; Slabbert, 1999; Sentrale Statistiekdiens 2004 en 2005; Williams *et al.*, 2006). Die hoë mate van egskeiding in hierdie vroeë fase in die huwelik kon ook in hierdie groep waargeneem word. Sewe van die egpaarlede in hierdie navorsingsgroep is tans reeds in hulle tweede huwelik.

Te midde van die uitdagings wat die huwelikspaar met voorskoolse kinders moet hanteer, kan 'n fokus en ontwikkeling van EQ en SQ die egpaar toerus in die uitvoer van hulle huwelikstake. Ten spyte van die effense toename in navorsing in EQ, word min daarvan nog op die huwelik toegespits. Die huweliksverrykingskursus wat aangebied is vir die egpare wat deelgeneem het, het die EQ/SQ-benadering tot die huwelik as vars, interessant en prakties beskryf.

Verder is daar nog geen tot min navorsing oor spirituele intelligensie (SQ) en die bydrae wat dit tot die huwelik kan lewer, gedoen. Dit, terwyl navorsers soos Morrow (1982) reeds meer as vyf-en-twintig jaar na afloop van sy navorsing aanbeveel het dat huweliksverrykingsprogramme meer moet fokus op egpaarlede se lewensin en waardesisteme. Vanuit 'n oorsig oor die huidige huweliksverrykingsprogramme blyk dit dat hierdie aspekte steeds nie altyd ingesluit word, of die nodige aandag geniet nie. As dit blyk dat SQ beskou kan word as die kern waaruit ander intelligensies, (waaronder IQ, EQ) kan funksioneer (Zohar & Marshall, 2004), is dit van die grootste belang dat die rol van SQ in huweliksaanpassing aandag geniet. In hierdie navorsing is die waarde van "hoekom doen ek in die huwelik wat ek doen", weer beklemtoon. Hierdie motiveringsbronne blyk 'n rol in huweliksaanpassing te speel, veral wanneer gedrag negatief gemotiveer word. Egpaarlede is egter nie altyd bewus van wat hulle gedrag motiveer nie. As huweliksmaats verder bewus gemaak kan word dat hulle vir hulle huweliksmat sinvolle alleenoomblikke (meditatiewe bewustheid) kan skep, en dat dit tot huweliksaanpassing kan bydra, kan dit verdere waarde toevoeg. Die egpaarlede sou dit in meditatiewe oomblikke makliker kon vind om hul persepsie

rondom hierdie fase te verander, en sin en betekenis daarin te soek. In stilwordtjie sou die huweliksmaats ook gereeld kon seker maak wat hulle gedrag teenoor mekaar en ander *motiveer*. Die SQ-eienskap van “empatieuse aanvaarding en openheid” blyk ook ’n verskil te maak en sluit aan by die EQ van die huweliksmaats.

Wat die EQ van egpaariede betref, bevestig hierdie navorsing die bevindings van vorige navorsing, naamlik dat die wyse hoe huweliksmaats hulle gevoelens van oomblik tot oomblik in die huwelik verstaan, interpreteer, en hanteer, hul huweliksaanpassing beïnvloed. Aangesien dit uit die kwalitatiewe navorsing blyk dat hierdie lewensfase vele positiewe en negatiewe gevoelens ontlok, is dit van die grootste belang dat die huweliksmaats ook hierdie aspek van hulself en mekaar leer ken. Deur die egpaar hierin toe te rus, kan dit ’n bydrae lewer tot die mate van huweliksaanpassing wat hierdie jong ouers ervaar.

(i) Die ontwikkeling van die MMV-SQ-model en -vraelys


Deurdat die navorser kritiek van akademië oor die definisies, modelle en vraelys van EQ in ag geneem het, is gepoog om hierdie foute ten opsigte van SQ te vermy. In die opstel van SQ is gepoog om die vae definisies en verwarring tussen SQ en spiritualiteit duidelik te omskryf met ’n duidelike definisie vir elke subskaal, en ’n model daar te stel waarop die SQ-vraelys gebaseer is. Volgens hierdie model bestaan SQ uit drie aspekte, naamlik sin en betekenis, vlak van motivering, en waardes. Aangesien die vraelys dan ook op hierdie model gebaseer is, is dit soveel te meer bruikbaar in terapie, asook in die ontwikkeling van SQ by individue, egpare en groepe. Die daarstelling van ’n bruikbare Suid-Afrikaanse vraelys wat spirituele intelligensie aandui, kan as ’n groot waarde van hierdie navorsing beskou word. Hierdie MMV-SQ-vraelys, met 180 items kan dus in sy geheel, of afsonderlik gebruik word wanneer slegs een van die subskale gemeet moet word.

(ii) Intervensie by egpare met voorskoolse kinders

Dit was verblydend om weer in die kwalitatiewe data te verneem dat terapie wel ’n verskil vir egpare kan maak. Een vrou noem in die kwalitatiewe navorsing dat haar man tydens terapie geleer het om aan sy gevoelens uiting te gee (EQ).

In die strewe na groter huweliksaanpassing behoort daar deurlopend op *selfkennis* van die egpaar gelede gefokus te word. EQ, sowel as SQ plaas groot klem op hierdie faset van die individue (Whitbourne, 1986). In huweliksberading of -voorbereiding sou dit dus sinvol wees om met behulp van psigometrie ondersoek in te stel na beide egpaar gelede se:

- SQ (MMV-SQ-vraelys – betekenis, motivering, waardes)
- EQ (Schutte *et al.*, 1998 – optimistiese gemoedsregulering, herkenning van emosies, sosiale vaardighede, toepassing van gevoelens)
- Persoonlikheid – 16-persoonlikheidsfaktorvraelys
- Fisiologiese funksionering (onderhoud oor fisieke aspekte soos eet, slaap, oefening, alkohol- en dwelmgebruik, medikasie, siektes, seksuele funksionering, ens.).



(Sien Bylae 6.1.) Alhoewel hierdie navorser vanuit die eksistensiële gesinsterapie of logoterapie te werk gaan, sou daar ook vanuit ander benaderings gewerk kan word. Die term *logoterapie* kan misleidend wees deurdat dit beskou kan word as 'n kliniese terapie. Dit is egter gebaseer op 'n eksistensiële filosofiese lewensiening, naamlik:

- Die lewe beskik oor potensiële betekenis in alle situasies.
- Die mens het nie net die vryheid om te kies hoe hy op lewensituasies reageer nie, hy het die verantwoordelikheid om dit te doen (Van Jaarsveld, 2004).

Deur na die egpaar se spesifieke uitdagings in terme van bogenoemde faktore te kyk, kan betekenis gesoek word in die onderskeie situasies. Die sentrale tema in hierdie terapie is om veranderings teweeg te bring in die egpaar se persepsies van hulle probleme en om hulle te bemagtig om 'n alternatiewe storie te skep en hulle lewe aktief daarvolgens te rig (Vorster, 2003).

6.5. Aanbevelings vir die benutting van die navorsing en vir verdere navorsing

Die navorser het ervaar dat die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing mekaar kan komplementeer deur die navorser bewus te maak van bykomende veranderlikes, prosesse en persepsies van die egpare wat deelgeneem het. Aangesien dit geblyk het of die egpaarlede in die kwalitatiewe gedeelte van hierdie navorsing vrae oor die huwelik oop en eerlik geantwoord het, was die antwoorde op die oop vrae geskik om in die navorsing te gebruik. Heelwat egte, insiggewende menings is so verkry. Die kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing kan dus sterk aanbeveel word vir verdere navorsing.

In die kwalitatiewe navorsing is die oop vrae onderaan die biografiese vraelys ondersoek. Die nadeel van die oop vrae is dat die navorser nie al die aspekte kon ondersoek wat sy sou wou nie. Vrae ten opsigte van emosionele intelligensie kon byvoorbeeld ondersoek word, terwyl die belangrike aspek van spirituele intelligensie in die oop-einde-vrae agterweë gelaat is. Die rede hiervoor is dat die navorser aanvanklik in 'n kwasi-eksperimentele ontwerp 'n onderhoud sou voer met ongeveer tien egpare wat die hoogste en laagste tellings op die huweliksaanpassingsvraelys behaal het. Hierdie gestruktureerde vrae sou, bykomend tot die oop vrae, fokus op sin en betekenis, motivering in die huwelik asook die rol van waardes in die huwelik. Dit was egter nie moontlik nie, en daar is gebruik gemaak van die oop vrae onderaan die biografiese vraelys. Die enigste vraag wat in die oop vrae in 'n mate by SQ aansluit, is die vraag wat fokus op persoonlike tevredenheid (of selfaktualisering)

'n Probleem wat egter in hierdie navorsing gehanteer moes word, is die klein aantal egpaarlede wat vraelyste voltooi het. Van die 100 pare wat aanvanklik genader is, het slegs 34 pare die vraelyste ingevul. Vanuit hierdie groep is daar ook etlike egpaarlede wat die vraelyste ingevul het, maar nie biografiese gegewens ingevul het

nie. 'n Moontlike rede waarom heelwat egpare nie die vraelyste terugbesorg het nie, mag wees dat die invul van die vraelyste heelwat tyd in beslag neem, terwyl die proefpersone juis in 'n huweliksfase is waar hulle vanweë voorskoolse kinders baie min tyd tot hulle beskikking het. Enkele egpare het agterna opgemerk dat dit hulle lank geneem het om dit in te vul. Indien hierdie navorsing herhaal word, kan daar moontlik slegs op SQ of EQ gefokus word en met huweliksaanpassing vergelyk word, en nie albei nie.

Van die proefpersone was die grootste persentasie Afrikaanssprekend (65%), terwyl 'n kleiner groepie Engelssprekend, en 7% Afrikataalsprekers was. Dit blyk dat daar min navorsing gedoen is in huwelike met Afrikataal as eerste taal. Dit sou baie sinvol wees om die verband tussen EQ, SQ en huweliksaanpassing in hierdie huwelike te ondersoek.

Dit blyk ook vanuit die biografiese gegewens dat hier op 'n spesifieke sosio-ekonomiese klas gefokus is, wat die veralgemeenbaarheid van die resultate beperk.

Laastens is daar vroeër in die hoofstuk verwys na die SQ-subskaal van waardes. Waardes word deur Zohar en Marshall (2004) beskou as vervleg in die subskale van sin en betekenis asook motivering. Waardes kan byvoorbeeld as deel van motivering beskou word, aangesien dit wat vir 'n persoon belangrik is, ook hom of haar motiveer. As gevolg hiervan, sowel as die moontlikheid dat waardes moeilik in 'n selfverslagvraelys gemeet kan word, kan daar in verdere navorsing oorweeg word om die vraelysgedeelte wat waardes meet uit te laat en waardes as deel van meditatiewe bewustheid te beskou (een van die tien beginsels van sin en betekenis). Volgens Zohar en Marshal (2004) kan 'n persoon tydens meditatiewe bewustheid sy of haar persoonlike waardes ondersoek en ken. Die moontlikheid om vorentoe slegs die motiveringskaal van die vraelys tydens die meting van SQ aan te wend, is ook nie uitgesluit nie. Die beginsels kan dan bloot gehanteer word as 'n wyse waarop 'n persoon sy of haar posisie op die skaal kan verhoog.

Verdere ondersoek na die konstrugeldigheid van die vraelys word dus aanbeveel.

6.6 Ten slotte

Volgens Frankl (1970) is daar niks in die wêreld wat die mens so effektief help om selfs in die moeilikste omstandighede te oorleef soos die wete dat daar betekenis in 'n persoon se lewe is nie. Hierdie betekenis kan in elke situasie gevind word, en dit blyk dat *liefde* een van die volwasse kenmerke is om sin in die lewe te ontdek. Frankl beskryf liefde as volg:

“By the spiritual act of love (a person) is enabled to see the essential traits and features in the beloved person; and even more, he sees that which is potential in him, that which is not yet actualized but yet ought to be actualized.” (Frankl, 1963, p. 177)

In 'n huweliksfase vol piekervarings en uitdagings blyk dit van waarde te wees om leiding aan die egpaar te gee in die hantering van gevoelens (EQ) en die soeke na betekenis (SQ). Wanneer die egpaar dus in aanpassingsoomblikke hulle eie en mekaar se gevoelens kan identifiseer, verstaan, toepas, hulle gedrag en gevoelens positief gemotiveer word, hulle vanuit hulle waardes optree en hulle sin en betekenis daarin kan vind, behoort dit 'n positiewe effek op die huwelik te hê.

BRONNELYS

- Amato, P.R. (1996). Explaining the intergenerational transmission of divorce. *Journal of Marriage and the Family*. Minneapolis: Aug 1996. Vol. 58, Iss3; pg. 628-639.
- Ammerman, M. (2003). Gender differences in the use of humor in intimate relationships and marital adjustment. *Sciences and Engineering*, 64(1-B), 405.
- Anderson, S.A., Russell, C.S., & Schumm, W.R. (1983). Perceived marital quality and family life-cycle categories: A further analysis. *Journal of Marriage and the Family*, 45, 127-139.
- Anderson, S.A., & Sabatelli, R.M. (1999). *Family interaction: A multigenerational developmental perspective* (2nd ed.). Boston: Allyn and Bacon.
- Arrindell, W.A., & Luteijn, F. (2000). Similarity between intimate partners for personality traits as related to individual levels of satisfaction with life. *Personality and Individual Differences*, 28, 629-637.
- Ashkanasy, N.M., & Daus, C.S. (2005). Rumors of the death of emotional intelligence in organizational behavior are vastly exaggerated. *Journal of Organizational Behavior*, 26, 441-452.
- Austin, E.J., Saklofske, D.H., Huang, S.H.S., & McKenney, D. (2004). Measurement of trait emotional intelligence: Testing and cross-validating a modified version of Schutte *et al.*'s (1998) measure. *Personality and Individual Differences*, 36, 555-562.
- Axinn, W.G., & Thornton, A. (1992). The relationship between cohabitation and divorce: Selectivity or causal influence? *Demography*, 29, 357-374.
- Barchard, K.A., & Hakstian, A.R. (2004). The nature and measurement of emotional intelligence abilities: Basic dimensions and their relationships with other cognitive ability and personality variables. *Educational and Psychological Measurement*, 64, 437-462.

Barnhill, L.R., & Longo, D. (1978). Fixation and regression in the family life cycle. *Family Process*, 17, 469-478.

Bar-On, R. (1997). *Bar-On Emotional Quotient Inventory: A measure of emotional intelligence*. Toronto, ON: Multi-Health Systems.

Bar-On, R. (2000). Emotional and social intelligence: Insights from the Emotional Quotient Inventory (EQ-I). In R. Bar-On & J.D.A. Parker (Eds.), *Handbook of emotional intelligence* (pp. 363-388). San Francisco: Jossey-Bass.

Bar-On, R. (2004). The Bar-On Emotional Quotient Inventory (EQ-i): Rationale, description, and summary of psychometric properties. In G. Geher (Ed.), *The measurement of emotional intelligence: Common ground and controversy* (pp. 115-145). Hauppauge, NY: Nova Science.

Baucom, D.H., & Hoffman, J.A. (1986). The effectiveness of marital therapy: Current status and application to the clinical setting. In N.S. Jacobson & A.S. Gurman (Eds.), *Clinical handbook of marital therapy* (pp. 597-620). New York: Guilford Press.

Beach, S.R.H. (2001). *Marital and family processes in depression: A scientific foundation for clinical practice*. Washington, DC: American Psychological Association.

Becvar, D.S., & Becvar, R.J. (1999). *Systems theory and family therapy: A primer*. Washington D.C.: University Press of America.

Becvar, D.S., & Becvar, R.J. (2000). *Family therapy, a systemic integration*. Boston: Allyn and Bacon.

Berger, R., & Hannah, T. (1999). *Preventive approaches in couples therapy*. Lillington: Edwards Brothers.

- Betcher, W., & Macauley, R. (1990). *The seven basic quarrels of marriage: Recognize, defuse, negotiate, and resolve your conflicts*. New York: Villard.
- Bettelheim, B. (1976). *The use of enchantment*. New York: Alfred A. Knopf.
- Bishop, S.R., Lau, M., Shapiro, S., Carlson, L., Anderson, N., & Carmody, J. (2004). Mindfulness: A proposed operational definition. *Clinical Psychology: Science and Practice, 11*, 230-242.
- Bohlander, E.W. (1999). Differentiation of self, need fulfilment, and psychological well-being in married men. *Psychological Reports, 84*, 1274-1280.
- Bowell, R.A. (2004). *The 7 steps of spiritual intelligence: the practical pursuit of purpose, success, and happiness*. London: Nicholas Brealey Publishing.
- Bowen, G., & Ortner, D. (1983). Sex-role congruency and marital quality. *Journal of Marriage and the Family, 45*, 223-230.
- Brackett, M., & Mayer, J.D. (2001, October). *Comparing measures of emotional intelligence*. Paper presented at the Third Positive Psychology Summit, Washington, DC.
- Brackett, M.A., & Mayer, J.D. (2003). Convergent, discriminant, and incremental validity of competing measures of emotional intelligence. *Personality and Social Psychology Bulletin, 29*, 1147-1158.
- Brackett, M., Warner, R., & Bosco, J. (2005). Emotional intelligence and relationship quality among couples. *Personal Relationships, 12*, 197-212.
- Bradt, J.O. (1989). Becoming parents: Families with young children. In B. Carter, & M. McGoldrick (Eds.), *The changing family life cycle* (pp. 235-254). Boston: Allyn & Bacon.

Brannon, R. (1976). The male sex role: Our culture's blueprint of manhood, and what it's done for us lately. In D.S. David, & R. Brannon (Eds.), *The forty-nine percent majority*. Reading, Mass: Addison-Wesley.

Briddle, B.J. (1979). *Role theory: Expectations, identities, and behaviors*. Chicago: Dryden Press.

Burgess, E.W., Locke, H.J., & Thomas, M.M. (1971). *The family*. New York: Van Nostrand Reinhold Company.

Burpee, L.C., & Langer, E.J. (2005). Mindfulness and marital satisfaction. *Journal of Adult Development*, 12, 43-51.

Buzan, T. (2001). *The power of spiritual intelligence*. London: Thorsons.

Carpenter, K.M., & Addis, M.E. (2000). Alexithymia, gender and response to depressive symptoms. *Sex Roles*, 43, 629-644.

Cartensen, L., Gottman, J., & Levenon, R. (1995). Emotional behavior in long-term marriage. *Psychology and Aging*, 10, 140-149.

Carter, E.A., & McGoldrick, M. (Eds.). (1980). *The family life cycle: A framework for family therapy*. New York: Gardner Press.

Carter, B., & McGoldrick, M. (1989). Overview – The changing family Life cycle: A framework for family therapy. In B. Carter, & M. McGoldrick, *The changing family life cycle* (pp. 3-29). Boston: Allyn & Bacon.

Carton, J.S., Kessler, E.A., & Pape, C.L. (1999). Nonverbal decoding skills and relationship well-being in adults. *Journal of Nonverbal Behavior*, 23, 91-100.

Chambliss, R. (1966). *Meaning for man*. New York: Philosophical Library.

Chapman, T. (2004). *Gender and domestic life*. New York: Palgrave MacMillan.

- Chester, R. (1980). *A survey of recent UK literature on marital problems*. Unpublished Report for the Home Office Research Unit.
- Claffey, S.T., & Mickelson, K.D. (2009). Division of household labor and distress: The role of perceived fairness for employed mothers. *Sex Roles*, 60, (11-12), 819–831.
- Clearwater, E., & Harvey, C.H. (1988). Correlates of marital satisfaction in a Manitoba low income sample. *Journal of Consumer Studies and Home Economics*, 12, 183-197.
- Coltrane, S. (2000). Research on household labor: Modelling and measuring the social embeddedness of routine family work. *Journal of Marriage and the Family*, 62, 1208-1233.
- Conte, J.M. (2005). A review and critique of emotional intelligence measures. *Journal of Organizational Behavior*, 26, 433-440.
- Conte, J.M., & Dean, M.A. (2006). Can emotional intelligence be measured? In K.R. Murphy (Eds.), *A critique of emotional intelligence: What are the problems and how can they be fixed?* (pp. 59-77). New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.
- Cook, D.B., Casillas, A., Robbins, S.B., & Dougherty, L.M. (2005). Goal continuity and the 'Big Five' as predictors of older adult marital adjustment. *Personality and Individual Differences*, 38, 519-531.
- Cooper, K., Chassin, L., & Braver, S. (1986). Correlates of mood and marital satisfaction among dual-worker couples and single-worker couples. *Social Psychology Quarterly*, 49, 322-329.

- Cooper, K., Chassin, L., & Zeiss, A. (1985). The relation of sex-role self-concept and sex-role attitudes to the marital satisfaction and personal adjustment of dual-worker couples with preschool children. *Sex Roles, 12*, 227-241.
- Cordle, H.R. (1985). *Marital adjustment and satisfaction as related to perceptions of religious practices and orientations: An examination of graduate and seminary student couples (religiosity, intrinsic-extrinsic, quality, dyadic)*. Kansas: Kansas State University.
- Cordova, J.V., Gee, C.B., & Warren, L.Z. (2005). Emotional skilfulness in marriage: Intimacy as a mediator of the relationship between emotional skilfulness and marital satisfaction. *Journal of Social & Clinical Psychology, 24*(2), 218-235.
- Corliss, R. (2003, 20 January). Is there a formula for joy? *Time*, pp. 72-74.
- Cowan C.P., & Cowan P.A. (1992). *When partners become parents: The big life change for couples*. New York: Basic Books.
- Cowan, C.P., & Cowan, P.A. (1997). *When partners become parents: The big life change for couples*. New York: Basic Books.
- Creswell, J.W. (1994). *Research design*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Dadds M.R., & Powell, M.B. (1991). The relationship of interparental conflict and global marital adjustment to aggression, anxiety, and immaturity in aggressive and non-clinic children. *Journal of Abnormal Child Psychology, 19*(5), 553-567.
- Dakin, J., & Wampler, R. (2008). Money doesn't buy happiness, but it helps: Marital satisfaction, psychological distress, and demographic differences between low- and middle-income clinic couples. *The American Journal of Family Therapy, 36*, 300-311.
- Daniels, P., & Weingarten, K. (1983). *Sooner or later: The timing of parenthood in adult lives*. New York: Norton.

- Daus, C.S. (2006). The case for an ability-based model of emotional intelligence. In K.R. Murphy (Eds.), *A critique of emotional intelligence: What are the problems and how can they be fixed?* (pp. 301-324). Lawrence Erlbaum Associates, Publishers: New Jersey.
- Dawda, D., & Hart, S.D. (2000). Assessing emotional intelligence: Reliability and validity of the Bar-On Emotional Quotient Inventory (EQ-i) in university students. *Personality and Individual Differences, 28*, 797-812.
- Dempsey K. (1997). Trying to get husbands to do more work at home. *Australian and New Zealand Journal of Sociology, 33*, 216-225.
- DeSousa, R. (1987). *The rationality of emotion*. Cambridge, MA: MIT Press.
- De Shazer, S. (1991). *Putting difference to work*. New York: Norton.
- Dewey, J. (1909). *Moral principles in education*. New York: Houghton Mifflin.
- Diamantopoulos, A., & Schlegelmilch, B.B. (2000). *Taking the fear out of data analysis*. Singapore: Seng Lee Pty Ltd.
- Dominian, J. (1980) *Marriage in Britain 1945-80. Occasional Paper No.1*. London: Study Commission on the Family.
- Duvall, E. (1962). *Family Development*. Philadelphia: Lippincott.
- Dwyer, A.L. (2008). Communication patterns in intimate relationships: An attachment perspective. *The Sciences and Engineering, 68 (10-B)*, 7021.
- Dyer, W.W. (2001). *10 secrets for success and inner peace*. Hay House Inc.: Carlsbad.
- Dyer, W.W. (2006). *Inspiration: Your ultimate calling*. Carlsbad, California: Hay House Inc.

Emmons, R.A. (1999). *The psychology of ultimate concerns: Motivations and spirituality in personality*. New York: Guildford.

Emmons, R.A. (2000). Is spirituality an intelligence? Motivation, cognition, and the psychology of ultimate concern. *The International Journal for the Psychology of Religion*, 10(1), 3-26.

Epstein, N.B., Chen, F., & Beyder-Kamjou, I. (2005). Relationship standards and marital satisfaction in Chinese and American couples. *Journal of Marriage and Family Therapy*, 31(1), 59-74.

Erickson, E.H. (1963). *Childhood and society*. New York: W.W. Norton.

Fadiman, J., & Frager, R. (Eds.). (1997). *Essential Sufism*. San Francisco: HarperCollins.

Feeney, J. (1999). Adult romantic attachment and couple relationships. In J. Cassidy & P. Shaver (Eds.), *Handbook of attachment* (pp. 355-377). New York: Guilford.

Feeney, J.A., Hohaus, L., Noller, P., & Alexander, R.P. (2001). *Becoming parents*. Cambridge: Cambridge University Press.

Fitness, J., & Fletcher, G.J.O. (1993). Love, hate, anger, and jealousy in close relationships: A cognitive appraisal and prototype analysis. *Journal of Personality and Social Psychology*, 65, 942-958.

Fitness, J. (1996). Emotion knowledge structures in close relationships. In G.J.O. Fletcher & J. Fitness (Eds.), *Knowledge structures in close relationships: A social psychological approach* (pp. 219-245). Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Fitness, J. (2001). Betrayal, rejection, revenge, and forgiveness. In M. Leary (Ed.), *Interpersonal rejection* (pp. 73-103). New York: Oxford University Press.

- Fitness, J. (2006). The emotionally intelligent marriage. In J. Ciarrochi, J.P. Forgas & J.D. Mayer (Eds.), *Emotional intelligence in everyday life* (pp. 129-139). New York: Psychology Press.
- Fletcher, G.J.O., & Fincham, F. (1991), Attribution processes in close relationships. In G.J.O. Fletcher & F. Fincham (Eds.), *Cognition in close relationships* (pp. 7-36). Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.
- Fletcher, G.J.O., & Thomas, G. (1999). Behavior and on-line cognition in marital interaction. *Personal Relationships*, 7, 111-130.
- Flury, J., & Ickes, W. (2006). Emotional intelligence and empathetic accuracy in friendships and dating relationships. In J. Ciarrochi, J.P. Forgas & J.D. Mayer (Eds.), *Emotional intelligence in everyday life* (pp. 140-165). New York: Psychology Press.
- Frankl, V.E. (1959). *Man's search for meaning*. Great Britain: Hodder and Stoughton.
- Frankl, V.E. (1960). Existential analysis and logotherapy. *Acta Psychotherapeutica*, 8, 171-187.
- Frankl, V.E. (1963). *Man's search for meaning: an introduction to logotherapy*. Oxford England: Washington Square Press..
- Frankl, V.E. (1965). *The doctor and the soul: from psychotherapy to logotherapy*. New York: Knopf.
- Frankl, V.E. (1966). Self-transcendence as a human phenomenon. *Journal of Humanistic Psychology*, 6, 97-106.
- Frankl, V.E. (1967). *Psychotherapy and existentialism*. London: Souvenir Press.
- Frankl, V.E. (1969). *The will to meaning*. New York: New American Library.

- Frankl, V.E. (1970). Meaninglessness: A challenge to psychologists. *Psychologia Africana*, 13(2-3), 87-95.
- Frankl, V.E. (1975). *The unconscious God: Psychotherapy and theology*. (Expanded version of the first American edition). London: Hodder and Stoughton.
- Frankl, V.E. (1983). *Theorie und Therapie der Neurosen*. Munich: Reinhard.
- Friedman, H.S. (Ed.). (1998). *Encyclopedia of mental health, Vol. 2 Do-N*. San Diego: Academic Press.
- Furnham, A. (2006). Explaining the popularity of emotional intelligence. In K.R. Murphy (Ed.), *A critique of emotional intelligence: What are the problems and how can they be fixed?* (pp. 141-159). New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers.
